

---

---

# NG KERK IN SUID-AFRIKA: ARGIEF

Tel: 021 882 9923 Faks: 086-617-5963 [argief@kaapkerk.co.za](mailto:argief@kaapkerk.co.za)

---

---

**ONDERWERP:** AMP van die GELOWIGE BINNE GEMEENTE  
Sinode Besluite 1978, 1994, 2002, 2004, 2007  
**SOEKTOG:** 06.11.2009  
**BRONNE:** ACTA van die Algemene Sinode

## 1978

**AGENDA**, p 642

### 7. Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie

#### 7.15 Handleiding vir die amp van die gelowige

7.15.1 U het dit aan u Kommissie opgedra om 'n handleiding vir die amp van die gelowige op te stel. Die taak is aan ds M Nel opgedra en vanweë die feit dat hy eers by die Jeug-tot-Jeugaksie betrokke was en daarna 'n beroep na Universiteitsoord aanvaar het en toe weer benoem is as Predikant in Algemene Sinodale Diens met opdrag Belydende Lidmate, is die handleiding nog in die wordingstadium.

7.15.2 Omdat Bybelkor reeds gehelp het met die opstel en uitgee van die twee kursusse vir diakens en ouderlinge, het u Kommissie geoordeel dat wat die algemene amp betref, hulle ook gevra moet word om in oorleg met die AKAE so 'n kursus op te stel.

7.15.3 In 'n tyd soos hierdie waar alhoemeer aksies los van die kerk ontstaan, kan die kursus daartoe meehelp dat lidmate hul roeping in en 'buite' die kerk in die regte perspektief sal sien.

7.15.4 So 'n besluit sal enige werk wat ds M Nel reeds in die verband gedoen het, in berekening bring. Hy sal bes moontlik gevra word om een van die opstellers van die kursus te wees.

7.15.5 Hierdie kursus sal deur al die kommissies van die Kerk verwelkom word.

#### 7.15.6 AANBEVELING:

Die Sinode keur die samewerking tussen die AKAE en Bybelkor met die oog op 'n kursus vir die algemene amp goed en versoek hulle om indien moontlik, hoë prioriteit hieraan te gee.

## 1978

**NOTULE**, p 913

#### 7.15 Handleiding vir die amp van die gelowige

7.15.1 - 7.15.5 Kennis geneem

7.15.6 AANBEVELING: - Goedgekeur

**1994**

**AGENDA**, p 275

## **A.15 ALGEMENE KOMMISSIE VIR GEMEENTEBEDIENING**

Broer voorsitter, broers en susters,

U kommissie vir Gemeentebediening lê graag hierdie verslag van sy werksaamhede aan u voor.

### **1. GEMEENTEBEDIENING**

#### 1.1 Opdrag

Die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening verrig sy taak in ooreenstemming met die Kerkorde, Art 52

52.1 Die kerk rig hom deur middel van gemeentebediening tot die lidmate ten einde die gemeente op te bou tot vervulling van sy dienswerk.

52.2 Die kerk rig hom deur intensiewe gespesialiseerde gemeentebediening tot kerkvervreemdes wat formeel nog lidmate is ten einde hulle daadwerklik te bereik en hulle tot gemeenskap met Christus te bring.

#### 1.2 Werkwyse

Die kommissie is saamgestel uit een verteenwoordiger elk van die elf sinodes, een verteenwoordiger elk van die drie Teologiese Fakulteite, predikante in Sinodale Diens met opdrag Gemeentebediening, verteenwoordigers van die Kapelaansdienste en die Algemene Komitee van die Vrouediens.

Die Eredienskommissie is 'n subkommissie van die AKG en die voorsitter en skriba van die subkommissie dien in die AKG.

Prof JS Kellerman is voorsitter, ds M Smuts is ondervoorsitter en ds GC Olivier is die skriba. Die volle kommissie het twee keer vergader en die dagbestuur meer dikwels.

#### 1.3 Bevindinge

1.3.1 Hoewel daar op grond van finansiële en ander faktore druk op gemeentes geplaas word, blyk dit tog dat dit in die meeste gemeentes goed gaan met die gemeentebediening.

1.3.2 Die gemeentebediening het met twee sake te make: Die opbou van die gemeente tot vervulling van hulle dienswerk en die uitreik tot kerkvervreemdes om hulle tot gemeenskap met Christus te bring.

1.3.3 Die opbou van die gemeente behels oa die erediens, prediking, huisbesoek, wykswerk, Bybelstudie, gebedsgeleenthede, uitreik, omgegroepe, vertroosting en hulp aan gemeente lede (en andere) waar nodig asook onderlinge vermaning. Dit word gedoen deur doelgerigtebeplanning van en die gekoördineerde uitvoering van al die werksaamhede van die gemeente.

1.3.4 Toerusting van gelowiges met die oog op dienswerk vorm 'n baie belangrike taak van die kommissie, veral op sinodale, rings- en gemeentevlak. Lidmate word gehelp om geestelik te groei, hulle gawes te ontwikkel en vaardighede aan te leer.

1.3.5 Die huwelik en gesin is 'n belangrike fokusterrein.

1.3.6 Die kerk kan nooit tevrede wees met sy geestelike peil nie en daar is altyd ruimte vir verdere deelname in gebed en toewyding.

#### 1.4 AANBEVELING

Die Sinode roep alle lidmate op tot groter toewyding en deelname aan gebed sodat die Koninkryk van God In hierdie tyd uitgebou word.

## **2. AMP EN AMPSWERK**

### 2.1 Opdrag

Die Algemene Sinode het aan die AKG opdrag gegee om saam met die AKDB en ARK en die teologiese fakulteite 'n hersiening van artikels 9, 16 en 17 voor te berei vir die Algemene Sinode van 1994.

### 2.2 Werkwyse

Die AKG het 'n studiekommissie benoem, bestaande uit die verteenwoordigers van die AKG uit die Sinode van Weg-Kaap, om die saak te ondersoek en aanbevelings te maak.

Aangesien die uitgangspunt wat voorgelê is nie soseer 'n herformulering van Art 9, 16 en 17 meebring nie maar 'n nuwe benadering behels, word die volgende bevind en voorgelê.

### 2.3 Bevindinge

#### 2.3.1 Uitgangspunt

Die hermeneutiese uitgangspunt wat in die verslag gevolg is, is tweërlei:

Eerstens: Die Bybel bevat basiese beginsels waarvolgens die kerk ingerig behoort te word. Daar word in hierdie verslag daarna gestreef om die beginsels ten opsigte van die amp (in besonder die predikantsamp) te verwoord.

Tweedens: Die Bybel verskaf nie 'n bloudruk waarvolgens die kerk vir alle tye ingerig moet word nie. Die Bybelse beginsels bly geldig, maar die vorm waarin die beginsel gestalte gegee en toegepas word, verander na gelang van omstandighede.

p 276

#### 2.3.2 Die Problematiek

##### 2.3.2.1 Verwarrende en onduidelike begrippe en uitdrukkinge

In die hedendaagse gesprek rondom ampte in die kerk blyk dit dat deel van die problematiek wat ervaar word, geleë is in verwarrende en onduidelike begrippe wat gebruik word.

Die begrip "amp" self word deur sommige as problematies ervaar. Vir party is dit heeltemal aanvaarbaar terwyl ander die begrip "diens" verkies, veral omdat diens die begrip is wat in die Skrif gebruik word.

Ander begrippe en uitdrukkinge wat ook die debat oor die amp bemoeilik, is bv die onderskeid wat gemaak word tussen algemene amp en besondere amp, amp van gelowige en priesterskap van die gelowige, amptelike diens en spontane diens, amptelike diens en spesifieke dienste, geordende en ongeordende dienste asook gewone ampte (leraar, ouderling en diaken) en buitengewone ampte (apostel, profeet en evangelis).

Laastens kan daar ook gewys word op onduidelikheid wat bestaan oor die betekenis van begrippe en sake soos roeping, gawe en diens, ampsbekleding en handoplegging, amp en charisma en ook die verhouding tussen hierdie begrippe en sake.

##### 2.3.2.2 Die bestaansreg van ampte word in mindere of meerdere mate bevraagteken.

Die gesprek oor die vraag of ampte nog 'n bestaansreg het word meermale gemotiveer deur kerke en soeke na die beste vorm waarin hulle hulle kan organiseer ten einde die evangelie in die wêreld te verkondig en 'n gestalte te gee aan hulle diens van die Here. Die vraag word gevra of die klassieke ampte nog kan dien om die Christelike gemeenskap in die hedendaagse samelewing te bou?

Volgens ander weer moet dié massiewe blok wat ons "kerk" noem uit die weg geruim word omdat dit tussen die boodskap van Christus en die moderne mens te staan gekom het. Daarom moet daar ook weggedoen word met die groot amptelike strukture van die kerk. In die plek van een groot bymekaarkomplek van die gemeente moet daar eerder kleiner samekomste of huisgemeentes kom. Omdat die ampte eintlik maar net hefboome is van konserwatisme, bevoogding en hiërargie in die kerk en die moderne lidmate mondige mense is wat hulleself teenoor die ampte kan handhaaf, kan daar maar volgens diegene met die ampte weggedoen word.

##### 2.3.2.3 Botsende rolverwagtinge

Een van die kernprobleme is die verwagting wat mense aan die ampte stel. Die verwagting van die gemeente ten opsigte van die amp van leraar, ouderling en diaken, verskil van die siening van die predikant daarvoor. Die predikant beleef dit dat daar van hom/haar verwag word om dinge te doen wat buite sy/haar amps-omskrywing val en in werklikheid die taak van die ouderling, diaken en ander bedieninge behoort te wees. Dit bring mee dat die predikant nie die dinge kan doen wat hy/sy meen werklik tot hulle taak behoort nie. Al hierdie faktore het by sommige predikante al tot 'n rol verwarring gelei.

### 2.3.2.4 Gesagskrisis

Een van die grootste probleme waarmee die amp tans in die kerk te doen het, het te make met 'n sekularisering van die gesagsbegrip. Die status en gesag wat tradisioneel aan die Bybel as Woord van God en aan die ampte gegee is, bots met dié gesagsopvatting van die moderne mense. Die moderne mens het sg mondig geword en handhaaf 'n demokratiese gesagsbegrip wat ten spyte van oënskynlike ooreenkomste tog wesenlik in stryd is met die Bybelse gesagsbegrip. Dan is daar ook mense wat meen dat die wyse waarop die gesag van die ampte uitgeoefen word, in werklikheid strydig is met die dienskneggestalte wat die Skrif aan ampte toeskryf. Ampte is diens. Ampte behoort diens te lewer en moenie outoritêre gesagsfigure wees nie.

### 2.3.2.5 Oorlading van spesifieke mense

Dit word al hoe meer onmoontlik om van een persoon en een amp te verwag om al die take te verrig wat tans aan die amp van leraar of ouderling of diaken gekoppel is. Daar is in elkeen van hierdie ampte soveel fasette saamgebundel wat elkeen op sy beurt so 'n gespesialiseerde vaardigheid vereis, dat een persoon onmoontlik aan alles aandag kan gee.

### 2.3.2.6 Funksjonalisering van die amp

Daar is mense wat die ampte bloot funksioneel benader. Die klem is op die diens wat gelewer moet word. Die diens is belangrik, nie deur wie dit gedoen word nie. Dit is dus nie noodsaaklik dat daar ampte moet wees nie.

### 2.3.2.7 Gefikseerde opvattinge

Een van die groot probleemareas in die huidige ampsteologie is 'n gefikseerde ampsbegrip en ampsfunksionering. Dit kom daarop neer dat daar met 'n bepaalde opvatting aangaande die ampte en hulle funksionering gewerk word sonder dat die opvatting en funksionering as sodanig aan teologiese kritiek onderwerp word. So kan dit gebeur dat 'n kerk in sy ampsopvatting verstar in 'n hiërargiese, of 'n burokratiese, of 'n sakramentalistiese ampsbegrip. Dit kan ook gebeur dat die leraarsamp verhef word tot die amp in die kerk ten koste van die ander ampte.

### 2.3.2.8 Die amp en die bedieningspraktyk

Daar word tans tot 'n groot mate net vir een uniforme bedieningsmodel voorsiening gemaak wat orals toegepas moet word. Die feit dat daar 'n verskeidenheid van gemeentetipes is wat gedifferensieerde bedieningspatrone vereis, word nie genoegsaam verreken in die huidige model vir die amp in die algemeen en die leraarsamp in die besonder nie.

p 277

### 2.3.2.9 Die sielkundige en emosionele effek van bg aspekte van die probleemstelling op die persoon en gesag van die leraarsamp.

Al die gemelde aspekte van die probleemstelling het 'n baie negatiewe uitwerking op die emosionele en gesinslewe van leraars. Dit plaas die leraar onder groot druk en lei in sommige gevalle tot 'n identiteitskrisis en die gevoel van onsekerheid en mislukking.

### 2.3.2.10 'n Geroepene met 'n beroep

Die predikant moet die beste maak van twee wêrelde. Hy/sy is 'n "geroepene" maar is terselfdertyd onderhewig aan al die fasette van 'n beroep net soos enige ander professionele persoon. Hy/sy is "gestuur", maar ook "gehuur".

### 2.3.2.11 Slotsom

Die problematiek wat in die bostaande paragrawe beskryf is, vra van beide kerk en teologie om voortdurend krities besig te wees met sy eie opvatting oor die amp en die wyse waarop dit in die praktyk funksioneer.

## 2.3.3 Bybels-teologiese riglyne vir ampsdiens

### 2.3.3.1 Dit is God se werk

\*1 Die kerk is ten diepste die maaksel van God Drie-enig. Die kerk berus op sy uitverkiesing en sy raad en is gerig op die koms van sy koninkryk in die wêreld. Christus is die Hoof van die kerk. Hy is die Ampsdraer by uitnemendheid. Vgl pt 2.3.5.2 later. Hy regeer ook die kerk deur die Heilige Gees

en die Woord en gebruik die dienste van mense om sy heerskappy te realiseer. Daarmee word die menslike kant van die kerk wat sosiologies verklaar kan word egter nie ontken nie.

\*2 Die Here gee gawes aan lidmate vir die opbou van die gemeente asook vir toerusting van die gemeente vir die uitvoering van hulle roeping in die wêreld. Alle ampswerk/dienswerk word verrig vanuit die krag en genadige begeleiding en behoort in onderdanigheid aan Hom te geskied.

### 2.3.3.2 God werk deur sy kerk/gemeente

\*1 Wanneer die Here mense uit die duisternis roep na sy wonderbare lig, skakel Hy hulle by sy gemeente in. Die gemeente is die liggaam van Christus. Binne die gemeenskap van die gemeente bou die Here sy kerk op.

\*2 Die gemeente speel 'n onvervangbare rol in die handeling van God. Pogings om die waarde van die gemeente in 'n sogenaamde moderne situasie te minimaliseer, moet afgewys word.

\*3 Die Here gee gawes aan lidmate en aan die gemeente as sodanig sodat die lidmate as deel van die gemeente opgebou kan word tot die volheid van God. Die ampte is deel van die gawes van God aan die gemeente en speel 'n belangrike rol in die Here se omgang met sy gemeente. Pogings om die rol van die ampte en ander gawes waardeur die Here die gemeente opbou, af te skryf, behoort ook afgewys te word.

Die vraag wat ons ons wel moet afvra, is *of* bepaalde vorme wat die ampsbediening deur 'n lang historiese proses aangeneem het, nog beantwoord aan die Bybelse doel. As daar gebreke is, moet die ampte nie sonder meer uitgefaseer word nie, maar moet die ampsbediening hervorm word. Vergelyk die slotparagraaf by pt 2.3.5.3 later.

### 2.3.3.3 Onderskeiding van terme: gawe, dienste en ampte In die kerk

\*1 Die genade (charis) van God aan sy kerk lei tot 'n verskeidenheid van gawes aan gelowiges om sowel in die kerk as in sy koninkryk aan te wend. Paulus gebruik veral die twee woorde gawes (charismata) en dienste (diakonia) om hierdie saak te beskryf, maar daar is ook ander woorde soos kragte (energimata) en dienswerk (leitourgia), ens.

\*2 Gawes: Die begrip gawe (charisma) het 'n baie ruim inhoud. Dit sluit alles in wat God nodig ag vir die opbou van die gemeente. Rom 12:6-8 noem gawes soos verkondiging van God se boodskap, diens, onderrig, bemoediging en leiding. Volgens Ef 4:11 gee die Here apostels, profete, evangeliste, herders en leraars as gawes. In 1 Kor 12 word nog kategorieë bygevoeg soos bv genesing en spreek in tale.

Uit al hierdie gebruike blyk dit dat die inhoud van charisma nie beperk mag word tot net besondere en buitengewone verskynsels soos bv die spreek in tale, genesing *of* toestande van ekstase nie. Hierdie verskynsels wat blykaar in Korinte hoog aangeskryf was en aldaar as die pneumatika (die gawes van die Gees) bekend gestaan het, word bv glad nie eers in Rom 12 en Ef 4 genoem nie. Charisma is per slot van rekening alles wat die Heilige Gees wil gebruik en ten dienste stel vir die toerusting van die gemeente (1 Kor 14:12) en sluit gawes in soos lering, vermaning, onderlinge diensbetoon, die doeltreffende bestuur en regering van die gemeentes.

Uit die gegewens oor die charisma blyk dit ook dat alle gawes nie gelyk is nie. In 1 Kor 12:28 (vgl ook Ef 4:11) word apostels, profete en leraars voorop gestel terwyl profesie volgens 1 Kor 14:1 dié gawe is wat nagejaag moet word.

Gawes mag egter nie oorbeklemtoon word nie. Dit gebeur wanneer gelowiges hulle aan hulle roeping onttrek op grond van die argument dat hulle nie die nodige gawes daartoe ontvang het nie. As God iemand roep tot diens, gee Hy ook die toerusting om die roeping uit te voer.

\*3 Diens: Tiperend vir die wyse waarop die gawes in die gemeente funksioneer is die feit dat dit diens is wat gelewer word. Daarom kan daar ook van die charismata gepraat word as dienste in die kerk. Die doel van gawes is diens. (Vg11 Pet 4:10,11)  
Die diens wat die gawes lewer, is afgestem op die opbou en die uitbou van die gemeente. Die diens kry gestalte in bedieninge.

p 278

\*4 Ampte: Binne die totaliteit van gawes en dienste wat die Heilige Gees aan die kerk gee, is daar ook dié kategorie van gawes en dienste wat in die loop van die kerk se geskiedenis by sommige kerke bekend geraak het as ampte (Kerkorde Ned Geref Kerk 1990, Art 3). In ander kerke word daar van hierdie kategorie gepraat as die dienste in die kerk (Dordtse Kerkorde, art 4) terwyl nog ander dit geordende dienste noem in onderskeid van die ander dienste wat bestaan.

'n Werkbare onderskeid wat baie verwarring uit die weg kan ruim, blyk dié te wees van diens en ampsdiens. Ander onderskeide soos algemene en be sonde re diens sou ook gebruik kon word. Alhoewel die onderskeid diens/ampsdiens ook problematies kan wees, word dit in hierdie verslag tog gebruik.

Die verskil tussen ampsdiens en die ander dienste kan soos volg geformuleer word. Die ampsdiens het 'n besondere funksie ten opsigte van al die ander dienste en die gelowiges. Die funksie van die ampsdiens is om die dienswerk van al die ander dienste en die gelowiges te koördineer en algemene leiding daarvoor te gee. Hierdie funksie van die ampsdiens word in paragraaf 2.3.5.3 tot 2.3.5.4 verder uiteengesit.

Ampsdiens is deel van die Here se gawe aan die kerk. Dit dui daarop dat die gawes wat die Here gee nie net op spontane optrede van mense in die gemeente dui nie, maar dat daar ook 'n bepaalde struktuur en 'n bepaalde institusionalisering is waarbinne die dienswerk plaasvind.

'n Woord van vermaning is egter hier van pas. Die feit dat die ampsdiens 'n funksie ten opsigte van die ander dienste het, moenie aanleiding gee tot 'n paternalistiese houding en outokratiese optrede van die ampsdiens teenoor die ander dienste nie. Alle dienswerk, ook ampsdiens, word met 'n diensknegshouding verrig.

Die volgende is voorbeelde van diens en ampsdiens in die praktyk van die Ned Geref Kerk:

\*Dienste: kategese, koorsang, evangelisasie- en barmhartighedsprojekte.

\*Ampsdiens: predikant, ouderling en diaken.

#### 2.3.4 Die verskeidenheid van gawes en dienste in die kerk

\*1 Uit die gegewens in Rom 12:6-8, 1 Kor 12 :8-10 en 28-30, en Ef 4:11 blyk dit dat daar in die vroeë kerk 'n groot verskeidenheid van gawes en dienste voorgekom het. Dit is opvallend dat sommige hiervan op 'n spesifieke kategorie van persone dui, terwyl ander meer betrekking het op die verskillende kategorieë van diens wat gelewer moet word. Van al die gawes en dienste geld -- dit egter dat dit die volheid van die genade verteenwoordig wat Christus aan sy gemeente skenk.

\*2 Die gawes wat op die kategorieë van persone dui, is apostels(1 Kor 12:28; Ef 4:11), profete (Rom 12:6; 1 Kor 12:10,28; Ef 4:11), leraars (Rom 12:7; 1 Kor 12:28; Ef 4:11 herders en leraars), evangeliste (Ef 4:11; 1 Tim 4:5), opsigters (Fil 1:1; 1 Tim 3:2; Tit 1 :7), presbiters (1 Tim 5:17,19; Tit 1 :5), diakens (Fil1:1; 1 Tim 3:8,12).

Dit wil voorkom of hierdie kategorieë van persone destyds die dienste gelewer het wat ons in pt 2.3.3.3 "4 as ampsdiens aangedui het.

Hierdie kategorieë van persone was egter nie rigiede onderskeidings nie. Skynbaar het hulle oorvleuel. Herders, leraars, profete en evangeliste vertoon dieselfde trekke as die ouderlingsdiens. Ewe-eens praat die apostel Petrus van homself as 'n ouderling. Paulus praat van homself as apostel, prediker en leraar (1 Tim 2:7; 2 Tim 1 :11), terwyl Timoteus wat 'n evangelis genoem word, in 1 Tim 4:13 opgeroep word om aan te hou met voorlees, vermaning en lering soos 'n ouderling.

\*3 Na die vroeë kerk het daar 'n historiese ontwikkeling ten opsigte van die ampsdiens in die kerk gekom. Dit was egter nie 'n uniforme ontwikkeling nie. Die verskillende kerktradisies het verskillende stelsels van ampsdiens ontwikkel. Nogtans word daar by byna alle kerke variante vorme van 'n

predikantsamp, ouderlingsamp en diakensamp aangetref.

\*4 Die gawes ten opsigte van kategorieë van diens is diensbetoning (diakonia, Rom 12:7 en antilempseis 1 Kor 12:29), uitdeel, barmhartigheid bewys (Rom 12:8), leiding gee (Rom 12:8; 1 Kor 12:28), vermaning (Rom 12:8), woord van kennis (1 Kor 12:8), woord van wysheid (1 Kor 12:8), kragte (1 Kor 12:28 vgl ook 1 Kor 12:9, 1 Kor 13:2), genesing (1 Kor 12:9,28), glossolalie (1 Kor 12:10, 28), uittê van spreek in tale (1 Kor 12:10,28), en onderskeiding van die geeste (1 Kor 12:10).

\*5 Benewens die gemelde drie Skrifplekke word daar elders ook gepraat van onderwys gee in die Woord (Gal 6:6), leiding gee in die Here (1 Tess 5:12, 1 Tim 5:17), en vermaan (1 Tess 5:12)

\*6 Uit 'n analise van die verskeidenheid van gawes en dienste blyk dit dat meer van die dienste by dieselfde persoon kan voorkom en dat die verskillende dienste ten nouste op mekaar betrekking het. So bv word die gawe van vermaning spesiaal onder die profetiese werksaamheid gereken, net soos wat 'n woord van kennis en 'n woord van wysheid ook in noue verband met profesie en leer staan (vgl 1 Kor 13 :2, 14:6, Kol 1 :28). Diensbetoon en barmhartigheid lê weer baie naby aan mekaar terwyl die diens van kragte, genesing, glossolalie en die uitleg van tale klaarblyklik sterk op mekaar aangewys is.

### 2.3.5 Die aard van ampsdiens in die kerk

#### 2.3.5.1 Die oorsprong van die ampsdiens

\*1 God het die ampsdiens ingestel. 1 Kor 12:28 praat van mense aan wie God 'n bepaalde taak gegee het; Ef 4:11 het dit oor die gawes van apostels, profete, evangeliste en herders en leraars wat Christus gegee het om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk. In Hand 20 :28 sê Paulus vir die ouderlinge van Efese "Pas julleself op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het" en in 1 Pet 5:3 skryf Petrus aan die ouderlinge oor diegene "wat God aan julle toevertrou het".

p 279

Derhalwe kan ons nie saamstem met diegene wat beweer dat ampsdiens in die kerk nie op Bybelse grond berus nie, maar die resultaat is van 'n storie se ontwikkeling in die vroeë Christelike kerk. Volgens hierdie standpunt is dit volkome binne die bevoegdheid van 'n gemeente om ampsdiens in te stel en af te skaal na goeie dinge en dat 'n kerk sonder ampsdiens eintlik 'n groter bewys van 'n Geesteskragtige kerk sou wees as 'n kerk met ampsdiens. Dit behoort ons af te wys.

\*2 Ampsdiens kom ook voort uit die geledere van die gemeente lede. Hulle behoort ten nouste betrokke te wees by die identifisering en plasing van 'n mede-gemeentelid in 'n ampsdiens (vgl Hand 6:3; 6:5; 6:6; 13:3 en 14:23).

#### 2.3.5.2 Die fundering van die ampsdiens

Die diepste fundering vir die funksie van ampte in die kerk is geleë in die werk van Jesus Christus self. Hy het die ampte van profeet, priester en koning in sy Persoon en in sy werk vervul. Hy is die Dienskneg wat tot die uiterste toe gedien het en wat nog steeds met die Vader en die Heilige Gees diensknegte van Hom roep en aanstel om diens te lewer ter wille van die diens van sy kudde. Die diens van Christus is daarom van fundamentele en beslissende betekenis vir die ganse diens en ampsdiens van sy kerk.

#### 2.3.5.3 Funksie van die ampsdiens

Volgens Ef 4:12 was dit die taak van die apostels, profete, evangeliste en herders en leraars om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.

Die woord wat in Ef 4:12 vir toerusting gebruik word, is katartismos. In die algemeen dui die woord iets aan waardeur iemand of iets in staat gestel word om te doen wat van so 'n iemand of iets verwag word. So word die woord bv gebruik om die uitrusting van skepe vir hulle vaart aan te dui of die oefening van 'n leër om slag gereed te wees.

Toegepas op die toerusting van die gelowiges deur die ampsdiens, soos aangedui in Ef 4:12, beteken dit dat dit die taak van die ampsdiens is om aan elke lid van die liggaam dié toerusting te verskaf wat nodig is sodat hy/sy kan voldoen aan dit wat van hom/haar verwag word op grond van

die gawe wat hy/sy van Christus en die Heilige Gees ontvang het.

Ef 4:16 bied ook 'n besondere perspektief op die funksie van die ampsdiens.

In die 1983-Afrikaanse vertaling lees dié vers soos volg: "en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas bymekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie en so bou die liggaam homself op in liefde."

Dit wat in die Afrikaans vertaal is as "... en vorm saam 'n eenheid" is in die vertaling van die Nederlandse Bybelgenootskap vertaal as: "... en bijeengehouden door de dienst van al zijn geledingen." Die woord waarom dit gaan, is die Griekse woord haphè wat in Nederlands weergegee is met "door de dienst van al zij geledingen". In Afrikaans kan dit vertaal word met "gewrigte". Hierdie betekenis kom ongelukkig nie na vore in die 1983-Afrikaanse vertaling van "vorm saam 'n eenheid nie".

"Haphè" is 'n begrip uit die mediese wêreld van destyds wat nie net verbindingskakels tussen die verskillende liggaamsdele aangedui het nie, maar wat ook beskou is as toevoerretes van voedsel na die verskillende liggaamsdele. Op grond van Ef 4:16 kan die funksie van ampsdiens in die kerk beskryf word as koördinerend (saambindend) en stimulerend (voedsel toevoerend). Die ampsdiens is daar om die verskillende liggaamsdele saam te bind tot 'n eenheid en te voorkom dat die verskillende charismata in 'n gemeente langs mekaar kan verbywerk en mekaar selfs kan teenwerk. Terselfdertyd is dit ook nodig dat die verskillende charismata in die gemeente voortdurend gestimuleer (gevoed) moet word. Die groei van die liggaam vind immers nie vanself plaas nie. Dit is die ampsdiens se taak om die nodige voedsel aan die gemeente te verskaf. Wanneer hulle daartoe in staat gestel, gestimuleer, gevoed word, sal elkeen van die lede van die liggaam sy funksie kan vervul en sal die liggaam van Christus homself opbou in liefde, sal hy na Christus die Hoof toe groei.

Benewens bogemelde algemene aanduiding van die taak van alle ampsdiens in die kerk, is daar ook nadere aanduiding van die taak van elkeen van die onderskeie ampsdienste in die kerk. So blyk dit bv dat die taak van die ouderlinge in die Nuwe-Testamentiese tyd was

- \* om die beleid in die kerk te bepaal (Hand 15; 21 :18vv);
- \* om die kudde van die Here op te pas, wat beteken het dat hulle die kudde moes voed en ook moes beskerm teen gevare wat hulle van buite en uit hulle eie geledere kon bedreig (Hand 20:28vv, 1 Pet 5:1-3)
- \* om die diens van voorbidding in die gemeente te verrig (Jak 5)
- \* om onderrig te gee en te preek (1 Tim 5:17; 1 Tim 3:2).

Die bogemelde funksie van ampsdiens hoort wesenlik tot die bestaan van die kerk van Christus, maar die vorm wat dit aanneem, sou van tyd tot tyd na die els van omstandighede kon verskil. Dit is vir 'n gegewe kerk om onder sy bepaalde omstandighede die beste uitdrukkingsvorm te vind waarin die funksies wat Christus aan die ampsdiens opgedra het, verrig kan word. Die gevaar bestaan dat 'n kerk die gestalte wat hy bedink het, gelykstel met die Skriftuurlike duiding as sodanig. Daarom moet die kerk ook altyd teologies-krities ingestel wees teenoor die funksioneringsgestaltes wat bedink en geïmplementeer word vir sy tyd.

#### 2.3.5.4 Algemene kenmerke van ampsdiens in die kerk

Alle dienste in die kerk, soos bv kategesediens, koorsangdiens, sendingdiens, barmhartigheidsdiens, voldoen elkeen op 'n unieke wyse aan die volgende kenmerke van diens. In die volgende paragrawe, egter, word dit net ten opsigte van die ampsdiens beskryf.

p 280

\* 1 'n Diens naas ander dienste op grond van God se gawe

Die Here gee aan sy kerk en ook aan elke gelowige gawes (vgl Ef 4:7; 1 Kor 12:11; Rom 12:6). Van die gawes wat die Here aan sy kerk gee, is dié wat ons ampsdiens noem (vgl Ef 4:11). Ampsdiens, soos alle diens in die kerk, kan slegs behoorlik gelewer word op grond van die gawes wat Christus en die Heilige Gees gee



\* 2 'n Diens slegs in verband met die kerk

Ampsdien, as 'n diens van gelowiges aan gelowiges, is 'n diens wat in die reël slegs ivm gelowiges in 'n gemeente- en kerkverband gelewer word. 'n Uitsondering is in die geval van die sendingsituasie waar 'n gemeente iemand uitstuur om 'n gemeente te gaan stig.

\*3 'n Diens vir die kerk

In die lig van die funksie van die ampsdiens soos hierbo uiteengesit, kan ampsdiens ook getipeer word as diens wat vir die kerk/die gelowiges verrig word om die gelowiges in staat te stel, te koördineer en te voed vir die diens wat hulle in die kerk en die koninkryk moet lewer.

\* 4 'n Diens met 'n besondere funksie.

Hierbo is geskryf oor die besondere funksie van die ampsdiens in die kerk tw die toerusting, koördinering en voeding van die hele gemeente.

\* 5 'n Diens met 'n besondere gesag

Ampsdien impliseer die gesagvolle hantering van die sleutels van die hemelryk wat deur Christus aan die ampsdraers toevertrou is. Dit beteken dat die ampsdiens altyd met 'n gesagvolle opsigfunksie gepaard gaan. Daar moet verantwoordelikheid aanvaar word vir die groei van die gemeente na Christus terwyl hulle in liefde aan die waarheid vashou.

\* 6 'n Diens deur roeping, bekwaammaking en toerusting

Die roeping kom van die Here deurdat Hy aan 'n gelowige gawes gee vir die diens wat Hy wil hê die gelowige moet verrig en deurdat hy die gelowige toerus en bekwaam maak om die diens te verrig wat Hy wil hê dat hy moet verrig.

\* 7 'n Diens deur identifisering en aanstelling (ordening/bevestiging)

Ten nouste verbonde met die roeping tot ampsdiens deur die Here, is egter ook die identifisering en aanstelling (bevestiging en ordening) van die persoon vir ampsdiens deur die gemeente en/of kerkverband. Gawes wat die Gees aan iemand skenk, laat as 't ware vanself daardie persoon na vore tree in die gemeente. Dit lei dan daartoe dat die gemeente die persoon as amptelike leier aanwys op grond van die gawes wat hy/sy ontvang het.

\* 8 'n Diens saam met ander

Die gewone diens van gelowiges in die kerk en in die koninkryk kan ook individueel plaasvind. Ampsdien in die kerk word egter nooit net deur 'n individu op sy eie verrig nie. Dit vind altyd plaag in samewerking met almal in die gemeente/kerkverband wat daartoe geroep, geïdentifiseer en aangestel is.

### 2.3.6 Praktiese riglyne vir diens en ampsdiens

2.3.6.1 Alle dienste is God se instrument om sy Koninkryk in 'n bepaalde konteks te vestig. Die inhoud van die diens wat gelewer word, asook die wyse waarop dit behoort te geskied, word bepaal deur:

- \* Skrifbeginsels vir dienswerk;
- \* die geskiedenis van die kerklike tradisie;
- \* die konteks en behoeftes van die tyd.

Die tipe diens en die aantal bedieninge wat op 'n gegewe tydstip in 'n bepaalde konteks nodig is, word bepaal deur die vraag watter dienste nodig is vir die kerk om hulle roeping op daardie tydstip te vervul.

2.3.6.2 Die feit dat die konteks medebepalend is vir die vorm van dienswerk, open die weg vir 'n verskeidenheid gestaltes wat dieselfde basiese diens soos bv barmhartigheidsdiens, onderrig, diaken en ouderling in verskillende kontekste kan aanneem.

2.3.6.3 Die huidige praktyk dat net persone in ampsdiens voor die gemeente bevestig word, is onhoudbaar. Dit verlaag die ander dienste tot 'n minder belangrike plek in die gemeente. Elke

georganiseerde diens het 'n besondere funksie in die gemeente. Die erkenning daarvan behoort met 'n openbare in-diens-stelling in die gemeente gepaard te gaan.

2.3.6.4 Elke ampsdiens behoort al die basiese funksies van ampsdiens te vervul, nl om gelowiges toe te rus om hulle diens te kan verrig, hulle daarvoor te versorg en te voed en hulle as liggaam van Christus te koördineer tot 'n eenheid.

2.3.6.5 Daar behoort, met inagneming van pt 2.3.6.4, groter ruimte te wees vir differensiasie ten opsigte van ampsdiens volgens die behoeftes van 'n bepaalde gemeente. In 'n bepaalde situasie benodig 'n gemeente verskillende tipes predikante, ouderlinge en diakens. Spesifieke persone word afgesonder om spesifieke funksies te verrig. Byvoorbeeld:

\* Predikante: Hulle kan spesialiseer in jeugwerk, administrasie, huweliksverryking, 'n spesifieke dienswerk soos evangelisasie ens.

\* Ouderlinge: Daar kan wyksouderlinge wees om die lidmate in die wyk te versorg en op te bou. Daar kan ook diensouderlinge wees wat ten opsigte van 'n spesifieke diensterrein soos die kategete, 'n evangelisasiespan ensovoorts, die versorging en opbou behartig.

\* Diakens: Daar kan wyksdiakens wees. Daar kan ook diensdiakens wees vir spesifieke vorme van diens van barmhartigheid soos die CAD, 'n plakkerbediening, gesinsterapie, ensovoorts.

P281

## 2.4 AANBEVELINGS

2.4.1 Die Sinode onderskryf die beskrywing van die praktiese riglyne vir diens en ampsdiens soos vervat in pt 2.3.6 as deel van die kerk se voortgaande besinning hieroor.

2.4.2 Die Sinode versoek kerkrade om erns te maak met die gemelde riglyne.

2.4.3 Die Sinode versoek die AKG om program materiaal vir gemeentes te skryf aan die hand waarvan gemeentes die gemelde riglyne sinvol in die gemeente kan bespreek.

2.4.4 Die Sinode versoek die AKG om riglyne op te stel vir die openbare byeenkoms vir die In-diens-stelling van alle georganiseerde dienste in die gemeente.

## 3. DIE PREDIKANTSAMP

### 3.1 Opdrag

Die Sinode het dit aan die AKG opgedra om 'n studie van Artikels 9,16 en 17 te maak.

### 3.2 Werkwyse

Die saak is in samehang met punt 2 van hierdie verslag hanteer en die studiekommissie van Wes-Kaap het verslag gedoen.

### 3.3 Bevindinge

#### 3.3.1 'n Selfstandige diens of 'n ouderlingsdiens?

In hierdie verband is 1 Tim 5:17 vir die kommissie baie belangrik nl: "Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral dié wat arbei in woord en leer." Nuwre eksegesi dui daarop dat die Griekse woord wat in die Afrikaans met eer vertaal is, naas die betekenis van "eer" en "eerbewys" ook die betekenis van "honorarium" het, dws eer wat 'n materiële vorm aanneem of te wel vergoeding vir die bekleding van 'n amp.

As hierdie laaste betekenis van "eer" op 1 Tim 5:17 toegepas word, gaan dit in hierdie vers nie maar om 'n eerbewys in die algemeen nie, maar spesifiek om 'n honorarium/materiële vergoeding wat aan ouderlinge betaal word.

Hierdie interpretasie van "eer" in 1 Tim 5:17 word versterk deur dit wat in vers 18 staan: "Want die Skrif sê: Jy mag 'n os wat dors nie muilband nie; en: Die arbeider is sy loon werd." Deur die "want"

van vers 18 word daar 'n direkte band tussen verse 17 en 18 gelê. Vers 18 gee uit die Skrif, tw Deut 25:4 en Luk 10:7, die motivering vir dit wat in vers 17 gesê word. 1 Tim 5:17-18 bevestig dus die reg om lewensonderhoud vir hulle wat in diens staan van die verkondiging van die evangelie. Vgl ook 1 Kor 9:9-14

Volgens 1 Tim 5:17 behoort ouderlinge wat goed regeer (goeie leiding gee), veral dié wat arbei in woord (prediking) en in leer (onderrig), dubbele eer waardig geag te word. Dit gaan hier om 'n bepaalde kategorie ouderlinge. Die vraag is watter kategorie ouderlinge?

Sommige verklaarders sien dit as dié ouderlinge wat preek en onderrig gee. Daar is dus sommige ouderlinge wat preek en onderrig gee terwyl ander ouderlinge dit nie doen nie. Dié ouderlinge wat preek en onderrig gee, dws voorgaan by die erediens en die kategeese, moet dubbele eer of te wel 'n dubbele honorarium kry. Die ouderlinge wat die dubbele honorarium kry, word dan volgens hierdie verklaring van 1 Tim 5:17 die prototipe van wat ons ken as die predikant.

Ons hoof beswaar teen die verdeling van ouderlinge in twee kategorië van enersyds as dié wat regeer en andersyds dié wat preek en onderrig gee, is dat so 'n verklaring 1 Tim 5:17 in stryd bring met 1 Tim 3:2 en Titus 1 :9. In 1 Tim 3:2 word van alle ouderlinge gesê dat hulle bekwaam moet wees om te onderrig en in Titus 1:9 word van elke ouderling vereis dat hy bekwaam moet wees om op grond van die gesonde leer te vermaan en teësprekers te weerlê. Hieruit kan afgelei word dat die taak om te onderrig en te preek 'n taak is wat aan alle ouderlinge opgedra word en nie net aan sommige nie.

Daar is 'n ander moontlike verklaring van 1 Tim 5:17. Die nadruk in hierdie vers moet nie op "woord en leer"/prediking en onderrig gelê word nie, maar op "arbei"/"hard werk". Die Griekse woord hier beteken eintlik "om moeite te doen", "om jou in te span", "om swaar werk te verrig". In 1 Tim 4:10 gebruik Paulus dieselfde woord om sy eie moeitevolle arbeid in die gemeente aan te dui. Dit gaan om werk wat die volle inset van iemand verg, werk waarin die persoon homself geheel en al moet gee, werk wat 'n volle dagtaak is. Paulus self het sodanig in die gemeente van Efese gewerk (vgl Hand 20:31). Die onderskeid van 1 Tim 5:17 is dus nie tussen ouderlinge wat preek en onderrig gee en ouderlinge wat dit nie doen nie en wat net regeer nie. Alle ouderlinge moet regeer (leiding gee) en alle ouderlinge moet preek en onderrig gee. Al verskil is dat sommige ouderlinge dit voltyds doen en ander dit net deelyds doen. Vir sommige is dit "harde werk" in die sin van 'n heelydse inset, terwyl dit vir ander net 'n deelydse funksie is benewens die ander werk wat hulle doen.

Bg verklaring is 'n waarskynlike verduideliking van die uitdrukking "dubbele eer/honorarium". Ouderlinge wat hulle volle dagtaak verrig in die leiding, die verkondiging van die evangelie en in die onderrig van die gemeente, is daarom ook geregtig op 'n dubbele honorarium vir hulle lewensonderhoud.

### 3.3.2 Gevolgtrekkinge

3.3.2.1 Die predikantsamp as sodanig soos ons dit in die Ned Geref Kerk het, kry ons nie in die Skrif nie.

3.3.2.2 Ons kry wel die ouderlingsamp in die Skrif wat klaarblyklik uit twee tipes ouderlinge bestaan het.

\*1 Eerstens, deelydse ouderlinge wat geroep is om leiding te gee in die gemeente, die gemeente te onderrig of te leer, hetsy deur prediking of op 'n ander manier, en die gemeente te versorg.

\*2 Tweedens, is daar binne die geleedere van die ouderlinge, dié ouderlinge wat *bogeme/de* funksies as 'n voltydse bediening beoefen het.

P282

3.3.2.3 Die predikantsamp het uit dié van die voltydse ouderling ontwikkel. Die predikant is egter nie 'n afsonderlike amp nie. Dit is maar net 'n ouderling wat sy/haar werk intensief en voltyds verrig.

3.3.2.4 'n Bepaalde interpretasie van 1 Tim 5:17 het in die verlede die kerk gelei tot 'n onderskeid in die taak van ouderlinge as sou sommige die taak gehad het om te preek en onderrig te gee, waaruit die predikantsamp dan sou ontwikkel het, terwyl die ander "gewone" ouderlinge die taak sou hê om

net leiding te gee. Dit blyk dat hierdie Interpretasie neerslag gevind het in die Kerkorde (1990) van die Ned Geref Kerk. Die kommissie is van mening dat so 'n onderskeid nie korrek is nie.

3.3.2.5 In die praktyk het die feit dat predikante beskou word as mense met 'n taak wat anders is as die van die ander "gewone" ouderlinge, gelei tot 'n besondere roeping anders as gewone ouderlinge, 'n besondere opleiding anders as gewone ouderlinge, 'n besondere bevestiging anders as gewone ouderlinge, 'n besondere beroeping anders as gewone ouderlinge, die vanselfsprekende toegang tot sekere meerdere vergaderinge anders as gewone ouderlinge, asook die alleenverrigting van take soos die "vry" bediening van die Woord, die bediening van die sakramente, die voorsitterskap van kerkraadsvergaderinge.

3.3.2.6 Die vraag is hoeveel van bg sake wel gehandhaaf kan word in terme van die intensiewe en voltydse funksie van die soort ouderlinge wat ons in ons Kerkorde (1990) Bedienaars van die Woord noem. Dit kan wees dat heel party daarvan tog wel gehandhaaf kan word, maar dat ander aspekte nie so eksklusief aan hulle toegesê kan word nie.

3.3.2.7 Terselfdertyd is dit egter ook 'n vraag of daar nie 'n herwaardering van die "ander" (deelydse) ouderlinge moet kom nie. Dit is meer in ooreenstemming met die Skrif dat dit die taak van alle ouderlinge is om die gemeente te lei, te onderrig (oa deur te preek) en te versorg. Daar moet weer gedink word oor die gebruik om ouderlinge te verbied om "vry" te preek.

3.3.3 Die funksie van die predikantsdiens

3.3.3.1 Die opdrag van die predikant is om saam met die ander ouderlinge, en voltyds, leiding te neem in die versorging en opbou van die gemeente. Die gemeente is die gebou/tempel van God en die liggaam van Christus en moet opgebou word om die werk te doen waartoe God sy gemeente in die wêreld stel sodat sy Koninkryk mag kom. Die predikant moet in alles wat hy/sy doen, die gemeente begelei en bou om hierdie roeping uit te voer.

3.3.3.2 Die predikant verrig hierdie opdrag as voltydse ouderling. Hy/sy het deur studie besondere toerusting ontvang om hierdie opdrag te volbring en word deur die gemeente as voltydse ouderling daarvoor afgesonder. In uitsonderlike gevalle kan hy/sy dit deur 'n tentmakerbediening doen.

3.3.3.3 Die predikant voer hierdie opdrag uit deur:

\*1 Die mens wat hy/sy is en die voorbeeld wat hy/sy voorleef. Die dienskneggestalte staan voorop in die verlangde voorbeeld.

\*2 Die begeleiding van prosesse wat die gemeente 'n visie gee van hulle roeping, hulle entoesiasme daarvoor opwek en hulle in staat stel om dit uit te voer.

\*3 Die prediking van die Woord van God en die bediening van sakramente.

\*4 Onderrig, herderlike sorg en vermaning, en

\*5 die behartiging van die diens van die gebede.

3.3.3.4 Benewens bogenoemde primêre funksie van die predikant, gee die gemeente ook die opdrag aan die predikant om huwelike te bevestig en begrafnisse waar te neem.

3.3.3.5 Die funksies wat in pt 3.3.3.3 genoem word, is nie die taak van die predikant alleen nie, maar is die taak van alle ouderlinge. Die predikant vervul ook die taak van ouderling, maar as 'n eerste onder gelykes (primus inter pares) neem hy/sy leiding in die verband. Hierdie leiding sluit die toerusting van die ander ampsdienste in.

3.4 AANBEVELINGS

3.4.1 Die Sinode onderskryf die beskrywing van die predikantsdiens as dié van 'n voltydse ouderling asook die gevolgtrekkings wat op grond daarvan gemaak is. (pt 3.3.1 en 3.3.2)

3.4.2 Die Sinode onderskryf die beskrywing van die funksie van die predikantsdiens. (pt 3.3.3)

3.4.3 Die Sinode versoek gemeentes om die gemelde beskrywing en funksie van die predikantsdiens te bestudeer en na deeglike bespreking in die gemeente te implementeer.

Kerkrade word versoek om in die hantering hiervan geduld met die gevestigde persepsies van die lidmate ten opsigte van die predikant te hê.

3.4.4 Die Sinode versoek die AKG om programmatiaal op te stel vir gebruik in gemeentes.

3.4.5 Die Sinode versoek die AKG om in die lig van bogemelde besluite die ampsdiens van ouderling en diaken te herevalueer.

3.4.6 Die Sinode dra dit aan die AKG en ARK op om die herformulering van Art 9 in die Kerkorde te finaliseer.

## **1994 NOTULE**

p 488

### **A.15 GEMEENTEBEDIENING** (Agenda bl 275)

#### **2.4 AMPTE IN DIE KERK**

Advies (C.7.1:pt 1.16) - kennis geneem.

Ordemosie (DA Scholtz/PC Potgieter) - goedgekeur:

1. Die Algemene Sinode neem kennis van punt 2, 3 en 4 in die verslag van die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening.
2. Die Algemene Sinode besluit om die opdrag, naamlik om artikels 9, 16 en 17 van die Kerkorde te hersien (vgl Handeling, 1990: 704), aan die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening te herhaal wat dit in noue samewerking met die Algemene Regskommissie en Algemene Kommissie vir Diens van Barmhartigheid moet afhandel.

Die volgende amendemente word verwys na die AKG:

#### **Amendement 1 (AA Odendaal/JAV Knipe)**

Die Sinode beklemtoon die noodsaaklikheid van gereelde huisbesoek deur leraars. Dit lê ten grondslag van gemeente-opbou en -vernuwing. Geestelike probleme word so geïdentifiseer.

#### **Amendement 2 (HJB Combrink/SD Snyman)**

Die Sinode versoek die AKG om in sy uiteensetting van die funksies van die predikantsdiens in oorleg met AKLAS rekening te hou met die volle Bybelse agtergrond wat hierby ter sprake kom. **VOORSTEL: KOMMENTAAR VAN SINODES OP NUWE BENADERING (MC Botha/PR du Toit)** - goedgekeur:

Die Sinode versoek die onderskeie sinodes om kommentaar te lewer op hierdie nuwe benadering ten opsigte van die amp en ampswerk, die predikantsamp en die predikant en leierskap, en moontlike verdere insette wat die AKG via die SKG's sou kon lewer en om die kommentaar voor Julie 1996 deur te stuur na die AKG.

## **1994 BESLUITEREGISTER**

p 560

### **AMPSWERK: KOMMENTAAR VAN SINODES OP NUWE BENADERING**

1. Die Sinode versoek die onderskeie sinodes om kommentaar te lewer op hierdie nuwe benadering ten opsigte van die amp en ampswerk, die predikantsamp en die predikant en leierskap, en moontlike verdere insette wat die AKG via die SKG's sou kon lewer en om die kommentaar voor Julie 1996 deur te stuur na die AKG. (BI 488, Voorstel)
2. Die Sinode gee opdrag aan die AKG om in oorleg met die ARK, AKDB en AKLAS hierdie kommentaar te verwerk met die oog op 'n nuwe voorlegging aan die Algemene Sinode van 1998. (BI 517, pt 5)

#### **AMPTE IN DIE KERK**

1. Die Algemene Sinode neem kennis van punt 2, 3 en 4 in die verslag van die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening.
2. Die Algemene Sinode besluit om die opdrag, naamlik om art 9, 16 en 17 van die Kerkorde te hersien (vgl Handeling, 1990: 704), aan die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening te herhaal wat dit in noue samewerking met die Algemene Regskommissie en Algemene Kommissie vir Diens van Barmhartigheid moet afhandel. (BI 488, pt 2.4)

## 2002

### ALGEMENE SINODE 2002

#### 2002 AGENDA

#### A.8 ALGEMENE KOMMISSIE VIR GEMEENTEBEDIENING

##### 1. INLEIDING

###### 1.1 Benadering tot werksaamhede

Die Kommissie het in sy werksaamhede aandag gegee aan opdragte van die Algemene Sinode asook ander sake wat hy as belangrik vir die gemeentelike bediening beskou het. Daar is gepoog om deeglik te besin oor elke saak met die oog op die opstel van die verslae aan die sinode. Die werkswyse wat gevolg is, was om sover moontlik al die SKG's van die streeksinodes te betrek in die uitvoering van die opdragte. Dit was ook interessant om te sien dat die SKG's van die sinodes reeds besig was met gesprek en navorsing oor sommige van die temas.

###### 1.2 Bybels-teologiese benadering

Die AKG hou homself besig met die teorie en praktyk van die gemeentelike bediening. Daarom word daar steeds gestreef om binne 'n gereformeerde basis 'n prakties-teologiese gemeentelike ekklesiologie te ontwikkel. Wanneer daar aan verandering en vernuwung binne die gemeentelike bediening gedink word, moet dit aan bepaalde bybels-teologiese uitgangspunte getoets kan word. Die politieke en sosiale oorgangsproses in die land sowel as internasionale tydsgees-tendense noop ons om oor eietydse kerkwees vrae te vra en antwoorde te soek. Veral word dit belangrik wanneer daar erns gemaak moet word om die jeug van die kerk vir die kerk te behou. Die gespreksdokument by 4.1 hieronder verwoord hierdie sake meer breedvoerig.

##### 2. VERGADERINGS

Daar is vier keer gedurende die reses vergader. Waar nodig het die dagbestuur aan sake aandag gegee.

##### 3. PERSONEEL

Die kommissie word saamgestel uit een verteenwoordiger uit elke streeksinode, 'n verteenwoordiger uit elk van die drie Fakulteite van Teologie, PSD's van sinodes, 'n verteenwoordiger van die AKV, die Kapelaansdiens asook van Bybelmedia. Die werksaamhede van die kommissie was teen die tweede helfte van 2001 in 'n mate ontstig met die aanvaarding van 'n beroep deur die skriba, dr. Mike Van Tonder, na Aranos in Namibia. Ten spyte van wat vir hom moeilike omstandighede was, het hy egter goedgeestiglik aangebied om die skribaat tot by die Sinode te hanteer. Hiervoor is die kommissie baie dankbaar. Die voorsitter, prof Kobus Kellerman, het ook aan die einde van Junie 2001 afgetree maar is versoek om ook tot die Sinode aan te bly as voorsitter.

##### 4. SAKE VANAF DIE AKG

###### 4.1 Buitelyne van 'n Gereformeerde gemeentelike ekklesiologie: 'n gespreksdokument

Die AKG bied graag hierdie gespreksdokument aan vir bespreking en goedkeuring om as buitelyne vir 'n gesprek oor kerkwees sinodes te dien. (Bylae A.8.1)

###### 4.2 Reglement van die AKG

Sien Bylae A.8.2

###### 4.3 Herwaardering en ontwikkeling van klein gemeentes

4.3.1 Daar is toenemend die verskynsel dat gemeentes, veral op die platteland, besig is om soms dramaties te verklein. 'n Studie oor die behoeftes en probleme wat hiermee gepaardgaan is noodsaaklik t.w.v. sinvolle voortbestaan.

**4.3.2 AANBEVELING: KLEIN GEMEENTES - die Sinode dra dit aan die AKG op om 'n studie te maak van die omstandighede, behoeftes en probleme in klein gemeentes en die Sinode met 'n verslag en aanbevelings te dien.**

#### **4.4 Veranderde amps-en roepingsbeskouing?**

4.4.1 Dit wil voorkom of daar in die kerk groot verskuiwings in die amp- en roepingsbeskouing aan die gang is. Daar is sterk behoefte aan 'n deeglike besinning oor roeping en die amp.

**4.4.2 AANBEVELING: ROEPINGSTEOLOGIE - die Sinode dra dit aan die AKG op om in samewerking met die AKPB te besin oor roeping en amp (roepingsteologie) met verslag aan die sinode.**

### **5. OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE**

#### **5.1 Evangelisasie en nuwe gemeente-ontwikkeling**

Algemene Sinode Handeling p 452, 2.6.2. Oorspronklike opdrag: Gemeentestigting deur proponente en tentmakers. (Bylae A.8.3)

#### **5.2 Predikantsbediening as Woordbediening in die koninkryk van God**

Algemene Sinode Handeling p 435, 2.4.3 (Bylae A.8.4)

#### **5.3 Verbreding en vemeerding van die ampte**

Algemene Sinode Handeling p 435, 2.4.5-7, 2.4.8 (Bylae A.8.5)

#### **5.4 Eietydse gebedsbewegings**

Algemene Sinode Handeling p 440, 4.4.8 (Bylae A.8.6)

#### **5.5 Onderzoek na buitengewone gawes van die Gees**

Algemene Sinode Handeling p.469. 3 C15.3.

5.5.1 Die AKG het die opdrag itv die statistiese opname van gawes as onuitvoerbaar bevind. Oor die Bybels-eksegetiese aspek daarvan bestaan daar reeds deeglike studies. Indien die sinode dit nodig ag, kan 'n nuwe opdrag gegee word.

**5.5.2 AANBEVELING: BUITENGEWONE GAWES - die Sinode neem kennis van die bevinding van die AKG en besluit om van die saak af te stap.**

#### **5.6 Die benutting van vroue-proponentepotensiaal en leiding aan gemeentes oor vrouepredikante se rolvervulling**

Algemene Sinode Handeling p. 450, 2.5.1

5.6.1 Die AKG het kennisgeneem dat die ASK inisiatiewe geneem het waar die saak wesenlik hanteer is deurdat dit gelei het tot 'n inisiatief deur vroueproponente self. Die AKG het dus geoordeel dat dit nie nodig is om verder op die saak in te gaan nie.

**5.6.2 AANBEVELING: VROUEPREDIKANTE - die Sinode keur die optrede van die AKG goed.**

#### **5.7 Riglyne vir pastorale leiding aan lidmate wat ontwikkelinge in die huidige samelewing negatief ervaar**

Algemene Sinode Handeling p.466, 9.7.6 (Bylae A.8.7)

#### **5.8 Kerkspieël**

Sien Bylae A.8.8

#### **5.9 Algemene bedieningsfonds**

Sien Bylae A.8.9

#### **5.10 Sakramentsbediening in kleingroepe**

Algemene Sinode Handeling p.451. 9.4.6 (Bylae 10)

5.10.1 Die AKG het kennis geneem daarvan dat die Ad-hoc kommissie vir Kleingroepbediening in sy verslag aan die Algemene Sinode op die saak ingaan en het geoordeel dat dit nie nodig is om hieraan aandag te gee nie.

#### **5.10.2 AANBEVELING: SAKRAMENTE IN KLEINGROEPE**

**5.10.2.1 Die Sinode keur die optrede van die AKG goed.**

**5.10.2.2 Die Sinode neem die verslag van die ad hoc kommissie vir kleingroepe (Bylae A.8.10) in behandeling.**

#### **5.11 NG Kerk 350 Jaar**

Sien Bylae A.8.11

JS KELLERMAN  
M VAN TONDER

## BYLAE A.8.1

### BUITELYNE VAN 'n GEREFORMEERDE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE: 'n GESPREKSDOKUMENT

#### 1. OPDRAG EN REDES VIR DIE VERSLAG

1.1 In die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening (AKG) is daar die afgelope klompie jare meer kere gepraat oor die behoefte aan duideliker riglyne wat betref 'n Gereformeerde gemeentelike ekklesiologie. In 'n tyd waarin al meer gemeentes groot skuiwe in hul strukture en bedienings maak, het die vraag na duideliker kontoere en riglyne al dringender geword. Die vraag was deurentyd: *aan watter aspekte van die gemeentelike bediening en strukture kan daar met meer vrymoedigheid verander word en waarmee moet ons versigtig wees?*

1.2 Hierdie verslag is 'n poging om 'n verantwoordelike gesprek oor dié saak te inisieer. Ons weet dat 'n mens binne die bestek van so 'n verslag onmoontlik aan alle vrae aandag kan gee. Ons dink ook nie dat daar oor alle kwessies net een regte antwoord is nie. Ons was van oordeel dat ons die gesprek die beste gaan dien as ons

- 'n klompie wesenlike bybels-teologiese uitgangspunte vir 'n gemeentelike ekklesiologie stel (wat waarskynlik op meer as een manier gekonkretiseer kan word), en
- daarvanuit sekere aanbevelings maak oor die toekomstige bediening en gemeentelike inrigting in die NG Kerk.

1.3 Ons is bewus daarvan dat die situasie van “eksperimentering” en van groeiende verskille tussen gemeentes vir baie mense ontstellend en selfs onbegryplik is. Sonder om dit goed te praat, oordeel ons dat daar sekere faktore is (sommige buite ons beheer) wat aanleiding gegee het tot hierdie situasie van kerklike onsekerheid. 'n Goeie begrip van die faktore kan ons help om die situasie beter te verstaan en om beter besluite te neem oor hoe ons dit moet hanteer.

1.4 Die volgende faktore het sekerlik 'n rol gespeel:

1.4.1 Die politieke en sosiale **oorgangsproses in die land** het die Kerk en sy gemeentes op meer vlakke in 'n totaal nuwe situasie geplaas. Die Kerk het nie alleen van sy mag en aansien verloor nie, maar word tans uitgedaag om sy hele rol en taak in die nuwe situasie te herdefinieer.

1.4.2 Daar is **internasionale tydsgees-tendense** (mense praat van modernisme en postmodernisme) wat kerke wêreldwyd affekteer en byvoorbeeld in Europa tot 'n grootskaalse kerkverval gelei het. Veral na 1990 voel ons al meer van dié invloed, ook in Suid-Afrika:

- 'n sterk afname aan algemene godsdienstigheid (veral georganiseerde godsdienste)
- 'n sterk weerstand teen groot, formele organisasies
- 'n terughoudendheid ten opsigte van lang verbintenisse, selfs teen verbintenisse van enige aard
- 'n huiwering ten opsigte van finale antwoorde en waarhede, en
- 'n groeiende waardering vir diversiteit en pluraliteit.

Dit is nie moeilik om te sien dat hierdie faktore mettertyd tot ingrypende veranderinge in mense se godsdienstige en kerklike betrokkenheid kan lei nie.

1.4.3 Hierdie faktore (en waarskynlik ook nog ander) veroorsaak dat kerke meer as ooit sukkel om hul **jeug** vir die kerk te behou. Intergenerasie-verskille in benadering, styl, musieksmaak, ensovoorts, het baie gemeentes genoop om groot aanpassings in hul bedienings en styl te maak – in 'n poging om hul jeug te akkommodeer.

#### 2. WAT ONS GLO VAN DIE KERK: 20 STELLINGS

\* Ons uitgangspunt by die formulering van die onderstaande stellings was nie om alles te sê wat oor die Kerk gesê kan word nie. Die bedoeling was om belangrike teologiese en prakties-teologiese uitgangspunte vir ons nadenke oor die kerk en gemeentes te formuleer.

\* Daar is besluit om dié stellings in drie groepe te verdeel:

(a) insigte wat ons **deel met die ekumeniese** kerk. [Dit gaan hier oor insigte wat in die eerste paar eeue van die kerk se bestaan reeds redelik duidelik uitgekristalliseer het en waaroor daar in die Christelike Kerk in die breë 'n redelike mate van konsensus bestaan.]



(b) insigte wat uit **die tyd van die Reformasie** kom. [In die tyd van die Reformasie is 'n paar baie belangrike insigte oor die kerk baie helder geformuleer. Dit lê in lyn met die insigte by a), maar is 'n uitbreiding en presieser formulering daarvan.]

(c) **resente insigte**. [Dit word redelik algemeen aanvaar dat die 20ste eeu baie belangrik was betreffende insigte oor die Kerk. In die derde afdeling word die mees wesenlike van die nuwere insigte aangedui.]

\* Dit is belangrik om te verduidelik dat 'n keuse vir 'n historiese lyn as basis vir die stellings nie teenoor 'n keuse vir 'n bybelse fundering van die ekklesiologie staan nie. Van al die stellings wat ons hier maak, is ons oortuiging dat dit pogings was juis om die Bybelse getuienis oor die Kerk helder te formuleer vir die situasie waarin gemeentes geroep was om hul getuienis te lewer. Dit sou nie moeilik wees om by elkeen van die stellings 'n redelik uitvoerige Bybelse fundering te gee nie.

## **A. INSIGTE WAT ONS DEEL MET DIE EKUMENIESE KERK**

1. *Ons glo dat die kerk sy historiese oorsprong vind in die Persoon en werk van Jesus Christus. Die kerk is 'n gemeenskap wat rondom Hom gevorm is – aangeraak deur sy verlossingswerk, aangegryp deur sy drome van 'n nuwe wêreld, en geroep tot 'n lewe van gehoorsame navolging van Hom.*

Op 'n praktiese vlak beteken dit dat Christus, en Hy alleen, in die sentrum van die kerk staan en dat, in alles wat ons doen, ons voortdurend soek na sy wil, luister na sy woord en daarna streef om Hom in alles te verheerlik. Dit beteken ook dat die moederverhaal, waaruit die kerk leef, die verhaal van die Bybel en in besonder die verhaal van Christus is. Elke geslag van gelowiges het die verantwoordelikheid om die verhale nuut te lees en vir hulself die vraag te vra hoe hulle in hul geslag getrou aan die Jesus Christus van die Skrifte kan leef.

2. *Deur Christus is die kerk verbind aan die Drie-enige God van die Bybel – Vader, Seun en Gees. Ons glo dat die kerk aan die Drie-enige God alleen behoort en in verbondenheid met Hom bestaan. Die kerk is die volk van God, die liggaam van Christus en die tempel van die Gees. Alles wat ons is en doen – ons identiteit, ons missie en ons bediening – word deur hierdie verhouding bepaal. Dat alles wat die kerk is en doen gedefinieer (behoort te) word deur sy verhouding met die lewende God, is die eerste en mees basiese beginsel van kerk-wees. En die God van wie ons hier praat is die Drie-enige God wat ons in die Ou en Nuwe Testament leer ken as Vader, Seun en Gees. 'n Veelheid van metafore en ander uitdrukkings in die Skrif beskryf hierdie verhouding in sy veelkantigheid. Die drie uitdrukkings waarna spesifiek in die stelling hierbo verwys word, word dikwels saam gebruik as 'n aanduiding van die kerk se noue verbintenis aan die Drie-eenheid.*

3. *Ons glo saam met die ekumeniese kerk dat hierdie kerk “tot die einde daar sal wees”.... “omdat dit deur God bewaar word teen die woede van die wêreld”.*

Hoewel ons op vele vlakke anders as Rome oor die kerk praat en makliker die foute en feilbaarheid van die kerk en sy ampte erken, verskil ons nie van hulle oor hoe ons dink oor die noodsaaklikheid van die kerk en die uiteindelijke bewaring van die kerk nie. Hoewel spesifieke historiese kerke kan wegbeweeg van die wil van God en so onder die Here se oordeel kom, wéét ons dat daar altyd 'n Kerk van Christus sal wees om die Evangelie verder te dra.

4. *Omdat God self die kerk gekies, geroep en gevorm het en Homself ewig aan die kerk verbind het, staan almal wat in die Drie-enige God glo, onder die verpligting om hulle by sy liggaam te voeg. Ons verstaan wat Cypreanus bedoel het toe hy gesê het dat daar geen saligheid buite die kerk is nie. Die kerk is ons moeder wat ons in die lewe bring en waarsonder ons nie kan leef nie*

5. *Ons glo dat die kerk geken word aan vier eienskappe naamlik eenheid, heiligheid, katolesiteit en apostolisiteit. Hoewel hierdie eienskappe nooit op aarde volkome in 'n kerk gestalte sal kry nie, behoort 'n drif vir hierdie sake ten minste by ons aanwesig te wees.*

Dit is 'n uiters belangrike winspunt dat feitlik alle kerke wêreldwyd die ekumeniese geloofsbelydenisse (Nicea en die Apostolicum) onderskryf waarin ons hierdie vier eienskappe van die kerk aantref. Hoewel daar meningsverskil mag wees oor die presiese interpretasie van die vier eienskappe, is dit 'n uiters belangrike gesprekspunt tussen die kerke dat ons almal saam hierdie siening op die kerk deel.

## **B. INSIGTE VAN DIE REFORMASIE**

Die Reformasie was in sy wese 'n kerkhervormingsbeweging en, in dié tyd is daar opnuut grondig oor die kerk besin. Ons het 'n hele klompie fundamentele insigte oor die kerk en die bediening van die evangelie uit dié tydperk geërf.

6. *Ons mag nooit die kerk so vereenselwig met God en die heil dat die kerk 'n heilsinstituut word wat bo menslike kritiek verhef is nie. Die Reformatore het deurentyd beklemtoon dat die kerk 'n menslike kant het wat daartoe lei dat dit 'n feilbare instituut is wat foute kan maak en wat nie bo sonde verhef is nie.*

Hierdie insig, naamlik dat ons nooit 'n historiese instituut (soos 'n bestaande kerk of gemeente) bo kritiek mag verhef nie, het mettertyd bekend geword as die Protestantse beginsel. Ongehoorsaamheid, sonde en kerkverval is realiteite wat in kerke kán plaasvind.

7. *Ons moet van die kerk nie iets belangriker maak as wat dit is nie. Die kerk is nie self deel van die heil nie, maar 'n instrument en vertoonvenster (teken) van die heil (Calvyn). Wat veel belangriker is, is God self en sy Evangelie, die koms van sy Koninkryk in hierdie wêreld en die heilswerk van die Gees in die lewe van mense. Die doel van die kerk is om God en sy werk te dien.* Dit is waarom Protestante verstaan wat 'n mens bedoel as jy praat van die “relatiewe onbelangrikheid van die kerk”. Die kerk staan nooit voorop in ons kerklike lewe nie; dit gaan vir ons primêr oor die Drie-enige God en oor sy koninkryk. Dit beteken ook dat as 'n mens soek na kerkvernuwing of kerkherstel, ons nie in die eerste plek met mense oor die kerk moet praat nie, maar oor God en oor sy Koninkryk. Die kerk word vernuwe wanneer mense 'n nuwe visie op God en die Evangelie kry.

8. *Die kerk word vergader rondom die waarheid van die Evangelie (ook genoem die belydenis of die apostoliese geloof). Ons vind hierdie Evangelie alleen in die Skrif; dit word in ons harte bevestig deur die Heilige Gees en word so 'n persoonlike geloofsoortuiging wat 'n diepe sekerheid meebring. Daarom glo ons dat die kerk se eerste taak nie is om mense emosionele ervarings te laat beleef nie, maar om hulle te help om die waarheid van die Evangelie van Jesus Christus te ontdek en te glo*

Hoewel daar in Gereformeerde Kerke groot ruimte behoort te wees vir ervaring en emosie, is dit so dat die waarheid van die Evangelie die fondament van ons geloof in die Drie-enige God is. Ervaring en emosie raak gevaarlik as ons ons geloof daarop begin grond.

9. *Die Reformatore het daarom so 'n sentrale rol aan die Woord van die Here toegeken en beklemtoon dat 'n baie groot deel van ons werk in die kerk te doen het met die lees, die verkondiging, die uitleg en die toepassing van die Woord van God in ons lewens. Hulle het geglo dat die Gees van die Here die kerk skep, opbou, heilig, en stuur deur die werking van die Woord.*

10. *Hulle het geglo dat hierdie verkondiging van die Woord veral op drie maniere plaasvind naamlik deur die prediking, die bediening van die sakramente (Nagmaal en Doop) en die onderlinge troos en vermaning (tug).*

11. *Die bediening van die Woord deur die drie heilsmiddele of merktekens is 'n menslike proses waardeur die Gees werk. Die menslike kant van die proses plaas die onus op ons om dit so goed en getrou as moontlik te doen. Die werk van die Gees maak nie ons menslike insette in die kerk onbelangrik nie. Ons het 'n verantwoordelikheid om ons dienswerk so verstandig, wys, gehoorsaam en getrou as moontlik te doen.*

Daar is 'n groeiende besef dat mense dikwels die Reformatore se klem op die menslike kant van goeie kommunikasie onderskat het. Reformatore het nie net aandag gegee aan die waarheid nie, maar ook heelwat tyd spandeer aan die vraag hoe ons die waarheid ten beste aan mense kan kommunikeer.

12. *Die Reformasie het ook 'n verbreding van die bediening en ampte meegebring. Benewens die volydse ampte van predikant en hoogleraar is daar ook, op grond van die Nuwe-Testamentiese*

getuienis, ruimte gemaak vir die ampte van ouderling en diaken. Hoewel daar ruimte behoort te wees vir leierskap, word verder ook aanvaar dat daar nie 'n vaste hiërargie aan die ampte gekoppel kan word nie. Daarbenewens is beklemtoon dat elke gelowige 'n lewensroeping (vocatio) van die Here ontvang (algemene priesterskap van alle gelowiges) het.

13. Die Reformasie was baie bewus van veranderende tye of situasies – wat kerke met nuwe uitdagings konfronteer en wat nuwe antwoorde van hom vra. Daarom het Gereformeerdes altyd ruimte gelaat vir nuwe Belydenisskrifte: die kerk kan in nuwe situasies gevra word om sy geloof in die Evangelie op nuwe maniere te bely. Dit beteken ook dat daar 'n prinsipiële openheid is vir nuwe bedieningsvorme of -strukture waarin die Evangelie gegiet kan word. In hierdie nuwe situasies, glo ons, word ons in ons nadenke gelei deur die waarheid van die Woord en deur die Skepper Gees (Creator Spiritus). Hierdie gereedheid vir nuwe situasies het uitdrukking gevind in die slagspreuk van die Reformasie: Ecclesia semper reformanda ('n kerk wat altyd gereed is om te reformeer).

14. Daar is redelike eenstemmigheid onder kenners dat die Reformatore die sosiale prosesse en die kommunikasiemiddele van hul tyd goed verstaan en goed gebruik het. Vertroue op die Evangelie en die Gees van die Here ontnem ons nie van die verantwoordelikheid om alles in ons vermoë te doen om die Evangelie so goed en duidelik as moontlik aan soveel mense en situasies as moontlik te verkondig nie.

### **C. MEER RESENTE INSIGTE**

Die 20ste eeu is deur vele teoloë en kerkleiers bestempel as “die eeu van die kerk”. Om 'n verskeidenheid van redes was die kerk dikwels in die fokus van nadenke en studie, en dit het gelei tot die formulering van 'n paar baie helder insigte oor die kerk en die lewe van die kerk.

15. Daar is in die 20ste eeu helderder as ooit tevore besef dat die kerk nie maar vir sigself mag leef nie, maar dat ons gestuur is om ander te dien en te help. Die kerk staan ten volle in die diens van God se missie (ook genoem die missio Dei) in hierdie wêreld. Daarom is elke gemeente 'n missionêre gemeente.

16. Daar is 'n groeiende konsensus – selfs oor staande konfessionele grense heen – dat die kerk 'n drievoudige taak (of missie) het, naamlik

- om die kennis van die Evangelie aan alle mense te verkondig (sending en evangelisasie),
- om na alle mense in nood uit te reik met die genadige liefde van Christus, en
- om getuienis te lewer en op te staan vir reg, versoening en vrede – in die kerk, maar ook op die publieke terrein.

17. Die Reformasie se verbreding van die amp sal nog 'n ronde verder gevoer moet word: alle gelowiges het gawes ontvang met die oog op dienswerk in, en buite, die gemeente. Die werklike bediening van die kerk is nie die bediening van die ampte aan die lidmate nie (dit is toerusting met die oog op dienswerk), maar die bediening van die (“gewone”) gelowiges aan, en in, die wêreld. Hoewel die Reformatore dit gesien het en in beginsel erken het, sal ons veel meer as hulle hierdie dienswerk van gelowiges in die sentrum van ons kerklike lewe moet plaas.

18. In die 20ste eeu is die belangrikheid van die eenheid van die kerk opnuut weer besef. Dit was juis die herontdekking van die sendingtaak van die kerk, en die besef dat die verskeurdheid van die kerk ons getuienis ongeloofwaardig maak, wat daartoe gelei het dat met nuwe erns gesoek is na die eenheid van die kerk. Die eenheid van die kerk het te doen met sy wese omdat dit die identiteit van die kerk naamlik sy verhouding met die Drie-enige God raak.

19. Aan die einde van die 20ste eeu word opnuut besef dat ons nie die lokale en ekumeniese gestaltes van die kerk teen mekaar moet afspeel, of die kerk tot die een of ander gestalte moet probeer reduceer nie. Die kerk het ten minste vier gestaltes wat al vier onmisbaar is vir die getuienis wat oor die wyer front van die lewe gelewer moet word, naamlik die ekumeniese kerk, die streekskerk (of denominasie), die plaaslike gemeente, en die (informele) getuienis van individuele

*gelowiges of groepe gelowiges. Ons kan sê dat al vier hierdie gestaltes van kerkwees onontbeerlik is vir die lewe van die kerk.*

20. *Ons getuigenis oor die andersheid van die Kerk sal spesiale gestalte moet kry daarin dat ons liefde groter, sensitiewer, diensvaardiger, geduldiger, genadiger en sterker sal wees as die gewone liefde van mense. As ons aan ons Heer getrou wil wees, sal ons moet leer om mense lief te hê soos Hy hulle liefgehad het. Ons sal meer krities moet raak oor die gebruik van mag in die kerk. Die krag van die Evangelie het alles te doen met die krag van onvoorwaardelike, selfopofferende liefde. Daar word aanvaar dat die manier waarop 'n kerk onder andere met spesifieke groepe soos kinders, vroue, "vreemdelinge", armes en vyande werk, hulle dieper begrip van die unieke liefde van Christus op 'n baie duidelike manier weerspieël.*

### **3. KONKRETISERING: 20 RIGTINGGEWENDE RIGLYNE OOR DIE TOEKOMS VAN DIE BEDIENING IN DIE NG KERK EN SY GEMEENTES**

Vanuit die stellings gee ons hieronder 'n klompie konkrete riglyne vir die NG Kerk en in sy gemeentes. Die riglyne, kan saam met die stellings, by verskillende forums in die breër kerk en in die gemeentes vir bespreking en oorweging voorgelê word.

#### **3.1 Identiteit: ons behoort aan God alleen**

Dit is belangrik dat die NG Kerk op allerlei maniere sal moet bevestig – na buite, maar veral ook na binne – dat ons ernstig is oor ons identiteit as 'n kerk wat aan die Drie-enige God alleen behoort. Dit gaan onder andere van ons vra dat ons duidelike besluite neem oor 'n prinsipiële openheid ten opsigte van taal, kultuur en sosiale groeperinge, en dat ons ons diepe verbintenis aan die eenheid van die kerk in die praktyk sal waarmaak. Rondom die Christelike identiteit van kerke geld die reël dat kerke se standpunte ten opsigte van die eenheid van die kerk, een van die heel beste barometers van hul uniek Christelike identiteit is.

#### **3.2 Die kern van die saak: om ons roeping nou en hier te verstaan**

Die kerk bestaan nie ter wille van homself nie, maar ter wille van God en die koms van koninkryk in hierdie wêreld. Die vraag na die identiteit van die kerk kan nooit losgemaak word van die vraag na die kerk se taak of missie nie naamlik as ons die Here werklik liefhet, sal ons ook doen wat Hy van ons vra. En Hy vra van ons om vir mense in alle soort nood om te gee – soos Hy vir hulle omgee. Daarom het die NG Kerk nie 'n ander keuse as om daadwerklik by die groot kwessies van die land soos armoede, vigs, versoening, geregtigheid, morele heropbou, opvoeding (onderwys) en veiligheid, betrokke te raak nie.

#### **3.3 Oor die belangrikheid van gemeentes**

3.3.1 In 'n tyd waarin mense soms twyfel oor die verskil wat gemeentes kan maak as draers van die evangelie, wil ons ons oortuigings dat gemeentes die basis van die kerk is, bevestig. Gemeentes is nie net die ruimte waarin ons persoonlike geloof gevoed en versterk word nie, dit is ook die grondslag waarop alle aktiwiteite van die breër kerk en ekumene steun.

3.3.2 'n Dieptestudie oor hoe gemeentes in die tyd van die Nuwe Testament en in die geskiedenis van die kerk gefunksioneer het – waarin spesifiek gekyk word na hoe sake soos die identiteit, taak, bediening, strukture, leierskap, grense, grootte, funksionering, ens hanteer is – sou ons kon help om nuwe energie en planne vir ons werk in gemeentes te kry.

#### **3.4 'n Gemeenskap van hoop**

Omdat ons geloof gegrond is in die Opstanding van Christus, is die kerk in sy diepste wese 'n gemeenskap van hoop. Om hierdie hoop lewend te hou, om dit daagliks nuut te sien en nuut te verkondig – dit terwyl ons self daaruit leef – is die basis van alle ander werk wat ons in die Naam van Christus probeer doen. As ons die hoop verloor het, bly daar min van ons boodskap oor.

#### **3.5 Konfessionele identiteit: 'n gereformeerde kerk met meerdere spiritualiteitstyle**

Ons sal ook duidelik rigting moet gee ten opsigte van ons konfessionele identiteit. Ons sal moet bevestig dat ons 'n gereformeerde kerk is en wil wees. Ons erken ook met dankbaarheid dat die gereformeerde tradisie 'n breedheid in hom het wat meerdere modaliteite binne een kerk moontlik maak. Hoewel dit herkenbaar is aan sekere trekke, het gereformeerdeheid nog nooit oral presies dieselfde gelyk nie.

#### **3.6 Eredienste waarin God ontmoet word**

Ons glo dat die erediens die hart van die gemeentelike lewe vorm. Sonder eredienste waar lidmate ervaar dat hulle in die teenwoordigheid van God kom, deur Hom ontmoet word en sy genadige,

helende, bevrydende Woord hoor, kan 'n gemeente nouliks gehoorsaam leef. Ons sal onself eerlik moet afvra of ons eredienste sulke plekke is en alles in ons vermoë doen om dit sulke plekke van ontmoeting te maak.

### **3.7 Prediking waarin die Woord van God gehoor word**

In 'n kerk van gereformeerde belydenis, speel die prediking altyd 'n belangrike rol. Terwyl die eredienste liturgies verryk moet word, mag dit nie ten koste van die prediking wees nie. In 'n nuwe era waarin mense anders dink en anders kommunikeer as 'n dekade of twee gelede sal ons onself opnuut moet afvra hoe ons die Woord van God met al sy seënende, helende en vernuwende krag, aan vandag se lidmate getrou kan verkondig.

### **3.8 'n Persoonlike verhouding met God**

Die soort evangeliese gereformeerdeheid waarmee deur die jare in die NG Kerk gewerk is, het nog altyd die belangrikheid van 'n persoonlike verhouding met die Lewende Christus beklemtoon. Ons mag hierdie klem nie verloor nie – dit is 'n wesenlike deel van ons evangeliese geloof. In 'n tyd waarin individualisme hoogty vier, sal ons moet toesien dat mense se persoonlike geloof voortdurend gebalanseer, versterk en selfs gekorrigeer word deur ons gemeenskaplike geloof in Christus.

### **3.9 Ruimte vir gesonde verskeidenheid**

Ons sal die realiteit van 'n groeiende verskeidenheid in styl en bediening in die kerk – tussen gemeentes en in gemeentes – moet hanteer. Ons oordeel dat dit nie as 'n probleem gesien hoef te word nie, mits ons kan afsprek dat 'n breër verstaan van die Gereformeerde tradisie die parameters daarvoor bied. Ons meen dat dit goed kan wees as daar binne hierdie parameters styl en bedieningsverskille tussen gemeentes kan wees omdat dit ook iets van die verskeidenheid in ons gemeenskap reflekteer.

### **3.10 Meer maak van onderrig**

'n Belangrike voorwaarde vir die ontwikkeling van 'n gesonder pluraliteit in die kerk is dat ons lidmate 'n beter en dieper insig in die waarhede van die Skrif en die evangelie sal hê. Gereformeerde kerke het groot moeilikheid as die Bybel verwaarloos word en die regte leer van die evangelie nie meer voldoende aandag kry nie. Daar sal dringend aan die rol van onderrig in die kerk aandag gegee moet word.

### **3.11 Ruimte maak vir die gawes en bediening van lidmate**

Ons sal moet ruimte maak vir 'n sterker bediening van lidmate en vir groter inspraak van lidmate in die leierskap van die gemeente en van die kerk in die breë. Een van die duidelikste lesse van die twintigste eeu is dat kerke wat hierdie skuif kon maak, sterk en doelgerig groei.

### **3.12 Vroue het 'n wesenlike rol in die kerk**

Daar moet 'n doelbewuste poging aangewend word om vroue sterker in die leierskap van die kerk te betrek. Vroue het deur die eeu 'n geweldige rol gespeel in die bediening van die kerk, maar was tot 'n hoë mate uitgesluit van die leierskap. Ons is van oordeel dat 'n sterker teenwoordigheid van vroue in die leierskap van die kerk (op alle vlakke), 'n positiewe effek na vele kante kan hê.

### **3.13 Evangelisasie en nuwe gemeente-ontwikkeling**

Die NG Kerk sal meer kreatief moet dink en meer moeite moet doen in verband met evangelisasie en nuwe gemeente-ontwikkeling. Om 'n verskeidenheid van redes is daar die afgelope twintig jaar op hierdie vlak weinig gedoen. Ons meen dat dit nie 'n goeie teken is nie. Die reël hier is dat ons erns om die evangelie te deel met mense wat dit nie glo nie, ook iets weerspieël van ons eie geloof in die evangelie self.

### **3.14 Openheid vir nuwe bedieningsvorme**

Dit is baie belangrik dat daar 'n openheid sal wees in die soeke na 'n eietydse vorm en styl vir ons Christelike en Gereformeerde geloof. Die steeds veranderende situasie in die wêreld en in ons land, maak dit noodsaaklik en ons gereformeerde tradisie laat bewustelik ruimte daarvoor. Ons glo dat die Skeppergees in nuwe situasies en met nuwe uitdagings ons kan help om nuwe planne te maak en self 'n nuwe vorm of beslag aan die planne te gee. Hierdie bereidheid om na nuwe kultuurvorme te kyk, is veral noodsaaklik as ons ons kinders wil behou en ook die NG Kerk toeganklik wil maak vir mense van ander kultuur-, bevolkings- en sosiale groepe.

### **3.15 Herbedink ons publieke getuienis in 'n nuwe situasie**

Ons sal daarna moet soek om op 'n nuwe manier werk te maak van ons publieke getuienis – aan die staat, maar ook aan alle ander publieke sektore. Ons sal dit krities, maar ook konstruktief moet probeer doen. Die kerk sal ook sy eie publieke funksie moet herwaardeer en opnuut opneem. Ons

glo dat die kerk 'n wesenlike rol te speel het in verband met 'n hele paar van die groot kwessies wat die toekoms van ons land bedreig. Terwyl nie alle aspekte van hierdie publieke rol reeds vir ons duidelik is nie, weet ons een ding redelik seker - ons sal dit saam met ander kerke moet doen as ons 'n betekenisvolle verskil aan die situasie wil maak.

### **3.16 Groter sensitiwiteit vir ons lidmate en hul leefwêreld**

Ons sal moet leer om nader aan ons lidmate kerk te wees. Dit beteken dat die leierskap van die kerk meer tyd sal moet neem om te luister na die lidmate en 'n groter sensitiwiteit vir die werklikhede van hulle lewens sal moet hê.

### **3.17 Ontwikkeling van leierskap**

Dit is duidelik dat leierskap (op verskillende vlakke: breër kerk, gemeentepredikante en ander gemeentelidmate) 'n baie belangrike rol speel in die gesonde funksionering van die kerk en van gemeentes. Terwyl ons veel moet maak van algemene leierskapsontwikkeling en toerusting in die kerk, sal ons ook duidelikheid moet kry oor die unieke identiteit en rol van Bybelse leierskap.

### **3.18 Koinonia: warmte, wedersydse versorging en aansporing**

Ons sal meer moeite as in die verlede moet doen om die vlak van koinonia in gemeentes te lig – deur sterk gesinsbande, kleingroepe, vriendskappe en deur baie aandag aan verhoudings te gee. Bybelse gegewens en empiriese navorsing bevestig dat die versorgende funksie van die kerk 'n baie belangrike rol speel in die behoud van lidmate en in hul motivering vir dienswerk aan ander.

### **3.19 Aanpasbare strukture**

Ons sal in die proses van vernuwing ook die strukture en vorme van ons gemeentelike lewe krities moet bekijk. Strukture het nie 'n lewe van hul eie nie, maar moet die bedienings en taak van die gemeente dien. Ons meen egter dat vernuwing nie daar begin nie. Kerkvernuwing begin by bedieningsvernuwing en nie by nuwe struktuurplanne nie. Strukture word aangepas en verander as hulle nie meer die bediening van die gemeente dien nie.

### **3.20 Herstel van ekumeniese bande en verhoudings**

Dit is goed dat die NG Kerk besig is om aandag aan die herstel van ekumeniese betrekkinge en samewerking met ander kerke te gee. Ekumene raak die wese van ons kerk-wees en beïnvloed die geloofwaardigheid van ons totale getuienis.

## **4. AANBEVELINGS: GEREFORMEERDE EKKLESIOLOGIE**

**4.1 Die Sinode vereenselwig hom met die breë trekke van die studiestuk en keur dit goed as 'n gespreksdokument oor die toekomstige bediening in NG Kerk gemeentes.**

**4.2 Die Sinode vra gemeentes om die studiestuk te gebruik as 'n basis vir verantwoordelike besinning oor vernuwing in die kerk.**

**4.3 Die Sinode gee 'n verdere opdrag aan die AKG om aan die hand van die studiestuk te werk aan die formulering van 'n meer afgebakende en praktiese gemeentelike ekklesiologie. Hierdie nuwe studiestuk sou ook kon dien as die basis vir 'n moontlike hersiening van hoe daar in ons huidige kerkorde oor gemeentes en bedieningsverwante sake gepraat word.**

## **BYLAE A.8.2**

### **REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE KOMMISSIE VIR GEMEENTEBEDIENING**

#### **1. NAAM**

Algemene Kommissie vir Gemeentebediening

#### **2. SAMESTELLING**

Die kommissie word soos volg saamgestel:

- 2.1 een lid (met sekundus) uit elkeen van die sinodes, verkieslik die voorsitter, ondervoorsitter of skriba van die sinode se ooreenstemmende kommissie;
- 2.2 predikante met opdrag gemeentebediening in diens van die sinode (indien so 'n pos bestaan);
- 2.3 die predikant met opdrag gemeentebediening in diens van die Algemene Sinode (indien so 'n pos bestaan);
- 2.4 een verteenwoordiger van elk van die fakulteite van teologie;
- 2.5 een verteenwoordiger van die kapelaansdienste wat 'n lidmaat van die NG Kerk is;
- 2.6 een verteenwoordiger van die Vrouediens;

2.7 deskundiges beperk tot 'n maksimum van drie gekoöpteerde persone.

### **3. OPDRAG**

Die kommissie

3.1 adviseer die Algemene Sinode in verband met die beleid wat gevolg moet word ten opsigte van gemeentebediening;

3.2 dra sorg vir navorsing, beplanning, inligting en voorligting oor gemeentebediening;

3.3 besin oor die verskillende ampte en hulle funksionering in die kerk;

3.4 besin oor die evangelisasie-opdrag van die kerk;

3.5 soek skakeling met ander kommissies van die Algemene Sinode met die oog op die integrering en koördinerende van werksaamhede wat gemeentebediening raak.

**4. AANBEVELING: REGLEMENT AKG - die Algemene Sinode keur die reglement vir die AKG goed.**

### **BYLAE A.8.3**

#### **EVANGELISASIE EN NUWE GEMEENTE ONTWIKKELING**

##### **1. AKG OPDRAG**

Die AKG verslag het sy oorsprong by drie waarnemings: dat evangelisasie feitlik geen aandag kry in die kommissie nie, dat die kultuurgroep waartoe NGK lidmate behoort, besig is om te verklein en te vernou en dat daar baie proponente sonder werk is. Kan mens die sake op mekaar betrek en werklose proponente gebruik om met evangelisasie uit te reik en nuwe gemeentes te begin onder ander (sub)kultuurgroepe? Dit was 'n saak om te ondersoek. 'n Gevallestudie kan help om lig op die saak te werp.

##### **2. GEVALLESTUDIE**

2.1 'n Ondersoek in Stellenbosch het in 1998 aan die lig gebring dat daar 'n al groter wordende groep NGK lidmate is wat nie gemaklik inskakel by enige van die bestaande NGK gemeentes nie. Daar is ook 'n groot groep woonstelmense wat volledig kerklos is wat nie deur die NGK gemeentes met hul basiese homogene bedieningsbenadering bereik word nie. Evangelisasiewerk in die woonstelle het getoon dat mense nie ongeneë is om na die Woord te luister nie, maar sodra hulle begin kerk toe gaan, word hulle afgeskrik deur die tradisionele erediens en musiek. Baie van die mense wat met evangelisasie uitreike bereik is, kan nie ingeskakel word in 'n tradisionele NGK gemeente nie.

2.2 Na 'n spesiale ringsitting en onderhoud met al die gemeentes se kerkrade, sou een gemeente sy infrastruktuur beskikbaar stel om as "ouer" vir 'n nuwe, sonder grense, gemeente op te tree. Die nuwe gemeente sou gerig wees om postmoderne mense met die evangelie te bereik en in te skakel in 'n gemeente waar die erediensstyl en musiek aansluit by hulle kultuurpatroon. 'n Leraar wat die gawes vir so 'n bediening het, moes gesoek en beroep word. Na alles goedgekeur is, verander die "ouer" gemeente egter van plan en vra een van sy dienende leraars om die gemeente te begin. Hoewel daar groot opgewondenheid in die dorp was vir die nuwe gemeente, met baie mense wat daarby wou aansluit, val alles binne maande plat.

2.3 Enkele maande later beroep die sterwende 37 lidmaat AGS gemeente vir pastoor Theo Geysers, van die gospelgroep "Prophet". Hy het 'n postmoderne aanslag. Na net meer as 'n jaar is die AGS gemeente onherkenbaar anders: 700 toegewyde lidmate (hoofsaaklik uit die NGK afkomstig) met 1700 erediensgangers per Sondag tans in die vyfde aanbiddingsruimte. Die gemeente opereer in 'n nuwe styl wat mense se behoeftes aanspreek en hulle tot aanbidding en betrokkenheid begelei op 'n skaal wat eenvoudig verstommend is. Heelwat NGK kweekskoolstudente vind daar 'n (onoffisiële) geestelike tuiste en getuig blymoedig van seën en hoe hulle ingetrek en gebruik word.

##### **3. LIDMATE DALING IN DIE NGK**

Die NGK verloor, sedert 1985, lidmate. Dit is dus, soos die meeste ander gevestigde kerke wêreldwyd, 'n kwynende kerk (Hendriks 1995, 2000). Die verskillende uitgawes van *Kerkspeël* vertel die verhaal. Die groei van die NGK sedert 1652 was hoofsaaklik te danke aan drie redes:

immigrasie, 'n positiewe geboortekoers onder lidmate en kerklike migrasie na die NGK. Nie een van die faktore lei meer tot 'n groei in getalle nie. Die netto verlies wat die NGK ervaar is duidelik uit 'n eenvoudige vergelyking van die 1986 en 2001 Jaarboekgetalle: Gemeentes 1254 (1220); Dooplidmate 464,096 (321,943); belydende lidmate 967,810 (923,003); Sioletal 1,431,906 (1,244,946); leraars 1946 (1939).

#### 4. FASES IN DIE NGK SE EVANGELISASIE (SENDING) BENADERING

4.1 Wat evangelisasie betref kan 'n mens oorsigtelik waarskynlik drie fases onderskei. Van die volksplanting tot die stigting van die NGSK en NGKA het die sendingwerk van die kerk gelei tot die getallegroei van plaaslike gemeentes en die afstigting van nuwe gemeentes soos wat blankes die land binnebeweeg het en bekeerlinge uit die heidendom by die gemeentes ingeskakel het. Na 1837 tot en met die stigting van sogenaamde “eie kerke” vir verskillende bevolkingsgroepe, het 'n nuwe patroon ontwikkel. In die tyd het sendingwerk in Afrika gelei tot kerkplanting in Zimbabwe, Malawi, Zambië ens. Die NGK se sendingorganisasie, die Vrouesendingbond en talle soortgelyke verenigings, was tiperend van 'n bepaalde era waarin sending verwys het na die uitreik na hoofsaaklik swart mense en evangelisasie al hoe meer beteken het om na kerklos en kerklose blankes uit te reik. Evangelisasiewerk is ge-assosieer met die terugwin van afvalliges. Die periode van evangelisasiepredikers is nog vars in die geheue en talle ouer mense weet nog goed van 'n dag op datum toe hulle onder ds so-en-so tot bekering gekom het. Lidmaat-betrokkenheid by evangelisasie was gering. Omdat die NGK se lidmate oor soveel politieke en ander vorme van mag beskik het, het die kerk konsekwent gegroei in die prosesse van tussen-kerklike migrasie. Tussen 1982 en 1985 was die NGK op die toppunt van sy mag, invloed en getalle.

4.2 Evangelisasie vind nog plaas. Verskillende metodes of programme word gebruik (Hendriks 1998a). Terwyl gemeente-gebaseerde uitreikwerk stadig groei, word sinodale aktiwiteite in die verband egter drasties afgeskaal (Hendriks 1998b). Soos denominasionele-sinodale strukture afgetakel word, groei parakerklike groepe se betrokkenheid by evangelisasie en sendingprojekte egter dramaties (Froise & Hendriks, 1999:131 e.v.). Para-kerklike organisasies is die eerste om te erken dat NGK lidmate in feitlik al die organisasies betrokke is en in die meeste van die gevalle die ruggraat en meerderheid vorm (Hendriks 1998c). Wie die NGK egter oorhoofs ken, sal erken dat die lidmaat-basis uiters homogeen is en in alle waarskynlikheid vernou. Die NGK bereik 'n bepaalde groepering blanke Afrikaners, hy beweeg binne bepaalde sub-kultuur- of sisteemgroepe. Die tipe voorstelle vir reformasie of uitreik kom gewoonlik maar neer op binne-sisteem herrangskikkings. In die algemeen bereik die NGK nie groepe buite sy tradisionele lidmate basis nie, hy reik ook nie na hulle uit nie. Hy is basies 'n tradisioneel-homogene kerk. **Die vraag is dit teologies regverdigbaar is.**

4.3 In die verband wil die kommissie Nuwe Gemeente Ontwikkeling voorstel. Maar eers iets oor die veranderinge in ons samelewing.

#### 5. SKUIWE IN DIE SAMELEWING

5.1 Ons beweeg tans beslis 'n nuwe era binne. Die nuwe politieke bedeling sedert 1994 het die einde van die Christendom paradigma ingelui en gelowiges moes daarna onder 'n sekulêre staatsbestel wat nie langer “van bo” hulle waardes gehandhaaf het nie, geestelik oriënteer. Die homogeniteit of samebindende kragte onder die blanke Afrikaners het ook begin disintegreer soos die verhaal van die Nasionale Party en talle ander kultuurorganisasies van getuig. Die onthullings van die Waarheid en Versoeningskommissie asook die invloed van die genormaliseerde politieke situasie in die land, ontlok onder 'n bepaalde segment van die NGK se jonger lidmate 'n baie negatiewe reaksie teen die NGK se apartheidsverlede. In die meer gesekulariseerde omgewing speel, onder invloed van die tydsgees, normale markkragte 'n baie sterker rol. Baie Christene se tradisionele lojaliteite vir 'n bepaalde denominasie verval. Hulle soek gemeentes waar hulle tuis voel en waar hulle hul geloof kan uitleef. Diversiteit en pluralisme het 'n baie groter uitwerking as ooit van te vore. Hierdie faktore, naas 'n veel laer geboortekoers, is grotendeels verantwoordelik vir die daling in lidmaatgetalle in die NGK. Die nuutste markaanwysers toon dat die aantal/persentasie Christene in die land nie daal nie, maar wel dat hulle migreer en dat nuwe patrone van geloof beleef aan die ontwikkel is (Gegewens by die Eenheid vir Godsdienste-Demografiese Navorsing, Stellenbosch).

5.2 Die problematiek waarmee die NGK worstel is ingebed in 'n baie groter verwysingsraamwerk wat bekend staan as die verskuiwing van modernisme na postmodernisme. Die NGK opereer nog



grotendeels binne die eerste raamwerk, maar 'n groot deel van sy jonger geslag beweeg binne die postmodernistiese denkpatriene. Die tradisionele NGK gemeente kan hulle nie bedien nie.

5.3 In die verband is Eddie Gibbs en Ian Coffey se werk, *Church Next* (2001) waardevol. In kort som hulle die groter samelewingsverskuiwing soos volg op (30):

MODERN	POSTMODERN
Centralized hierarchies	Decentralized networks
Predictable world	Unpredictable world
Long-range strategic plan & goals	Rapid-response, "plan-do"
Confidence in ability and plans	Uncertainty, pessimism
Change from centre (top)	Change from periphery (bottom)

5.4 Hulle bespreek die implikasies van hierdie skuif vir leierskap en leierskap ontwikkeling (teologiese opleiding) en evangelisasie. Op 'n bepaalde punt konkludeer hulle (98):

*Church planting will become an increasing priority due to the closure of many ... churches that are no longer viable and are unable to adapt to a new challenge. It will also be significant because many of today's churches are unlikely to be able to win for Christ and disciple those under thirty-five.*

5.5 Ons doel is egter om een integrale punt te beklemtoon: ons lewe hoe langer hoe meer in 'n nuwe paradigma, 'n nuwe wêreld (Mead 1996, Sweet 1999). In hierdie wêreld het mag verskuif en die mens het verander. Mag is in die hande van die verbruiker: hy kan kies wat hy wil hê en glo. Outoriteit en gesag werk nie meer eenlynig van bo na onder nie. Mense is bevry van enersyds bygeloof en goedgelowigheid en andersyds van sosiale konformisme. Sekularisasie, individualisme, die kultuur van menseregte en ook 'n groeiende postmoderne skeptisisme teenoor tradisionele ideologieë en teologieë maak dat mense baie krities kyk en luister na wat aan hulle opgedis word. Hulle is bewus van en eerlik oor hulle behoeftes, vrese en verlangens en hulle soek na 'n (geloofs)gemeenskap wat dit verstaan en aanspreek.

### **Tradisionele lojaliteite gaan geen kerk deur die drif dra nie.**

5.6 Dit is belangrik om meer direk na plaaslike realiteite en analyses van die NGK te kyk. Vir die doel gebruik ons die ACNielsen Sociomonitor (1999-2000), die mees gesofistikeerde instrument waarmee waardesisteme en lewenstyl hoofsaaklik met die oog op bemerking (advertensies), gemeet word. Die opname het ook kerkverband bepaal. Die NGK respondente was 34.3% swart, 11.3% kleurling en 54.4% wit. Vyf waardegroepe is in die bevolking onderskei en soos volg omskryf:

5.6.1 **YESTERYEARS:** (17,2% van die volwasse bevolking) 30.1% NGK: dit is mense met tradisionele waardesisteme, godsdienstig, familievas, minder selfgerig, verlede georiënteerd, skeptiese oor die huidige politieke bedeling en wêreldgebeure, geroetineerd en bestendig. Minder verdraagsaam teenoor ander groepe. 49.8% van die Ned. Hervormde Kerk se lidmate behoort tot die groep.

5.6.2 **BELONGERS:** (21.4% van die volwasse bevolking): 19.7% NGK: tradisionele waardesisteme, konformerend, kultureel- en groepsgebonde, verdraagsaam teenoor ander groepe, respek vir individue (ubuntu), reik uit na ander / nood, familievas, godsdienstig, prakties, nie verknog aan die verlede of meegesleur deur nuwighede nie.

5.6.3 **ENHANCERS** (18.7% van die volwasse bevolking): 20.5% NGK: gemoderniseerde, jonger groep, progressief, wil individueel ontwikkeling en iets bereik, kwaliteit goedere is belangrik, geniet gadgets. Gesondheidsbewus. Harmonie, skoonheid en styl is belangrik. Holisties ingestel. Nie uitermate groepsgeoriënteerd, familievas nie, vermy enigiets wat oud-modies is, nie aggressief nie, meer empaties, maar tog minder tolerant as die **ACHIEVERS** teenoor die wat van hulle verskil.

5.6.4 **ACHIEVERS** (18.3% van die volwasse bevolking): 18.6% NGK. Modern, individualisties, prestasie-sukses gerig, goeie werk is belangrik, bevraagteken maklik gesag en konvensie, maar nie aggressief nie. Goeie verhoudinge met ander, oor alle tipe grense heen, is belangrik; sosiale status, waardes, godsdiens en 'n gevoel vir nasionale trots ook. Tegnologiese ontwikkeling word nagestreef; selfversekerd, toekomsgerig, uitgesproke, kompetend.

5.6.5 *TODAY-ERS (24.5% van die volwasse bevolking): 11.1% NGK. Assertief en aggressief teenoor die wêreld om hulle, "living on the edge", leef in die nou met min toekomstige en waardes. Promisku, stimulerende belangrik. Verwerp gemeenskapswaardes, onsensitief vir familie of gemeenskap, gebruik en tradisie. Identifiseer moeilik met ander rasgroepe, godsdiens en nasionale trots. Wil graag binne eie portuurgroep afwys en is afhanklik van die aanvaarding en waardering van portuurgroep. Die grootste persentasie van die groep is swart. Die groep het ook 'n ondergemiddelde opleiding.*

5.7 Hoewel dit baie veralgemeen is, behoort dit vir enigeen wat die NGK ken, duidelik te wees dat die meerderheid meelewende lidmate in die Yesteryear and Belongers kategorieë is en dat hulle die mense is wat die meeste mag het in kerkrade en die gang en styl van dinge in die kerk bepaal. Die tradisionele NGK bedieningspatroon spreek die twee groepe aan.

5.8 In die eerste deel van ons argument het ons verduidelik hoe belangrik dit geword het om in 'n nuwe moderne wêreld, mense te verstaan en sensitief te wees vir hulle behoeftes. Tradisionele lojaliteite gaan nie die jonger geslag mense wat meestal die Enhancers en Achievers is in die NGK laat aanbly nie. Gemeentes wat nie hulle bedieningstyl drasties heroriënteer nie, gaan die mense nie bereik nie. Na ons mening bereik ons die Today-ers gladnie. Die kategorie mense is basies 'n sendingveld.

**5.9 Een van die NGK se grootste uitdagings is om die groeiende diversiteit onder sy lidmate en in die Suid-Afrikaanse bevolking te aanvaar. Die uitdaging is om oor die tradisionele grense van kleur, ras en taal uit te reik en gemeentes te ontwikkel wat binne nuwe idiome ontwikkel.**

## 6. TEOLOGIESE STANDPUNT-INNAME

Die uitgangspunt wat hier as basiese voorveronderstelling geld, is dat evangelisasie 'n wesensfunksie van die kerk is. In Gereformeerde kringe word dit 'n groeiende oortuiging dat die kerk in sy wese missionêr is (Bosch 1991:492-496, Guder 1998:1-12). Evangelisasie is 'n wesentlike deel van die dienswerk en getuieis van 'n missionêre kerk. 'n Kerk waarin dié dienswerk ontbreek, is dodelik siek. Die teologiese oortuiging dwing die NGK tot ernstige selfondersoek.

## 7. TERMINOLOGIE

Voor ons na spesifieke voorstelle oorgaan, is dit nodig om duidelik terminologie te definieer:

7.1 **Kerkplanting** verwys na die stigting van 'n kerk in 'n bepaalde gebied. Deur die NGK se sendingwerk is die NGK in ander dele van Afrika geplant. Kerkplanting is basies 'n sendingbegrip en kan in 'n sekere sin nie kerkregtelik in Suid-Afrika gebruik word nie aangesien NGK gemeentegrense so omskryf is, dat dit geografies die hele land verdeel.

7.2 **Afstigting** het 'n bepaalde konnotasie in Suid-Afrika wat histories ontwikkel het. As gemeentes te groot geword het of as bepaalde gebiede digter bevolk geraak het, het gemeentes afgestig.

Tans, met die daling in NGK lidmaatgetalle, die ontvolking van die platteland en stedelike migrasiepatrone, stig gemeentes terug. Meer gemeentes sluit of word een met 'n ander gemeente as wat gemeentes tans afstig. Afstigting kom egter nog voor in bepaalde areas soos in die Noordelike voorstede in die Kaap en Oos Pretoria. Geografiese grense is egter nie meer bepalend vir 'n gemeente nie aangesien assosiasie, naas geografie, lidmaatskap kan bepaal.

7.3 In die lig van ons beredenering en na aanleiding van die gebruik in talle kerke, ook in die Gereformeerde familie, wil ons die gebruik van die term **Nuwe Gemeente Ontwikkeling** voorstel. Dit verwys na die ontwikkeling van nuwe gemeentes wat die diversiteit van die bevolking met sy verskillende waardesisteme en lewenswyses aanspreek, evangelisasie as oogmerk kan hê, en wat nie deur geografiese grense aan bande gelê word nie.

## 8. DIE CHRISTIAN REFORMED CHURCH SE MODEL

8.1 Die NGK se susterskerk in die VSA is die Reformed Church in America (RCA). Abraham Kuyper se Afskeiding in Nederland in 1886 en die stigting van die Gereformeerde Kerken Nederland het, as gevolg van voortgaande emigrasie na die VSA, gelei tot die stigting van die Christian Reformed Church (CRC) in 1857 in Grand Rapids, Michigan. Die RCA was die teologies meer liberale en die CRC die kleiner maar teologies meer behoudende kerk in die VSA. Die CRC het 'n "kommissie" bekend as *Home Missions* (CRHM) wat weer 'n departement *New Church Development* (NCD) het. Ons wil hierdie ontwikkeling in die CRC voorhou as 'n model waarby die NGK kan kers opsteek. Deur volgehoue nuwe gemeente-ontwikkeling het die CRC nie net die RCA in getale nie, maar ook in diversiteit van lidmate verbygegaan.

8.2 Oor die jare moes die CRC deur verskeie emosionele grense breek. Eers moes die kerk Nederlands as taal inboet vir "Amerikaans". Algaande moes hulle besluit of hulle hul uitsluitlik *Nederlands* Gereformeerde karakter wil behou as 'n kerk bestaande uit oud-Nederlanders en of hulle die realiteite van hulle nuwe vaderland wil aanvaar en met die evangelie wil *uitreik na alle mense*. Verder moes hulle besluit of hulle geografies beperk wil bly tot die areas waar die Nederlandse immigrante gebly het en of hulle as kerk 'n presensie oor die hele VSA wil ontwikkel. Op hulle webblad lees ons die volgende

(<http://www.newchurchnet.com/about/Default.htm>):

*We are here to help you start a new church. New Church Development (NCD) is a department of Christian Reformed Home Missions (CRHM) that encourages and assists new and established churches, in partnership with Classis and the whole Church, to initiate and support the multiplication of new, Biblically faithful, disciple-making churches (Matthew 28:18-20). CRHM is a agency of the Christian Reformed Church of North America (CRC) which is responsible for the spread of the gospel and the building up of Christian Reformed churches on this continent.*

8.3 Ongeveer 20 nuwe CRC gemeente word jaarliks in Noord-Amerika ontwikkel. Daar word spesifiek gemeld dat die gemeentes in landelike en stedelike gebiede ontwikkel word, onder al die vernaamste kultuur- en etniese groepe in die VSA.

## 9. 'n STRATEGIE VIR DIE ONTWIKKELING VAN NUWE GEMEENTES

9.1 Op die genoemde webwerf word die strategie en beginsels vir Nuwe Gemeente Ontwikkeling (NGO) uiteengesit. Vyf stappe word genoem:

- Mobilizing church leaders and members to pray for the harvest.
- Helping interested churches to serve as new-church parents.
- Helping churches identify, assess, recruit and deploy new-church leaders.
- Equipping new-church leaders through training, networking and coaching.
- Providing financial assistance for new-church staffing and facilities.

9.2 Die volgende beginsels word gestel wat geld in die proses van die begeleiding van nuwe gemeentes:

9.2.1 **Verantwoordelikheid** (accountability): 'n balans tussen die selfstandigheid van die plaaslike gemeente maar ook die verbondenheid aan die belydenis, visie en missie van die denominasie moet gehandhaaf word.

9.2.2 **Kontekstualiteit** (relevance): Na aanleiding van 1 Kor 9:19 word dit gestel dat nuwe gemeentes die beginsels van inkarnasie, inkulturasie en konteksualiteit moet nastreef en in hulle getuieis en bediening holisties moet wees (gees en liggaam, intellek en spiritualiteit moet aanspreek word).

9.2.3 **Vermenigvuldiging** (reproducibility): Leraars met 'n evangelisasie (mission) roeping vorm 'n evangelisasie-span in 'n bepaalde gebied; sendende gemeentes begelei (parent) nuwe gemeentes en denominasionele strukture ontwikkel, koördineer en ondersteun NGO.

9.2.4 **Netwerkontwikkeling** (partnership): Die CRHM departement koördineer en begelei NGO en vorm netwerke wat oor kulturele, ekonomiese en geografiese grense uitreik. Nuwe Gemeentes word volledig in denominasionele verbande opgeneem.

9.2.5 **Versoening** (reconciliation): nuwe en ontwikkelende gemeentes kan spesifiek getaak wees om bepaalde groepe te bereik, maar hulle bly oop vir alle mense ongeag vermoëns, ouderdom, geslag, ras of status. Versoening oor etniese en ras grense word doelbewus nagestreef. Daar moet doelbewus gestreef word om leierskap te ontwikkel onder minderheidsgroepe.

9.2.6 **Rentmeesterskap** (stewardship): nuwe gemeentes moet so gou as moontlik en in alle opsigte eie verantwoordelikheid vir hulle finansies, visie, missie, personeel en styl aanvaar. Afhanklikheid van die kerkverband moet vermy word maar nie ten koste van netwerke en 'n vorm van mentorskap nie.

9.2.7 **Effektiwiteit** (effectivity): Denominasionele en gemeentelike strukture moet deeglike navorsing doen met die oog op NGO. Die effektiwiteit van ontwikkelende kerke moet gemeet word aan 'n holistiese konsep van groei, met name: geestelike en getallegroei, organisatoriese ontwikkeling, sendinguitreik plaaslik en oorsee na waar daar geestelike en fisiese nood is.

9.3 Die CRC webwerf (en so ook van verskeie ander kerke) verskaf verdere detail rakende NGO.

## 10. BESPREKING

10.1 Die AKG is van mening dat nie alle proponente die gawes en roeping het om betrokke te raak by NGO nie. Sommige kan wel die roeping daartoe ontvang het en die gawes daarvoor hê. Diegene wat by NGO betrokke wil raak, sal egter deeglik gekeur en opgelei moet word. Naas keuring en opleiding is 'n proses van mentorskap en begeleiding op persoonlike vlak en in terme van ouerskap-gemeentes belangrik.

10.2 Uit gesprekke en literatuur wat handel oor NGO is dit duidelik dat daar 'n balans gevind moet word tussen rigiditeit en opportunisme. Die roeping om uit te reik na mense in nood en tot gemeentevorming, is ononderhandelbaar vir die kerk. Die wyse waarop dit in die NGK gedoen is, kort egter nou aanpassing en NGO blyk 'n sinvolle opsie te wees wat in heelwat (Gereformeerde) kerke in gebruik is. Die kommissie is bewus van die feit dat NGK leraars al weggebreek het uit die denominasie en onafhanklike kerke begin het, deels om in die behoefte van alternatiewe gemeentevorming te voldoen. Dit blyk nou die regte tyd te wees om op 'n eksperimentele basis vir die moontlikheid van NGO voorsiening te maak. Ons wil egter 'n "van onder ontwikkeling" van die proses voorstaan. In die verband moet die AKG getaak word om gemeentes te vind wat in die opsig 'n roeping ontvang het en met wie daar saam 'n pad gestap kan word.

## 11. AANBEVELINGS: NUWE GEMEENTEONTWIKKELING

11.1 Die Sinode bevestig sy oortuiging dat 'n gemeente in sy wese missionêr is.

11.2 Dat evangelisasie 'n wesentlike aspek van die kerk se roeping en getuienis is en verbind hom daartoe om op 'n holistiese wyse na alle mense uit te reik. Die Algemene Sinode dra dit aan die AKG op om dringend leiding te gee in die ontwikkeling en vestiging van 'n nuwe evangelisasie kultuur en bediening in die Ned Geref Kerk.

11.3 Die Sinode sien NGO as 'n wyse van uitreik na die buitekerklike asook as 'n wyse om aan die groeiende diversiteit binne ons samelewing en kerk ruimte te gee.

11.4 Die Sinode sien nie sy weg oop om Nuwe Gemeente Ontwikkeling direk te koppel aan werkverskaffing vir proponente sonder beroepe nie.

11.5 Die Sinode aanvaar dat NGO 'n alternatief op die patroon van geografies-gebaseerde afstigting is.

11.6 Die Sinode dra dit aan die AKG op om die proses van Nuwe Gemeente Ontwikkeling te begelei.

## BYLAE A.8.4

### PREDIKANTSBEDIENING AS WOORDBEDIENING IN DIE KONINKRYK VAN GOD

#### INLEIDING

Hierdie dokument is opgestel na aanleiding van twee opdragte wat die Algemene Sinode se Kommissie vir Gemeentebediening (AKG) aan die Noord-Transvaalse Kommissie vir Gemeentebediening (SKG) deurgestuur het. Die opdragte is gegee na aanleiding van die volgende besluite van die Algemene Sinode van 1998:

1. *Beskrywingspunt B.7.17: Om uitspraak te gee oor die "amp" van die kerklike hoogleraar en of hy/sy in hierdie "amp" bevestig word al dan nie (Handelinge 1998 p 365); en*
2. *Om die moontlikheid te ondersoek waarop predikante van die kerk wat nie in aktiewe gemeentebediening staan nie, of nie sinodale amptenare is of aan teologiese fakulteite verbonde is nie, maar op ander wyses by Woordbediening betrokke is, hulle ampsbevoegdheid kan behou (Handelinge 1998 p 435).*
3. *Die Algemene Sinode aanvaar dat die fokus van die predikante-amp op Woordbediening in sy verskillende gestaltes moet val en dra dit aan die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening op om die implikasies hiervan te ondersoek, met verslag aan die ASK om so gou moontlik aan gemeentes deurgegee te word (Handelinge 1998 p 435, punt 2.4.3).*

\* Die sake genoem in punte 1 en 2 (amp van "kerklike hoogleraar" en "predikante wat op ander wyses as gemeentebediening, sinodale werk of teologiese opleiding by Woordbediening betrokke is") word in paragraaf 3 en in aanbeveling 4.3 aan die orde gestel. Punt 3 kom in paragraaf 2 en in aanbevelings 4.1 tot 4.2 en 4.4 aan die beurt.

#### 1. WAT IS WOORDBEDIENING?

1.1 In "Woordbediening as fokus van die predikantsamp" gaan dit oor **die wyse waarop die Bybel uitgelê en gekommunikeer word**. Dit kry veral gestalte in die pastoraat (versorging, herdersfunksie), in die onderrig (leraarsfunksie) en in die prediking (liturgiese funksie). Die manier waarop Woordbediening plaasvind, die styl daarvan, word bepaal deur die woord "bediening". Woordbediening is dus Bybeluitleg en -oordrag deur pastoraat, onderrig en prediking in 'n styl van **dienslewering**.

1.2 Is daar 'n verskil tussen Woordbediening en Woordverkondiging? Die term "Woordverkondiging" as oorkoepelende term wat die roeping van die predikant beskryf kan maklik misverstaan word as sou dit 'n meer eenrigting en "van bo af" tipe kommunikasie bedoel. Dit is afkomstig uit die Nuwe Testament waar die woord *kerusso* gebruik is vir die triomfantelike aankondiging van die koms van God se Koninkryk. Dit tipeer dus een besondere aspek van die Woordbediening, maar die volle spektrum nie. Daarom word die term "Woordbediening" hier verkies. Dit wek assosiasies van luister, dialoog, omgee en sorg. Met "Woordbediening" word dieselfde bedoel as die begrip "ministry", of "pastorale optrede". Dit is 'n inklusiewe begrip wat die **fasilitering van die evangelie in al die gemeentelike prosesse**, soos pastorale optrede, liturgie, gemeentebestuur, prediking, kategese, spiritualiteitsvorming, ens behels. Die begrip "Woordbediening" beskryf dus ook die roeping van die gemeente in die wêreld.

1.3 'n Meer dialogiese verstaan van die begrip "Woordbediening" beteken dat, soos in die lewe van die gemeente, twee wêrelde ook in die persoon van die predikant tot 'n ontmoeting kom, naamlik

die koninkryk van God (soos verwoord in die Bybel) en die alledaagse leefwêreld van die mense. Dit gaan by predikantskap om 'n mens wat die Woord bestudeer en die inhoud daarvan aan die mense bekendmaak. Terselfdertyd gaan dit by predikantskap ook om 'n mens wat eksistensiële deel van hierdie wêreld is. Hy/sy lees, naas die Bybel, ook ander boeke, en neem kennis van wat in hierdie wêreld gebeur. Dit vra 'n akademiese kwalifikasie, 'n basiese opleiding, waarin hierdie **vaardigheid om weerskante toe te verstaan** aangeleer moet word. Die predikant is hermeneut, 'n pontroer, wat voortdurend heen en weer beweeg van die een oewer, die van die Bybel, na die ander oewer, die van die moderne leefwêreld. So kom twee wêrelde in een persoon tot 'n ontmoeting, tot 'n verbinding. **Om hermeneut te wees, is meer as om formeel in 'n spesifieke pos aangestel te wees:**

- Dit is 'n roeping én bekwaammaking, eintlik 'n totale manier van lewe. In die gereformeerde wêreld word tradisioneel hierna verwys met die begrip "inwendige roeping".
- Kerklike legitimasie beteken in hierdie gees dus dat die kerk 'n persoon se bevoegdheid (= ampsbevoegdheid) om 'n sodanige hermeneut te wees amptelik erken.
- Bevestiging in 'n bepaalde werkkring beteken die amptelike kerklike erkenning dat 'n persoon se **"ampsbevoegdheid" nou ook oorgegaan het in "ampsbediening"**. So word uitdrukking gegee aan wat tradisioneel met die woord "uitwendige roeping" bedoel is.
- **"Predikantsbediening"** of "predikantsamp" dui die funksie aan wat 'n persoon kragtens die kerklike erkenning van sy/haar ampsbevoegdheid en sy/haar spesifieke ampsbediening beoefen. Erkenning in hierdie verband word deur die Algemene Sinode gereël.

## 2. WOORDBEDIENING IN DIE GEMEENTE

2.1 Die gereformeerde standpunt dat **die Here elke lidmaat as sodanig ook tot Woordbediening geroep het** is hier die uitgangspunt. Alle geloofsop tredes/handeling van die gemeente is in wese kommunikasie van die evangelie, en so ook Woordbediening. In die lig van hierdie vertrekpunt word onderskei tussen **amptelike Woordbediening** wat deur predikante gedoen word en **Woordbediening in die omvattende sin** van die woord wat deur lidmate gedoen word.

2.2 Wat is dan die rol van die predikant as bedienaar van die Woord? Die predikant is in die gees van Efesiërs 4:11 een van die **gawes wat die Gees aan die gemeente gee**. Die Gees gee die predikant as gawe aan die gemeente om die lidmate vir hulle dienswerk bekwaam te maak. Hierdie bekwaammakings of opleidingsperspektief (*katartismos* – Ef 4:12) is 'n belangrike aspek van die predikant se roeping tot Woordbediening. Dit onderskei die predikant se roeping tot Woordbediening van dié van die ander lidmate. Die predikant lei ander lidmate op om met Jesus se hart die mense te verstaan en vir hulle om te gee, om met sy ore na hulle te luister, om met sy lippe vir hulle woorde te sê wat genesing kan bring en hoop kan bied, en om hulle met sy hande prakties te versorg. Onder leiding van die predikant kom die twee wêrelde van God se koninkryk en die alledaagse leefwêreld ook in die lewe van die gemeente tot 'n hermeneutiese ontmoeting. So word die lidmate bemagtig om te leef wat hulle in Christus reeds is.

2.3 Die manier waarop **Artikel 9** van die Kerkorde in die verlede in die kerk toegepas is, dui op 'n gevestigde tradisie dat alle dominees alles in die gemeente moet kan doen en ook moet doen. Daarvan word hier wegbeweeg, op 'n genuanseerde manier. Die teologiese raamwerk waarbinne dit gedoen word, is die feit dat die Gees van God aan die gemeente gawes gee tot voordeel van almal en soos Hy dit wil. Mens kan die dominee se gawe van Woordbediening *te wyd* sien (alles in die gemeente is die dominee se werk), of aan die ander kant *te eng* (die dominee kies self agv sy/haar eie belangstellings en teologiese oortuigings vir 'n klein gedeelte van die take wat in Artikel 9 genoem word). Daar is dus 'n **ruimte waarbinne verantwoordelike diversifikasie kan plaasvind**, bv

- Woordbediening gerig op die *individue* (bv pastoraat),
- Woordbediening gerig op die *gemeente as geheel*, (bv prediking, gemeentebou, visioen re leierskap, fasilitering van gemeenteprosesse en bemagtiging van die lidmate en die gemeente om hulle dienswerk te k 'n doen),
- Woordbediening gerig op *verskillende ouderdomsgroepe* (bv bejaardes en kinders),
- Woordbediening gerig op *beroepsgroepe* (bv soldate en industriewerkers),
- Woordbediening gerig op *groepe met spesifieke behoeftes* (bv gesinsverryking en groepe vir mense wat spesifieke trauma ervaar het) of

- Woordbediening wat *met spesifieke aspekte van die gemeentelêre* te doen het (bv kategetiese onderrig, evangelisasiewerk, en spiritualiteitsvorming).

2.4 Hierdie ruimte het egter **terselfdertyd ook grense**, wat aktiwiteite wat meer te doen het met die dag tot dag bestuur van die gemeente (soos bv fondsinsameling, begrotingsbestuur, versorging van eiendom, ens) sou uitsluit. Sodanige inhoudgewing aan die Woordbediening vind plaas by wyse van 'n ooreenkoms tussen elke dominee en sy/haar gemeente. Faktore wat by die bepaling van sodanige ooreenkoms in ag geneem behoort te word, is die gemeente se konteks, tradisie, visie en behoeftes, die breër konteks waarin die gemeente leef, soos die sosio-ekonomiese omgewing, die ring, die kerkverband, ensovoorts, asook die predikant se eie aanleg, persoonlikheid, ervaring, opleiding, ensovoorts.

### 3. WOORDBEDIENING BUIE DIE GEMEENTE

3.1 Dit gaan in die voorafgaande oor die koppeling van die **predikantsbediening** aan die gemeente. Die huidige standpunt wat in die Kerkorde ingeneem word, lui dat 'n predikant slegs ampsbevoegdheid mag geniet (beter: slegs die predikantsbediening mag beoefen) as hy of sy *kontraktueel* (daar is dus ook 'n traktement ter sprake) en *permanent* in 'n voltydse of deelydse hoedanigheid aan 'n plaaslike gemeente (**of aan die kerkverband**) gekoppel is. Die praktyk (waaronder die situasie van teologiese dosente aan kerklike en nie-kerklike opleidingsentra, gemeentes wat slegs deelydse en nie voltydse predikante kan bekostig nie, en kategoriale bedieningsopdragte) vra dat verdere debat oor hierdie saak gevoer moet word. In hierdie debat word gesoek na antwoorde op veral twee vrae:

- Word die amp meer funksioneel of meer sakramenteel gesien?
- Is die plaaslike gemeente die enigste gestalte van die koninkryk van God, en daarom ook die enigste ruimte vir Woordbediening?

3.2 Die eerste vraag oor die onderskeid tussen 'n meer **funksionele** siening van die amp (ek verrig bloot net 'n funksie in opdrag van hierdie gemeente) of, aan die ander kant, 'n meer **sakramentele** siening van die amp (ek is vir altyd in die amp, ongeag my band met 'n gemeente), gaan oor **die persoon wat in die Woordbediening staan**. Is die persoon dus voltydse of deelydse, en permanent of tydelik in die amp? En: Word die *predikantsbediening/amp* dus bepaal deur die *persoon* wat hierdie funksie verrig (in die gereformeerde tradisie genoem: “inwendige roeping”), of deur die *instituut* wat dit verleen (volgens die gereformeerde tradisie die “uitwendige roeping”)? Dit is nie so eenvoudig om te kies vir slegs een van die sienings ten koste van die ander nie. Beide uiterstes moet vermy word. Gesien vanuit 'n hermeneutiese benadering tot die predikant se roeping tot Woordbediening (kyk paragraaf 1 hierbo) is byvoorbeeld 'n teologiese dosent (wat nie altyd formeel deur 'n kerkvergadering aangestel is nie) en ook 'n tentmaker (wat formeel deur 'n kerkraad in 'n permanente deelydse pos aangestel is) in beginsel altyd voltydse in die amp van Woordbediening, al is die persoon deelydse of tydelik aangestel.

3.3 Naas die vraag na die persoon wat in Woordbediening staan, moet ook die vraag na **die ruimte waarbinne Woordbediening plaasvind**, gevra word. In die gereformeerde tradisie is die plaaslike gemeente nog altyd beskou as die voor die hand liggende ruimte waarbinne en van waaruit Woordbediening plaasvind. Die vraag bly egter of hierdie ruimte noodwendig net die plaaslike gemeente is. Is plaaslike gemeentes die enigste sigbare uitdrukking van die koninkryk van God? Is byvoorbeeld kerklike verband (wat predikante aanstel as teologiese dosente of vir ander sinodale werk) nie ook 'n ruimte vir Woordbediening nie? Wat van taakgroepe en organisasies wat hulle geroepe voel tot spesifieke aspekte van Woordbediening wat moeilik deur 'n plaaslike gemeente of selfs 'n (kleiner) kerkverband behartig kan word (sending, teologiese opleiding, hospitaalbediening, bediening in skole, kinderbediening, gespesialiseerde barmhartighedsbediening, ens.)? Hierdie verslag aanvaar die standpunt dat daar wel gestaltes van die koninkryk van God buite die plaaslike gemeente is wat ook ruimtes is vir Woordbediening soos dit in paragraaf 1 hierbo geformuleer is.

3.4 Die keuse is dus nie maar net op 'n eenduidige manier vir een van die twee moontlikhede (funksioneel of sakramenteel) nie. Konstituering van die predikantsbediening lê nie altyd net in 'n formele werksooreenkoms tussen 'n individuele predikant en 'n spesifieke plaaslike gemeente nie (funksionele siening). Terwyl dit so is dat 'n predikant, om hermeneut te wees, nooit die band met 'n kerkverband of met 'n plaaslike gemeente mag loslaat nie, is dit aan die ander kant ook so dat 'n predikant wat sy/haar hermeneutiese vaardighede steeds beoefen en inoefen, nie noodwendig met

'n individuele gemeente in 'n spesifieke werksverhouding hoef te staan om hermeneut te kan wees nie (sakramentele siening).

**3.5 Naas die verskillende gestaltes van Woordbediening in die plaaslike gemeente, is daar dus ook ruimte vir Woordbediening, en daarom ook vir beoefening van die predikantsbediening/amp, in ander werkskringe.**

3.6 Beteken dit nou dat enige predikant wat in enige werkskring staan sal kan aanspraak maak op erkenning dat hy/sy die predikantsbediening beoefen? Vir die doel van hierdie ondersoek word "predikantsbediening" gesien as die voorreg om die Woord te bedien volgens die beskrywing van Artikel 9 van die Kerkorde. Uit die praktyk blyk dit dat veral die volgende sake van belang is:

- Om as liturgiese voorganger in amptelike eredienste te kan optree (dit behels om eredienste te lei, by eredienste te preek, en om die sakramente te bedien)
- Om vir beroeping as predikant na enige NG Gemeente oorweeg te kan word; en
- Om die titel "Dominee" (Ds.) te kan gebruik.

3.7 Om ampserkenning oftewel erkenning van ampsbediening te verkry, behoort die gelegitimeerde persoon aan die volgende maatstawwe te voldoen:

3.7.1 Om die band met die kerk en gemeentes van die kerk te behou, moet die predikantsbediening binne die NG Kerk steeds beperk word tot persone wat in die NG Kerk gelegitimeer is en ingeskrewe lidmate van die NG Kerk is.

3.7.2 Predikantsbediening behels om aktief betrokke te wees by een of ander aspek van Woordbediening. Daarom kan iemand wat nie aktief met Woordbediening besig is nie, nie erkenning van predikantsbediening ontvang nie. Persone wat vra vir die erkenning van hulle predikantsbediening terwyl hulle nie in diens is van een van die volgende nie, moet van tyd tot tyd soos deur die Algemene Regskommissie bepaal by 'n verantwoordelike kerkvergadering (tans is dit die Algemene Regskommissie) bewys lewer dat hulle wel aktief met Woordbediening besig is:

3.7.2.1 'n Plaaslike gemeente van die NG Kerk;

3.7.2.2 'n Inrigting wat predikante vir die NG Kerkfamilie oplei; of

3.7.2.3 'n Ander kerklike vergadering van die NG Kerk.

3.7.3 Predikantsbediening beteken ook om verantwoording te doen oor die wyse waarop die persoon die Woord bedien. Sulke verantwoording geskied deur die plaaslike gemeente waar die betrokke persoon lidmaatsvoorregte geniet. Die verantwoordelike kerkvergadering waarvan in die vorige punt sprake is, ontvang saam met die bewyslewing dat die persoon in aktiewe Woordbediening staan, ook 'n getuienis van die plaaslike gemeente oor die getrouheid (Skrifgetrouheid en gemeente-opbouende karakter) al dan nie van die wyse waarop die persoon die Woord bedien.

3.7.4 Beëindiging van ampsbediening geskied in lyn met die huidige Kerkorde Bepalings.

#### **4. AANBEVELINGS: WOORDBEDIENING**

**4.1 Die Algemene Sinode aanvaar die standpunt dat die gemeente geroep is tot Woordbediening. Die Gees gee predikante aan die gemeente om die gemeente hiervoor toe te rus en te begelei. Daarom is Woordbediening in sy verskillende gestaltes die fokus van die predikantsamp.**

**4.2 Die Algemene Sinode aanvaar dat die verskillende gestaltes van Woordbediening as fokus van die predikantsamp die volgende is: Pastoraat, onderrig en prediking.**

**4.3 Die Algemene Sinode aanvaar dat Woordbediening nie net in die plaaslike gemeente plaasvind nie, maar ook buite gemeentelike verband. Erkenning van ampsbediening word soos volg gereël:**

**4.3.1 Gelegitimeerdes van die NG Kerk wat besig is met Woordbediening:**

- in sinodale verband;
- as teologiese dosente aan inrigtings wat predikante vir die NG Kerkfamilie oplei; of
- as kapelane in diens van die SA Nasionale Weermag, SA Polisiediens, Departement van Korrektiewe Dienste en die Nasionale Intelligensiediens.

verkry erkenning van ampsbediening.

**4.3.2 Gelegitimeerdes van die NG Kerk wat besig is met Woordbediening in organisasies en taakgroepe wat nie amptelik aan kerklike institute verbind is nie, kan in gesprek tree met kerkrade, ringe, sinodes of met die Algemene Sinode om erkenning van ampsbediening volgens die Kerkorde en die Bepalings van die Kerkorde te ontvang.**



**4.4 Die Algemene Sinode versoek gemeentes om daarmee erns te maak dat hulle predikante op Woordbediening in sy verskillende gestaltes behoort te fokus en daadwerklike pogings aan te wend om hulle los te maak van aktiwiteite wat buite hierdie opdrag val.**

**4.5 Die Algemene Sinode versoek die AKG om te besin oor die implikasies wat hierdie verslag vir legitimasië inhou.**

## **BYLAE A.8.5**

### **VERBREIDING EN VERMEERDERING VAN DIE AMPTE**

#### **1. OPDRAG**

1.1 Die Algemene Sinode het in 1998 besluit tot die verbreding van die ouderling- en diakenamp in die NG Kerk. Die besluite is na die Algemene Kommissie vir Gemeentebediëning (AKG) verwys vir verdere ondersoek. Die AKG het die Sinodale Kommissie vir Gemeentebediëning (SKG) van Noord-Transvaal versoek om ondersoek vir hulle te doen en terug te rapporteer.

#### **1.2 Die besluite wat die Algemene Sinode geneem het, lui soos volg:**

1.2.1 Oor die ampte in die algemeen (Handelinge 1998:435):

*"2.4.1: Die Algemene Sinode herbevestig dat die bestaande drie bedieninge van bedienaar van die Woord, ouderling en diaken, 'n Skriftuurlik-verantwoorde gestaltegewing van die Nuwe Testamentiese ampsbeskouing is.*

*2.4.2: Die Algemene Sinode aanvaar dat daar in beginsel vanuit die Skrif geen beswaar teen die verbreding van die inhoud van die bestaande ampte bestaan nie.*

*2.4.9: Die Algemene Sinode aanvaar dat daar in beginsel vanuit die Skrif geen prinsipiële beswaar teen die vermeerdering van die aantal ampte bestaan nie."*

1.2.2 Oor die ouderlingamp (Handelinge 1998:435):

*"2.4.4: Die fokus van die ouderlingamp val op geestelike leiding, bestuur en toesig.*

*2.4.5: Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kommissie vir Gemeentebediëning om aandag te gee aan die moontlike verbreding van die ouderlingamp indien dit met die oog op eietydse bedieningsvereistes wenslik blyk te wees."*

1.2.3 Oor die diakenamp (Handelinge 1998:435):

*"2.4.6: Die fokus van die diakenamp val op meer praktiese vorms van dienswerk in gemeentes.*

*2.4.7: Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kommissie vir Gemeentebediëning in samewerking met die AKDB om aandag te gee aan die moontlike verbreding van die diakenamp indien dit met die oog op eietydse bedieningsvereistes wenslik blyk te wees."*

1.2.4 Spoedeisende belang (Handelinge 1998:435):

*Onder Pt 2.4.7: In die lig van die dringende behoefte by baie kerkrade om leiding te kry in verband met die verbreding van die amp van ouderlinge en diakens word die AKG in samewerking met die AKDB versoek om die opdragte in 2.4.5 en 2.4.7 so gou moontlik uit te voer met verslag aan die ASK vir implementering.*

1.2.5 Ampsvermeerdering as deel van die uitvoering van die opdrag

Alhoewel ampsvermeerdering nie 'n opdrag van die Algemene Sinode is nie, het die AKG in die lig van gegewens wat by 'n aantal gemeentes in verskillende bedieningskontekste ingewin is en in die lig van pt 2.4.9 van die besluit van die Algemene Sinode geoordeel dat dit wenslik is om wel aanbevelings in hierdie verband aan die Algemene Sinode te formuleer.

#### **2. DIE TRADISIONELE VERANTWOORDELIKHEDE VAN OUDERLINGE, DIAKENS EN LIDMATE**

Die besluite van die Algemene Sinode oor die fokus van die ouderling- en diakenamp is grootliks in ooreenstemming met die tradisionele verantwoordelikhede wat in ons kerk aan ouderlinge en diakens toevertrou is. Volgens die 1990 Kerkorde was dit die volgende:

##### **2.1 Vir ouderlinge (KO Art 16)**

16. Die amp van ouderling omvat

16.1 die regering van die gemeente;

16.2 die doen van huisbesoek;

16.3 die uitoefening van opsig en tug;

16.4 waaksaamheid oor die suiwerheid van die leer;

16.5 medeverantwoordelikheid vir die kategetiese onderwys;

16.6 die roeping om ander na Christus te lei;

In 1998 is hierdie artikel gewysig deurdat die inleidende sin uitgebrei is ("16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike leiding, bestuur en toesig, en omvat: ...") en die volgende twee nuwe punte bygevoeg is (die numering van 16.1 tot 16.6 is ook verander na 16.1.1 tot 16.1.6):  
16.1.7 ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van 16.1.

16.2 Die kerkraad bepaal met inagneming van 16.1.1 tot 16.1.7 die bedieningsverantwoordelikheid van elke ouderling.

In praktyk kom dit in die meeste gemeentes daarop neer dat van ouderlinge verwag word om vier maal per jaar huisbesoek te doen en om die eredienste en die kerkraadsvergaderings gereeld by te woon. Sommige ouderlinge word aangewys om op spesifieke kommissies van die kerkraad te dien. Alhoewel verreweg die meeste gemeentes die praktyk het om elke ouderling aan 'n spesifieke kerkraadswyk toe te wys, wys baie gemeentes ook een of twee ouderlinge aan om nie in 'n wyk te werk nie, maar vir spesifieke bedieningsverantwoordelikhede soos bv jeug- of bejaardebediening. In sommige gemeentes is enkele ouderlinge ook by die kategeese betrokke, sommiges as kategete, ander woon net die belydeniskategeese by om die dominee met spesifieke take te ondersteun.

## **2.2 Vir diakens (KO Art 17)**

17. Die amp van diaken omvat

17.1 die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens benodig;

17.2 die insameling en besteding van middele wat vir die diakonale werk nodig is;

17.3 die organisering en leiding van die barmhartigheidsbediening van die gemeente;

In 1998 is hierdie artikel gewysig deurdat die inleidende sin uitgebrei is ("17.1 Die amp of bediening van die diaken is gerig op praktiese dienswerk en omvat: ...") en die volgende twee nuwe punte bygevoeg is (die numering van 17.1 tot 17.3 is ook verander na 17.1.1 tot 17.1.3):

17.1.4 ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van 17.1.

17.2 Die kerkraad bepaal met inagneming van 17.1.1 tot 17.1.4 die bedieningsverantwoordelikheid van elke diaken.

In praktyk kom dit in die meeste gemeentes daarop neer dat van diakens verwag word om elke maand die lidmate se bydraes by hulle huise te gaan insamel. Hulle moet ook die kerkraadsvergaderings bywoon, en het in die eredienste spesifieke verantwoordelikhede ten opsigte van die dankofferinsameling en die nagmaalsbediening. Soos met ouderlinge het sommige diakens ook kommissieverantwoordelikhede, terwyl daar in baie gemeentes 'n georganiseerde diakonie bestaan wat alimentasietoekenings maak en die diakens se diensbeurte, maandelikse inbetalings, ens. reël. Alhoewel verreweg die meeste gemeentes die praktyk het om elke diaken aan 'n spesifieke kerkraadswyk toe te wys, wys baie gemeentes ook een of twee diakens aan om nie in 'n wyk te werk nie, maar om bv as jeug- of bejaardebediening-diakens te werk.

2.3 **Samevattend** kan gesê word dat die meeste ouderlinge en diakens in die NG Kerk met die bediening aan lidmate binne spesifieke kerkraadswyke toevertrou word. Dit is egter reeds 'n gevestigde praktyk dat kerkraadslede met kategoriale bedieningsverantwoordelikhede aangestel word (jeug, bejaardes).

## **2.4 Die algemene dienswerk van die gelowiges**

Aangesien dit een van die ampte se belangrikste take is om die lidmate van die gemeente toe te rus vir hulle dienswerk (Ef 4:12), word Artikel 55 van die Kerkorde ook hier aangehaal.

### **Artikel 55: Die dienswerk van die gelowiges**

55.1 Dit is noodsaaklik dat die lidmate van die gemeente geaktiveer word om werksaam te wees ten opsigte van die Skriftuurlike opdragte tot opbouing van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die Koninkryk van God.

55.2 Hierdie dienswerk van die gelowiges kan ongeorganiseerd en spontaan geskied, maar behoort ook ter wille van die groter krag en doeltreffender funksionering daarvan kerklik georganiseer te word. Sodanige organisasie moet egter altyd geskied met toepaslike verantwoording aan die kerkraad, ring en sinode.

Die Kerk het die onvervreembare reg om sy eie lidmate vir bepaalde werk-saamhede te organiseer deur kommissies van die kerkraad, ring óf sinode óf te laat organiseer deur organisasies wat van die Kerk daartoe opdrag gekry het.

55.3 Waar daar kerklike organisasies vir bepaalde dienswerk bestaan in sinodale en algemeen-sinodale verband, behoort alle georganiseerde dienswerk op daardie terrein daarby in te skakel.

- 55.4 Organisasies wat in hierdie verband tot stand kom, lê hulle bepalinge aan die betrokke kerkvergadering vir goedkeuring voor. Die voorlegging geskied deur die kerklike kommissie wat verantwoordelik is vir die afdeling van die Kerk se werk waarby die organisasie die nouste betrokke is.

### 3. DIE HUIDIGE BEHOEFTE IN GEMEENTES

3.1 Uit gegewens wat die AKG by 'n aantal predikante in verskillende bedieningskontekste ingewin het, blyk dit dat baie min kerkraadslede genoeg tyd tot hulle beskikking het om al die verantwoordelikhede soos dit in die Kerkorde genoem word, na te kom. Kerkraadslede is ook meestal oortuig dat hulle nie toegerus is met die nodige gawes om al die verantwoordelikhede wat die Kerkorde noem, te kan nakom nie. Daarby bestaan die volgende behoeftes in 'n mindere of meerdere mate by omtrent al die gemeentes ten opsigte van ampsbediening:

- 3.1.1 Kerklike bestuur, wat behels beleidsbepaling, organisasie, administratiewe take, en besluitneming oor finansiële- en eiendomsake;
- 3.1.2 Kommissiewerk, waar dit gaan oor die organisering van spesifieke dienswerkaksies in en buite die gemeente;
- 3.1.3 Geestelike begeleiding van lidmate deur gereelde persoonlike kontak, sy dit deur huisbesoek, groepbyeenkomste, of uitreikaksies in tye van krisis en siekte;
- 3.1.4 Kategetiese onderrig aan dooplidmate;
- 3.1.5 Opleiding en toerusting van belydende lidmate om hulle lidmaatsbeloftes te kan nakom, of om spesifieke dienste in en buite die gemeente te kan lewer, of om hulle geloof in hulle gesinsverband en leeftydfases te kan uitleef;
- 3.1.6 Die insameling van fondse, hetsy deur huisbesoek, 'n koevertstelsel, en ander fondsinsamelingsaksies;
- 3.1.7 Die instandhouding van die kommunikasiekanaal tussen gemeente en lidmaat, weereens deur middel van gereelde persoonlike kontak, asook deur middel van die aflewering van nuusblaai en korrespondensiestukke, ens; en
- 3.1.8 Dienslewering in en rondom die eredienste, wat die volgende take behels: insameling van dankoffers, bediening van die nagmaal, voorbidding vir die goeie verloop van die erediens, beplanning van die liturgiese orde saam met die liturgiese voorganger, deelname aan verskeie aspekte van die erediens (soos die musiekbediening, die gebede en voorlesinge), die aanwys van parkeerplekke en sitplekke, hulp om nuwe erediensgangers te laat tuisvoel, ens.
- 3.1.9 Gebedsdienste in die gemeente, waar dit gaan om lofgebede aan God vanuit die gemeente, voorbidding vir spesifieke mense in en buite die gemeente, voorbidding vir spesifieke aktiwiteite van die gemeente, en voorbidding vir spesifieke sake in die wêreld waarbinne die gemeente leef en werk.

3.2 Baie van hierdie take hoef nie deur ampsdraers uitgevoer te word nie, maar dit moet onder leiding van ampsdraers geskied. Gesien in die lig van kerkraadslede se ervaring dat hulle beperkte gawes, vermoëns en tyd het, is dit duidelik dat die huidige praktyk in die meeste NG gemeentes dringend vra na 'n verbreding van die ampte van ouderling en diaken, en selfs ook na 'n vermeerdering van hierdie ampte. Die Algemene Sinode van 1998 het reeds die verbreding van die ampte van ouderling en diaken goedgekeur, en die Kerkorde dien ooreenkomstig aangepas (die bewoording van die aanpassings is in 2.1 en 2.1 hierbo gegee). Sodoende is ruimte vir verbreding van die ouderling- en diakenampte geskep. In hierdie studiestuk word verdere riglyne vir die verbreding van die ampte gegee. Uit die navraag by gemeentes blyk dat die verbreding basies op die volgende maniere kan plaasvind:

- 3.2.1 Deur verbreding van die spektrum van die dienswerk van ouderlinge en diakens self.
- 3.2.2 Deur die inbring van dienswerkers wat onder leiding van die ouderlinge en die diakens optree.

3.3 In paragraaf 3.1 is gestel dat "*baie min kerkraadslede genoeg tyd tot hulle beskikking het om al die verantwoordelikhede soos dit in die Kerkorde genoem word, na te kom. Kerkraadslede is ook meestal oortuig dat hulle nie toegerus is met die nodige gawes om al die verantwoordelikhede wat die Kerkorde noem, te kan nakom nie.*" Talle mense bedank die bemoening as kerkraadslid omdat hulle nie vir die dubbele verpligting van wykswerk en vergaderings kans sien nie. Baie kerkraadslede kla dat hulle na hulle vergadering-verpligtinge nie meer tyd het om by hulle wykse en wykswerk uit te kom nie. Dit lei daartoe dat wyke nie altyd daarin slaag om die wykse goed te versorg nie. In ons tyd is dit slegte nuus. Daarom voel baie kerkraadslede hulle

bydrae lê op die vlak van geestelike werk en nie in kerkraadsvergaderings nie. Ander voel weer dat hulle nie regtig geestelike wyksleiers is nie maar op die vlak van leierskap, bestuur of finansies 'n kundigheid het waarmee hulle die kerkraad sou kon dien. Met die huidige bewoording van art 27 van die Kerkorde word sulke mense die geleentheid ontnem om hulle bydrae te maak, en so verloor gemeentes waardevolle talent na weerskante toe – hulle ontbeer die dienste van mense wat goeie geestelike werk in wyke sou kon verrig, en hulle verloor ook die leierskap van mense wat in die kerkraad 'n goeie bydrae sou kon maak. Art 27 lui soos volg:

*Die kerkraad bestaan uit die bedienaars van die Woord, die ouderlinge en die diakens. Vir die behartiging van die besondere werksaamhede aan die onderskeie ampte verbonde mag die ouderlinge en diakens gereeld afsonderlik vergader.*

3.4 Hiervolgens kan ouderlinge of diakens nie van die kerkraad en van kerkraadsvergaderings vrygestel word nie. 'n Eenvoudige uitweg uit die dilemma sou natuurlik wees om net diegene wat tot die kerkraad verkies word ouderlinge te noem en die ander wyksleiers bloot "wyksleiers", te noem. In baie gemeentes sal dit egter die einde aankondig van die geestelike bedienings-karakter van die ouderlingsamp. Die benaming ouderling word dan gereserveer vir 'n klompie kerkraadslede wat die gawe van bestuur en leierskap het, terwyl die mense wat die geestelike bediening in die wyke doen, met ander benaminge benoem word. Dit sal 'n verarming van ons ouderling-beskouing teweegbring, en dit sal in talle gemeentes die einde beteken van 'n "ouderling" in 'n wyk.

3.5 Dit is nou nodig om enkele opmerkings te maak oor die verhouding tussen die besondere bedieninge (ampte) en die dienswerk van gelowiges. Wat is die verskil tussen die dienswerk van die besondere bedieninge (ampte) en die dienswerk van gelowiges?

#### 4. KERKRAADSWERK: DIE DIENSWERK VAN DIE DIENSLEIERS

4.1 Dit is een van die belangrikste uitgangspunte van die reformasie (naas die grondslag van Christus alleen, genade alleen, geloof alleen en die Skrif alleen) dat ons vashou aan die priesterskap van al die gelowiges, oftewel die algemene amp van die gelowige. Elke lidmaat is geroep om God en die mense te dien. Die lidmate se dienswerk bestaan uit 'n verskeidenheid take, en dit sal in verskillende gemeentelike kontekste op verskillende maniere plaasvind. Die dienswerk vind egter altyd in drie "rigtings" plaas: na Bo (bv lof, aanbidding, geloof), na binne (bv opbou, troos, versorg, vermaan) en na buite (bv diens, getuig en vertel).

4.2 Om hulle in staat te stel om hulle bediening te beoefen, het God spesifieke gawes aan die gemeente gegee, naamlik die bedieninge wat ons vandag in ons kerk as die "ampte" ken. Bo en behalwe die spesifieke foci wat die drie ampte van diaken (meer praktiese vorms van dienswerk), predikant (woordbediening) en ouderling (geestelike leiding, bestuur en toesig) van mekaar onderskei, het die drie ampte met mekaar in gemeen die taak om die lidmate in staat te stel om hulle dienswerk aan God en aan die mense te kan doen.

4.3 Die ampte is dus "**diensleiers**" wat leiding neem in die gemeente se dienswerk. Hulle **rus lidmate toe vir hulle diens** en hulle **neem leiding** in die dienswerk van die gemeente. Hulle **bestuur** as't ware die dienswerk van die gelowiges, deur dit (saam met die gelowiges) te **beplan** en te **koördineer**. Hulle word nie as ampsdraers verkies sodat hulle kan dien nie – dit doen hulle in elk geval. Hulle word verkies sodat hulle die gemeente se dienswerk kan lei en kan bestuur. Hulle is daarvoor verantwoordelik om die gelowiges aan te steek met die **visie** van 'n dienende gemeente en om hierdie visie by hulle aan die brand te hou. Hulle lei lidmate om te verstaan wie hulle in Christus werklik is (identiteit as gemeente), en tot watter dienswerk hulle geroep is. Dit doen hulle deur **Woord** (groepsbybelstudie, informele gesprekke, ens) en deur **voorbeeld** (die manier waarop hulle saam met die lidmate deelneem aan die gemeente se dienswerk). Hulle **organiseer** die lidmate se dienswerk. Hulle sien behoeftes raak, en vra lidmate om daarby betrokke te raak. Die volgende voorbeelde van dienswerk wat lidmate onder leiding van die ampsdraers (diensleiers) kan doen kan vermenigvuldig word (kyk aanbeveling 9.1):

- Mense *in die kerkraadswyk* wat ondersteuning nodig het (troos tydens hartseer, bemoediging tydens siekte, uitreik na mense wat eensaam is, praktiese hulp met take wat mense weens omstandighede nie self kan verrig nie, soos inkopies doen, ens);
- *Administratiewe take* soos geld tel, kommunikasiemateriaal versprei, insameling van dankoffers, notules en besluiteregisters skryf, ens;
- Ampsdraers kan mense organiseer om te help met verskeie take wat *rondom die eredienste* verrig moet word (verwelkoming van nuwe besoekers, regpak van tafels, voorbereiding van

uitstallingsmateriaal, verspreiding van pamflette, hulp aan die liturgiese voorgangers met die voorbereiding en voordrag van liturgiese elemente, ens); en

- *Spesifieke aksies in en buite die gemeente*, soos die gemeente se sendinguitreike, die inskakeling van nuwe intrekkers, gebedsbediening (die aanbidding van God en voorbediening vir mense en sake), jeug- en bejaardebediening, ens.

4.4 Die ampte se taak word hier met die woord "**diensleiers**" omskryf. Die woord "ampte" is baie sterk in ons kerklike tradisie ingeburger, maar ongelukkig wek dit assosiasies van staus, van bo af regeer, en van 'n situasie waar die ampte alles moet doen terwyl lidmate slegs finansiële daartoe moet bydra en dan terugsit om bedien te word. Die rolverwagtinge wat aan ampsdraers gestel word en waaraan hulle (bewustelik of onbewustelik) voel hulle moet voldoen, sal waarskynlik baie makliker in die rigting van dit wat in hierdie paragraaf beskryf is verskuif kan word, as die ampsdraers nie beskou word as persone wat alleen al die betrokke dienste moet beoefen nie, maar as **diensleiers** ten opsigte van die uitvoering van daardie dienste.

## 5. VERBREIDING VAN DIE DIENSWERK VAN OUDERLINGE

5.1 Om die spektrum van die ouderling se werk te verbreed kan alle vorme van gemeentelike dienswerk wat fokus op geestelike leiding, bestuur en toesig daarby geïnkorporeer word. Afgesien van die funksies wat pertinent in die Kerkorde genoem word, kan funksies soos sekere verantwoordelikhede in die erediens, siekebediening, kleingroepbediening, wykorganisasie, Bybelstudieleiding, die bediening aan buitekerklikes (sending), gemeentelike bestuur en vele meer hierby ingesluit word. Voorts behoort ouderlinge as diensleiers op te tree vir die gemeentelike dienswerkers wat hulle ten opsigte van die geestelike leiding, bestuur en toesig in die gemeente bystaan. Hier gaan dit bv om persoonlike of pastorale werk, siekebediening, krisisbegeleiding, kleingroepbediening, musiekbediening, voorbedieningsbediening, gemeentelike bestuur, ens.

5.2 Naas ander oorweginge maak ook hierdie verbreding dit noodsaaklik dat nie alle ouderlinge (en diakens) op die kerkraad sal dien nie (kyk 3.3). Daar behoort spesifiek voorsiening gemaak te word dat **ouderlinge, indien dit in die gemeente se belang is, kan spesialiseer in óf geestelike leiding**, aan die een kant (dus: ouderlinge wat net in 'n wyk werk of 'n ander geestelike leierspos beklee), óf in **bestuur en toesig**, aan die ander kant (dus: ouderlinge wat net in die kerkraad of ander bestuursligame dien).

## 6. VERBREIDING VAN DIE DIENSWERK VAN DIAKENS

6.1 In die diakenamp val die fokus op meer praktiese vorms van dienswerk. In die praktyk is daar baie onsekerheid oor hoe presies die diakenamp ingeklee moet word. Baie diakens sien hulle taak slegs as die van kollektante wat eerstens die lidmate se maandelikse bydraes by hulle huise gaan haal (en nussbriewe en reklamemateriaal by die lidmate gaan aflewer) en wat tweedens ook die geld in die eredienste insamel en tel. Diakens is in sommige gemeentes tot 'n mindere mate ook betrokke by alimentasietoekennings. Artikel 17 van die kerkorde kan maklik gelees word asof die diakens die mense in die gemeente is wat verantwoordelik is daarvoor om diens van barmhartigheid te doen. Paragraaf 4 van hierdie verslag neem 'n ander standpunt in. Al die lidmate is daarvoor verantwoordelik. Die diakens se verantwoordelikheid is om leiding te gee aan die gemeente ten opsigte van die onderskeie vorms van praktiese dienswerk in en buite die gemeente.

6.2 Die diakonale dienswerk in die gemeente, netsoos die werk van die ouderling, begin by en kring uit vanaf die bediening van die Woord en die sakramente in die erediens. Die volgende is voorbeelde van werk wat deur die diakens of onder leiding van die diakens uitgevoer kan word:

- Hulp om mense in die erediens te laat tuis voel (plekke aanwys, aankondigings en ander literatuur voorsien, parkering reël, besoekers en nuwe intrekkers te verwelkom, ens.);
- Insameling van offergawes en om dit na die diens te tel;
- Bediening van die nagmaal (voorbereiding van die tafel en van brood en wyn, bediening aan nagmaalgangers, opruiming, ens);
- Insameling van dankoffers by besoekpunte en die organisering van die dankoffersisiteem;
- Beoefening van die barmhartigheidsdiens in die gemeente en daarbuite. Vanuit die erediens word die barmhartigheid van die Here uitgedra **na die wêreld** waarin ons leef. Dit word gedoen binne die gemeente (bv by individue en gesinne wat nood ervaar, by jeug- [bv dwelmverslawing] en bejaardegroep, ens), maar ook buite die gemeente (gemeenskapswerk waar groot armoede,

- siekte en ongeletterdheid heers, praktiese hulp by tehuise vir bejaardes, vigslyers, alkoholiste, ens);
- Kontak met lidmate deur die aflewering van kommunikasiemateriaal, ens; en
  - Besoeke aan nuwe intrekkers.

## 7. VERMEERDERING VAN DIE AMPTE

7.1 Uit die bogaande het geblyk dat daar in sommige gemeentes 'n behoefte ontstaan om kategete in die amp te bevestig. Dit is reeds voorsien in die verslag van die AKG wat deur die Algemene Sinode van 1998 goedgekeur is. Vanuit hierdie verslag het die Algemene Sinode ook aanvaar dat daar vanuit die Skrif geen prinsipiële beswaar teen die *vermeerdering* van die aantal ampte bestaan nie.

### 7.2 By die oorweging van die vermeerdering van die aantal ampte, geld die volgende riglyne:

7.2.1 Slegs die Algemene Sinode kan goedkeuring verleen vir die instelling van 'n nuwe amp. Gemeentes wat die behoefte daarvoor het, kan via die gebruikelike kanale 'n versoek aan die Algemene Sinode rig om dit te doen.

7.2.2 Die Algemene Sinode sal by die oorweging van sulke versoeke vra of die behoefte aan 'n nuwe amp so sterk na vore kom dat dit vir die hele kerk belangrik word om dit as 'n amp in te stel.

7.2.3 Die Algemene Sinode sal in die besluitneming oor 'n nuwe amp vra of die Gees oor 'n wye front in die kerk in breë verband so 'n gawe aan die kerk gee.

7.3 Oor 'n moontlike **kategete-amp** is reeds in 1998 in die verslag van die AKG aan die Algemene Sinode uitgewys dat dit in die tyd van die Nuwe Testament asook huidig deur die Gees oor 'n wye front as 'n gawe aan die kerk gegee is. Daar is ook tans, soos in die tyd van die Nuwe Testament, 'n behoefte in die kerk aan kategete.

7.4 Die beginsel dat die primêre roeping tot dienswerk in die gemeente aan lidmate gerig is, en dat ampsdraers geroep is om as diensleiers leiding te neem en lidmate toe te rus vir hulle dienswerk, geld natuurlik ook vir die amp van kategete. Dit kom dus daarop neer dat persone wat met in-diens-opleiding besig is, nog nie in die kategete amp verkies en bevestig word nie. Diegene wat reeds tydens of na die in-diens-opleiding hulle leierskapsgawes asook hulle bekwaamheid en toegerustheid vir hierdie amp bewys het, word as kategete verkies en bevestig. Die presiese struktuurering hiervan kan van gemeentekonteks tot gemeentekonteks verskillend lyk.

7.5 In hierdie verband moet daarop gewys word dat daar Bybels geen beswaar teen bestaan dat iemand in twee bedieninge gelyktydig kan dien nie. 'n Persoon kan byvoorbeeld as kategete sowel as diaken of ouderling dien, mits hy/sy aan die nodige vereistes voldoen. Die argument dat die ouderlinge bediening reeds ruim genoeg is om ook die kategete te huisves gaan nie op nie, enersyds vanweë die spesifieke fokus van die ouderlinge (bediening op geestelike leiding, bestuur en toesig) en andersyds omdat diakens dan uitgesluit sou wees. Verder maak dit nie goeie sin om 'n hele aantal addisionele ouderlingposte te skep bloot om die kategete te huisves nie. Gegewe die betekenis wat die woord "ouderling" in die volksmond het, toon die praktyk dat veral die jonger kategete nie geneë is om as ouderlinge verkies en bevestig te word nie.

## 8. DIE VRAAG NA STRUKTUUR EN EENVORMIGHEID

As elke gemeente nou die "vrypas" sou hê om hulle ampsbediening te verbreed, sal dit nie die eenvormigheid in die NG Kerk ondergrawe nie? Dit lyk of almal nou maar kan maak soos hulle wil! So 'n benadering kan inderdaad tot groot skade van en verwarring in die ampsbediening in die NG Kerk lei. Die volgende opmerkings is hier ter sake:

8.1 Dit is belangrik dat elke kerkraad hulle vergewis van die inhoud van die verslag van die Algemene Sinode van 1998 (Agenda pp 217-221). Ampsbediening in die gemeente kan nie losgemaak word van ampsbediening soos dit in die kerk in breë verband funksioneer nie.

8.2 Dit is waar dat gemeentes nie in eenvormige omstandighede leef en werk nie. Hierdie feit vra dat gemeentes moet soek na unieke antwoorde op die eise wat aan hulle gebied word.

8.3 Die kerk struktureer ampsbedienings deur middel van die bepalings in die kerkorde. Die kerkorde stel aan die een kant grense vas waarbinne ampsbedieninge in verskillende gemeentes gestruktureer kan word. Binne hierdie grense behoort daar egter groot ruimte aan gemeentes gegee te word om ampsbedienings volgens die konteks waarbinne hulle werk, te struktureer. Om dit prakties te stel: Die kerkorde moet voorsiening maak daarvoor dat nie alle kerkraadslede verantwoordelik is daarvoor om al die take wat in Artikels 16 en 17 genoem word uit te voer nie,

terwyl dit ook moontlik moet wees dat baie van die take uitgevoer kan word deur lidmate wat nie as ampsdraers aangestel is nie.

8.4 Indien 'n gemeente se ampsbedienings (uit erkenning van die teologiese uitgangspunt van die verskeidenheid van gawes) so gestruktureer word dat ampsdraers nie vir alle take in Artikels 16 en 17 van die kerkorde verantwoordelik is nie, sou dit kon meebring dat meer ampsdraers aangestel word as wat daar kerkraadswyke in die gemeente is. Kerkrade kan dan onhanteerbaar groot word. 'n Oplossing hiervoor is dat nie alle ampsdraers in sulke gemeentes op die kerkraad hoef te dien nie. Die samestelling van die kerkraad moet dan spesifiek by wyse van kerkraadsbesluite vasgestel word. Die Kerkorde sal hiervoor gewysig moet word.

8.5 Kerkrade moet onthou dat verstellings aan ampsbedieninge nie sommer net oornag kan plaasvind nie. 'n Gemeente moet langamerhand en evolusionêr daarin groei. Die SKG's van die verskillende sinodale gebiede kan kerkrade in hierdie proses bystaan deur databanke op te bou van die wyses waarop gemeentes die eise van hulle omgewing aanspreek, en dit aan gemeentes beskikbaar te stel vir oorweging in hulle eie beplanning. Ringe het ook 'n verantwoordelikheid om kerkrade by te staan in die ontwikkeling van hulle ampstrukture.

## **9. AANBEVELINGS: AMPTE**

**9.1 Die Algemene Sinode herbevestig dat kerkrade wat in die proses van ampsvernuwing en ampsherstel is, noukeurig moet let op die spesifieke fokus van elke amp soos die Algemene Sinode dit in 1998 goedgekeur het.**

**9.2 Die Algemene Sinode versoek die ARK om Artikels 16 van die Kerkorde soos volg uit te brei om voorsiening te maak vir die gedagte dat die ampte die opdrag het om lidmate toe te rus vir hulle dienswerk:**

**Voeg 'n nuwe 16.1.1 by en verander die numering om te lees (die wysiginge word onderstreep):**

**16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike leiding, bestuur en toesig, en omvat**

**16.1.1 die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk**

**16.1.2 die regering van die gemeente;**

**16.1.3 die doen van huisbesoek;**

**16.1.4 die uitoefening van opsig en tug;**

**16.1.5 waaksaamheid oor die suiwerheid van die leer;**

**16.1.6 medeverantwoordelikheid vir die kategetiese onderwys;**

**16.1.7 die roeping om ander na Christus te lei;**

**16.1.8 ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van 16.1.**

**16.2 Die kerkraad bepaal met inagneming van 16.1.1 tot 16.1.8 die bedieningsverantwoordelikheid van elke ouderling.**

**9.3 Die Algemene Sinode versoek die ARK om Artikel 17 van die Kerkorde uit te brei om voorsiening te maak vir die gedagtes dat die ampswerk van diakens in die erediens begin, en vandaar uitgaan na die gemeente en die wêreld waarin die lidmate leef, en dat die ampte die opdrag het om lidmate toe te rus vir hulle dienswerk:**

**Voeg 'n nuwe 17.1.1 by en verander die numering om te lees (die wysiginge word onderstreep):**

**17.1 Die amp of bediening van die diaken is gerig op praktiese dienswerk. Dit begin in die erediens, en gaan vandaar uit na die gemeente en die wêreld waarin die lidmate leef. Die diakensamp omvat**

**17.1.1 die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk**

**17.1.2 die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartighedsdiens benodig;**

**17.1.3 die insameling en besteding van middele wat vir die diakonale werk nodig is;**

**17.1.4 die organisering en leiding van die barmhartighedsbediening van die gemeente;**

**17.1.5 ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van 17.1.**

**17.2 Die kerkraad bepaal met inagneming van 17.1.1 tot 17.1.5 die bedieningsverantwoordelikheid van elke diaken.**

**9.4 Die Algemene Sinode versoek die AKE om in samewerking met die AKG die formuleer vir ouderlinge en diakens te wysig ooreenkomstig die besluite van hierdie verslag.**

9.5 Die Alg Sinode stel die kategete-amp as 'n volwaardige amp in. Die ARK word versoek om die volgende nuwe artikel oor die kategete-amp in die Kerkorde by te voeg:

Die amp of bediening van die kategeet is gerig op onderrig en omvat:

1.1 Die begeleiding van lidmate tot belydenisaflegging

1.2 die organisering en leiding van die onderrigbediening van die gemeente, insluitende die kategete-aksie;

1.3 ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van 1.1 tot 1.2

2. Die kerkraad bepaal met inagneming van punt 1 die bedienings-verantwoordelikheid van elke kategeet.

9.6 Die AKE stel in samewerking met die AKG en die AJK 'n formulier vir die bevestiging van kategete op.

9.7 Die Algemene Sinode besluit dat nie alle ampsdraers, ouderlinge en diakens ingesluit, in die kerkraad hoef te dien nie en keur dit goed dat Art 27 van die Kerkorde gewysig word om soos volg te lui (Die wysiginge word onderstreep): *Die kerkraad bestaan uit die bedienaars van die Woord asook die ouderlinge en diakens wat as kerkraadslede verkies is. Daar kan ook bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens wees wat nie in die kerkraad dien nie.*

9.8 Die Algemene Sinode versoek die AKG om in samewerking met die SKG's 'n databank van verskillende wyses waarop gemeentes ampsbediening struktureer op te bou en met behulp daarvan 'n konsultasiediens aan gemeentes te lewer.



## 1. OPDRAG

Die Algemene Sinode van 1998 (Handelinge 4.4.8, p 440) het na aanleiding van die verslag oor gebed en vas, die volgende besluit geneem, wat as opdrag na die AKG verwys is:

*“Daar is ook eietydse gebedsbewegings wat klem lê op gebedsimfonieë (verlengde tye van gebed, volgens die model van Bryant en ander), gebedsmarse in stede en woonbuurtes (“prayer-walks”), gebedsreise en -ekspedisies (om inligting oor nasies en mensegroepe te versamel) en sogenaamde geestelike oorlogvoering, waarvoor leiding aan die kerk gegee moet word. Opdrag word gegee aan die AKG om dit verder te ondersoek en die volgende Algemene Sinode van riglyne in die verband te dien.”*

## 2. INLEIDENDE OPMERKINGS

### 2.1 OORSIG VAN GEBEDSBEWEGINGS

2.1.1 Daar is ’n ongekende wêreldwye belangstelling in gebed, soos gesien kan word in die artikels, boeke en seminare oor gebed wat amper daaglik vermenigvuldig. Dié bydraes verteenwoordig elke moontlike teologiese oriëntasie in die Christelike wêreld. Veral merkwaardig is die ontwikkeling van sekere gebedskonsepte en gebedsmetafore tot eietydse gebedspraktyke wat ’n mens as **gebedsbewegings** kan tipeer, wat nasionale en selfs internasionale impak het.

2.1.2 Van die meer bekende sulke bewegings, is die volgende:

1. die **gebedsimfonie**-beweging (*Concerts of prayer*) – geskoei op die model van David Bryant wat die metafoer van ’n simfonie-orkes gebruik om gebed in die gemeente na binne en na buite te struktureer;
2. die **“Prayer-walking”**-inisiatiewe – geskoei op die model van Steve Hawthorne en Graham Kendrick (vgl die titel van hulle boek *Prayer-walking: Praying on site with insight*) – en ander inisiatiewe soos die **Jesusmarse** en **Gebedsreise** na sendinglande;
3. die **Identifikasie-belydenis** gebedsinisiatiewe – geskoei op die model van onder andere John Dawson (*Taking our cities for God* en *Healing America’s wounds*);
4. die verwante **gebedsewangelisasie**-metodes – geskoei op die model van Ed Silvano (vgl Harvest Evangelism by harvestevan.org) wat gebed in ’n woonbuurt as kontakpunt en invalshoek vir ’n ewangeliese gesprek gebruik. Vergelyk ook die doktorale tesis van Bennie Mostert vir ’n evaluering hiervan;
5. die ewangeliese **“Every Home for Christ”**-beweging – geskoei op die model van Dick Eastman (ehc.org) waarin gebed (vgl sy boeke *The Hour that Changes the World* en *Change the World School of Prayer*) ’n primêre rol speel.
6. die Rooms-Katolieke **“House of Prayer”**-beweging – geskoei op die model van Vader Haring om gebedsentrums te skep met ’n kern-gemeenskap van bidders, waarby mense vir ’n tydperk kan aansluit;
7. die verwante **“Family Prayer”**-beweging van Vader Byrne wat veral deur gesinne in Rooms-Katolieke kringe beoefen word;
8. die Franse **Taizé** gebedsinisiatiewe van Broer Roger, wat Skrifwoorde, liedere, stiltes, ruimtes en verskillende voorwerpe kreatief benut om gelowiges op liturgiese en meditatiewe wyse in gebed te begelei;
9. die **“Fasting & Prayer”**-beweging van Campus Crusade for Christ (en verskeie ander kerkgroeperinge) – wat wêreldwyd Christene oproep tot spesifieke tye van vas en gebed, soms vir ’n spesifieke gebedsinisiatief en ander kere in ooreenstemming met die kerkjaar, veral in Lydingstyd;
10. die **“24-7”** gebedsbeweging – ’n Internet-gekoördineerde gebedsaksie van Pete Greig (24-7prayer.com) wat groepe help om ’n hele week lank in gebed te verkeer (24 uur 7 dae lank). Dit vind veral onder Europese Generasie X-ers byval en is gebaseer op die Morawiese voorbeeld van Von Zinzendorf wie se soortgelyke gebedsaksie meer as ’n 100 jaar lank dag en nag geduur het en groot invloed op die sendingterrein gehad het;
11. verskeie **nasionale** gebedsbewegings, waarin **intersessie** deur die bekendmaking van nasionale gebedsbehoefes en mobilisering van groot getalle voorbidders ’n belangrike rol speel–

byvoorbeeld die Amerikaanse National Prayer Committee ('n versamelpunt vir bykans 40 Amerikaanse gebedsorganisasies gelys by [gospelcom.net/npc/organizations/national.html](http://gospelcom.net/npc/organizations/national.html)) en die Suid-Afrikaanse NUPSA gebedsbeweging, aanvanklik van OM, maar van 1998 af onafhanklik, ([nupsa.org.za](http://nupsa.org.za)) wat as 'n nasionale netwerk vir gebed funksioneer in hulle onderskeie lande;

12. verskeie **internasionale** gebedsbewegings, wat dieselfde doelwitte as die nasionale gebedsbewegings het maar meer op internasionale tendense en behoeftes en mobilisering konsentreer. Hulle funksioneer as inligting- en koördineringsentrums, soos bv die World Prayer Movement ([wpccs.org](http://wpccs.org)) wat intussen deel van Global Harvest Ministries ([globalharvestministries.org](http://globalharvestministries.org)) geword het en ook die United Prayer Track van die internasionale AD2000 beweging ([ad2000.org](http://ad2000.org)) gekoördineer het (tot met die sluiting 31 Maart 2001) wat onder andere die volgende inisiatiewe insluit:

- die **“Praying through the Window”**-beweging – waar gebed op die 62 lande in die 10/40 venster (die gebied tussen die 10de en 40ste breedtegraad in die Noordelike Halfrond) gefokus word vanaf 1992;
- die **“Children’s Global Prayer Movement”** van **AD2000** vir kinders 12 jaar en onder – soos onder andere by die onderskeie GCOWE kongresse beoefen is.

13. die gebedsbeweging wat tans groot internasionale impak het en deel uitmaak van 'n groot aantal van bogenoemde gebedsbewegings, is die gebedsinisiatiewe wat onder die oorkoepelende term **Geestelike Oorlogvoering** bekend geword het. Dit gaan gepaard met **gebedsmarse** en **gebedsreise**, **geestelike kartering** van gebiede (vgl George Otis jnr), gebed teen **territoriale geeste** en selfs sekere **liturgiese vorme van geestelike oorlogvoering** (Vgl Lausanne DUFE: “Worship is spiritual conflict” in die Consultation Statement: 2000).

- Veral die bydraes van Warner en Wagner, wat 'n leidende rol in die AD2000 beweging gespeel het, speel hierin 'n bepalende rol.
- By die *“Deliver Us from Evil”* (DUFE) konsultasie van die *Lausanne Committee for World Evangelization* in Kenia – gehou van 16 tot 22 Augustus 2000 in Nairobi en bygewoon deur 30 afgevaardigdes uit 'n groot verskeidenheid van agtergronde en affiliasies – is die volgende vertrekpunt goedgekeur, wat as die heersende standpunt hieroor gesien kan word: “We believe that we are engaged in constant spiritual warfare with the principalities and powers of evil, who are seeking to overthrow the Church and frustrate its task of world evangelization. (Lausanne Covenant, 1974)  
We affirm that spiritual warfare demands spiritual weapons, and that we must both preach the word in the power of the Spirit, and pray constantly that we may enter into Christ's victory over the principalities and powers of evil. (Manila Manifesto, 1989)  
We agreed that evangelization is to bring people from darkness to light and from the power of Satan to God (Acts 26:17). This involves an inescapable element of spiritual warfare. (Lausanne Statement on Spiritual Warfare, 1993)”
- Organisasies soos The Spiritual Warfare Network (Mike en Cindy Jacobs) posisioneer hulle selfs om te funksioneer as 'n soort oorlogsentrum vir voorbidding en geestelike oorlogvoering. Hierdie organisasie noem hulleself die “Generals of Intercession” (kyk bv by [generals.org/](http://generals.org/) vir meer inligting) met Psalm 2:4 as leuse (“Vra My, en Ek gee volke vir jou as eiendom, die hele aarde as jou besitting.”). Hulle funksioneer op nasionale (Amerika) en internasionale terrein om spesifiek “strongholds” af te breek. Verskillende inisiatiewe word onderneem, soos die “Pray California” veldtog in 1998 in Oakhurst (die geografiese sentrum van die staat), waar gefokus is op die belydenis van nasionale sondes (bv die verbreking van 18 verdrae met die “Native Americans” en 52 verskillende “massacres” in die geskiedenis van die ontwikkeling van Amerika). 37 Spanne het ook deur die 4 uithoeke van hierdie staat gereis na historiese antieke plekke van aanbidding om te bid, nagmaal te gebruik en “stakes” (grensperne) in te slaan en die land terug te eis van God onder andere deur die blaas van sjofars (Bybelse horings).
- Soortgelyke aksies is reg oor Amerika (bv Massachusetts, Kansas en die 4 uithoeke van die VSA) en die w reld al gedoen (bv Alaska, Kanada, Hawaii, Israel, Afrika en selfs in Tibet by Mount Everest [die berg word “Sagarmata” genoem in die plaaslike dialek, wat “moeder van die Heelal” beteken] in die Himalayas – gemik teen die territoriale gees, die sogenaamde koningin van die hemel).
- Daar is nou selfs 'n rekenaarspeletjie “Spiritual Warfare” waar jy in 12 verskillende terreine demone kan aanvat en oorwin!

- Ook die w reldwye “Transformation”-beweging (George Otis) gebruik geestelike oorlogvoering as sleutelmetodiek. Dit word ook hier in Suid-Afrika deur baie gelowiges, gemeentes en organisasies beproef. Vergelyk byvoorbeeld die saamtrekke wat in 2001 begin is in Kaapstad deur die visie van Graham Power, waar geestelike oorlogvoering onder andere as strategie benut word. Die inisiatief het nou reeds na verskillende stede versprei in Suid-Afrika met groot saamtrekke wat gehou word op Menseregtedag 21 Maart.

## **2.2 GROOT VERSKILLE IN BESKOUINGE OOR GEESTELIKE OORLOGVOERING**

2.2.1 Uiteraard is daar groot verskille in die interpretasie van en beoordeling van die praktyke wat met die verskillende gebedsbeskouings verbind word. Dit veroorsaak onder andere dat enige evaluering van die begroning van die onderskeie beskouinge oor gebed, die hele spektrum van die teologiese besinning betrek. 'n Mens sou tereg kan sê: **Gebed ... is geloof ... is dogma!**

2.2.2 In die navorsing het dit geblyk dat die verskille veral skerp is in die beskouinge wat die gebedspraktyke van geestelike oorlogvoering begrond.

2.2.3 Vergelyk hiervoor die verklaring van Junie 2000 van die Fuller Theological Seminary in Pasadena Kalifornië dat daar versigtiger met oorlogsmetafore gewerk moet word omdat dit maklik misverstaan kan word en teenproduktief in die evangeliebediening kan werk:

*“In June, 31 representatives of evangelical mission groups signed a statement calling for the immediate halt to the inappropriate use of war imagery in mission work. They urge organizations to stop using words like crusade, conquer, advance, enemy, and beachhead and use words like blessing, healing, inviting, sowing, and fishing instead. [Warfare words] have become increasingly counterproductive to mission work, sometimes endangering the lives of local believers, and are being used by opponents of the church to indict and impede its work,” says the statement.” (Gorski, 2000).*

2.2.4 Maar dit is nie net geestelike oorlogvoering as missionêre strategie wat bevaagteken word nie. Dit is ook die tipe wêreldbeeld wat daarin na vore kom, die sieninge oor demone, die Godsbeeld, en die Skrifgebruik – veral in die gebruik van Bybelse metafore – waaroor verskil word.

2.2.5 In 'n poging om 'n sterker gerigtheid aan die ondersoek rakende die verskeidenheid van gebedsbewegings te gee, is daar besluit om die beskouinge wat veral in die geestelike oorlogvoering-beweging voorkom, die fokus van hierdie navorsing te maak. Die riglyne wat uit die beoordeling daarvan na vore sal kom, kan dan met oorleg ook op die ander gebedsbewegings van toepassing gemaak word en dien as 'n verantwoorde beskouing oor die wyse waarop met die onderskeie gebedsbewegings meegeleef kan word deur gelowiges van ons kerk.

**Dis ook belangrik om te bevestig dat die doel van die ondersoek daarop gemik is om gelowiges te help om met verantwoordelikheid by gebedsaksies betrokke te raak. Die vertrekpunt is dat met die regte metaforiese verstaan van geestelike oorlogvoering tog saamgewerk kan word met gelowiges wat dit op 'n ander manier verstaan, sonder om daarmee alles vir soetkoek op te eet. Ons hoop dat gelowiges só die kaf van die koring in die saak kan skei en steeds met oorgawe by gebed betrokke sal raak ook waar saamgewerk word met gelowiges wat met 'n ander verstaansraamwerk optree.**

## **3. GEESTELIKE OORLOGVOERING: 'n KRITIESE EVALUERING VAN HEERSENDE TEOLOGIESE BESKOUINGE**

### **3.1 INLEIDING**

3.1.1 Geestelike oorlogvoering vind sy begroning in die Bybelse metafoer van die stryd tussen die twee koninkryke van Lig en Duisternis, wat hom uitwoed in die lewe van die hele mensdom. (Vir meer inligting oor die die duiwel en verwante onderwerpe, vgl die werke van J B **Russell** (*The Prince of Darkness : Radical Evil and the Power of Good in History* 1992; *Mephistopheles : The Devil in the Modern World*, 1986; *Lucifer : The Devil in the Middle Ages*, 1984; *Satan : The Early Christian Tradition*, 1981; *The Devil : Perceptions of Evil from Antiquity to Primitive Christianity*, 1977) en B P **Levack** (redakteur van 'n 12 volume werk: *Witchcraft, Magic and Demonology*, 1992) wat 'n enorme hoeveelheid inligting beskikbaar gestel het hieroor. Vgl ook die werk van P **Carus** (*The history of the Devil and the Idea of Evil*, 1900) wat as ateïs reeds aan die begin van die vorige

eeu gesoek het na die waarheid agter die mite en simboliek van die duiwel. Vergelyk ook L Els & K Jonker *Satanism in South Africa*, 2000.)

3.1.2 Aan die een kant moet erken word dat hierdie metafoor nog altyd 'n integrale deel was van die verstaan en praktyk van die kerk regdeur die eeue onder andere ook in die Gereformeerde verstaan van die evangelie. (Vergelyk die duiweluitdrywers van die vroeë kerk (volgens Eusebius) en die getuienisse van sendelinge, veral wanneer in nuwe sendingvelde op God se “mags”-ingrype op bv die weerstoestande staatgemaak is as tekens om die plaaslike bevolking van die geloofwaardigheid van die Christelike godsdiens te oortuig (Rommen, 1995:2).)

3.1.3 Calvyn skryf hieroor in hoofstuk XIV van sy Institusie in 'n onderafdeling van sy teologisering oor God as Skepper, waarmee hy duidelik aantoon dat hy die duiwel en sy demone as ondergeskik aan God en sy regering beskou (McNeill, 1977:172 vv), soos dit immers later ook in die Nederlandse Geloofsbelijdenis artikel 12 neerslag gevind het in die afwysing van die Manigeërs se standpunt “dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie”. Met hierdie indeling wil Calvyn gelowiges hoop gee vir die geestelike stryd waarin hulle gewikkel is, 'n stryd wat hy tog as baie reël beskou. Daarom waarsku hy gelowiges teen agterloosigheid en lafhartigheid in die stryd teen die bose en pleit hy vir 'n moedige, standvastige en volhardende houding.

3.1.4 Duidelik het Calvyn die duiwel as 'n reële werklikheid beskou teenoor die idee dat die duiwel en demone slegs menslike gedagtes sou wees, anders sou die verwysing na duiwels in die Bybel na sy mening redelik sinloos wees, sowel as die hele idee van die eindoordeel en alles wat daarmee gepaard gaan (1977:178-9). Omdat die duiwel God se teëstander is en die stryd tussen hulle onversoenbaar is, word ons daarom deur Calvyn opgeroep tot 'n volhardende stryd, 'n geestelike weerstand teen alles wat die duiwel doen en waarvoor hy staan. Hy beredeneer dit veral uit die oorwinning wat reeds behaal is op Golgota wat 'n kompromielose geveg met die duiwel moontlik maak.

3.1.5 Tog het hierdie perspektiewe aan die ander kant nie beteken dat daar veel gemaak is van die praktiese implikasies wat geestelike oorlogvoering vir die lewe van die gelowige en die kerk sou inhou nie. Dit het veral nie gely tot 'n globale verstaansraamwerk of model wat as begroning van 'n beweging kon dien nie. Slegs sporadiese werke, soos bv die werk van Jessie Penn-Lewis (*War on the Saints*, 1912 met E Roberts) het hierop gekonsentreer, hoewel dié boek vir baie mense, veral in sendingsituasies, 'n soort handboek vir die verstaan van geestelike oorlogvoering geword het. Dit was onder andere omdat haar boek hierdie oorlogsmetafoor eksplisiet as verklaaringsmeganisme vir die ervaringswêreld van die gelowiges in sendingsituasies benut het.

3.1.6 Vanaf die sestigerjare maar veral vanaf die laat 1980's en begin 1990's het daar egter 'n nuwe belangstelling in die onderwerp tot stand gekom asook 'n nuwe verstaan van die wyse waarop geestelike oorlogvoering begrond en prakties aangepak moet word. Hierin het die beskouing van Warner (*Spiritual Warfare: Victory over the Powers of this Dark World*: 1991) en Wagner (*“Territorial Spirits and World Missions”*: 1989 en veral die 6 dele van die *Prayer Warrior Series* daarna) 'n beduidende rol gespeel het.

3.1.7 Gegewe Wagner se verbintenis aan die AD2000 beweging, word geestelike oorlogvoering daarom toenemend deel van baie sending- en evangelisasiebewegings se bedieningspraktyke. Sendelinge word al hoe meer opgelei in die begroning, strategie en beoefening van geestelike oorlogvoering as die model van hulle totale bediening, wat nie net 'n ander benadering tot die bediening verskaf nie, maar die gevaar van verwaarlosing van ander integrale bedieningsfoci en –metodes inhou.

3.1.8 Hierdie ontwikkeling noodsaak dus 'n interpretasie en evaluering van die grondliggende motiveringe en argumente wat in die teologisering rondom geestelike oorlogvoering gebruik word en tot sekere praktyke aanleiding gee.

3.1.9 Daarom sal eerstens aandag gegee word aan die **redes** vir die groeiende belangstelling in die bedieningspraktyk van geestelike oorlogvoering. Daarna sal enkele **problematiese aspekte** in die denksisteme daaragter ondersoek word met die oog op 'n verantwoorde **standpunt** oor en begroning van geestelike oorlogvoering.

## **3.2 REDES VIR DIE BELANGSTELLING IN GEESTELIKE OORLOGVOERING**

\* 'n Ontleding van die redes vir die groeiende belangstelling in die onderwerp van geestelike oorlogvoering toon 'n interessante mengsel van fundamentalistiese en mistiese perspektiewe asook

die herbenutting van metaforiese beelde wat die werklikheid kan herinterpreteer en as bedieningstrategie kan dien.

\* Aan die een kant vertolk sommige eksponente die Bybelse metafore op 'n letterlik-konkrete wyse, waarmee hulle die teks van die Bybel a-histories en tydloos interpreteer aan die hand van hulle eie ervaringsparadigmas.

\* Hoewel baie gelowiges met reg hierdie verkragting van metafore afwys, maak hierdie Bybelse metafore van oorlogvoering aan die ander kant vir baie ander gelowiges – wat oop is vir 'n meer mistiese beleweniswêreld – al hoe meer sin, omdat die metafore kategorieë verskaf waarbinne die werklikheid nuut verklaar kan word. Dis immers juis die verwaarlosing van verbeeldingryke metafore wat die belewenis van die werklikheid kan kniehalter en tot stagnasie van bewussyn kan lei.

\* Die opgaaf van redes wat hieronder aangegee word, is nie 'n empiriese ontleding nie, maar is perspektiewe wat uit die lees van die onderskeie denkrigtings na vore gekom het.

### **3.1.1 'n Groeiende onbehae in 'n suiwer rasonele modernistiese benadering tot die lewe**

1. Daar is 'n groeiende onbehae by baie gelowiges in 'n suiwer rasonele modernistiese benadering tot die lewe. Dit sien 'n mens in 'n toenemende fokus op intuïsie, geestelike ervarings en mag (tekens/wonders). (Lausanne Theology Strategy Working Group 2000 “Consultation Introduction.”) In die sekulêre en groeiende post-moderne Westerse wêreld- en lewensbeskouings, is daar 'n toenemende openheid vir en soeke na mistiese en/of ervarings-gerigte lewensbeskouings – soos ook gesien kan word in die belangstelling in strominge van die breë New Age beweging.

2. Geloofsbeskouinge, gevorm uit geestelike ervarings en intuïtiewe aanvoelings, raak toenemend vir baie mense belangriker as die redelike verstaan en begroning van geloofsinhoude. Dis ook toenemend die geval onder Pentekostalistiese - en Charismatiese kerke, waar 'n groter openheid vir nuwe geestelike ervarings (visioene, profesieë, ingewings ensovoorts) en die beoefening van bevryding (exorcism) die bedieningspraktyk en die teologiese besinning beïnvloed. Dit beteken dat die redelike verklaring van alles, die erfenis van die “Verligting”, toenemend versak word en sin en betekenis in nie-analitiese ervarings gesoek word.

### **3.1.2 'n Sosiale hanteringsmeganisme teen post-modernistiese relativisering en fragmentering**

1. Geestelike oorlogvoering is vir baie ander gelowiges 'n sosiale hanteringsmeganisme wat 'n gevoel van beheer gee in tye van sosiale onrus waardeur die post-moderne relativisering en fragmentering van ons leefwêreld die hoof gebied kan word.

2. Baie mense kan moeilik met die post-moderne relativisering van die werklikheid saamleef en gryp na geestelike oorlogvoering as 'n manier om sin te maak van die lewe. Richardson (1991) suggereer dat die belangstelling in Sataniese aktiwiteit 'n sosiologiese fenomeen is, wat veral voorkom in tye van sosiale onrus en angs. 'n Demonologie help mense om die foute in die samelewing te help beoordeel en hulle gevoelens van magteloosheid te legitimeer (Hy illustreer dit met verwysing na die heksejagte van die 17de eeu).

3. Waar die radikale post-modernistiese kringe juis “totalizing metanarratives” verwerp en weerstand bied teen “the tyranny of wholes” (Mouw 1998), gee die metafoer van geestelike oorlogvoering 'n oorkoepelende verenigende verstaansraamwerk waarmee die hele menslike bestaan sinvol beskryf en gevolglik “beheer” kan word.

### **3.1.3 Kontak met die beleweniswêreld van die etniese kerke uit Afrika, Suid-Amerika en Asië**

1. Die globalisering van die wêreldgemeenskap bring al hoe meer Westerse gelowiges in kontak met die beleweniswêreld van etniese kerke uit Afrika, Suid-Amerika en Asië. Dit beteken dat daar op alle gebiede raakpunte en punte van wedersydse beïnvloeding tussen mense uit verskillende agtergronde en kulture kom. Dit sien 'n mens alreeds op groot skaal in die invloed wat die immigrasie van aanhangers van Islam, Hidoëisme en Boeddhisme na die Weste het in die groter bewussyn van en kontak met kernaspekte van dié godsdienstbeskouinge.

2. Ook in die groeiende onderlinge internasionale samewerking tussen kerke van al die kontinente, veral op sending en barmhartigheidsgebied, lei die onderlinge kontak tot 'n groter bekendheid met ander vorme van spiritualiteit (IWG 1993).

3. Een van die perspektiewe wat veral uit kerke in Afrika en Asië kom, is dat Christene wat uit 'n spiritistiese, animistiese of okkultiese agtergrond kom, steeds aan die nagevolge van dié agtergronde ly. Hulle verbind dit ook aan die tweede gebod van die dekalog, dat die sondes van die vaders besoek word aan die derde en vierde geslag. Op dieselfde wyse verbind hulle die feit

dat Westerse Christene in die algemeen min ervaring van die magte van die duisternis het, aan die tweede gebod se belofte van seën tot in die duisendste geslag.

4. Daar is egter ook nog 'n ander gevolg van hierdie kontak. Volgens die Lausanne Komitee vir Wêreldewangelisasie het die swaartepunt vir inisiatiewe in evangelisasie reeds geskuif na kerke in die ontwikkelende wêreld (IWG 1993). Dit beteken dat die metodes en werkswyses van etniese kerke 'n al hoe groter invloed op missiologiese denke het. Die ervaring van lidmate uit gebiede wat vroeër eerstehands met hierdie magte van die duisternis kontak gehad het, lei onvermydelik tot strategieë om hierdie magte te bestry. Dit het 'n natuurlike manier van dink en werk geword, veral in die sterk groeiende Pentekostalistiese kerke.

5. Kraft (1995:92) – kollega van Wagner by Fuller, 'n antropoloog wat ook as sendeling in Nigerië gedien het – sê een van die grootste probleme in die Christendom is “dual allegiance” – dit is Christene wat hulle aan Christus toegewy het, maar steeds na die toordokters en sjamans gaan as hulle 'n behoefte aan geestelike krag het. “The gospel message has encountered them at the point of allegiance ... but they have not come to experience anything within Christianity that confronts and replaces their previous sources of spiritual power.” Hulle soek die krag tot genesing en bo-natuurlike leiding.

6. Hierteenoor kan 'n mens nie net met 'n siniese dekonstruksie van hulle denksisteme reageer nie. Die bese magte is net te 'n groot werklikheid in die lewe van baie gelowige mense uit die dele van die Christendom. 'n Mens sien dit selfs in sulke Christene se politieke perspektiewe, soos 'n berig voor 'n onlangse Suid-Afrikaanse verkiesing in Desember 2000 uitwys:

**“Voters warned about witchcraft”** (*Star*, 4/12/2000:2): “The United Christian Democratic Party of former Bophuthatswana leader Lucas Mangope yesterday warned its agents not to accept anything, including food, from their opponents on election day, because they would fall asleep and be robbed. Speaking at the party's last election rally at the Olympia Stadium, UCDP secretary-general warned people to watch out for witchcraft, ‘which may result in us losing the election in the area.’”

### 3.1.4 Tradisionele sendingstrategieë word ontoereikend belewe

1. Daar is toenemend 'n rapport van sendelinge en sendingorganisasies wat die tradisionele sendingstrategieë (taalverwerwing, verinheemsing, verhoudingsbou, lewensstyl evangelisasie ensovoorts) ontoereikend bevind, veral waar daar 'n sterk vyandige teenstand van ander godsdienste of politieke sisteme ondervind word. Geestelike Oorlogvoering begin gevolglik veld wen as 'n ander tipe missiologiese strategie wat spruit uit hierdie ontnugterende ervaring dat die tradisionele sendingstrategieë ontoereikend is.

2. Tippet beredeneer die strategiese belang van 'n “power encounter” in gemeenskappe wat hoofsaaklik met 'n animistiese verstaansraamwerk lewe om hulle na 'n suiwer Christelike lewenspraktyk te kan skuif. Hy beklemtoon die belang van 'n ervaring wat “a putting to an end the struggle for decision, which involves a putting to the test of the old powers” behels as deel van die verskillende fases waardeur 'n persoon vanuit 'n volledig heidense (pagan) paradigma beweeg na 'n volwasse Christelike lewenswandel (Rommen 1995:3). Die tradisionele bedryf van sendingwerk laat mense hoogstens 'n soort sinkretistiese Christendom aanhang waarin die magte van die godsdienstkultuur waaruit hulle kom, steeds in volle swang voortleef.

3. Van hierdie perspektiewe beïnvloed interessant genoeg ook die teologisering van die “church growth” beweging. Aanvanklik is veral die sosiale menswetenskappe se strategieë gebruik, maar toenemend word daar ook geestelike oorlogvoering strategieë ontwikkel. Wagner, een van hulle mees prominente eksponente, skryf byvoorbeeld nou amper uitsluitlik oor gebed en geestelike oorlogvoering. Dit wil voorkom asof een van die redes hiervoor moontlik die mislukking van die gemeentebou strategieë in vyandige omgewings is. Dit hang bes moontlik ook saam met die feit dat baie gelowiges en kerke die klem al hoe meer op tekens en wonders laat val (Rommen 1995:4). (Vgl ook die wêreldwye belangstelling in geloofsgenesers, soos Josua van Lagos Nigerië.)

Die probleem is dat hierdie “power encounters” eintlik net 'n nuwe tipe animistiese wêreldbeeld skep, waarin die Christelike God net sterker is as die magte wat voorheen oor die lewens van mense geheers het! Priest, Campbell en Mullen beskryf hierdie ontwikkelings as deel van die paradigmaskuif wat op die sendingvelde plaasvind in hulle artikel met die beskrywende titel: “Missiological Syncretism: the New Animistic Paradigm” (1995:9). Hierdie skuif kom onder andere as gevolg van 'n diepgesetelde behoefte aan mag en gesag in 'n bevreemdende vyandige sending-

of evangelisasie situasie (1995:2). Tekens en wonders en 'n liturgiese geveg met die bese verleen 'n belangrike impetus aan gelowiges se volgehoue betrokkenheid ten spyte van teenkantiing.

4. Maar dié beskouinge is natuurlik nie net beperk tot dit wat op die sendingfront gebeur nie. Die sterk fokus op wonders as 'n konfrontasionele tentoonstelling van die krag van God, word verbind aan 'n ewe sterk klem op die bevryding van Westerse gelowiges van die mag van die bese, soos dit in “demonizing activity” na vore kom (Conn 1995:4).

5. Die toppunt van hierdie konfrontasionele benadering word gevind in die identifisering van territoriale geeste (Warner en Wagner) wat spesifieke gebiede beheer en daarom bestry moet word. Die gebruik van “spiritual mapping” is 'n belangrike deel van die strategie om hierdie gebiedsgeeste te identifiseer (George Otis jr).

## **3.2 PROBLEMATIESE ASPEKTE IN DIE BEDIENINGSPRAKTYK VAN GEESTELIKE OORLOGVOERING**

### **3.2.1 Magiese Wêreldbeeld**

1. Daar is 'n groeiende blootstelling aan animistiese en okkultistiese wêreldbeskouinge uit Derde Wêreld lande. Die gevaar bestaan natuurlik dat hierdie beskouinge onkrities van toepassing gemaak word onder andere op Ou Testamentiese analogieë. Die Ou Testament word dan reglynig verklaar vanuit hierdie wêreldbeskouinge. Die invloed van die Nuwe Testament wat die Ou Testament sieninge aanvul word buite rekening gelaat om nie te praat van ander insigte (Kopernikus, Galileo, Newton, Einstein) wat deur die loop van die eeue vir die mens oopgegaan het nie.

2. Priest, Campbell en Mullen (1995:9) verduidelik hoe – vanweë al die ervaringe wat sendelinge daagliks opdoen in hulle kontak met die magte van die bese – die Skrif herondersoek word “through the lens of such experience”. Basies is die teologie wat daaruit gebore word 'n animistiese en magiese interpretasie van die geestelike wêreld gesinkretiseer met Bybelse leringe, wat op sy beurt as basis vir die sendingmetodiek gebruik word.

3. Dit lei tot dogmas soos die volgende:

- Kwesbaarheid vir demone deur kontak met fisiese objekte;
- Kwesbaarheid vir demone deur vloeke van ander;
- Kwesbaarheid vir demone deur oordrag langs generasieslyne (Genealogical Transmission);
- Kwesbaarheid vir demone deur kontak met 'n geografiese plek (die hoof gebied deur Strategic-level spiritual warfare).

4. Dié dogmas het praktiese implikasies vir sosiale verhoudings, vir geestelike sekuriteit en die sendingmetodologieë. Die invloed op die wêreldbeeld van Christene is ook redelik radikaal (Rommen, 1995:2). Alles word in terme van onsienlike dinge verklaar, wat uiteindelik tot 'n vreespsigose kan lei. Sommige sendelinge is bv bang om op hulle rug aan die slaap te raak in die meer radikale Moslem lande, omdat die Moslems glo dat bese geeste jou kan pla as jy op jou rug lê.

5. Kraft kom teen 'n animistiese evaluering van sekere standpunte in geestelike oorlogvoering in opstand en maak die punt dat kritici die verskil tussen gesag en animisme misverstaan. Gesag funksioneer volgens hom nie outomaties nie, maar in verhouding met die Gesaggewer. “When formulas are used (e g ‘in Jesus’ name’), therefore, the results flow from the relationship and the obedience to the personal Source of power behind the formula, not from the formula itself.” (1995:97).

6. Die punt is egter dat Kraft die animistiese wêreldbeeld nie-krities aanvaar, selfs eerder as 'n Bybelse wêreldbeeld wat tog duidelik nie-animisties is. Daarby word die formules baie deterministies verstaan en gebruik, asof sekere woorde en aksies outomaties en noodwendig 'n spesifieke reaksie of gevolg sal hê. Verder val die klem in die Bybel op 'n persoonlike God en 'n lewende verhouding met Hom. So was dit met die profete en so was dit met die apostels. Die hele gedagte van 'n fokus op onpersoonlike kragte en magte is 'n gedagterigting vreemd aan die gerigtheid van die Bybel en behoort hoogstens tot die wêreld van die towenaars en waarsêers en selfs dié word meermale as onsinnig uitgewys, selfs waar dit met afgodsbeelde verbind word. Vergelyk hiervoor 2 Kon 19:18: “en hulle gode (is) verbrand, maar dit was nie gode nie, dit was die werk van mensehande, hout en klip; daarom is hulle vernietig.”

7. Paulus kry juis teenstand van die afgodsbeeldmakers oor hierdie standpunt in Efese (Hand 19:26) en moet selfs van sy mede-Christene in Korinte herinner dat hulle nie te veel van die afgode

moet maak nie (1 Kor 8:4-6: *“ons weet dat daar geen afgod in die hele wêreld is wat iets beteken nie, en dat daar ook geen God is nie, behalwe Een. En al is daar ook sogenaamde gode, of dit in die hemel en of dit op die aarde is, soos daar trouens baie is wat "God" en baie wat "Here" genoem word, is daar nogtans vir ons net een God: die Vader, uit wie alles is en vir wie ons lewe; en net een Here: Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe.”*)

### 3.2.2 Epistemologie, hermeneutiek en Skrifgesag

1. Dit is al aksiomaties dat ons wêreldbeskouing ons interpretasie van ons ervaringe bepaal (Lewis, 1947:7). Die filosofiese vraag na wat ons bereid is om te aanvaar of erken en daarom te glo, is daarom baie keer belangriker as die historiese of empiriese vrae. Dit lei ons onvermydelik na die epistemologiese vraagstelling, dws hoe weet ons wat ons weet?

2. 'n Mens sien hierdie vraag geïllustreer bv in Wagner se identifisering van 'n besondere invloedryke demoon wat hy die “Queen of Heaven” noem, onder andere op voetspoor van Jer 7:18. In 'n geheime “Operation Ice Castle” in 1997 het 'n span intersessors, gelei deur Doris Wagner en Ana Mendez van Mexico, na die Mount Everest gebied in die Himalayas gereis om 'n direkte gebedsaanval te loods teen een van die “Queen of Heaven” se gewaande tuistes. Dié aannames is onder andere gebaseer op die feit dat Mount Everest deur die plaaslike bevolking “Sagarmata” genoem word, wat beteken: moeder van die heelal.

3. Wagner gaan verder om haar as die sleutelmag agter Islam te identifiseer in die gedaante van die Maangodin: “one of the Queen of Heaven’s most flexible and adaptable identities.” 'n Sterk hipotese waarmee hy werk, is dat die “Queen of Heaven” vanuit die ou stad Efese in Turkye werk, wat as haar territoriale sentrum funksioneer. Die identifikasie het gelei tot 'n verdere operasie: “Operation Queen’s Palace” in Turkye gedurende Oktober 1999 en gekulmineer in die huidige projek: “Operation Queen’s Domain” wat fokus op die nuut-gedefinieerde 40/70 venster (in onderskeid van die bekende “10-40”-venster wat die mins-geëvangelizeerde gebiede tussen die 10de en die 40ste breedtegraad in Afrika en Eurasië insluit) – die koningin van die hemel se primêre domein – wat 'n voorgestelde duur van 5 jaar (2000-2004) sal hê (*What we might call the "Queen's Domain" is an imaginary geographical area between 40 and 70 degrees north of the Equator, the "40/70 Window." It runs from the western tip of Ireland to the eastern tip of Siberia. It covers twelve time zones from Greenwich Mean Time to the International Date Line. On one side, the waves of the Atlantic Ocean roll up through the Bay of Biscay and on the other side the waves of the Pacific Ocean roll up through the Bering Sea. In the 40/70 Window we find Europe, Eurasia, the Northern Mediterranean, Russia, Armenia, the Balkans, Turkey and the Turkic Belt, the "stans" of the former USSR, the ancient Silk Road running from Greece to China, Mongolia, the Xinjiang Province of China, North Korea, the Hokkaido Island of Japan just to name a few of the incredibly important geographical regions.*)

4. Die kritiese vraag is egter, hoe Wagner en ander wat met hierdie epistemologiese skemas werk, weet wat hulle voorgee om te weet. Greenley wys bv op die kritiese onderskeid wat 'n mens moet tref tussen ontologie (wat is regtig werklik) en fenomenologie (wat ek ervaar/waarneem as werklik) in die debat hieroor, iets wat nie baie aandag kry in geestelike oorlogvoering kringe nie. Deur die eeue was daar egter baie waarheidsaansprake wat met tyd verkeerd bewys is met nuwe inligting wat beskikbaar geraak het. Vergelyk bv die aansprake wat Aristoteles gemaak het oor wit lig as 'n suiwer ondeelbare fenomeen wat deur die waarneming van Newton met 'n glasprisma aangepas is deurdat hy gewys het dat wit lig uit verskillende kleure bestaan. (Uiteraard is ook hierdie waarheidsaanspraak van Newton slegs in die klassieke fisika waar, omdat nuwe waarnemings in die kwantum-fisika ook weer gewys het dat hierdie kleure uit fotone bestaan wat nie net 'n golflengte het nie, maar ook 'n meetbare massa en selfs verder gerefrakteer kan word in halwe en derde dele (entangled photons) sodat bv die litografiese proses waardeur rekenaarskyfies (microchips) op die oomblik deur fotone met inligting gelaai word, verder verfyn kan word en die skyfies meer inligting kan bevat as die huidige 25 mikron limiet.) Dieselfde geld uiteindelik ook enige aansprake in die debat oor geestelike oorlogvoering.

5. Dit bring ons by Priest-hulle se uitstekende oorsig op die empistemologie wat in geestelike oorlogvoering kringe geld (1995:25). Hulle wys daarop dat geestelike oorlogvoerders van die volgende metodes gebruik. Hulle:

- ondervra demone (amper soos joernaliste);
- bekom inligting deur beoefenaars van ander godsdienste (bv spiritiste en Sataniëse Hoëpriesters);



- gebruik stories van die sendingvelde om dogmas te bevestig (soms word dit ongelukkig verkeerd bewys);
- gebruik baie keer 'n pragmatiese benadering (dit werk!) en,
- gebruik veral intuïsie (Inner Geiger Counters!) as kenbron;
- maak staat op persoonlike openbarings van God;
- maak vanuit hulle ervarings 'n appél op 'n sekere interpretasie van die Skrif.

6. Kraft maak weliswaar hierteenoor die opmerking dat die inligting wat uit sulke bronne kom en die ervarings wat mense in sendingsituasies opdoen tog wel op een of ander manier verklaar moet word (1995:106)! Dws as daar 'n ander verklaring vir die fenomene is, gee dit en ons sal dit ondersoek! Daarom vra hy vir 'n wetenskap van die geestesgebied, waarin die “dual causation” van alle gebeure, dws menslik en geestelik, verantwoord kan word (1995:120).

7. Die probleem is egter dat in baie gevalle kan net die interpretasie van ervaring as bevestiging dien van sleutelaspekte van só 'n wetenskap, bv die effek wat geïnfekteerde objekte en vloeke en seëninge op mense sou kon hê. Kraft se Bybelse verwysings na bv die demone se oordrag deur die geslagte is erg problematies. Vergelyk maar net sy verwysing na die geval van die blinde man se genesing in Johannes 9, as 'n duidelike geval van demoon oordrag van die ouers na die kind. Dit terwyl Jesus uitdruklik die band tussen die blindheid van die man en sy sonde óf selfs die sonde van sy ouers afwys, om nie eers te praat daarvan dat daar geen demoon ter sprake is nie!

### 3.2.3 Metafore

1. 'n Belangrike ontwikkeling in die debat is dat die terminologie wat in geestelike oorlogvoering gebruik word, alreeds aan die verander is. Dit word gedoen om die konsepte meer aanvaarbaar te maak oor 'n breër spektrum en beteken dat bv van “spiritual conflict” ipv “spiritual warfare” gepraat word (vgl Lausanne DUFE 2000) of selfs van “religious conflict”.

2. Gorski (2000) berig oor 'n groeiende verdeeldheid tussen sendingbewegings oor die konsepte wat in die beskrywing van geestelike oorlogvoering gebruik word. Veral die toenemende gebruik van oorlogsterminologie ten koste van ander sentrale Bybelse vredes- en versoenings-terminologieë, kom onder skoot.

3. Positiewe metafore vir die bediening van die evangelie word dus toenemend voorgestel om die verkeerde persepsies by ander godsdienste se aanhangers die hoof te bied. In Junie 2000 het 31 verteenwoordigers van sendingorganisasies 'n verklaring by Fuller Theological Seminary in Pasadena Kalifornië uitgereik wat die omsigtige gebruik van oorlogsterminologie voorstaan. Die Bybelse metafore van oorlog – hoewel legitieme Bybelse metafore – kan baie maklik letterlik (mis)verstaan word en teenproduktief in die evangeliebediening funksioneer. Metafore van genesing, versoening, vredemaak, ambassadeurs ens kan volgens hulle met meer vrug gebruik word.

4. Ondertekenaars van dié verklaring sluit die Evangelical Fellowship of Mission Agencies en die Interdenominational Foreign Mission Association in, sowel as verteenwoordigers van die Southern Baptist Convention, die Association of Vineyard Churches en die World Evangelical Fellowship in.

5. Luis Bush, internasionale direkteur van die Colorado Springs-gebaseerde AD2000 & Beyond Movement en mede-ondertekenaar van die verklaring, steun die herformulering van metafore veral ter wille van beter kommunikasie in die groter wordende gehoor wat wêreldwyd kennis neem van die Christelike inisiatiewe tot evangelisasie van die mensdom.

6. Selfs Wagner het ten spyte van sy entoesiastiese ondersteuning van die geestelike oorlogvoering beweging, oorlogsterminologie by 'n onlangse gebedskonferensie in Turkye verbied, weens die sensitiewe konnotasie met die Middeleeuse kruistogte en beter kommunikasie in 'n oorwegend Moslem wêreld!

### 3.2.4 Missiologie

1. Hoewel die noodsaak van gebed uiteraard deur missioloë onderskryf word, (Vgl bv Kritzinger, JJ et. al., *On Being Witnesses*, (Halfway House: Orion Publishers) 1994.) bring die konsep van geestelike oorlogvoering tog 'n hele ander perspektief op die verstaan en beoefening van sending. Dit het nie net 'n impak op die verstaan van gebed nie, maar veral op die wyse waarop sending gedefinieer word.

2. Die kerk se roeping word deur geestelike oorlogvoeringsvoorstanners volledig binne die konteks van geestelike konflik verstaan: “We are called to participate in God's mission of fighting evil and the evil one in order to restore what was destroyed as a result of the Fall.” (Consultation Statement: 2000). Hierin speel die bediening van woord (verkondiging), daad (sosiale bedieninge en aksies) en teken (wonders, magsontmoetings [power encounters]) 'n wedersydse integrale rol.

3. Die impak van 'n verkeerde verstaan van geestelike oorlogvoering, sluit onder andere in dat die noodsaak van kontekstualisasie van die evangelie in spesifieke kulture vermy word en meer aandag gegee word aan blote geestelike oorlogvoering.
4. Evangelisasie word daarom vanuit 'n obsessie met duiwels bedryf. Die fokus skuif na 'n stryd met demone as 'n noodsaaklike voorstadium vir die verkondiging van die evangelie aan mense.
5. 'n Verdere probleem is die fokus wat toenemend in geestelike oorlogvoeringskringe geplaas word op gebedsentrums wat "oorlog" voer. Vergelyk bv die World Prayer Centre in Colorado Springs, Colorado. Dit is 'n sentrale bevelsentrum vanwaar wêreldwye gebedsoorloë gevoer word. Militêre terminologie is sentraal. Een van die strategiese groepe is die "Eagles of God" wat 'n soort "rapid deployment force" is. (They will be a small, highly trained, well-conditioned, risk-taking contingency of experienced intercessors who can embark on strategic prayer journeys at a moment's notice. God has commissioned the World Prayer Center to build a core of 30 seasoned strategic-level intercessors, including six prayer journey leaders, as this first-ever rapid deployment force." When the "spiritual radar screens" of the WPC detect a pressing prayer need, the Eagles are on an airplane within 48 hours, headed to meet their colleagues wherever they may be and to pray on site. This is spiritual war.) Die beeld van God wat na vore kom, is 'n God wat alles kan regmaak ... as ons net hard genoeg bid ...
6. Daar is ook 'n groeiende tendens om die klem te verskuif na mag (power) weg van waarheid (truth) (IWG: 1993). Dit lei daartoe dat daar minder aandag gegee word aan die regte leer as aan 'n magsvertoon (power encounters). Valse leringe, onkunde en misleiding kan net met die fokus op die regte leer bestry word en nie deur die magsvertoon van bevrydingspraktyke nie. Dit is juis die Waarheid wat vry maak (Joh 8:32).
7. Daarby is daar 'n tendens om die regte tegnieke en metodes te beklemtoon, wat baie maklik 'n substituuat kan word vir die Bybelse fokus op die lewe voor God (IWG: 1993). Hierdie tegnieke kan uiteindelik die hoofokus raak en die Bybelse fokus op die primaat van evangeliese verkondiging van die Waarheid en van Geloof in Jesus Christus vervang.
8. Aktiwiteite van duiwels vs mense geniet gevolglik voorrang in die leringe van geestelike oorlogvoering. Interessant is dat engele bykans nie genoem word nie. Die onbedoelde gevolg kan maklik wees, dat die duiwel en sy trawante verheerlik kan word in plaas van die volbragte oorwinning van Jesus en die voortgaande werk van die Heilige Gees. Vergelyk bv die popularisering in die boeke van Peretti, waar die stryd vernaamlik tussen duiwels en engele is en die engele letterlik krag kry uit die gebede van die gelowiges. As die mense nie bid nie, verloor die engele. As hulle bid, wen die engele. Daarby is God eintlik heeltemal op die agtergrond en vervul die Heilige Gees bykans geen aktiewe rol in die geloofslewe van mense nie.
9. Die konsep van Territoriale Geeste word meesal ook hierby ingesleep, veral op grond van 'n misverstaan van Daniël 10, hoewel dit verblydend is om te sien dat die Lausanne vergadering oor Geestelike Oorlogvoering nie met alles wat in dié verband gesê en geleer word, kan saamgaan nie: *"While it is possible that Satan manifests himself more strongly in certain places than in others, and that some spirits seem to be tied to certain locations, we agreed there seems to be little biblical warrant for a number of the teachings and practices associated with some forms of spiritual conflict which focus on territorial spirits. We experienced tension over whether there is biblical warrant for warfare prayer against territorial spirits as a valid tool for evangelization. We agreed, however, on the invalidity of the claim that warfare prayer against territorial spirits is the only key to effective evangelization"* (Consultation Statement: 2000).
10. Johnstone waarsku dat in gebiede soos Argentinië, waar groot klem op geestelike oorlogvoering geplaas word en baie suksesse met die evangelisering van gemeenskappe behaal word, die klem baie maklik kan verskuif van "being" na "doing" (1993:96). Die rus in die werk van Christus en die feit dat Hy vir ons alles gedoen het, kan ondergeskik raak aan die werk wat ons namens Hom doen in hierdie wêreld.
11. Dit beteken egter nie dat die fokus op die opdrag wat die Here sy kinders gee, afgeswak moet word nie. Die sinvolle balans tussen identiteit en roeping moet juis gelowiges biddend voor die aangesig van God laat lewe in hierdie wêreld.
12. Gelowiges se persoonlike verantwoordelikheid in etiese sake word ook te maklik verskuif en aan demoniese aktiwiteit gewyt. Die Skrif gee egter baie meer aandag aan die invloed van die "vlees" en die "wêreld" op die lewe van die gelowige as aan die rol van die duiwel in die etiese keuses van die gelowige. Die sterk etiese riglyne van die Bergrede en die briewe van Paulus geniet voorrang in die appél tot 'n verantwoorde lewe van die gelowige.

13. Dit is ook 'n probleem dat van die berigte oor geestelike oorlogvoering en verwante sake, aanvanklik opgehemel word, om later uit te vind dat die aansprake vals was:

14. Vgl bv die verhaal van Mike Warnke (The Satan Seller) wat beweer het hy is 'n satanis wat tot bekering gekom het, oral opgetree het in die evangeliese wêreld, en uiteindelik as leuenaar ontbloot is (Bolt 1994:499).

#### **4. SLEUTELASPEKTE VAN 'n VERANTWOORDE BESKOUING OOR GEESTELIKE OORLOGVOERING**

##### **4.1 METAFORE SE BETEKENIS MOET SINVOL INGESPAN WORD**

\* Die klem op gebed en voorbedding (intersessie) wat deel uitmaak van die Geestelike Oorlogvoering beweging, moet positief beoordeel word. Die nuwe fokus op onbereikte gebiede het eweneens aan 'n groot deel van die Christelike wêreld nuwe motivering gegee om betrokke te raak by die koninkryk van God hier op aarde. Die metafoer van Geestelike Oorlogvoering bring baie keer 'n baie dinamiese verbeeldingryke program van aksie in gemeentes tot stand (Wakely, 1995: 154).

\* Maar die wyse waarop sekere Skrifgedeeltes ingespan word in 'n poging om Bybelse modelle vir Geestelike Oorlogvoering te verskaf, oorspan die betekenis van dié tekse. Dit val ook vreemd op dat een metafoer verhef word tot 'n allermetafoer wat bykans die hele bediening struktureer. Die positiewe metafore wat reg deur die Skrif voorkom, kan selfs met groter vrug gebruik word vir die bediening.

\* Hier volg nou 'n paar van die metafore wat oorwoeker word tot op die punt dat dit die tekse geweld aandoen:

##### **4.1.1 Die Intog in Kanaän as 'n metafoer vir Geestelike Oorlogvoering**

Die Intogtekse (Josua en verder) word baie keer gebruik om op 'n allegoriese manier die geestelike stryd van vandag te verduidelik en as 'n model te dien vir hoe die stryd ook vandag gedoen kan word. Twee voorbeelde:

- Om die fisiese loop om die mure van Jerigo totdat die mure met die geskal van die priesters se trompette geval het, in te span as 'n model om in ons tyd bv 'n skool of 'n stad te omsingel en dit “geestelik” vir die Here in te neem, oorspan die teks van die OT.
- Om die uitspraak in Jos 1:4 dat elke plek waar die Israëliete te voet sal kom, deur die Here aan hulle gegee sal word, te gebruik om op soortgelyke wyse deur 'n land te stap en die land op grond van die fisiese deurkruising daarvan op te eis, doen die teks geweld aan.

##### **4.1.2 Daniël 10 is nie 'n voorbeeld van “Strategic-level” Geestelike Oorlogvoering teen territoriale geeste nie**

1. Daniël 10 vertel die verhaal van Daniël in 'n gebedsworsteling wat 3 weke lank geduur het. Aan die einde van die gebeds- en vastyd verskyn 'n engel aan hom (Gabriël?) en gee aan hom 'n boodskap in antwoord op sy gebede. In die antwoord verwys die engel na ander engele wat aan gebiede (volke) verbind is (Persië, Griekeland, Israel [Migael]). Hoewel 'n mens met reg kan redeneer dat daarmee nie in die eerste plek 'n geografiese aanduiding gegee word nie, maar eerder 'n politiese en demografiese aanduiding, is dit duidelik uit die gedeelte dat die geveg tussen engele (ook “duiwels”?) gevoer is, **sonder die medewerking of intersessie van Daniël**. Dws, selfs indien engele (dit word sommer aanvaar dat van hulle dwiwels is!) aan 'n territoriale gebied toegesê is, het geen gelowige die opdrag tot direkte konfrontasie met die geeste nie.

2. Aangesien dit die enigste Bybelse verwysing is wat vaagweg met die idee van “strategic-level” geestelike oorlogvoering verbind kan word, beteken dit dat die konsep van 'n onderskeid in die vlakke waarop met geeste slaags geraak word net 'n verbeeldingsvlug is. Dit het geen Bybelse basis en berus net op 'n subjektiewe interpretasie van gebeurte.

##### **4.1.3 Judas 9**

Hierdie teks word soms gebruik om gebed as bestraffing van die dwiwele te regverdig. Dit doen egter die teks geweld aan. In die eerste plek is daar nêrens in die gedeelte van gebed sprake nie. Tweedens praat Judas hier van die engel Migael wat met die dwiwele in gesprek was oor die liggaam van Moses en slegs die dwiwele gewaarsku het: “Die Here sal jou straf.” Judas se punt is juis dat dit arrogant is om hemelwesens te laster en te beledig. Die teks kan dus nie as model dien vir geestelike oorlogvoering nie.

##### **4.2 SOLA SCRIPTURA BRING PERSPEKTIEF OP ERVARINGS**

4.2.1 Cole (1997:3-6) maak die belangrike punt dat alle geestelike ervarings deel van ons “God stories” is. Die gevaar is egter dat ons:

- Ons stories oorwaardeer;
- Ons stories onderwaardeer;
- Ons stories onbedoeld herskrywe (manufacturing our stories).

4.2.2 Dit lei tot die versoeking:

- Om religieuse ervarings as sodanig na te jaag;
- Ons eie individuele ervarings in *kerugma* te verander – dws wat ons ervaar, raak deel van die Bybel se storie en van net soveel waarde;

4.2.3 Dit skep ook verkeerde verwagtings:

- Dat die ervarings met God soos die ervarings met ’n beste vriend sal wees;
- Dat religieuse ervarings as sodanig as ’n meetinstrument (index) van Christelike karakter kan dien.

4.2.4 Cole (1997:8-9) stel daarom die bekende **Sola Scriptura as sleutel teologiese beginsel** voor. Die Skrif is die norma normans (die norm wat alle ander norme beheer en bepaal) en ons ervarings norma normata, wat dus veel waarde het, maar altyd ondergeskik bly en ondergeskik gemaak moet word aan die Skrif.

4.2.5 As **kriteria** vir Sola Scriptura stel hy voor dat enige dogma rondom geestelike oorlogvoering:

- **Bybels** sal wees – dws óf daarin beskrywe word óf daarmee in ooreenstemming moet wees;
- **Christologies** sal wees – dws fokus op die rol van Christus;
- **Moreel-eties** van aard sal wees – dws sal werk met die vraag na die etiek wat dit verteenwoordig.

### **4.3 DIE BESTAAN VAN DIE DUIWEL, DEMONE EN OOK ENGELE KAN NIE ONTKEN WORD NIE, MAAR MOET NIE OORSKAT WORD NIE.**

4.3.1 Hoewel die angelologie (leer van die engele) en die demonologie (leer van demone) nie as ’n deeglike uitgewerkte sisteem in die Skrif voorkom nie, word die bestaan van die engele, demone en die duivel deur die Skrifboodskap eenvoudig as ’n werklikheid aanvaar. Daar is ’n wye aanvaarding van engele en demone in die Bybel en ook in die ander Joodse tekse van daardie tyd (De Villiers, 1997:16.4), sonder om te veel oor hulle uit te brei.

4.3.2 Daar is byvoorbeeld geen sprake van ’n dominerende rol wat hulle sou speel nie. Die enigste bestaansruimte wat hulle het, is een waarin hulle as ondergeskik aan Jahwe geteken word – die engele in die teenwoordigheid van God en die demone meesal weg van sy teenwoordigheid op die aarde en onder die aarde. Veral demone het in die Ou Testament ’n totaal ondergeskikte plek gehad as dit vergelyk word met hulle rol in ander godsdienste (vgl die groot voorkoms van bv besweringsformules in tekse uit die Ou Nabye Ooste teenoor die min gegewens hieroor in die Bybel). Daar is bv geen duidelike geval van duiveluitdrywings of bevrydingspraktyke in die OT nie.

4.3.3 Die bestaan van bose geeste word erken sonder om te veel daarvan te maak. Ons lees bv van Dawid wat vir Saul op die lier gespeel het toe ’n bose gees – deur God gestuur! – hom ontstel het (vgl 1 Sam 16:14vv), sonder dat die duivel uitgedryf is. In 1 Kon 22:21-22 kry Miga ’n visioen van ’n gees wat aan God voorstel dat hy ’n leuengees word, wat Agab so ver moet kry om na die oorlog te gaan om te sneuwel, sonder enige betrokkenheid van mense in die proses nie. Soms is ’n bose gees eerder ’n aanduiding van ’n slegte gesindheid wat tussen mense veroorsaak word – op gesag van die Here! Hy stuur vyandskap tussen samesweerders om hulle en hulle planne te ontwrig (Rigt 9:23 – Abimelek vs Sigem).

4.3.4 Een van die redes vir dié onderbeklemtoning kan gevind word in die Joodse monoteïstiese oortuiging dat Jahwe alleen God is en dat alles aan hom ondergeskik is. Daarom is demone en bose geeste op die periferie van die lewe en is die bediening van bevryding doodgewoon nie nodig nie. Elke Israeliet wat voor die aangesig van Jahwe gelewe het, was onder sy beheer. Selfs die min kere dat die Satan op die toneel verskyn, is hy volledig gebonde aan die besluit en wil van Jahwe (vgl Job 1).

4.3.5 Dit kontrasteer skerp met die leefwêreld van Mesopotamië, Babilonië en selfs Kanaän, waar die geestelike wêreld en sy invloed ’n baie reële en konstante werklikheid vir mense was. Amulette wat mense teen bose geeste kon bewaar, offers aan ’n verskeidenheid van gode en verskillende towerspreuke of beswerings (incantation) deur dreunsang (chants) gewoonlik deur priesters, was deel van die alledaagse wyse waarop mense hulle teen bose geeste beskerm het.

4.3.6 In die Tussen-testamentêre tydvak (bv die apokalipse IV Esra en II Barug asook I Henog) het die idee van Satan as maghebber oor ’n koninkryk groter prominensie begin kry en ’n neerslag

gevind in die wyse waarop die Nuwe Testament oor demone skrywe. Satan en sy ryk word al hoe meer die verpersoonliking van alles wat boos is (sonder om die menslike vleeslikheid en die “mag” van die sonde te verskoon) wat ’n noodsaaklike konteks vorm waarbinne die kruisevangelie van Jesus Christus se oorwinning oor die dood, verstaan moet word. Deur die duiwel uit die verhale van die evangelies en die briewe uit te haal, word ’n belangrike deel van die boodskap van die Skrif en van die werk van Christus sonder konteks en sonder betekenis gelaat.

4.3.7 Die erkenning van die Satan en sy ryk het egter nie beteken dat die prominente praktyke van die Hellenistiese tydvak (waarby die Jode ook betrokke was) waardeur die invloed van duiwels deur magie en towery bekamp is, op enige wyse ’n neerslag gevind het in die wyse waarop Jesus en die kerk opgetree het nie. Jesus dryf duiwels uit met slegs ’n gesagvolle woord en die apostel Petrus bestraf Simon die towenaar wat moontlik gedink het dat hy deur die gawe van die Heilige Gees sy besweringspraktyk kan uitbou (Hand 8). Petrus dryf nie eers ’n duiwel uit Simon nie, maar roep hom onomwonde tot bekering en gebed tot God op!

4.3.8 Hierdie duidelike erkenning van die werklikheid van die duiwel en demone beteken dat die Skrif se demonologiese beskrywings nie eenvoudig deur ’n rasonele verklaring van die onderskeie verhale en fenomene ontken kan word nie, ook nie waar dit met die gebruikmaking van wêreldbeskouings argumente (demone is deel van die pre-moderne Bybelse sisteem en nie meer vandag geldig as ’n verklaringsbeginsel nie) gedoen word nie. Aan die ander kant is die beskrywings van die Bybel so sober en sonder sensasie dat die werk van die duiwel ook nie oorskakel mag word nie, veral nie waar die Bybelse gegewens gereeld ondergeskik gestel word aan die ervarings wat moderne geestelike oorlogvoerders opdoen en wat uiteindelik beslissend hulle teologiese raamwerke bepaal nie.

4.3.9 Meesal moet die Skrif in beide bogenoemde verklaringsmetodes op ’n baie lukrake en spitsvondige manier aangehaal word om óf die ervarings wat gelowiges het, te begrond en te bewys óf om dit juis weg te verklaar.

4.3.10 Die Skrif waarsku juis dat die duiwel beide ’n brullende leeu (1 Pet 5:8) is as ’n engel van die lig (2 Kor 11:13). Misleiding lê waarskynlik beide in ’n ontkenning van die bestaan van die duiwel én in die oorskakeling van sy werk – soos C S Lewis al gewaarku het in sy populêre boekie *The Screwtape Letters*. As alles demonies is, is niks werklik demonies nie! Aan die ander kant: as jy niks demonies ervaar nie, kan jy nie met gesag op grond van jou of ander se gebrek aan ervaring ’n uitspraak maak oor die bestaan al dan nie van demone nie.

4.3.11 Daarom dat Lausanne heel Skriftuurlik en onomwonde bely: “Satan is a real, personal spiritual and created being ...” (Consultation Statement: 2000). Daarmee kan ons breedweg identifiseer, want dit is hoe die Bybel die duiwel beskrywe, hoewel ons nie kan ontken dat bv sosiale of politiese strukture ook magte sou kon wees nie (vgl Walter Wink se trilogie oor die magte: *Naming the Powers* [1984], *Unmasking the Powers* [1986] en *Engaging the Powers* [1992]).

#### **4.4 JESUS CHRISTUS HET DIE DUIWEL REEDS BY GOLGOTA OORWIN EN GELOWIGES DEEL IN DAARDIE OORWINNING**

4.4.1 Die Godsbeeld waarmee sommige meer radikale voorstanders van geestelike oorlogvoering werk moet ook krities beskou word. God se aktiwiteite word bv afhanklik gemaak van mense se kennis en optrede. Soms gryp Hy in as dit te moeilik raak vir die gelowige, maar nie normaalweg nie (Brown 1992:122)!

4.4.2 Bolt (1994:506) waarsku teen die tipe Christologie wat na vore kom by sommige eksponente van geestelike oorlogvoering:

4.4.3 **Die afgehandelde oorwinning van Christus oor die Bose aan die kruis kom in die gedrang.** Dit kom veral voor as die klem in geestelike oorlogvoering geplaas word op ons persoonlike stryd met die Bose – vgl veral Brown se verhale – en nie op dit wat Christus reeds aan die kruis afgehandel het nie.

4.4.4 Op subtiele wyse kan ons perspektief op die oorwinning aan die kruis – as iets wat God klaar gedoen het in Christus – verander word na ’n perspektief dat Christus daardeur net vir ons die voorbeeld gegee het van hoe die oorwinning werk. “Christ, in this view, has not won the victory, He merely shows us how it is to be done.” Die uitkoms van geestelike oorwinning hang dan eintlik van ons eie insette af (ingewydheid in die proses, gebed in verskillende vorms, simboliese en profetiese handeling) in plaas daarvan dat dit op die volbragte werk van Christus berus.

4.4.5 Dit maak verder van Jesus eintlik 'n "Commander-in-Chief" wat **eerder 'n Joodse apokaliptiese eskatologiese verwagting verteenwoordig** as die Christologie van die evangelies en die Pauliniese briewe.

4.4.6 Dit kan ook tot gevolg hê dat ons gedagtes weggelei word van die aardse konflikte van die koninkryk van God oor ongeregtheid, immoraliteit, onreg, siekte en armoede na 'n geestelike gebied bokant die aarde. Die skuld vir verkeerde en sondige gedragpatrone (persoonlik en sosiaal-maatskaplik) word dan op die duiwel geplaas en die oproep om sout van die aarde te wees verontagsaam.

#### **4.5 GEESTELIKE OORLOGVOERING IS 'n BIDDENDE VASSTAAN IN GELOOF TEEN DIE AANSLAE VAN DIE DUIWEL SOWEL AS 'n LEWE VAN DIENS EN GETUIENIS IN HIERDIE WÊRELD**

\* Die evangelie van Jesus Christus is nie net die goeie nuus vir sondaars wat blydschap en vrede gee nie. Dit is ook die verlossing van gelowiges uit die ryk van die duisternis na die ryk van God se wonderbare lig wat stryd en worsteling impliseer (Kol 1:13). Die metafore (gelykenisse) in Matteus 13 wat net goeie nuus beklemtoon, bv dié van die mosterdsaadjie, die suurdeeg, die skat in die saailand en die waardevolle pêrel, staan langs ander metafore wat stryd impliseer, bv dié van die saaiër, dié van die onkruid en die koring en dié van die treknet.

\* Daarom beskryf die Nuwe Testament die geloofsluwe onder andere as 'n stryd vir die geloof en die evangelie! (Fil 1:27-30; 4:3; 1 Tim 1:18; 6:12; Jud 3) Gelowiges word opgeroep om te stry vir dit wat ons hoop en deur te glo en die gesonde leer voor te hou aan ander, toewyding aan God te beoefen (1 Tim 4:10). "Stry die goeie stryd van die geloof en gryp die ewige lewe." (1 Tim 6:12).

\* Daarom gebruik Paulus metafore uit die weermag (volhard soos soldate) en die atletiekwêreld (span jou in om die wenstreep te behaal) om gelowiges aan te moedig in hierdie stryd vir die geloof in die evangelie. En hy koppel dit aan die strewe na eensgesindheid onder gelowiges en veral vir die bereidheid om te ly en ontberinge te verduur ter wille van die evangelie (Fil 1). Dit behels ook die stryd teen beledigings en vervolging (Hebr 10:32).

\* Selfs gebed word as 'n stryd vir die evangelie vertolk, as Paulus gelowiges aanspoor om vir hom te bid om veilig te kan wees tussen ongelowiges en dat sy hulp aanvaarbaar sal wees vir die ander gelowiges! (Rom 15:13).

\* Dis in hierdie konteks wat die stryd teen die bose magte as 'n onderafdeling van die algemene stryd vir die evangelie genoem word.

\* Maar die wapens wat in hierdie stryd gebruik moet word, dws die wyse waarop Geestelike Oorlogvoering gevoer moet word, is steeds gemik op die geloofshouding van die gelowige, sy volharding in gebed vir al die gelowiges en vir die wat die evangelie verkondig asook op die vrymoedige bereidheid om verantwoording te doen van die hoop wat in ons lewe.

\* Daarby is die geloofstryd gemik nie net om teenstand te bied teen aanslae nie, maar ook op geloofsverryking, op deugszaamheid, op kennis, op selfbeheering, op volharding, op godsvrug en op liefde vir mekaar sowel as vir alle mense (2 Pet 1:5). Dit sluit ook die stryd in teen dwaalleraars (2 Joh 7-11).

\* Die stryd is veral akkuut wanneer dit juis met ander gedagtes en redenasies, wat die kennis van God bedreig, te make het (2 Kor 10:3). Dit woed hom ook af in die lewe van die gelowige self, wanneer Paulus gelowiges oproep om die stryd teen die sondige natuur en die sonde te voer sodat dit wat die Gees wil in die gelowige tot stand kan kom (Gal 5:17; Hebr 12:4).

\* Gebed is in die Bybel altyd gerig op God en nie teen die duiwel of sy demone nie. Die oorwegende fokus van gebed in beide Testamente is op God gerig.

\* Dié gebed is nie altyd rondom die negatiewe implikasies van die duiwel se listigheid gerig nie. Jeremia 29:7 roep die Joodse ballinge in Babilon op: "Bid tot my vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange." Dit val op dat God Homself positief verbind aan gebed vir die stad waarheen Hy sy mense verban het.

\* Johnstone beklemtoon daarom dat die fokus gebed as sodanig moet wees (1995:144). Die Skrif het soveel wat oor gebed gesê word, waaroor niemand 'n verskil van mening het nie, dat dít die fokus van ons teologiesering en bedieningspraktyk moet wees. Dit is 'n baie belangrike fokus wat kan help om die vervreemding tussen gedagterigtings te besweer. Ons kan saamwerk as ons gebed as sodanig die fokus maak, want daarmee fokus ons op God en op wat Hy vir ons gedoen het en kan doen. Karl Barth het immers gesê: "God does not act the same way whether we pray or not. Prayer exerts an influence upon God's actions even upon His existence. This is what the word answer means." (1985:83)

#### 4.5.1 Hoe funksioneer Geestelike Oorlogvoering vanuit 'n Bybelse perspektief?

Wat nou hier volg is nie 'n volledige beskrywing van die saak nie, net 'n paar hooflyne wat in die NT oor die saak van Geestelike Oorlogvoering getrek word.

##### 4.5.1.1 *Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug - Jakobus 4:1-10*

Jakobus se raad aan gelowiges wat vasgevang is in onderlinge stryd en rusies met mekaar, wat in elk geval die gevolg is van selfsugtige begeertes, is dat hulle op die regte manier moet bid, dws sonder die drang om net 'n mens se eie begeertes te bevredig. Die rede is dat selfsug ontrouheid aan God demonstreer wat deur Jakobus as vriendskap met die wêreld en vyandskap met God geïnterpreteer word. Sy raad is dat gelowiges hulle aan God moet onderwerp en daarby die duiwel moet teëstaan, dan sal hy van hulle af wegvlug. Hoewel Jakobus die tipe teëstand nie eksplisiet uitspel nie, dui die konteks daarop dat dit 'n nederige gehoorsaamheid aan God en 'n wegdoen van 'n sondige lewenswyse insluit. Die duiwel word dus nie weggebied nie. Sy invloed word verminder deur op God te fokus in 'n heilige lewe voor Hom. Dit is die tipe teëstand wat die duiwel wegdryf van die gelowige af.

##### 4.5.1.2 *Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel - Efesiërs 6:10-20*

1. Geestelike oorlogvoering word in hierdie hoofstuk duidelik beskryf as 'n onderafdeling van die fokus op die geloofslawe as 'n stryd. En die gedeelte konsentreer veral op 'n biddende vasstaan in geloof teen die listige aanslae van die duiwel, wat verband hou met die stryd teen die vlees en teen die suigkrag van die wêreld.

2. Die strydmetafore in Efesiërs 6, asook dié van 1 Tessalonisense 5, ontwikkel gedagtes wat reeds in die OT, bv Jesaja 59 voorkom. (Vgl Neufeld (1997) se boek *Put on the Armour of God* wat die agtergrond en ontwikkeling van die "Divine Warrior" van Jesaja tot in Efesiërs nagespeur het.) Vergelyk die sterk strydmetafore wat daar gebruik word om Jahwe se optrede te beskrywe: "Hy trek geregtigheid aan soos 'n pantser en redding is die helm op sy kop; Hy trek straf aan as klere, Hy hang woede om Hom soos 'n mantel." (59:17).

3. As 'n mens kyk na Efesiërs 6, die locus classicus van geestelike oorlogvoering, val die volgende twee perspektiewe 'n mens op:

\* Die wyse waarop die bose magte hanteer moet word, dui op 'n eenheid van wat normaalweg as bo-natuur en natuur bekend staan. Normaalweg word die identiteit van die bose magte eensydig met óf 'n "hostile heavenly or astrological powers" (Arnold:1992) óf 'n interpolasie (Carr 1981:176 – hy skrap Ef 6:12 omdat dit nie met sy tese inpas nie!) óf met "human institutions" (bv Wink) verbind. (Neufeld wys daarop – teenoor Wink – dat uit die 10 voorkomste in die NT dit net 3 keer vir menslike gesag of - instansies gebruik word: Luk 12:11; 20:20; Tit 3:1.) Neufeld argumenteer dat daar nie só 'n waterdigte skeiding is tussen hemel en aarde, tussen sigbaar en onsigbaar ens nie. Hy verwys onder andere na Kol 1:16 se skeppingsvisie wat hemel en aarde in een werklikheid insluit, waarbinne sigbaar en onsigbaar, menslike en geestelike magte naatloos as skepping/skepsele voorkom. Daarom stel hy voor dat die keuse in Efesiërs 6 nie is tussen sosiologiese en politiese identifiseerbare magte en dié wat "geestelik" waargeneem kan word en "mitologies" beskryf moet word nie, want: "Both are intended". Paulus beskryf dus die magte nie in een van 'n paar alternatiewe kategorieë nie, "but as diverse manifestations of a seamless web of reality hostile to God." (124)

\* Die praktyk van geestelike oorlogvoering soos Paulus dit hier uitspel, het niks te make met 'n aanspreek of aanvat van die bose magte as sodanig nie (dws by name nie!). Geestelike oorlogvoering word hier uitgespel om in die waarheid te wandel (= woord van God), om die vryspraak van God vas te hou (= om as verlose te lewe), om te alle tye bereid te wees om die evangelie van vrede (!) te verkondig (= vas te staan in geloof). Die hele proses moet deur gebed begelei word, waar spesifiek vir al die gelowiges gebid moet word, sowel as vir die verkondiging van die evangelie deur Paulus.

##### 4.5.1.3 *Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem – Rom 13:8-14*

Die inhoud wat hier gegee word aan die Geestelike stryd is om eerstens op te hou met die werke wat gelowiges se lewens vroeër gekenmerk het, dit wat deel was van die ryk van die duisternis. Positief word gelowiges aangemoedig om die wapens van die lig op te neem, wat beteken dat gelowiges hulle toespits op 'n welvoeglike lewe, nugterheid, gesonde verhoudinge en 'n versaking van sondige begeertes. Binne die konteks van hoofstuk 13 waar Paulus sy interpretasie van die

wet van liefde gee, beteken Geestelike Oorlogvoering hier doodgewoon dat in die liefde gewandel word.

#### **4.5.1.4 Ons maak die waarheid openlik bekend en beveel onself so aan by elkeen wat voor God 'n eerlike gewete het – 2 Kor 4:1-6**

In hierdie gedeelte word die negatiewe reaksie van ongelowiges op die verkondiging van die evangelie gewyt aan die verblindende invloed wat die “god van hierdie wêreld” op hulle verstand het. Paulus gaan egter nie oor tot 'n versaking van die verkondigingsmodel nie. “Inteendeel, ons maak die waarheid openlik bekend en beveel onself so aan by elkeen wat voor God 'n eerlike gewete het. As die evangelie wat ons verkondig, tog nog met 'n sluier bedek is, is dit net bedek vir dié wat verlore gaan.” Gebed kan nie dié verkondigingstaak vervang nie. Sulke ongelowige blindheid kan nie weggebied word nie.

#### **4.5.1.5 Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak – 2 Kor 10:3-6**

1. Hierdie is 'n baie sentrale teks. Paulus is hier besig om sy apostoliese gesag te verdedig teenoor mense wat beweer dat hy slegs uit menslike oorwegings handel. In sy verdediging skets hy 'n prentjie van die geestelike stryd waarin hy en implisiet ook ander gelowiges gewikkel is. Die doel van die stryd is om kennis van God te bevorder en enigiets wat dit benadeel aan te vat. Die terrein waar hierdie stryd woed, is duidelik die gedagte-wêreld van gelowiges (en alle mense). Die wapens wat gebruik word in hierdie stryd is dus dinge wat gebruik word om die gedagtes van mense te beïnvloed. Dis gemik teen die redenasies wat mense voer wat 'n ware kennis van God verhinder. Die vestings wat dus aangeval word, is “gedagtevestings”, idees en oorwegings en perspektiewe wat mense het, wat die evangelie verhinder om deur te breek in hulle lewens. Deur die evangelie van Christus se lig te laat val op die wyse waarop mense dink en die verdraaidheid daarvan te ontbloot, word mense se gedagtes “gevangene geneem” om die waarheid te glo en aan Christus gehoorsaam te word.

2. Gebed is dus nie eers ter sprake in die gedeelte nie asook nie demone nie, ten minste nie eksplisiet nie. Om die waarheid te sê, maak die konteks dit duidelik dat Paulus hier verwys na diegene wat sy apostoliese gesag bevestigte, soos in hoofstuk 11 verder uitgewerk word.

#### **4.5.1.6 Ons moet geloof en liefde as borsharnas dra en die hoop op verlossing as helm – 1 Tessalonisense 5:1-11**

1 Tes 5:8 gee 'n interessante ander perspektief op Geestelike Oorlogvoering. Nadat gelowiges opgeroep word om nugter te wees en nie hulle bloot oor te gee aan die genot van die wêreld nie, word die geloofstryd (Geestelike Oorlogvoering) in die bekende trilogie van 1 Kor 13:13 beskrywe. Geloof, hoop en liefde word die groot wapens wat gelowiges moet inspan in hulle stryd om te volhard tot die einde toe.

## **5. KONKLUSIES EN RIGLYNE TOV EIETDSE GEBEDSBEWEGINGS**

### **5.1 GOD ANTWOORD GEBEDE – GELOWIGES WORD AANGEMOEDIG OM TE BID MET OORGAWE**

5.1.1 God is aktief in die wêreld. God antwoord gebede. Daarom is gebed lewensbelangrik vir die kerk. Sonder volhardende Geesvervulde gebed kan die kerk sy rol in die koninkryk van God nie effektief speel nie. Daarom moet die oorgrote meerderheid van gebedsbewegings wêreldwyd baie positief beoordeel word. Die kerk lewe waar gelowiges saam kom en bid. Gebed bou eenheid. Gebed bring nuwe entoesiasme. Gebed bind ons aan mekaar en aan dié Een wat gebed beantwoord.

5.1.2 Gebed is daarom nie 'n luukse nie, dis noodsaaklik. Gebed is ook nie onnodig nie. God verbind Hom juis daaraan om gebede te beantwoord. Op 'n verrassende manier wág God op sy bidders ... totdat hulle bid. Dit bedoel nie dat God nie inderdaad ook sonder gebed kan en sal optree nie. Gebed is nie 'n aktiwiteit waarmee God se guns gewen word en ons daarmee voor Hom iets verdien nie. Maar Hy kies om gelowiges sy medewerkers te maak in woord en daad en veral in gebed.

### **5.2 ONS KAN SAAMBID EN SAAMWERK MET MENSE WAT ANDERS DINK AS ONS**

5.2.1 Daar is min gelowiges met wie ons nie kan saambid nie. Solank die gebed 'n drie-enige karakter dra (tot die Vader in die Naam van Jesus Christus, deur die krag van die Heilige Gees) en



ter wille van die koms van die koninkryk is, kan 'n verbeeldingryke inkleding van gebed en gebedsaksies gesamentlike gebed baie interessant en lewend maak.

5.2.2 Selfs wanneer saam op 'n gebedswandeling gegaan word met gelowiges wat 'n ander subjektiewe belewenis het van wat gebeur (interpretasie), kan verby die verskilpunte gekyk word en met ontsag vir die God wat ons aanbid en met eerbied vir sy (andersdenkende) kinders steeds aan die gebed deelgeneem word. 'n Mens hoef nie oor alles saam te stem voor 'n mens kan saambid nie. Veral moet gelowiges oppas vir 'n hovaardige, meerderwaardige en selfs veragterende houding teenoor gelowiges wat anders oor gebed dink as ons (Rom 14-15).

### **5.3 AAN SEKERE METODIEKE EN PRAKTYKE VAN GEESTELIKE OORLOGVOERING KAN MET OORLEG DEELGENEEM WORD**

Vanweë die beperkings van ruimte kon hierdie verslag nie uitgebreid kommentaar lewer op elke tegniek en metode wat in Geestelike Oorlogvoeringskringe gebruik word nie. Hier word net volstaan met 'n beknopte kommentaar op die meer bekende metodieke waarby gelowiges betrokke kan raak, maar aan die hand van 'n meer Bybelse teologiese beskouing:

#### **5.3.1 Gebedsreise**

1. Die gebruik om na 'n bepaalde gebied of land te reis spesifiek om daar te gaan bid "on site with insight", is gepopulariseer met die tweejaarlikse *Praying through the Window* inisiatiewe vanaf Oktober 1992 en verder. Aangebied as die sentrale fokus van die AD2000 beweging, met die uitgangspunt dat "*at its core, world evangelisation is an engagement of the enemy in spiritual warfare,*" is gelowiges aangemoedig om na die gebiede, veral die 10/40 venster gebiede, te reis om daar te bid. Die motivering was dat aangesien: "*the central, most powerful, weapon of spiritual warfare is prayer,*" 'n gebedsreis 'n uitstekende manier is om gebed te beoefen en só ook op die korttermyn kontak met onbereikte mense te maak. Die hoop is dat dit 'n stimulis tot 'n langtermyn betrokkenheid sou kon wees (Hanna:1996).

2. Die getuienis is dat só 'n gebedsreis 'n meer ingeligte gebedsbetrokkenheid bevorder, veral waar dit gekombineer word met strategiese verhoudinge met sendelinge wat reeds in die gebiede werksaam is. Verwant hieraan is die blootstelling van kerkleiers aan soortgelyke gebedsreise wat lei tot 'n groter mobilisering van gemeentes deur die eerstehandse ervarings van sulke leiers.

3. Beswaar kan hierteen gemaak word dat dit duur is in terme van onkoste en tyd en dat gebed nie afhanklik is van persoonlike waarneming, insig en ervaring nie. Maar die impak van eerstehandse kontak met die konteks waarbinne die evangelie gebring moet word, kan nooit onderskat word nie. Om persoonlik iets te belewe van die andersoortige kultuurwêreld van ander mense en vanuit só 'n persoonlike belewenis te kan bid vir en deel oor die nood en behoeftes (geestelike, sosiaal, ekonomies, fisies) van dié mense, maak die betrokkenheid by hulle direk en dinamies.

4. Daarom kan heel positief oor sulke reise geoordeel word, veral waar dit benut word vir die ondersteuning van sendelinge wat reeds in 'n gebied werksaam is. Besoeke verlig die kultuurskok van sendelinge en versterk hulle oortuiging om te volhard in die harde werk van akkulturasie, betrokkenheid en kerkplanting. Dit bevestig ook die band wat gemeentes het met die sendelinge en die mensegroepe waaronder gewerk word.

5. Dit sal egter ook gedoen moet word vanuit die oortuiging dat gebed sy krag en inspirasie van God self kry, dat gebedsverhoring afhanklik is van God se ingrype en dat God mense (selfs ongelowiges, vergelyk Kores) gebruik vir sulke gebedsverhoringe.

#### **5.3.2 Geestelike kartering (spiritual mapping)**

Spiritual mapping is 'n term wat gemunt is in 1991 deur George Otis jnr en uitvoerig in sy boek *The Twilight Labyrinth: Why Does Spiritual Darkness Linger Where It Does?* beskryf word. Geestelike kartering wat fokus op gebiedsgeeste en die beskrywing van die tipe demone wat in 'n gebied voorkom, is uitgelewer aan te veel subjektiewe aanvoelinge en kan nie die toets van 'n verantwoorde epistemologie deurstaan nie. Waar kartering egter ten doel het om 'n soort geestelike (of sosiale) geskiedenis van 'n gebied of volk te skryf, kan dit baie waarde hê om 'n streek of groep mense beter te verstaan en beter te bedien. Gelowiges kan by laasgenoemde met groot vrug betrokke raak.

#### **5.3.3 Identifikasie-belydenis**

1. Hoewel daar 'n Bybelse model hiervoor bestaan (byvoorbeeld Nehemia), word dit maklik verkeerd verstaan.

2. In 'n baie besondere sin vind Nehemia se optrede sy vervulling in die plaasvervangende werk van Jesus Christus aan die kruis, waar Hy die sonde van die hele wêreld op Homself geneem het. Deur ná die kruisdood en opstanding van Jesus, sóos Hy 'n plaasvervangende rol te probeer speel vir mense, verraaai 'n soteriologie wat op baie onvaste bene staan.
3. Bennie Mostert se voorstel om eerder van 'n identifikasie-intersessie-model gebruik te maak (vergelyk Paulus in Rom 10 en 11), probeer die negatiewe implikasies van 'n identifikasie-belydenis omseil. Dws, daar word gebid vir 'n groep mense deur intiem met hulle te identifiseer om só op 'n empatiese manier vir hulle in te tree by God.
4. Dit is alreeds 'n baie meer verantwoorde manier om te bid. Vir gelowiges wat in só 'n proses saam met ander betrokke is, kan só 'n identifiserende voorbedding vir 'n groep mense 'n meer verantwoorde model wees om na te volg.
5. Maar dan moet onthou word dat gebed alleen nie vergifnis en veral nie versoening kan bewerk nie. Waar namens mense of groepe ingetree word, moet werklike versoeningsprosesse ook op dreef kom. Vergifnis van vermeende of werklike oortredings kan nog eensydig wees. 'n Eensydige vergifnis het ook alreeds waarde omdat dit die slagoffer beskerm van die blywende mag van die oortreder in sy/haar lewe (Wink: 1998,15).
6. Maar 'n versoeningsproses is per definisie altyd wederkerig. Dit moet al die partye insluit, anders beteken dit net iets vir die party(e) wat betrokke is (Wink: 1998,14). Versoening het immers ten doel die herstel van die verhouding tussen die vermeende of werklike slagoffer(s) en oortreder(s). Gebed alleen kan dit nie bewerk nie. Een of ander vorm van werklike kommunikasie of versoenende ontmoeting is altyd ook nodig.

**6. AANBEVELING: GEBEDSAKSIES - die Algemene Sinode besluit dat hierdie verslag deur sinodes benut word as 'n besprekingsdokument waaruit riglyne vir 'n verantwoorde betrokkenheid by gebedsaksies in hulle eie gebiede opgestel kan word.**

#### **BYLAE A.8.7**

### **RIGLYNE VIR PASTORALE BEGELEIDING AAN LIDMATE WAT ONTWIKKELINGE IN DIE HUIDIGE SAMELEWING NEGATIEF ERVAAR**

#### **1. OPDRAG**

Die Algemene Sinode versoek die AKG om riglyne op te stel met die oog op die pastorale begeleiding van lidmate wat ontwikkelinge in die huidige samelewing negatief ervaar. (Agenda Algemene Sinode 1998, AKLAS-Verlag, p 77, 9.7.6 en Handeling p 466, 9.7.6).

#### **2. UITGANGSPUNT**

2.1 Die riglyne word vanuit 'n narratiewe pastorale perspektief aangebied. Dit veronderstel dat alle menslike handeling gebaseer is op 'n narratiewe struktuur, nl stories of verhale. Christene beskryf hulle persoonlike lewens en die wêreld waarin hulle leef hoofsaaklik in terme van die metafore en temas van die Bybelse verhaal. Ons interpretasie van die Bybelse verhaal sal noodwendig verskil van die interpretasie van die vorige geslagte, aangesien ons in 'n ander tydsgewrig lewe. Tog sal die huidige geslag se interpretasies van die Bybel verbode wees aan dié van die voorgeslagte, want hulle storie is ook ons storie. Elke geloofsgemeenskap vind dus sy identiteit in die narratiewe of stories waarbinne hulle bestaan. Vergelyk die huidige gesprek oor ons gereformeerde identiteit.

2.2 Die Bybel en die geskiedenis is die storie van God wat skep, onderhou en verlos. Verder is die Bybel ook die storie van die volk in verhouding met God. Dit vind gestalte in hulle geskiedenis, sondigheid en gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan God en sluit die verlede hede en die toekoms in. Teen hierdie agtergrond kan ons sê dat die mens in God se storie leef, aangesien ons skepsele van God is en deel uitmaak van Sy storie. Ons kan nie in 'n selfstandige storie buite God leef nie.

2.3 Wat betref ons beskrywing of interpretasie van God se storie, is dit onmoontlik vir die mens om God se storie in so 'n mate te ken dat ons ons storie oor God normatief kan maak, aangesien ons spreke oor God slegs metafories van aard is. Selfs ons lewe as volk van God is ingebed in God se verhaal en is nie 'n afsonderlike verhaal buite God nie.

2.4 Teen die agtergrond van hierdie enkele opmerkings, is 'n pastorale gesprek met lidmate wat die ontwikkelinge in die huidige samelewing negatief ervaar, slegs 'n metaforiese saam-luister na en 'n oor-vertel van diegene se storie in so 'n mate dat dit vir die persoon moontlik word om sy/haar storie te herskryf ten einde sy/haar geloofsverhouding met God te laat groei of transformeer. Dit geskied in die vertel en die oor-vertel van die persoon se verhaal.

2.5 'n Pastorale gesprek is dus in 'n groot mate 'n hermeneutiese proses waartydens daar gelyktydig gesoek word na die betekenis van beide die Bybelse verhaal en die verhaal van die betrokke persoon (as skepsel van God). Dit is 'n proses waar die verskillende horisonne oor mekaar skuif op soek na betekenis wat kan sin gee aan die verskillende vlakke van die mens se bestaan. Op 'n dieper vlak is hierdie hermeneutiese proses nie net 'n saam-soek na 'n betekenis van die verskillende verhale nie, maar ook 'n samesmelting van die horisonne of wêrelde wat deur die pastorale gesprek na vore gebring word.

2.6 Teen bogenoemde agtergrond word eerstens 'n aantal opmerkings gemaak oor die gespreksproses as sodanig en daarna word enkele temas voorgestel wat tydens gesprekke met lidmate wat ontwikkelinge in die huidige samelewing negatief ervaar, gebruik kan word.

### **3. DIE GESPREKSPROSES**

3.1 'n Pastorale gesprek in hierdie verband behoort plaas te vind in 'n verhalende styl (nie konfronterend nie) waar lidmate die geleentheid kry om hulle eie stories te vertel.

3.2 Die pastor toon te alle tye respek vir die verhaal van die persoon, sodat hy/sy werklik sal ervaar dat sy/haar storie waarde het en aangehoor word.

3.3 Die gespreksproses is belangriker as om die persoon tot 'n bepaalde mening te oortuig. Soos wat die persoon sy/haar verhaal vertel, herskryf hulle reeds hulle eie storie. Opvolggesprekke moet gereël word vir solank as wat dit nodig is. Dit is hoogs onwaarskynlik dat hierdie gesprekke in een sessie afgehandel kan word.

3.4 Die pastor vermy dit om die gesprek te voer vanuit 'n posisie van mag as sou hy/sy die "waarheid" verteenwoordig en die persoon se verhaal nie die "waarheid" is nie of minderwaardig is.

3.5 Die pastor se rol in die gesprek is slegs dié van begeleier wat poog om die Christelike narratief en tradisie asook die huidige lewensomstandighede van die persoon en die samelewing te interpreteer.

3.6 Die gespreksproses bepaal sy eie uitslag.

3.7 Maak ruim gebruik van metafore. Dit verhoed dat die gesprek in debatvoering ontaard.

### **4. GESPREKSTEMAS**

4.1 Lidmate kry geleentheid om hulle eie lewensverhale te vertel. Die geloofstradisies, gemeenskaps-, familie-, gesins- en persoonlike waardes wat sy/haar oortuigings gevorm het. Dit skep 'n geleentheid om hulle eie identiteit te beskryf en te formuleer.

4.2 Voer gesprek oor die persoon se Godsbegrip. Hoe beleef hy/sy die teenwoordigheid van God in sy/haar lewe elke dag. Hoe beskryf die persoon sy/haar verhouding met die Here ?

4.3 Voer gesprek oor die persoon se beskouing oor die identiteit van die kerk, as liggaam van Christus, in die koninkryk van God en hoe dit gestalte behoort te vind in die samelewing. Die diversiteit en verskeidenheid binne die kerk behoort hier aan die orde te kom, soos ook in die volgende gesprek oor die roeping van die kerk.

4.4 Voer gesprek oor die persoon se beskouing oor die roeping van die kerk, as liggaam van Christus, in die koninkryk van God en hoe dit gestalte behoort te vind in die samelewing.

4.5 Voer gesprek oor hoe die persoon sy/haar eie identiteit en roeping as gelowige verstaan. (Dit sluit weer aan by die eerste tema.)

4.6 Voer gesprek oor die geleentheid wat die veranderinge in die huidige samelewing tot getuienislewering bied.

4.7 Hoe verstaan die persoon die tema van verandering?

4.8 Voer gesprek oor die Bybelse temas soos bekering, verlossing van sonde, vernuwung en geestelike groei – begrippe wat dui op verandering.

4.9 Voer gesprek oor hoe die persoon sy/haar eie lewensverhaal kan herskryf sodat die veranderende samelewingstendense nie die dominante storie is sy/haar lewensverhaal is nie, maar wel sy/haar identiteit in Christus. Die persoon moet hom/aar kan tuisvind binne God se storie.

4.10 Voer gesprek oor die moontlikheid dat die persoon één beskrywing van die werklikheid as dié enigste werklikheid beskou. Dit is ook moontlik dat hy/sy 'n bepaalde beskrywing van die werklikheid as normatief beskou en sodoende sy/haar eie lewensverhaal daardeur kompliseer. Lei

die persoon om ook saam te luister na ander stories wat verskil van sy storie om sodoende verskillende horisonne oor mekaar te laat skuif en saamsmelt. In hierdie hermeneutiese proses kan die persoon sy eie storie herskryf.

## **5. AANBEVELINGS: LIDMATE IN HUIDIGE SAMELEWING**

**5.1 Die Algemene Sinode keur die verslag goed.**

**5.2 Die Algemene Sinode stel die verslag aan sinodes beskikbaar vir gebruik in gemeentes.**

**BYLAE A.8.8**

### **KERKSPIEËL**

Verslag ter vergadering.

**BYLAE A.8.9**

### **ALGEMENE BEDIENINGSFONDS**

#### **1. AGTERGROND**

Die nood van die groot aantal proponente wat nie beroepe kry nie het Die Algemene Sinode in 1986 daartoe gebring om die Algemene Bedieningsfonds (ABF) in die lewe te roep. Sedertdien is bestendige vordering gemaak en meer as 60 gemeentes kon reeds finansiële gehelp word om poste te skep waarin proponente en predikante geplaas is.

\* Die ABF word opgebou deur bydraes vanaf gemeentes wat daarvoor begroot of deurkollekte hou en deur lidmate wat direkte bydraes (veral debietorders) maak. Verskeie projekte (fietstoere, gholfdae, "gospel"-konserte) is ook met sukses geloods om die ABF bekend te stel.

\* Ds Jan Cronjé (as tentmaker aan Hartbeesspruit-Queenswood gekoppel) tree as skriba en fondsinsamelaar van die fonds op onder toesig van die ABF-kommissie, 'n subkommissie van die AKG.

\* Sedert ds Cronjé in 1994 aangestel is, is meer as R 5 000 000 ingesamel. Minder as 15% hiervan is vir administrasie en werwingskoste gebruik. Die inkomste is tans meer as R600 000 per jaar.

\* Wanneer 'n gemeente se aansoek deur die ABF-kommissie goedgekeur word, word 'n bedrag van R150 000 oor drie jaar uitbetaal. Daarna moet die gemeente die pos selfstandig dra. Slegs geld wat reeds in die fonds beskikbaar is, word toegeken.

\* Ten spyte van die groot bydrae wat die ABF tot werkskepping vir proponente, predikante en bedieningsuitbreiding in gemeentes lewer, bly die nood ontsettend hoog. Die voortgesette bydrae vanaf gemeentes en lidmate is van die grootste belang.

**2. AANBEVELING: ALGEMENE BEDIENINGSFONDS - die Algemene Sinode neem met dank kennis van die groot bydrae wat die Algemene Bedieningsfonds tot bedieningsuitbreiding en werkskepping vir proponente lewer, en versoek sinodes, gemeentes en lidmate om die fonds steeds bekend te stel en te ondersteun.**

**BYLAE A.8.10**

### **KLEINGROEPBEDIENING**

#### **1. OPDRAG**

Handelinge van die Tiende Vergadering van die Algemene Sinode (1998) p442. Voorstel oor Kleingroepbediening:

*1.1 Die Algemene Sinode oordeel dat die verskynsel en praktyk van selgemeentes en selkerke in die Ned Geref Kerk 'n deeglike en omvattende teologiese beoordeling verdien.*

1.2 Die Algemene Sinode besluit om 'n ad hoc-kommissie aan te wys om die prinsipiële uitgangspunte en praktiese implementering van die selgemeente- en selkerkbeweging spoedeisend te ondersoek met verslag aan die ASK.

1.3 Die Sinode besluit dat die ad hoc-kommissie bestaan uit: proff JS Kellerman, CJ Wethmar, drr CW Burger, JH Hendriks, JH Ernst en JH Bisschoff (sameroeper).

## 2. WERKSAAMHEDE

Verloop van ad hoc kommissie se werksaamhede: Die kommissie het naas 'n literatuurstudie ook 'n werkwinkel bygewoon voordat 'n eerste verslag aan die ASK voorgelê is. Daarna is gesprek gevoer met verteenwoordigers van die vier modelle wat in die verslag bespreek word, en 'n tweede verslag aan die ASK voorgelê. Hierdie verslag is terugverwys vir verdere konsultasie en die kommissie vir gemeentebediening van elke streeksinode is genooi vir kommentaar. Dit is in hierdie verslag waar moontlik en ter sake ingewerk.

## 3. VERSLAG

### 3.1 AGTERGROND

#### 3.1.1 Verskynsel van kleingroepe /selle/selgroepe

Kleingroepe in kerke is nie 'n vreemde gedagte of verskynsel nie. Dit word redelik wyd aanvaar dat in ons werk met die kerk vier vorme onderskei kan word naamlik die ekumene, streekkerk of kerkverband (algemene sinode, streeksinode en ring), gemeente (plaaslik) en (formele en informele) groepe. Ons vind dus binne die groepverskynsel in die kerk 'n verband wat net so belangrik as die drie ander is. Daarmee word 'n belangrike uitgangspunt gestel naamlik dat in ons ekklesiologiese besinning en praktyk kleingroepe 'n noodsaaklike plek inneem.

#### 3.1.2 'n Teologiese basis vir kleingroepe in 'n gemeente

1. Twee tipes gemeentes in die Nuwe Testament.

In Jerusalem en in die Griekse wêreld het twee verskillende tipes gemeentes ontwikkel: 'n massagemeente in Jerusalem, en klein huisgemeentes op Paulus se sendingreise. Dit was nie 'n prinsipiële saak nie, maar weens die omstandighede. Die een gevolg hiervan was egter dat verskillende vorms van gemeentelêwe hieruit ontwikkel het, en in retrospek blyk dit dat ons vandag beide nodig het: die massagemeente én die kleingroep binne hierdie gemeente.

2. Die massagemeente

In die massagemeente in Jerusalem het baie gou bepaalde probleme ontwikkel soos die arm weduwees se versorging, wat aangespreek is deur 'n spesiale groep te vorm: die diakens

3. Kleingroepe

In Paulus se sendinggemeentes het vorms van gemeentelêwe ontwikkel wat pas by kleiner groepe. Elke lidmaat het 'n bydrae gehad in 'n gemeentebyeenkoms, daar is sprake van 'n beperkte aantal gawes van die Gees (so iewers tussen 12 en 15) wat ooreenkom met die aantal mense in so 'n huisbyeenkoms. Daar was gou meer as een huisgemeente in 'n stad, eenvoudig omdat 'n huis nie meer mense kon huisves nie. Die vorm van die nagmaalviering is ook hierdeur bepaal: 'n aantal gesinne rondom 'n tafel wat elkeen hul eie kos gebring het en dit dan met mekaar deel (1Korintiërs 12:7-11,27-30; 14:26; 11:20ev).

3.1.3 Die verskynsel van kleingroepe loop weer in ons tyd wyd in die kerklike praktyk. In Suid-Amerika het basisgemeentes in die Katolieke Kerk die pad oopgemaak vir geestelike vernuwing, in Suid-Korea is selgroepe beide die basis van geestelike opbou én uitbou (evangelisering), ens. Ook in Suid-Afrika is daar verskeie pogings aangewend om kleingroepe in die kerk se bediening te vestig. Dit is enersyds gebruik in kursusse en andersyds as bedieningswyse in Bybelstudie (veral by studentegemeentes). Die boek van Ralph Neighbour oor selgroepe het 'n bepaalde invloed in die selgroepbeweging wat in Suid-Afrika tot stand gekom het.

3.1.4 Dit sal miskien goed wees om voordat 'n beoordeling van kleingroepe in die kerk gedoen word, eers die vraag te beantwoord **waarom** daar só 'n belangstelling in kleingroepe is:

- Verhoudingsgebaseerde kleingroepe is 'n plek/ manier waarbinne die gemeenskap van gelowiges kan realiseer. Hierdie behoefte in die kerklike gemeenskap regverdig die belangstelling en ontwikkeling van kleingroepe ook in ons kring. In die teologiese wêreld het daar in die laaste aantal jare 'n hele paar boeke verskyn wat die belangrikheid van gemeenskap vir die lewe van die gelowiges beklemtoon. Burger en Simpson (1996:17) stel dit onomwonde:

*“Ons sou dit as ’n reël kon aanvaar vir die Christelike lewe: Daar is dinge wat jy alleen kan doen, maar om te glo in Jesus Christus en te leef as ’n navolger van Hom is nie een daarvan nie!”*

- Die moderne mens se sosiale lewe het ingrypend verander. Waar dit vroeër ingebed was in vaste sosiale strukture en verhoudings, het daar nou ’n binding aan makro- en mikroverbande gekom. Mense se gevoel van verbondenheid aan middelgrootte instansies het skade gely. Hierdie verlies aan gemeenskap kom op drie vlakke voor naamlik in die woonbuurt, by die werkplek en deur die professionalisering van groepsaktiwiteite. Die massabenedering van die makro-instansies vra om gebalanseer te word deur ’n sterker persoonlike groep of groepe.
- Verder het die moderne eeu ons gevoelens van individualiteit versterk. In vorige eeue het mense baie min persoonlike vryheid en individualiteit geken; jy is binne bepaalde groepverbande gebore wat in hoë mate jou lewe en lewensloop bepaal het. Die moderne eeu met al sy ontwikkelings het ons keusevryheid oor ’n menigte sake uitermate verhoog. So het mense se individualiteit ontwikkel – jy kan jou persoonlike voorkeure en smake beproef soos jy wil. Hierdie vryheid is wonderlik maar het ook ’n skadukant. Eensaamheid is die gevolg. Ons is so besig met ons individualiteit dat ons nie kans het om oor ander bekommer te wees nie. Kleingroepe bied die moontlikheid om mense te red van eensaamheid en die impak van oordrewe individualiteit.
- Saam met die individualiteit het daar ’n proses van demokratisering van die samelewing plaasgevind waar die wil van die mense homself al hoe meer laat geld en sleutelwoorde soos mondigheid en bemagtiging ter sprake is. Kleingroepe bied ruimte vir ’n nuwe aanpak waar hiërargiese strukture nie meer so sterk soos vroeër funksioneer nie.
- Die disintegrasie van ’n gesonde gesins- en familielewe werk ook mee aan die groei van kleingroepe. Omdat baie mense ’n diep gemis aan intimiteit het en dit nie meer in die gesin vind nie, is hulle verplig om dit op ander plekke te probeer kry.
- Kleingroepe bied in die huidige konteks waar sekularisme ’n al hoe groter rol speel, geleentheid om binne die warmte van medegelowiges uit te reik na mense vir wie “the Church has somehow slipped off their radar screens” (Mead 1996:16).

## **3.2 SELGEMEENTES/SELKERKE/OMGEEGROEPE IN SA**

### **3.2.1 Vier modelle**

Die volgende vier modelle word spesifiek bespreek (of ten minste ’n oorsig oor gegee) omdat dit die vier is wat tans in die Ned Geref Kerk die grootste impak het. Hierdie vier gemeentes bied ook kursusse of klinieke aan waar ander toegelig word en kan inkoop op die model. In die beskrywing van die modelle is aandag gegee aan die historiese ontwikkeling, die manier waarop kleingroepe bedryf word asook die gepaardgaande struktuur waarbinne dit in die gemeente gegiet is. ’n Belangrike bron vir studie en beoordeling is die insette verkry by die Nasionale Selgroepgemeente Konferensie gehou van 13 tot 16 April 1999 en wat deur twee waarnemers van hierdie kommissie bygewoon is. By die geleentheid is die verhaal van die onderskeie modelle vertel. Onderhoude is ook gevoer met vier verteenwoordigers van die modelle. Beskikbare publikasies is ook bestudeer. ’n Verklaring wat verteenwoordigers van hierdie modelle uitgereik het, word aan die einde van die verslag vir kennisname aangeheg.

#### **3.2.1.1 Ermelo-Oos**

1. Die selkerkmodel wat in Ermelo-Oosgemeente geïmplementeer word, is onder leiding van ds Gerhard Barnard ontwikkel. Hy is onder andere beïnvloed deur dr Ralph Neighbour se boek “Where do we go from here? A Guidebook for the cell group church” asook die bywoning van ’n kursus deur Neighbour aangebied, en die toerustingsmodelle van Rick Warren en Larry Stockstille. Dr Neighbour het ook die gemeente aan die einde van 1996 besoek.

2. Die gemeente funksioneer sedert 1995 as ’n “Selkerkmodel”. Dit is georganiseer in selle met selleiers. Elke sel het ’n lofleier en ’n selonderleier. Opleiding van leiers is belangrik en word omvattend gedoen met ’n goeuditgewerkte program. Selle moet ook maandeliks skriftelik verslag lewer oor onder andere die volgende:

- Verwagte verdelingsdatum (die ideaal word gestel ’n jaarlikse verdeling.)
- Name van potensiële leiers wat die volgende leieropleidingsiklus moet bywoon
- Indiens-opleiding van onderleiers
- Bekerings in die selgroep of bekerings buite die selgroep van persone wat dan by die selgroep inskakel
- Name van besoekers sodat hulle besoek kan word indien nodig

- Name van persone wat deel is van die SONLIG-projek (die uitreik na gemeentede wat nie by die selle inskakel nie).
- 3. Die selleiers en groeplede (bestaande uit volwassenes en kinders) word gevra om te hou by sekere ooreenkomste (wat hulle verbintenis aan die sel en mekaar verwoord.)
- 4. 'n Selgroepbyeenkoms verloop soos volg:
  - a) Verwelkoming (Vooraf)
  - b) Ysbreker (15 minute) Dit doen presies wat die woord “ysbreker” sê sodat die mense meer op hul gemak kan wees.
  - c) Lofprysing en aanbidding (25 minute). Na die lofprysing bedien die sellede mekaar deur middel van gebed. Ons noem dit gebed na binne.
  - d) Opbouing en Woord (45 minute) 1 Korintiërs 14:3 – “Ons kom na 'n selgroep om mekaar op te bou (gee) en nie om net te ontvang nie.” Die selleier het geleentheid om Woord te deel. Gewoonlik is dit die gedeelte wat die voorafgaande Sondag in die erediens gedeel is. “Bly egter sensitief vir die leiding van die Heilige Gees” – in die handleiding vir leiers.
  - e) Gebed en Visie (25 minute) Die visie van die selgroep word gedeel en daarvoor word gebid. (Verdeling, uitreik, verlore nes, doelwitte ens.) Ons noem dit gebed na buite.
- 5. Die selgroepbyeenkoms hoef nie langer as 2 ure te wees om suksesvol te wees nie.
- 6. Die gemeentestruktuur is soos volg verander:
  - 'n Gemeente bestaan uit 'n aantal selgroepe met 'n selleier vir elke groep. 'n Selgroep bestaan uit nie meer as 15 sellede.
  - Vir elke 5 selgroepe is daar 'n Arealeier wat verantwoordelik is vir die selgroepe.
  - Vir elke 5 areas is daar 'n Streeksleraar wat verantwoordelik is vir die areas.
  - Vir elke 5 streke is daar 'n Distriksleraar wat verantwoordelik is vir die streke.
  - Vir elke 3 distrikte is daar 'n Gemeenteleraar.
- 7. Die maandelikse offergawes word onder andere binne die selgroep ingesamel.
- 8. Die gemeente is sterk sending gerig en lê klem op herlewing en veral die werk en gawes van die Heilige Gees.
- 9. Die ontwikkelingsproses het ook in Ermelo nie sonder stampe en stote gegaan nie. Binne die gemeente was daar groot weerstand en konflik met 'n aantal lidmate wat die gemeente verlaat het. Daar was ook met buurgemeentes spanning. Van die redes was: selle brei uit oor gemeentegrense heen; “oop”gemeentegrense – lidmate trek heen en weer; “Ermelo-Oos is sterk ten gunste van ekumeniese samewerking en kerkeenheid.
- 10. Ds Barnard getuig van groot geestelike seën in die gemeente; volgens hom het die werk van die Heilige Gees, gebed, lofprysing en aanbidding, versorging van mekaar en sending nuwe betekenis en dimensie gekry.

### **3.2.1.2 Gemeentevreugde**

1. Die gemeentes in George en omgewing kan as die bakermat van die ‘selgemeente’-beweging in Suid-Afrika beskou word. Sommige van die gemeentes het deur 'n proses van gemeentebou gegaan waar dr Marius Potgieter 'n belangrike rol gespeel het. Hy was verantwoordelik vir Lewensverrykingsnaweke wat 'n groot invloed op kursusgangers gehad het. Hy het tot die oortuiging gekom dat mikrogemeentes 'n voertuig vir makrogemeentes is om lidmate te help ten opsigte van lewensverandering. Hy het sedert 1975 met sulke “huisgemeentes” gewerk. Potgieter wou die saak verder in sy navorsing evalueer en daarvoor skryf. Daar is besluit om uit verskeie gemeentes in George kontrolegroepe onder sy leiding te begin.
2. Die moedergemeente in George het ook hierdie model gekies volgens 'n aanhaling uit 'n lesing gelewer by die Selgroepgemeente Konferensie 13 - 16 April 1999: “Gedurende Meimaand 1994 besoek dr Ralph Neighbour Mosselbaai en 'n afvaardiging uit die kerkraad het die geleentheid gaan bywoon. Dit blyk toe dat wat ons mee besig was baie raakvlakke met die selgroep gedagtes van Neighbour het. Drie weke voor die beplande Julie-opleiding het ongeveer 16 leraars wat die Mosselbaai byeenkoms bygewoon het, beraadslaag en besef ons kan nie die Neighbourmodel volg nie en sal moet koppe bymekaar sit en 'n model ontwikkel wat minder konfronterend is. Die gemeente moet deur 'n proses begelei word waarin hulle stelselmatig ervaar hoe hierdie verhoudingskerk ondersteunend besig is om die bestaande aan te vul.”
3. Gemeentevreugde is meer as Georgegemeente. Die verhaal van George word hier slegs as voorbeeld gegee in die proses van ontwikkeling. Wat die res van die verhaal betref, word gefokus op Gemeentevreugde. Oor die moontlike verband tussen Gemeentevreugde en Neighbour, het Potgieter die volgende gesê: “Die Gemeentevreugdemodel is reeds vanaf die vroeër tagtigerjare

(toe niemand in Suid-Afrika van Neighbour geweet het nie) deeglik in die praktyk getoets en is later afgerond toe daar materiaal vir algemene gebruik opgestel is. Daar is weinig ooreenkoms met Neighbour se model wat uitgangspunte en werksmetode betref. In Georgegemeente se geval was die besoek van Neighbour slegs die katalisator en het hulle hul by die Gemeentevreugdemodel geskaar.”

4. Die selgemeentebediening (Die selgemeentebediening word omvattend gemotiveer en beskryf in: Potgieter, M 1995. *'n Nuwe Bybelse Lewenswyse. Die selgemeente.* George: Lewensvreugde, en De Wit, E en Potgieter, M (red) 1998. *Ter Sprake. 50 vrae en antwoorde oor die selgemeente-model.* George: Lewensvreugde.) kan kortliks opgesom word:

Die selgemeentemodel beskryf 'n kerklike struktuur met onder andere die volgende aspekte (1995:20):

1) Die selgemeente is die basiese groep. Alle werksaamhede gaan daarvan uit of dien tot die opbou daarvan.

2) Die selgemeentes in 'n gebied vorm saam 'n groter geloofsgemeenskap (die gemeente) wat weer deel is van nog 'n groter geloofsgemeenskap (ring en sinode)”.

3) Alle gelowige gesinne en enkelinge behoort intieme lewensgemeenskap met medegelowiges in 'n selgemeente te beleef. Op 'n ander plek (1995:51) word die gesin as basiese bousteen van die selgemeente gesien.

4) Die dienende aard van en die intensiewe toerusting van leiers is van deurslaggewende belang vir die voortgang van die selgemeentes.

5) Hierdie struktuur word deeglik georganiseer, nie op formele wyse nie maar soos 'n familie.

6) Ingeboude kontrolemaatreëls verseker positiewe groei en roepingsvervulling.

7) Daar word ruimte gemaak vir 'n oorgangsproseswaardeur 'n gemeente kan groei tot hierdie nuwe bedieningspraktyk.

5. 'n Selgemeente is per definisie van Potgieter (1995: 21) “'n huisgroep gelowiges wat die wesenlike eienskappe van gemeentewees vertoon en wat as geloofsgemeenskap funksioneer sonder om die band met die groter gemeenskap van gelowiges en die kerk in die breë af te skeep.”

6. Potgieter stel homself teenoor Neighbour met die volgende woorde (1995:23):

“Al is daar baie punte van ooreenkoms wat die praktyk betref, is daar belangrike redes waarom die selgemeentemodel bo Neighbour se model verkies word:

a) Die teologiese basis is uiters belangrik. Die selgemeentemodel is op die Gereformeerde teologie gebaseer terwyl dr Neighbour se model 'n ander basis het.

b) Dit is noodwendig dat dr Neighbour nie die situasie van die kerke met 'n Gereformeerde belydenis in Suid-Afrika ken nie.”

Wat terminologie betref, kies Potgieter (1995:8) teen die term “ouderling”. Alhoewel die herder-leier in hierdie model niks anders is as 'n ouderling nie, is hy bang vir ernstige misverstande. Weens ampsverval wat ook die ouderlingsamp benadeel, is gekies om nie met die term te werk nie. Die volgende terme word gebruik:

- Herder-leier: een van die dienende leiers van die selgemeente.

- Omsiener: 'n dienende leier van 'n paar herder-leiers.

7. 'n Selgemeente (1995:48) is meer as 'n Bybelstudie- of gebedsgroep, 'n dissipelskapgroep of 'n koinoniagroep want dit funksioneer nie slegs op een spesifieke terrein nie maar op almal. Die selgemeente is anders as 'n wyksbyeenkoms of 'n wysbiduur omdat slegs gewillige persone betrek word en wyksgrense van sekondêre belang is. Die groep leef voltydys intens met mekaar saam en die byeenkomste is slegs 'n deel van hierdie lewensgemeenskap. Die selgemeente verskil ook van die twee ander vorms van die mikrogemeentegedagte naamlik die “house church” en die “basisgemeente” aangesien dit ten nouste by die ander selgemeentes betrokke is.

8. Potgieter (1995:49) stel sy uitgangspunt oor koinonia baie sterk: “Daar is goeie Bybelse gronde waarom gemeentes klein moet wees; dit is die enigste wyse waarop intieme lewensgemeenskap beoefen kan word.”

9. Wat die verloop van die byeenkoms betref, word aanbeveel dat elke byeenkoms geopen word met die lees van die Gesinsverklaring en 'n kort gebed van die voorganger. Daarna word die eenvoudige orde wat Ralph Neighbour aanbeveel, gevolg:

a) Mens-tot-mens: die eerste deel word gebruik om elke persoon wat teenwoordig is geleentheid te gee om iets te vertel oor sy of haar ervaringswêreld. Dit dien ook as 'n terugvoering oor die positiewe uitwerking van die vorige week se gesprek.



b) Mens-tot-God: uit die eerste deel vloei die behoefte om die Here te dank en te prys vir al die seëninge wat die groep ervaar het. Dit is die tyd van intense aanbidding; elkeen kan bewus word dat alles draai om die wonderlike genade van God in Jesus Christus.

c) God-tot-mens: met die Skrif as basis word geluister na wat die Here vir ons sê ten opsigte van ons praktiese lewenswandel.

d) Mens-tot-medemens: die Here stuur ons uit om te dien en daarom word daar nou gepraat oor mense se behoeftes en hoe die groep gesamentlik en individueel daarin kan voorsien.

10. Die selgemeentemodel word deur Potgieter (1995: 113) teenoor die tradisionele model geplaas met die stelling dat die selgemeentemodel uitgaan van die basisteorie dat die gemeente 'n lewensgemeenskap van gelowiges is en dat geen lidmaat daarom los van 'n selgemeente kan leef nie. Die tradisionele model gaan uit van die basisteorie dat die kerk 'n formele geestelike organisasie is. Daarom is lewensgemeenskap ideaal maar nie noodsaaklik nie; lidmate wat wil, kan by groepe inskakel maar is nie verplig nie. Hy gaan verder en sê dat dit nie moontlik is om op twee stoele te sit nie. Gelowiges word nie gedwing om in te skakel nie (1995:117) maar die tweestroombeleid word in die oorgangsproses toegepas

11. Groei in die selgemeentebediening word moontlik omdat selgemeentes aangemoedig word om na verloop van tyd te verdeel (die sogenaamde seldelingsbeginsel).

12. Die selgemeentemodel word landswyd bemark deur Gemeentevreugde, 'n werkgroep wat as konsultante optree vir gemeentes wat die selgemeentemodel toepas. Talle gemeentes het al afvaardigings gestuur na George om 'n kliniek by te woon en sommige het dit reeds in hulle gemeentes begin implementeer. Gemeentevreugde gee ook 'n handleiding vir selgemeentebyeenkomste uit.

### **3.2.1.3 Tafelbaai**

Na 'n analise van die gemeentesituasie is 'n proses van gemeentevernuwing aangepak wat uitgeloop het op 'n aanpassing in die gemeentestruktuur met klem op

- die akkommodering van die verskeidenheid van behoeftes van gemeentelede; en
- selgroepe.

2. Tafelbaaigemeente het twee bedieningstrukture nl besoekwyke én selgroepwyke wat deur 'n gesamentlike kerkraad gelei word. Albei strukture het vier ouderlinge en vier diakens wat saam 'n sentrale kerkraad vorm waar sake van gemeenskaplike belang hanteer word. Elke kerkraad vergader kwartaalliks afsonderlik asook gesamentlik. Daar is ook twaalf bedieningsvoorsitters (kommissievoorsitters) wat elke afsonderlike kerkraad se bediening lei en saam gesamentlike bediening van die gemeente hanteer. Verder is daar vyftig dienswerkers wat die insameling van bydraes in die wyke hanteer. Selgroepleiers versorg selgroeplede in area- en streekverband.

3. In literatuur deur ds Philip Botha tydens die Selgroepgemeente Konferensie verskaf, kom die volgende temas voor wanneer die Bybelse fundering van selgroepgemeentes omskryf word:

- God self (God as drie-eenheid leef in 'n intieme verhouding met mekaar)
- Die mens se skepping (Vanuit Genesis 1 en 2 word die mens as 'n verhoudingswese beskryf)
- Die aanslag van die duiwel (Hy verbreek verhoudings)
- Die boodskap van die Ou Testament (Kernopdrag is om die Here jou God lief te h en jou naaste soos jouself).
- Christus se koms (Jesus herstel natuurlike verhoudings en demonstreer hoe dit moet lyk)
- Die embryo van die kerk – Christus en sy twaalf dissipels
- Die bestaanswyse van die Nuwe Testamentiese gemeentes (Handelinge 2:42 met die klem op onderlinge verbondenheid)
- Die “mekaar” teksgedeeltes in die Nuwe Testament en die gawes van die Heilige Gees veronderstel sowel persoonlike verhoudinge as gemeenskap
- Die Belydenisskrifte en koinonia (Apostolicum)
- Die Heidelbergse Kategismus (So 22 Vr 55)
- Die Nederlandse Geloofsbelijdenis (Artikels 27-29)

4. Verder word onderskei tussen 'n gemeente met selgroepe en 'n selgroepgemeente wat in selgroepe georganiseer is en so funksioneer.

5. Selgroepe in Tafelbaaigemeente verloop gewoonlik soos volg:

- Ysbreker (Mens-tot-Mens)
- Lof en Aanbidding (Mens-tot-God)
- Woord (God-tot-Mens)
- Werke en visie (Mens-tot-Medemens)

6. Hierdie proses van vernuwing het volgens ds Botha groot vrug in die gemeente opgelewer: baie gemeentede se persoonlike geloofsverhouding is versterk, die leierskapbasis is byna verdubbel, die erediensbywoning het gegroei, waar daar aanvanklik drie Bybelstudiegroepe was, vergader daar nou meer as 50 selgroepe per week, die gemeente het finansiële geweldige groei, die sendingbetrokkenheid het sterk gegroei, ens.

7. Die invloed van Neighbour is ook in hierdie model duidelik. Reeds die naam “selgroepe” is ’n direkte vertaling van Neighbour se “cell group”.

### 3.2.1.4 Moreletapark

1. Drie jaar na die afstigting van Moreletaparkgemeente in 1988/89 is besluit op ’n kleingroepbediening (Die model word breedvoerig beskryf in Van der Spuy, D 1998. *Herlewing deur omgeegroepe*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.); dit volg nadat daar van die begin af doelwitte gestel is vir geestelike verdieping (eers deur dissipelskapgroepe en Bybelstudiebyeenkomste wat nie bevredig het nie).

2. Die sleutelwoord vir die gemeente is koinonia. Wyksbyeenkomste het as gevolg van ’n paar redes nie geslaag nie: leierskap – die ouderling is nie noodwendig altyd die geskikte persoon nie, wyksamestelling, frekwensie van byeenkomste, nie alle lidmate is vir kleingroepe gereed nie. Die kleingroepstelsel is ten spyte van aanvanklike teenstand gekies om gestalte aan koinonia te gee. Met die implementering van omgeegroepe is die ideaal gestel dat elke lidmaat uiteindelik by groepe sal inskakel, al neem dit ook hoe lank. Verder is baie aandag gegee aan die opleiding van leiers (deur weeklikse leiersbyeenkomste) en geskied die indeling volgens vrye assosiasie.

3. Byeenkomste verloop gewoonlik soos volg:

a)	Ken mekaar (met fokus op lief en leed)	10-15 minute
b)	Samesang (kasset- of CD-begeleiding)	10 minute
c)	Gebede	3-10 minute
d)	Terugrapportering	5-10 minute
e)	Woordstudie (soos uiteengesit in handleiding)	45-60 minute
f)	Bediening	25 minute

In totaal duur die byeenkoms dus ongeveer een tot twee uur.

4. Leiding in die groepe is van groot belang. Omgeegroepleiers wat aan bepaalde vereistes moet voldoen en ’n toewydingsbelofte moet aflê, neem die leiding. Hulle word bygestaan deur assistentomgeegroepleiers wat in diens opleiding ondergaan om self mettertyd leiding van ’n groep oor te neem. Die omgeegroepvoog is verantwoordelik vir vyf tot sewe omgeegroepleiers; hy moet elke omgeegroepelier in sy vooggroep minstens een maal elke twee maande besoek en hom/haar pastoraal ondersteun en bemoedig. Die voogleraar is verantwoordelik vir ’n aantal voogleiers en moet toesien dat dit goed gaan met hulle geestelike lewe en die funksionering van die omgeegroepe waarvoor hulle aangestel is.

5. Groepe word aangemoedig om te groei tot op ’n punt waar hulle kan verdeel.

6. Ander sake van belang is gebedsbediening deur die omgeegroepe, nagmaal in die omgeegroep en groeiprojekte (die klem val op praktiese dade)

7. Die gemeente bied ook gereeld vernuwingswerkwinkels aan waar die gemeentemodel aan belangstellendes bekend gestel word. By die geleentheid word die omgeegroepbediening deeglik beskryf en bemark.

### 3.2.2 Ander modelle in NG Gemeentes

Naas die vier modelle waar selle eksplisiet ter sprake is, kom daar tans in die Ned Geref Kerk ook die volgende modelle voor waar kleingroepe ’n belangrike rol speel.

#### 3.2.2.1 Buvton

1. Hierdie model ontwikkel en beskryf deur dr Michiel van der Merwe (1997:1vv) gaan uit van die vertrekpunt dat kleingroepe ’n onontbeerlike aanvulling tot die bedieningsstelsel van ’n gemeente

is. Waar die erediens en huisbesoek die twee hoofpilare van die bediening in meeste gemeentes was, is dit nie meer voldoende vir die effektiewe bediening van lidmate nie. Terwyl in die erediens saam met 'n duisend mense aanbid kan word, kan daar nie vir die naaste se behoefte gesorg word nie. Huisbesoek is 'n belangrike manier om 'n verhouding met lidmate op te bou maar te sporadies vir deurlopende steun en geestelike opbou. Daarom word voorgestel dat die erediens en huisbesoek aangevul word met 'n kleingroepbediening.

2. Alle kleingroepe verskaf egter nie outomaties die verlangde bediening nie; dit moet gegiet word op so 'n manier dat daar inderdaad na mekaar uitgereik kan word en geestelike versorging nie net kognitief plaasvind nie.

3. Van der Merwe (1997:9) kies doelbewus nie om die konsep “selgemeente” te gebruik nie omdat dit 'n gemeente-identiteit by lidmate vestig dat elke kleingroep self in eie reg gemeente is. Dit is 'n sprong van een uiterste na die ander uiterste.

4. Die volgende opmerkings oor enkele elemente van 'n gemeente-identiteit wat nodig is om 'n kleingroepbediening te dra verdien aandag (1997: 12vv):

- Die uitgangspunt van die model is dat ons in die **teenwoordigheid van God** leef; ons is saam met Hom op weg. Dit geld vir individue maar ook van groepe.
- Die eerste praktiese faset van die lewe in die teenwoordigheid van God is dat ons ons tot Hom **inkeer** en met Hom rekening hou.
- Die tweede praktiese faset van die lewe in die teenwoordigheid van God is dat ons met mekaar rekening hou. God bind ons in **koinonia** aan mekaar.
- Die derde praktiese faset is dat ons hele lewe 'n lewe in die teenwoordigheid van God is en daardeur gekleur en gestempel word. Dit is 'n lewe van **dissipelskap**.

5. Uiteindelik is daar baie groepe in die een gemeente en is 'n gemeente meer as groepe (1997:21). In hierdie model word die volgende kleingroepetipes onderskei (1997:25):

- Gewone wyke wat hoogstens een keer 'n maand vergader en waar die kwaliteit van die verskillende fasette van koinonia nie baie hoog is nie
- Huisgroepe wat 'n hoë verbintenis vra en weekliks vergader. Daar word gestreef na goeie koinonia en diepteverhoudings met goeie sorg vir mekaar.
- Diensgroepe of –aksies wat primêr ingestel is op 'n spesifieke diens na binne of buite die gemeente.

6. Oor die samestelling van kleingroepe, skryf Van der Merwe (1997:29) dat dit een van die volgende kan wees:

- 'n Geografiese samestelling soos met die tradisionele wykstelsel. Dit werk net as die betrokke buurtgroepe homogeen is of mekaar reeds goed ken en goed met mekaar oor die weg kom.
- Die pioniersopsie wanneer 'n nuwe gemeente begin word of die gemeente snel uitbrei. 'n Leier begin met 'n groep deur mense of gesinne uit te nooi om daarby in te skakel.

7. Oor die rol van kerkraadslede word die volgende geskryf (1997:36):

- Ouderlinge se taak is om die leiers van huisgroepe of wyke te begelei. (Die wyksleiers en huisgroepleiers is dus nie kerkraadslede nie).
- Diakens kan in twee tipes verdeel word. Die groep is die leiers van diensgroepe en die ander hou toesig oor die dankoffer.

### **3.2.2.2 Wykstelsel, Bybelstudiegroepe, ens**

1. Die praktyk van wyke en Bybelstudiegroepe is jare reeds gevestig in die Ned Geref Kerk. Wyke is primêr geografies saamgestel en het 'n administratiewe funksie. Die geestelike opbou van wykslede vind hoofsaaklik deur die ouderling en diaken plaas met die leraar wat van tyd tot tyd kom huisbesoek doen. Indien wyksbyeenkomste gehou word, word dit gewoonlik gelei deur die ouderling of leraar op besoek. Hierdie byeenkomste vind egter te ongeregeld plaas om 'n werklik beduidende impak op die onderlinge versorging in die wyk te hê. Sommige wyke funksioneer baie goed en bied aan lidmate die sorg wat hulle nodig het; dié wyke is egter 'n uitsondering op die reël.

2. Bybelstudiegroepe funksioneer ook reeds vir 'n geruime tyd. Die primêre fokus van die groepe is die bestudering van die Bybel. Daar word egter nie genoeg aandag aan die mens-tot-mens moment gegee nie en onderlinge sorg vind nie intensioneel plaas nie.

### **3.2.2.3 Kleingroep wat nie in genoemde modelle inpas nie**

Naas groepe wat primêr gerig is op gelowiges, is daar ook diegene wat bestaan met die oog op vriendskapsevangelisasie, enige persoon nooi om deel te word van die kleingroep. Verder is daar natuurlik ook die moontlikheid om spesifieke kleingroepe, met die oog op kerkvervreemde of kerklos lidmate wat sou belangstel, daar te stel. Hulle is die sg “seekers” waarvan ons dikwels praat. So 'n

kleingroep staan dan ook bekend as 'n kleingroep vir soekers. Slegs die kleingroepleier en sy/haar gade is gelowiges. Hierdie groepe val nie binne die opdrag van die ondersoek nie en word daarom nie in besonderhede beskryf en beoordeel nie.

### 3.3 BEOORDELING

Die volgende beoordeling word gemaak op grond van die studie van kleingroepe asook waarnemings oor die implementering van die vier modelle deur verskillende persone en gemeentes.

3.3.1 Die Ad Hoc-kommissie oordeel dat die ontwikkeling rondom kleingroepe in die Ned Geref Kerk baie positief is en dat ons hiervoor **groot waardering** het. Dit slaag daarin om 'n noodsaaklike moment van kerkwees te laat realiseer met groot seën vir diegene wat deelneem. Die volgende sake kom duidelik na vore: die wil vir 'n effektiewe bediening; die klem op koinonia; die herbeleving van koinonia en koinonia as sleutel tot evangelisering staan hier sterk voorop; waardering vir die Heilige Gees en sy werk (veral wat gawes en gebed betref asook die funksionering van die charismata); die klem op sending en diens (diakonia), toerusting, die opleiding en ontwikkeling van leierskap in die gemeente; baie aandag word gegee aan toewyding en lewensvernuwing; ontdekking van kerkwees; vrymoedigheid tot getuienis, ens.

3.3.2 Ons oordeel terselfdertyd dat daar versigtig beweeg moet word. Die implementering van 'n kleingroepbediening veronderstel groot skuiwe en hierdie verandering moet reg bestuur word. Daar is talle voorbeelde van die teendeel wat groot spanning in gemeentes tot gevolg het. Die uniekheid van elke gemeente moet eerbiedig word teenoor 'n bloudruk-benadering.

3.3.3 Die volgende bakens behoort eerbiedig te word in die proses van implementering van selgroepe:

#### 3.3.3.1 *Ekklesiologies*

a) Die Woord moet die sentrale plek in elke kleingroep se byeenkoms kry. Die lees van, besinning oor en gehoorsaamheid aan die Woord bly 'n baie belangrike moment en fokus van alle kleingroepbyeenkomste.

b) Behou die band tussen die kleingroep en die groter gemeente, die kerkverband en die kerklike tradisie waarin ons staan. Respekteer en lees die belydenisskrifte. Beweeg binne die ampsbeskouing van die groter kerk – daar is genoeg ruimte vir die ideale wat kleingroepe nastreef, ook wat leierskap betref. Die ideaal bly: die kleiner eenhede moet nie afbreek doen aan die gemeentebyeenkomste nie maar dit voed en versterk.

c) Hou rekening daarmee dat kleingroepe binne die kultuur van die Ned Geref Kerk nie oral ewe sterk is nie en dat alle gelowiges nie almal so maklik by 'n kleingroep inskakel en inpas nie of uiteindelik van een groep na 'n ander skuif soos in die geval van seldeling nie. Dit vra dat daar ruimte vir mekaar moet wees en dat die implementering van 'n kleingroepbediening verantwoordelik bestuur moet word. Dit beteken gewoon dat dit uiters riskant is om 'n hele gemeente in klein groepe in te deel en dan te verwag die gemeente moet op die nuwe manier funksioneer.

#### 3.3.3.2 *Pneumatologie*

Behou die band tussen die Heilige Gees en die Woord. Duidelike leiding aan lidmate moet voortdurend gegee word oor die werking van die Gees.

#### 3.3.3.3 *Spiritualiteit*

Spiritualiteit word deur omgang met die Woord gevoed en is 'n aanduiding van hoe ons met die Woord omgaan. Ons glo dat God eerste werk en ons reageer op sy liefde en genade met 'n lewe van dankbaarheid. Beou dit as basis.

### 3.4 SAMEVATTEND

3.4.1 Ons het die opdrag uitgevoer. Ons oordeel positief oor kleingroepe as 'n voertuig tot die realisering van koinonia en wil ons waardering boekstaaf. In ons bemoeienis het ons te doen gekry met goeie mense met wie ons graag wil saam loop.

3.4.2 Daar is tog ook in die groepe ontwikkelings en tendense waaroor ons besorg is. Ons het riglyne gegee waarbinne beweeg moet word om nie in die slaggate te trap nie.

3.4.3 Die eie aard en uniekheid van elke gemeente moet nie misken word deur te werk met 'n bloudruk wat eensydig toegepas word sonder honorering van die konteks van elke gemeente se situasie nie.

3.4.4 Die implementering van die kleingroepe veroorsaak soms trauma wat dikwels nie goed bestuur word nie. Koinonia vind spontaan plaas én moet georganiseer word; daar is 'n inherente spanning tussen die twee momente wat behou moet word. Ons wil 'n kleingroepbediening

aanmoedig wat nie teenoor die res van die gemeente se bediening staan nie en spanning veroorsaak nie maar wat dit komplementeer. Die model van Buvton kan ons hierin help; dit bied moontlikhede daarvoor waarna gekyk kan word.

3.4.5 Die pastorale gesprek het met die leiers van die vier groepe plaasgevind soos die eerste verslag voorgestel is (punt 5.2). Die dagbestuur van die AKG, dr Bisschoff van die ad hoc-kommissie en dr Marius Potgieter, di Gerhard Barnard, Dirkie van der Spuy en Philip Botha was teenwoordig.

3.4.6 Die verslag is bespreek. Daar is gewys op feitelike foute en voorstelle gemaak oor die aanbieding van die resultate. Dit is in hierdie verslag ingewerk.

3.4.7 Die proses van nadenke, gesprek en leiding oor kleingroepe in die Ned Geref Kerk moet verder en wyer gaan.

3.4.8 Die AKG behoort 'n ondersoek te doen oor hoe die bediening van koinonia in gemeentes plaasvind.

### **3.5 AANBEVELING: KLEINGROEPBEDIENING - die AKG word versoek om die verslag voor te berei in pamfletvorm vir verspreiding aan kerkrade.**

NOTULE 2002  
p542-547

### **5.3 VERBREIDING EN VERMEERDERING VAN DIE AMPTE (ook Bylae A.8.5) – sien ook C.14.5:4.1**

9.1 Die Algemene Sinode herbevestig dat kerkrade wat in die proses van ampsvernuwing en ampsherstel is, noukeurig moet let op die spesifieke fokus van elke amp soos die Algemene Sinode dit in 1998 goedgekeur het.

9.2 Die Algemene Sinode besluit om artikel 16 van die Kerkorde soos volg te wysig:

Voeg 'n nuwe 16.1.1 by en verander die numerering om te lees (die wysiging word onderstreep):

16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike leiding, bestuur en toesig, en omvat

16.1.1 die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk

16.1.2 die regering van die gemeente;

16.1.3 die doen van huisbesoek;

16.1.4 die uitoefening van opsig en tug;

16.1.5 waaksaamheid oor die suiwerheid van die leer;

16.1.6 medeverantwoordelikheid vir die kategetiese onderwys;

16.1.7 die roeping om ander na Christus te lei;

16.1.8 ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van 16.1.

16.2 Die kerkraad bepaal met inagneming van 16.1.1 tot 16.1.8 die bedieningsverantwoordelikheid van elke ouderling (geamendeer M Nel/W Nicol)

9.3 Die Algemene Sinode besluit om artikel 16 van die Kerkorde soos volg te wysig:

Voeg 'n nuwe 17.1.1 by en verander die numerering om te lees (die wysiging word onderstreep):

17.1 Die amp of bediening van die diaken is gerig op praktiese dienswerk. Dit begin in die erediens, en gaan vandaar uit na die gemeente en die wêreld waarin die lidmate leef. Die diakenamp omvat

17.1.1 die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk

17.1.2 die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens benodig;

17.1.3 die insameling en besteding van middele wat vir die diakonale werk nodig is;

17.1.4 die organisering en leiding van die barmhartigheidsbediening van die gemeente;

17.1.5 ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van 17.1.

17.2 Die kerkraad bepaal, met inagneming van 17.1.1 tot 17.1.5, die bedieningsverantwoordelikheid van elke diaken (geamendeer M Nel/W Nicol)

9.4 Die Algemene Sinode versoek die AKE om in samewerking met die AKG die formuliere vir ouderlinge en diakens te wysig ooreenkomstig die besluite van hierdie verslag.

9.5 Die Algemene Sinode voorsien die moontlikheid dat die kategete-amp as 'n volwaardige amp ingestel kan word en verwys die verdere besinning hieroor na die AKG en ARK vir verdere studie met verslag en aanbeveling aan die volgende Algemene Sinode (geamendeer M Nel/W Nicol).

9.6 - verval.

9.7 Die Algemene Sinode besluit dat nie alle ampsdraers, ouderlinge en diakens ingesluit, in die kerkraad hoef te dien nie en keur dit goed dat Art 27 van die Kerkorde gewysig word om soos volg te lui (Die wysiging word onderstreep): Die kerkraad bestaan uit die bedienaars van die Woord asook die ouderlinge en diakens wat as kerkraadslede verkies is. Daar kan ook bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens wees wat nie in die kerkraad dien nie. In die geval waar nie alle ouderlinge en diakens lede van die kerkraad is nie, moet daar op plaaslike vlak huishoudelike reëlings wees waarin die seleksiebeginsels duidelik uitgespel is (geamendeer MC Botha/NC Ackermann).

9.8 Die Algemene Sinode versoek die AKG om in samewerking met die SKG's 'n databank van verskillende wyses waarop gemeentes ampsbediening struktureer op te bou en om met behulp daarvan 'n konsultasiediens aan gemeentes te lewer.

#### **ARTIKEL 27 – vgl C.14.6:1.1**

Die Algemene Sinode

1. gee opdrag aan die ARK om riglyne vir die implementering van die nuwe Art 27 op te stel met verslag aan die ASK;
2. versoek kerkrade om nie met die implementering voort te gaan voordat die ASK die ARK se verslag oorweeg het nie;
3. besluit dat beide die huidige en die gewysigde Art 27 in die nuwe kerkordeboek gepubliseer word met 'n aantekening dat die ASK van die implementeringsdatum van die gewysigde Art 27 kennis sal gee.

#### **5.4 EIETDSE GEBEDSBEWEGINGS** (ook Bylae A.8.6)

6. Kennis geneem

**5.5.2 BUITENGEWONE GAWES** - die Sinode neem kennis van die bevinding van die AKG en besluit om van die saak af te stap.

**5.6.2 VROUEPREDIKANTE** - verval (vgl A.16.1: 8.13).

#### **5.7 RIGLYNE VIR PASTORALE BEGELEIDING** (ook Bylae A.8.7)

5.1 Die Algemene Sinode keur die verslag goed.

5.2 Die Algemene Sinode stel die verslag aan sinodes beskikbaar vir gebruik in gemeentes.

**BEFONDSING VAN KERKSPIEËLNAVORSING** – die Algemene Sinode besluit dat, vanweë die belangrikheid van voortgaande navorsing ten opsigte van die NGK en sy bedieninge sowel as die verstaan van die samelewingskonteks, daar meer begroot word vir Kerkspieël, sodat die werk kan bly voortbestaan (M Nel/AR Hanekom).

**ELANA MAUER** – die Sinode rig 'n woord van besondere waardering aan Elana Mauer vir haar besondere diens in die Kerkspieëlprojek sedert 1989 (M Nel/JH Bisschoff).

#### **5.9 ALGEMENE BIEDIENINGSFONDS** (ook Bylae A.8.9)

2. Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die groot bydrae wat die Algemene Bedieningsfonds tot bedieningsuitbreiding en werkskepping vir proponente lewer en versoek sinodes, gemeentes en lidmate om die fonds steeds bekend te stel en te ondersteun.

4.1 Die Algemene Sinode versoek die AKF om verder met die ABF te onderhandel oor die befondsing en bestuur van die Algemene Bedieningsfonds (vgl C.7.1: 4.1).

**5.10.2.1 SAKRAMENTE IN KLEINGROEPE** - die Algemene Sinode keur die optrede van die AKG goed.

**5.10.2.2 PAMFLET KLEINGROEPBEDIENING** - die AKG word versoek om die verslag oor kleingroepbediening voor te berei in pamfletvorm vir verspreiding aan kerkrade.

**PROF JS KELLERMAN** – die Sinode betuig sy besondere dank aan Prof JS Kellerman vir sy persoonlike bydrae as lid van die AKG. Die Sinode vermeld veral sy persoonlike geloofwaardigheid en toewyding as sentrale deel van sy bydrae. Die Sinode bid hom 'n goeie en mooi tyd toe in hierdie fase van sy lewe (M Nel/JH Bisschoff).

**C.8.1 TYDELIK GEMEENTEBEDIENING: EERSTE** – sien A.8:4.2.

**2002 NOTULE**

**P547-549**

**A.12 ALGEMENE KOMMISSIE VIR LEER EN AKTUELE SAKE** (Agenda bl 186)

### **1.6 ARMINIANISME**

1. Die Algemene Sinode aanvaar die verslag as 'n riglyn vir ons beskouing oor die Arminianisme.
2. Die Algemene Sinode doen 'n ernstige beroep op die hele kerk om alles in die werk te stel om die boodskap suiwer te verkondig en verstaan dat ons uit God se vrye guns alleen gered en geheilig word, en dat hierdie gebeure op geen wyse van ons aandeel afhanklik is nie, maar dat dit nogtans die mens se skuld is as hy/sy nie gered word nie (geamendeer A König/LK Louw).
3. God se genade in Christus is gemeenskapskeppend en vernuwend. Die reddende geloof behels om te rus in die oormag van God se genade, sodat ons sal groei onder die heerskappy van hierdie genade (Rom 5:21,6: 14). Hierdie soewereine werking van God se genade maak dat die kerk nie anders kan as om dit met entoesiasme te verkondig nie (T Badenhorst/J Cillié).

**ARMINIANISME EN GEMEENTEBEDIENING** - die Sinode verwys die verslag A12.D1 (oor die Arminianisme) na die AKG (en ASSK) om, met verslag aan die Algemene Sinode, te besin oor die implikasies van die verslag vir die bediening van die gemeente in die samelewing (M Nel/JW Peens).

### **2.7 GEESTELIKE OORLOGVOERING EN BEVRYDING**

2.7.1 Die Algemene Sinode bely met blydschap die oorwinning van Jesus oor die Bose en sy ryk, en sien met verlange uit na die finale vernietiging van die mag van Satan by die wederkoms van Christus.

2.7.2 Die Algemene Sinode aanvaar dat die koninkryk van God nog nie in sy volle heerlikheid gekom het nie en dat ons dus nog steeds in 'n geestelike stryd gewikkel is teen die Bose en sy magte (onder andere Heidelbergse Kategismus Sondag 48 en 52), en moedig alle gelowiges aan om deur die krag van die Heilige Gees, en in die gees van die oorwinning van Jesus, ten volle by hierdie stryd betrokke te wees.

2.7.3 Die Algemene Sinode bevestig die teologiese onderbou van ons belydenis wat onder andere beteken dat ons die sogenaamde bonatuurlike karakter van die evangelie aanvaar wat die aktiwiteit van bese magte, die wonderwerke van Jesus, sy opstanding en wederkoms insluit (geamendeer AL Bartlett/JAC Badenhorst).

2.7.4 Die Algemene Sinode spreek sy ernstige huiwering uit oor dit wat na ons mening in sommige vorms van Geestelike Oorlogvoering en Bevryding 'n opsigtelike plus is bo die wyse waarop eksorsisme in die Nuwe Testament beskryf word. Ons meen dat dit ver bo die sober gewens van die Skrif uitgaan, en die algenoegsaamheid van die werk van Christus kan bedreig.

2.7.5 Die Algemene Sinode distansieer hom van die detail en werkwyse wat in sekere kringe aanvaar word soos die fyner besonderhede oor bese magte, die lang konfronterende gesprekke met bese magte, die magiese mag wat aan beelde en ander voorwerpe toegeskryf word, en die triomfalisme wat soms uitstraal.

2.7.6 Die Algemene Sinode is bewus van die feit dat daar in ons teologie en spiritualiteit min aandag aan hierdie sake gegee word, en dat die meeste van ons nie in staat is om mense met sulke probleme te help nie. Die sinode getuig daarvan dat verskillende kulture in ons land ons duideliker bewus gemaak het van die vrees vir bese magte wat baie mense se lewens oorheers, en moedig sy eie lidmate aan wat in hierdie konstekste werk om besondere aandag hieraan te gee.

2.7.7 Die Algemene Sinode gee opdrag aan AKLAS om 'n studie te maak van die relasie tussen teologie, geloof en tydsgees waarin aandag gegee word aan sowel die hermeneutiese aansluiting as die kritiese konfrontasie. Die implikasies wat dit inhou vir sake soos ons Godsbeeld, mensbeeld,

demonologie en wonders, moet aangetoon word. Die gevolge vir prediking en pastoraat ten opsigte van byvoorbeeld die bediening van bevryding en die gesprek met die tydsges, word verwys na die AKG vir verslag aan die Algemene Sinode (geamendeer T Badenhorst/WA Badenhorst)

2.7.8 Die Algemene Sinode gee opdrag aan AKLAS om voort te gaan met studie oor die bediening van bevryding en om die volgende Algemene Sinode te adviseer oor die wyse waarop mense met sulke probleme pastoraal gehelp kan word - verwys na AKG.

### 3.9 MANIFESTASIES VAN DIE HEILIGE GEES

3.9.1 Die Algemene Sinode verklaar dat die buitengewone gawes van die Gees nooit sonder die vrug van die Gees tot opbou van die gemeente kan dien nie, en dat ons nie moet onderskei tussen "buitengewone" en "gewone" gawes asof die een groep gawes belangriker is as die ander nie.

3.9.2 Die Algemene Sinode onderstreep die feit dat die een kerk as liggaam van Christus bestaan uit baie ledemate, individuele gelowiges aan wie die Heilige Gees verskillende gawes uitdeel en wat elkeen afsonderlik ander lidmate moet dien.

3.9.3 Die Algemene Sinode beklemtoon die feit dat alle gawes en dienste in die kerk as liggaam van Christus charismaties van aard is. Dit is die Gees self wat hierdie verskillende genadegawes aan die onderskeie lede van die liggaam gee. Daar kan dus nie onderskei word tussen charismatiese en nie-charismatiese gawes en dienste in die kerk nie.

3.9.4 Die Algemene Sinode wys daarop dat die heel *gewone* en die meer *buitengewone* gawes van die Gees eweseer charismata, genadegawes van die Gees is. Die genadegawe se ware kenmerk kom daarin na vore dat dit 'n gawe uit genade is, en nie of dit gewoon of buitengewoon van aard is nie. Die Sinode verklaar derhalwe dat daar ook nie 'n teenstelling tussen die genadegawes en die instellings (ampte) as gawes van die Gees aan die kerk gemaak kan word nie.

3.9.5 Die Algemene Sinode wys verder daarop dat in die nadenke van die kerk oor die gewone en buitengewone genadegawes van die Gees daar rekening gehou moet word met die feit dat die lyste in Rom 12, 1 Kor 12 en Ef 4 die besondere omstandighede van daardie gemeentes weerspieël en nie as 'n bloudruk vir alle omstandighede en kontekste kan dien nie. Die kerk sal dus steeds in afhanklikheid oop moet wees vir die leiding van die Gees deur die Skrif en ander gawes van die Gees in nuwe en wisselende omstandighede.

3.9.6 Die Algemene Sinode verklaar dat die voorkoms van sogenaamde buitengewone gawes in die kerk vandag telkens getoets moet word aan die verskillende kriteria wat die Woord self in hierdie verband neerlê:

- \*1 die belydenis dat Christus die Here is
- \*2 die voordeel van ander gelowiges
- \*3 diens aan die liggaam van Christus en die naaste
- \*4 opbou van die kerk
- \*5 orde
- \*6 liefde as samevatting van die vrug van die Gees

3.9.7 Die Algemene Sinode neem met dankbaarheid kennis van die voorkoms van genadegawes van die Gees wat beantwoord aan die kriteria van die Woord en waarmee die kerk gedien en gebou kan word en wat 'n besondere bydrae lewer tot die entoesiasme, vreugde, warmte, liefde, lof en aanbidding in die gemeente.

### 4.5 DOOPVIERING

**4.5.1 Betekenis van die doop** - die Algemene Sinode roep gemeentes op om sowel in die liturgie as in die pastoraat kreatief na moontlikhede te soek om uitdrukking te gee aan die blywende betekenis van die doop vir die geloofslowe.

**4.5.2 Wysies van doopherdenking** - die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie Leer en Aktuele Sake op om in oorleg met die AKG en die AKE konkrete voorstelle oor geleenthede en wysies van doopherdenking aan gemeentes beskikbaar te stel.

**4.5.3 Tweede doop** - die Algemene Sinode beveel aan dat doopvieringsmodelle wat as 'n tweede doop misverstaan kan word, vermy word.

**4.5.4 Charismatiese spiritualiteit** - die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Kommissie Leer en Aktuele Sake om ondersoek in te stel na maniere waarop blootstelling van NG Kerklidmate aan 'n charismatiese spiritualiteit op 'n konfessioneel en pastoraal verantwoorde wyse vanuit Gereformeerde oriëntasie hanteer kan word.



**4.5.5 Redes waarom lidmate kerk verlaat** - die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKG om ondersoek in te stel na die redes waarom lidmate die Kerk verlaat en die Sinode te adviseer oor maniere om daarop te reageer (geamendeer T Badenhorst/AL Bartlett).

## **5.12 GESAG VAN DIE SKRIF**

5.12.1 Die Algemene Sinode aanvaar die verslag as riglyn vir ons beskouing oor die gesag van die Skrif en vir ons lees en verstaan van die Skrif (geamendeer A König/MC Botha).

5.12.2 Die Algemene Sinode versoek teologiese dosente van die NG Kerk aan die teologiese fakulteite, Sinodale Kommissies vir Leer en Aktuele Sake, kerkrade, gemeentes en predikantekringe om die verslag onder andere in die lig van Artikel 5-7 van die NGB indringend te bespreek en skriftelike kommentaar aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake te lewer voor 31 Desember 2003. In die kommentaar moet ook kwessies en terme wat verdere besinning verg, aangedui word (geamendeer JJ Lubbe/MG Heyns en M Nel/JW Peens).

5.12.3 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKLAS om in die lig van die kommentaar wat ontvang word, 'n verdere verslag uit te bring oor die gesag en die verstaan van die Skrif.

5.12.4 Die Algemene Sinode verklaar dat die gesag van die Bybel as God se Woord, nie 'n dwingelandy is wat ons geestelik verslaaf nie, maar dat God se waarheid ons vrymaak (Joh 8:32). Daarom verg die aanvaarding van die gesag van die Woord nie die opoffering van ons denke wat immers 'n gawe van God is nie, maar wel die kruisiging van ons afvallige, afgodiese denke wat geen grense wil erken nie.

5.12.5. Die Algemene Sinode verklaar dat die menslike aard van die Skrif geen bedreiging vorm vir die goddelike karakter daarvan nie, maar dat laasgenoemde juis tot uitdrukking kom in eersgenoemde. Juis in die menslikheid van die Skrif kom die neerbuigende en genadige neerdaling van God, wat kulmineer in die kruis van sy Seun, na vore (Hebr 1:1). Daarom is die Skrif ook nie aan ons gegee as 'n onfeilbare bron van eksakte natuurwetenskaplike en historiese informasie nie, maar om ons die kennis by te bring "wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus" (2 Tim 3: 15).

5.12.6 Die Algemene Sinode verklaar dat dit uit die Bybel self duidelik is dat die inspirasie van die Skrif nie op 'n eenvormige wyse plaasgevind het nie. Daarom is die aard van die gesag van die Skrif ook nie oral dieselfde nie. Ons kan onderskei tussen die hart van die boodskap van die Skrif en sake wat meer op die rand lê, hoewel die rand en hart nie van mekaar losgemaak kan word nie, maar juis in hulle samehang as Woord van God funksioneer. Die geheimenis van die Goddelike inspirasie van swakke menslike instrumente, kan ons nie deurgrond nie, maar omgekeerd deurgrond hierdie inspirasie vir ons en die totale werklikheid waarvan ons deel is, en lê sodoende gesagvol beslag op ons hele lewe (geamendeer A König/MC Botha).

5.12.7 Die Algemene Sinode verklaar dat die gesag van die Skrif nie gesetel is in geïsoleerde Skrifgedeeltes op sigself nie, maar dat die gesag van elke onderdeel van die Skrif funksioneer binne die geheel van die Skrif en die gesag van die geheel tot uitdrukking kom in die onderdele. Die eenheid van die Skrif is geleë in die eenheid van God (Deut 6:4) wat as die Drie-enige tot ons neerdaal in die Bybelse geskiedenis.

5.12.8 Die Algemene Sinode bely dat ons met God in aanraking kom deur middel van die geskiedenis wat Hy met die mense gemaak het soos deur die Skrif vertolk. Hierdie geskiedenis bereik 'n klimaks in die koms van Jesus Christus sy Seun, wat in die volheid van die tyd deur die Vader gestuur is as Verlosser van die wêreld. Ook die vertolking op velerlei wyses deur woord en daad, maak deel uit van hierdie geskiedenis. Deur die Gees as die eintlike Tolk en (daarom) Trooster, word ons ten spyte van ons onvolkomenheid en sondigheid, toegerus om nou reeds deur woord en daad binne hierdie gebroke werklikheid, iets te laat blyk van God se genadige neerdaling tot sy skepping.

5.12.9 Die Algemene Sinode verklaar dat hoewel God sy Gees aan die kerk gegee het om ons in die volle waarheid te lei (Joh 16:13), die gesag van die Skrif nie primêr berus op die bloot formele feit dat die kerk dit as kanon aanvaar het nie. In die Skrif self word reeds duidelik dat die kerk as gevolg van ons sondigheid nog steeds blootgestel is aan dwaling. Daarom is die gesag van die Skrif in die eerste instansie geleë in die inhoud van die Gees se boodskap naamlik God se genade in Christus (Joh 16:14). Hierdie boodskap het die kerk in die kanon gehoor as die kritiese maatstaf vir die verkondiging waardeur ook tussen die geeste onderskei word.

5.12.10 Die Algemene Sinode verklaar dat die vonnis en vryspraak wat God in die vleesgeworde Woord oor ons uitgespreek het op Goeie Vrydag en Paassondag (Rom 4:25), met gesag deur die

Gees by die lees en verkondiging van die Woord oor ons uitgespreek word. In sy Woord gee God ons "sy Woord" deur al sy beloftes, waarop ons met vrymoedigheid ons durf verlaat vir tyd en ewigheid, aan ons toe te sê. Hierdie gesag is dinamies want die Woord is skeppingsmagtig. Dit bring ons in 'n nuwe verhouding met God en lei ons tot lewensverandering (geamendeer T Badenhorst/J Cillie).

2002 BESLUITEREGISTER

p 614 - 618

## 8. GEMEENTEBEDIENING

**8.1 AGS TUISTE VIR KWEEKSKOOLSTUDENTE** (542) - die Sinode versoek die AKG om die inligting wat veronderstel word in die mededeling met betrekking tot inskakeling van kweekskoolstudente by 'n AGS-gemeente tot beskikking van die Kuratorium by Stellenbosch te stel vir die nodige aandag

### 8.2 ALGEMENE BEDIENINGSFONDS ( Bylae A.8.9) (544: 5.9)

1. Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die groot bydrae wat die Algemene Bedieningsfonds tot bedieningsuitbreiding en werkskepping vir proponente lewer en versoek sinodes, gemeentes en lidmate om die fonds steeds bekend te stel en te ondersteun.
2. Die Algemene Sinode versoek die AKF om verder met die ABF te onderhandel oor die befondsing en bestuur van die Algemene Bedieningsfonds

**8.3 AMPTELIKE TUG** (553) - die Sinode gee opdrag aan AKG en ARK ondersoek te doen na die toepassing van die amptelike tug in die kerk op 'n eietydse wyse, en terug te rapporteer aan die volgende sinodesitting.

### 8.4 AMPTE: VERBREDING EN VERMEERDERING (Bylae A.8.5) (543: 5.3)

1. Die Algemene Sinode herbevestig dat kerkrade wat in die proses van ampsvernuwing en ampsherstel is, noukeurig moet let op die spesifieke fokus van elke amp soos die Algemene Sinode dit in 1998 goedgekeur het.
2. Die Algemene Sinode versoek die AKE om in samewerking met die AKG die formuliere vir ouderlinge en diakens te wysig ooreenkomstig die besluite van hierdie verslag.
3. Die Algemene Sinode voorsien die moontlikheid dat die kategete-amp as 'n volwaardige amp ingestel kan word en verwys die verdere besinning hieroor na die AKG en ARK vir verdere studie met verslag en aanbeveling aan die volgende Algemene Sinode.
4. Die Algemene Sinode besluit dat nie alle ampsdraers, ouderlinge en diakens ingesluit, in die kerkraad hoef te dien nie en keur dit goed dat Art 27 van die Kerkorde gewysig word.
5. Die Algemene Sinode versoek die AKG om in samewerking met die SKG's 'n databank van verskillende wyses waarop gemeentes ampsbediening struktureer op te bou en om met behulp daarvan 'n konsultasiediens aan gemeentes te lewer.

**8.5 BEDIENING VAN BEVRYDING** (547: 2.7) - die gevolge vir prediking en pastoraat ten opsigte van die bediening van bevryding en die gesprek met die tydsgees, word verwys na die AKG vir verslag aan die Algemene Sinode. Verwys na die AKG om die volgende Algemene Sinode te adviseer oor die wyse waarop mense met sulke probleme pastoraal gehelp kan word.

### 8.6 EVANGELISASIE EN NUWE GEMEENTE ONTWIKKELING (Bylae A.8.3) (542: 5.1)

1. Die Sinode bevestig sy oortuiging dat 'n gemeente in sy wese missionêr is.
2. Dat evangelisasie 'n wesentlike aspek van die kerk se roeping en getuienis is en verbind hom daartoe om op 'n holistiese wyse na alle mense uit te reik. Die Algemene Sinode dra dit aan die AKG op om dringend leiding te gee in die ontwikkeling en vestiging van 'n nuwe evangelisasiekultuur en -bediening in die Ned Geref Kerk.
3. Die Sinode sien NGO as 'n wyse van uitreik na die buitekerklike asook as 'n wyse om aan die groeiende diversiteit binne ons samelewing en kerk ruimte te gee.
4. Die Sinode sien nie sy weg oop om Nuwe Gemeente Ontwikkeling direk te koppel aan werkverskaffing vir proponente sonder beroepe nie.

5. Die Algemene Sinode aanvaar dat NGO teoreties 'n alternatief op die patroon van geografies gebaseerde afstigting is.
6. die Sinode dra dit aan die AKG op om die volgende sinode te dien met 'n verslag en aanbevelings oor die moontlike praktiese implementering van Nuwe Gemeente Ontwikkeling. Waar sodanige implementering gepaard mag gaan met kerkordelike aanpassings, moet vooraf met die ARK oorleg gepleeg word.
7. Die AKG maak onder andere vir die proses van die bestaande jaarlikse Konferensie van die Ned Geref Kerke (wat bekend staan as die AConference for multi-cultural and multi-lingual Ministries in the DRC") gebruik om die NGO inisiatiewe te stimuleer;
8. Die Sinode versoek die AKG om aandag te skenk aan die daarstel van materiaal vir die fasilitering van die proses en vir multikulturele bedieninge, en in besonder kategesemateriaal vir nuwe gelowiges, sowel as vir kinders.

### **8.7 GEREFORMEERDE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE** (Bylae A.8.1) (542: 4.1)

1. Die Sinode vereenselwig hom met die breë trekke van die studiestuk en keur dit goed as 'n gespreksdokument oor die toekomstige bediening in NG Kerk gemeentes.
2. Die Sinode vra gemeentes om die studiestuk te gebruik as 'n basis vir verantwoordelike besinning oor vernuwing in die kerk.
3. Die Sinode gee 'n verdere opdrag aan die AKG om aan die hand van die studiestuk te werk aan die formulering van 'n meer afgebakende en praktiese gemeentelike ekklesioLOGIE. Hierdie nuwe studiestuk sou ook kon dien as die basis vir 'n moontlike hersiening van hoe daar in ons huidige kerkorde oor gemeentes en bedieningsverwante sake gepraat word.

**8.8 INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENS** (560) - die Algemene Sinode verwys die hele saak van Inskakeling oor Gemeentegrens/Kerklidmaatskap na die AKG (sameroeper) en ARK vir deeglike studie oor die implikasies daarvan - veral ten opsigte van die kerkbegrip ter sprake - met verslag aan die volgende Algemene Sinode.

**8.9 KERKLIDMAATSKAP: BROJSURE** (559: 2.6.4.9) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKG om 'n kort brosjure waarin kerklike lidmaatskap en die funksionering daarvan na luid van die Algemene Sinode se besluite daarvoor aan kerkrade beskikbaar te stel vir hantering met lidmate.

**8.10 KERKSPIEËLNAVORSING** (Bylae A.8.8) (544) - die Algemene Sinode besluit dat, vanweë die belangrikheid van voortgaande navorsing ten opsigte van die NGK en sy bedieninge sowel as die verstaan van die samelewingskonteks, daar meer begroot word vir Kerkspieël, sodat die werk kan bly voortbestaan.

**8.11 KLEIN GEMEENTES** (542: 4.3.2) - die Algemene Sinode dra dit aan die AKG op om 'n studie te maak van die omstandighede, behoeftes en probleme in klein gemeentes en die Sinode met 'n verslag en aanbevelings te dien.

**8.12 KLEINGROEPBEDIENING** (544: 5.10.2.2) - die AKG word versoek om die verslag oor kleingroepbediening voor te berei in pamfletvorm vir verspreiding aan kerkrade.

### **8.13 PASTORALE BEGELEIDING: RIGLYNE** (Bylae A.8.7) (544: 5.7)

1. Die Algemene Sinode keur die verslag goed.
2. Die Algemene Sinode stel die verslag aan sinodes beskikbaar vir gebruik in gemeentes.

## **2002 BESLUITEREGISTER**

### **12. LEER EN AKTUELE SAKE**

p620-621

### **12.3 DOOPVIERING** (548: 4.5)

**12.3.1 Betekenis van die doop** - die Algemene Sinode roep gemeentes op om sowel in die liturgie as in die pastoraat kreatief na moontlikhede te soek om uitdrukking te gee aan die blywende betekenis van die doop vir die geloofslewe.

**12.3.2 Wyses van doopherdinking** - die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie Leer en Aktuele Sake op om in oorleg met die AKG en die AKE konkrete voorstelle oor geleenthede en wyses van doopherdinking aan gemeentes beskikbaar te stel.

**12.3.3 Tweede doop** - die Algemene Sinode beveel aan dat doopvieringsmodelle wat as 'n tweede doop misverstaan kan word, vermy word.

**12.3.4 Charismatiese spiritualiteit** - die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Kommissie Leer en Aktuele Sake om ondersoek in te stel na maniere waarop blootstelling van NG Kerklidmate aan 'n charismatiese spiritualiteit op 'n kofessioneel en pastoraal verantwoorde wyse vanuit Gereformeerde oriëntasie hanteer kan word.

**12.3.5 Redes waarom lidmate kerk verlaat** - die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKG om ondersoek in te stel na die redes waarom lidmate die Kerk verlaat en die Sinode te adviseer oor maniere om daarop te reageer.

#### **12.4 DRIE FORMULIERE VAN EENHEID: EIETDSE VERTALING (553: 3)**

1. Die Algemene Sinode besluit om 'n nuwe eietydse vertaling van die Drie Formuliere van Eenheid in maklike leesbare Afrikaans in samewerking met die ander kerke daar te stel.

2. Die Algemene Sinode besluit om die voorgenome vertaling in oorleg met die ander twee Afrikaanse kerke aan te pak.

3. Die Algemene Sinode beveel aan dat inklusiewe taal gebesig word.

#### **12.5 GEESTELIKE OORLOGVOERING EN BEVRYDING (547: 2.7)**

1. Die Algemene Sinode bely met blydskap die oorwinning van Jesus oor die Bose en sy ryk, en sien met verlange uit na die finale vernietiging van die mag van Satan by die wederkoms van Christus.

2. Die Algemene Sinode aanvaar dat die koninkryk van God nog nie in sy volle heerlikheid gekom het nie en dat ons dus nog steeds in 'n geestelike stryd gewikkel is teen die Bose en sy magte (onder andere Heidelbergse Kategismus Sondag 48 en 52), en moedig alle gelowiges aan om deur die krag van die Heilige Gees, en in die gees van die oorwinning van Jesus, ten volle by hierdie stryd betrokke te wees.

3. Die Algemene Sinode bevestig die teologiese onderbou van ons belydenis wat onder andere beteken dat ons die sogenaamde bonatuurlike karakter van die evangelie aanvaar wat die aktiwiteit van bese magte, die wonderwerke van Jesus, sy opstanding en wederkoms insluit.

4. Die Algemene Sinode spreek sy ernstige huiwering uit oor dit wat na ons mening in sommige vorms van Geestelike Oorlogvoering en Bevryding 'n opsigtelike plus is bo die wyse waarop eksorsisme in die Nuwe Testament beskryf word. Ons meen dat dit ver bo die sober gegewens van die Skrif uitgaan, en die algenoegsaamheid van die werk van Christus kan bedreig.

5. Die Algemene Sinode distansieer hom van die detail en werkwyse wat in sekere kringe aanvaar word soos die fyner besonderhede oor bese magte, die lang konfronterende gesprekke met bese magte, die magiese mag wat aan beelde en ander voorwerpe toegeskryf word, en die triomfalisme wat soms uitstraal.

6. Die Algemene Sinode is bewus van die feit dat daar in ons teologie en spiritualiteit min aandag aan hierdie sake gegee word, en dat die meeste van ons nie in staat is om mense met sulke probleme te help nie. Die sinode getuig daarvan dat verskillende kulture in ons land ons duideliker bewus gemaak het van die vrees vir bese magte wat baie mense se lewens oorheers, en moedig sy eie lidmate aan wat in hierdie konstekste werk om besondere aandag hieraan te gee.

7. Die Algemene Sinode gee opdrag aan AKLAS om 'n studie te maak van die relasie tussen teologie, geloof en tydsgees waarin aandag gegee word aan sowel die hermeneutiese aansluiting as die kritiese konfrontasie. Die implikasies wat dit inhou vir sake soos ons Godsbeeld, mensbeeld, demonologie en wonders, moet aangetoon word.

8. Die Algemene Sinode gee opdrag aan AKLAS om voort te gaan met studie oor die bediening van bevryding.

#### **12.6 GESAG VAN DIE SKRIF (548: 5.12)**

1. Die Algemene Sinode aanvaar die verslag as riglyn vir ons beskouing oor die gesag van die Skrif en vir ons lees en verstaan van die Skrif

2. Die Algemene Sinode versoek teologiese dosente van die NG Kerk aan die teologiese fakulteite, Sinodale Kommissies vir Leer en Aktuele Sake, kerkrade, gemeentes en predikantekringe om die

verslag onder andere in die lig van Artikel 5-7 van die NGB indringend te bespreek en skriftelike kommentaar aan die AKLAS te lewer voor 31 Desember 2003. In die kommentaar moet ook kwessies en terme wat verdere besinning verg, aangedui word.

3. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKLAS om in die lig van die kommentaar wat ontvang word, 'n verdere verslag uit te bring oor die gesag en die verstaan van die Skrif.

4. Die Algemene Sinode verklaar dat die gesag van die Bybel as God se Woord, nie 'n dwingelandy is wat ons geestelik verslaaf nie, maar dat God se waarheid ons vrymaak (Joh 8:32). Daarom verg die aanvaarding van die gesag van die Woord nie die opoffering van ons denke wat immers 'n gawe van God is nie, maar wel die kruisiging van ons afvallige, afgodiese denke wat geen grense wil erken nie.

5. Die Algemene Sinode verklaar dat die menslike aard van die Skrif geen bedreiging vorm vir die goddelike karakter daarvan nie, maar dat laasgenoemde juis tot uitdrukking kom in eersgenoemde. Juis in die menslikheid van die Skrif kom die neerbuigende en genadige neerdaling van God, wat kulmineer in die kruis van sy Seun, na vore (Hebr 1:1). Daarom is die Skrif ook nie aan ons gegee as 'n onfeilbare bron van eksakte natuurwetenskaplike en historiese informasie nie, maar om ons die kennis by te bring "wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus" (2 Tim 3:15).

6. Die Algemene Sinode verklaar dat dit uit die Bybel self duidelik is dat die inspirasie van die Skrif nie op 'n eenvormige wyse plaasgevind het nie. Daarom is die aard van die gesag van die Skrif ook nie oral dieselfde nie. Ons kan onderskei tussen die hart van die boodskap van die Skrif en sake wat meer op die rand lê, hoewel die rand en hart nie van mekaar losgemaak kan word nie, maar juis in hulle samehang as Woord van God funksioneer. Die geheimenis van die Goddelike inspirasie van swakke menslike instrumente, kan ons nie deurgrond nie, maar omgekeerd deurgrond hierdie inspirasie vir ons en die totale werklikheid waarvan ons deel is, en lê sodoende gesagvol beslag op ons hele lewe.

7. Die Algemene Sinode verklaar dat die gesag van die Skrif nie gesetel is in geïsoleerde Skrifgedeeltes op sigself nie, maar dat die gesag van elke onderdeel van die Skrif funksioneer binne die geheel van die Skrif en die gesag van die geheel tot uitdrukking kom in die onderdele. Die eenheid van die Skrif is geleë in die eenheid van God (Deut 6:4) wat as die Drie-enige tot ons neerdaal in die Bybelse geskiedenis.

8. Die Algemene Sinode bely dat ons met God in aanraking kom deur middel van die geskiedenis wat Hy met die mense gemaak het soos deur die Skrif vertolk. Hierdie geskiedenis bereik 'n klimaks in die koms van Jesus Christus sy Seun, wat in die volheid van die tyd deur die Vader gestuur is as Verlosser van die wêreld. Ook die vertolking op velerlei wyses deur woord en daad, maak deel uit van hierdie geskiedenis. Deur die Gees as die eintlike Tolk en (daarom) Trooster, word ons ten spyte van ons onvolkomenheid en sondigheid, toegerus om nou reeds deur woord en daad binne hierdie gebroke werklikheid, iets te laat blyk van God se genadige neerdaling tot sy skepping.

9. Die Algemene Sinode verklaar dat hoewel God sy Gees aan die kerk gegee het om ons in die volle waarheid te lei (Joh 16:13), die gesag van die Skrif nie primêr berus op die bloot formele feit dat die kerk dit as kanon aanvaar het nie. In die Skrif self word reeds duidelik dat die kerk as gevolg van ons sondigheid nog steeds blootgestel is aan dwaling. Daarom is die gesag van die Skrif in die eerste instansie geleë in die inhoud van die Gees se boodskap naamlik God se genade in Christus (Joh 16:14). Hierdie boodskap het die kerk in die kanon gehoor as die kritiese maatstaf vir die verkondiging waardeur ook tussen die geeste onderskei word.

10. Die Algemene Sinode verklaar dat die vonnis en vrypraak wat God in die vleesgeworde Woord oor ons uitgespreek het op Goeie Vrydag en Paassondag (Rom 4:25), met gesag deur die Gees by die lees en verkondiging van die Woord oor ons uitgespreek word. In sy Woord gee God ons "sy Woord" deur al sy beloftes, waarop ons met vrymoedigheid ons durf verlaat vir tyd en ewigheid, aan ons toe te sê. Hierdie gesag is dinamies want die Woord is skeppingsmagtig. Dit bring ons in 'n nuwe verhouding met God en lei ons tot lewensverandering

## 2004

### SINODE 2004

#### 2004 AGENDA

#### A.7 GEMEENTEBEDIENING

##### KOMMISSIELEDE:

Dr AR Hanekom, dr JD Prinsloo, ds GJ van Jaarsveld, ds A Barlow, dr TW Marais, dr MJ Lazenby (skriba), ds WC Goosen, dr LK Louw, ds JHG Maritz, dr MAV van der Merwe, prof HJ Hendriks, prof Malan Nel (voorsitter), prof J Janse van Rensburg, ds M Cornelissen, mev T Steyn.

##### KENNISNAME:

- Pt 1 - 2.1.3.6
- Pt 2.2 - 2.2.3
- Pt 2.3 - 2.3.3
- Pt 3 - 3.1.3
- Pt 3.2 - 3.2.3
- Pt 3.3 - 3.3.3
- Pt 4 - 4.4

##### BESLUITNEMING:

Pt 2.1.4  
Pt 2.2.4  
Pt 2.3.4  
Pt 3.1.4  
Pt 3.2.4  
Pt 3.3.4

#### 1. INLEIDING

#### 2. OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE

##### 2.1 NUWE GEMEENTE ONTWIKKELING

###### 2.1.1 Opdrag (Handelinge 2002, p 542)

A11.2 Die Algemene Sinode dra dit aan die AKG op om dringend leiding te gee in die ontwikkeling en vestiging van 'n nuwe evangelisasie kultuur en -bediening in die Ned Geref Kerk.

11.6 Die Sinode dra dit aan die AKG op om die volgende sinode te dien met 'n verslag en aanbevelings oor die moontlike praktiese implementering van Nuwe Gemeente Ontwikkeling. Waar sodanige implementering gepaard mag gaan met kerkordelike aanpassings, moet vooraf met die ARK oorleg gepleeg word.@

###### 2.1.2 Uitvoering

Die AKG het vir die SKG van Wes- en Suid-Kaap gevra om onder leiding van dr Braam Hanekom 'n konsep dokument op te stel en aan die AKG voor te lê. Dit is gedoen en die dokument is breedvoerig bespreek by die AKG se vergadering gedurende Maart 2004.

###### 2.1.3 Bevinding

###### 2.1.3.1 UITGANGSPUNTE

As uitgangspunte word hoofsaaklik gebruik gemaak van die besluite wat by die Algemene Sinode van 2002 geneem is met betrekking tot die verslag van die AKG aan daardie Sinode. Die volgende sake word uitgelig.

1. In verband met verslag A.8.1 (Agenda Algemene Sinode 2002, p 115) is besluit: ADie Sinode vereenselwig hom met die breë trekke van die studiestuk en keur dit goed as gespreksdokument oor die toekomstige bediening in NG Kerk gemeentes@ (Handelinge Algemene Sinode 2002, p 542). Die ekklesiologie van hierdie verslag dien as basiese uitgangspunt.

2. Die Sinode bevestig sy oortuiging dat 'n gemeente in sy wese missionêr is.

3. Dat evangelisasie 'n wesentlike aspek van die kerk se roeping en getuigenis is en verbind hom daartoe om op 'n holistiese wyse na alle mense uit te reik.

4. Die Sinode sien NGO as =n wyse van uitreik na die buitekerklike asook as 'n wyse om aan die groeiende diversiteit binne ons samelewing en kerk ruimte te gee.
5. Die Algemene Sinode aanvaar dat NGO teoreties 'n alternatief op die patroon van geografies gebaseerde afstigting is.

### 2.1.3.2 HOE WORD GROEI/ONTWIKKELINGSPUNTE GEÏDENTIFISEER?

Gemeentestigting (Kerkplanting) beteken dat in snelgroeiende gebiede of in gebiede waar die sosio-ekonomiese omstandighede verander, en waar die behoefte ontstaan aan 'n nuwe bediening wat spesifiek voorsiening maak vir 'n bedieningstyl gerig op die omgewing wat anders is as die bedieningstyl in die bestaande gemeentes, 'n nuwe gemeente met 'n nuwe bedieningstyl tussen bestaande gemeentes gevestig kan word. NGO kan ook benut word in area's waar geen kerk bestaan nie, óf bestaande gemeentes kwynend is, óf waar bedieningsbehoefte ontstaan het en bestaande gemeentes om 'n verskeidenheid van redes moeilik daaraan sal kan voldoen. Onder kwynend word verstaan 'n dramatiese daling in getalle en ernstige daling in finansies, tot so 'n mate dat die bediening begin skade ly omdat die bediening nie meer bekostig kan word nie.

### 2.1.3.3 MOONTLIKE ONTWIKKELINGSPUNTE

Dit is duidelik dat die saak ter tafel nie enkelvoudig is nie en dat die verskillende kontekste waarbinne moontlike ontwikkeling kan/moet plaasvind, radikaal verskil. In breë word die volgende situasies genoem:

- \* Kwynende stadsgemeentes
- \* Kwynende plattelandse gemeentes
- \* Uitbreidende voorstedelike gebiede
- \* Nuwe kategoriale bedieninge
- \* Die sogenaamde township areas

### 2.1.3.4 KERKORDELIKE IMPLIKASIES

Die volgende word genoem:

- \* Dat NGO kerkordelik moet geskied
- \* Dat die bestaande kerkorde met 'n afstigtingsmodel werk en nie werklik ruimte maak vir kerkplanting of NGO nie.
- \* Gemeente grense lê in die hart van die nadenke oor die saak en besinning oor die NGO behoort ook daarom deeglike besinning oor die funksionering van Gemeente grense in te sluit.
- \* Dat die hele kwessie van gesamentlike funksionering, ook oor denominasionele grense, hiermee saam aandag moet kry.
- \* Dat die hele aangeleentheid rondom kerkordelike implikasies na 'n subkommissie verwys word.

### 2.1.3.5 DIE PROSES VAN GEMEENTE-ONTWIKKELING

Die proses van die vorming van 'n nuwe gemeente kan soos volg verloop:

1. Identifisering van die behoefte: Persone binne of buite 'n bepaalde gemeente se grense kan bewus word van 'n bedieningsleemte wat voldoen aan een of meer van bogenoemde kategorieë. Dit kan 'n kerkraad wees of ander lidmate of iemand uit die kerkverband.
2. Voorbereidende vereistes vir gemeente-ontwikkeling behoort minstens die volgende in te sluit: deeglike navorsing moet geskied wat aandag gee aan lewensvatbaarheid van die idee; doel, bedieningsfilosofie en bedieningstrategie; bestuursontwikkelingsplan; moontlike plek(ke) van aanbidding; begroting; identifikasie van geskikte persone om leiding te neem met so 'n inisiatief; toerusting van sodanige persone.
3. Waar nuwe bedieningsmoontlikhede van buite 'n gemeente deur individue of die kerkverband gevisualiseer word, word eerstens met die betrokke kerkraad(e) binne wie se grense die bediening moet geskied, in gesprek getree. Sover moontlik moet die kerkraad(e) se samewerking vir so 'n inisiatief verkry word. Indien die betrokke kerkraad(e) om die een of ander rede glad nie samewerking wil gee nie, kan met so 'n inisiatief voortgegaan word indien die kerkverband (ring of sinode) daartoe toestemming verleen.

4. Waar die belange of moontlike belange van gemeentes en/of lidmate van lidkerke van die Familie van NG Kerke geraak word deur so 'n inisiatief, word die samewerking van die betrokke kerkrade ook gesoek.
5. Waar die belange van ander Christelike gemeentes geraak word, word ook met hulle in gesprek getree.
6. Enige inisiatief val onder toesig van die kerkraad van 'n betrokke gemeente. Die kerkraad sou 'n kommissie kon aanwys wat die saak hanteer. Die toesig sal onder andere insluit toesig oor die optrede van die voorganger, oor wat gedoen word in die bediening en oor die finansies van die bediening, met finale verantwoordelikheid by die kerkraad.
7. 'n Kerkraad sou die inisiatief as 'n wyksgemeente kon hanteer (sien NGK in SA Bep 26.9 en VGK SA (Kaap) Bep 43.5).
8. 'n Kerkraad sou 'n bedienaar van die Woord wat by die inisiatief betrokke is kon beroep as voltydse leraar, as tentmaker of kontraktueel in diens neem of in samewerking met ander gemeentes opsies (1) tot (3) uitoefen.
9. Die proses sou kon lei tot die vorming van 'n wyksgemeente in die bestaande gemeente of, waar aan die kerkordelike vereistes voldoen word, tot die vorming van 'n nuwe gemeente.

#### **2.1.3.6 LEIDING VAN DIE KERKVERBAND**

Dit moet aanvaar word dat gemeentes wat in 'n bedieningsnood verkeer dikwels die laaste is wat dit sal raak sien. Daarom is dit nodig dat ringe aangemoedig word om van buite-fasiliteerders gebruik te maak om strategies te beplan en prosesse te begelei. Hierin kan die Moderamen/SK 'n groot rol speel.

#### **2.1.4 AANBEVELINGS: NUWE GEMEENTE ONTWIKKELING**

**2.1.4.1** Die Algemene Sinode keur bogenoemde riglyne goed as vertrekpunt vir die implementering van 'n proses van NGO in 'n bepaalde gebied.

**2.1.4.2** Die Algemene Sinode wys 'n ad hoc-kommissie aan om al die moontlike Kerkordelike implikasie na te gaan en die Kerkorde dien ooreenkomstig aan te pas. In hierdie verband moet ook gekyk word na die REGLEMENT VIR TENTMAKERBEDIENING.

#### **2.2 KLEINGROEPBEDIENING**

##### **2.2.1 Opdrag**

ADie AKG word versoek om die verslag oor kleingroepbediening voor te berei in pamflet vorm vir verspreiding aan kerkrade@.

##### **2.2.2 Uitvoering**

Die AKG het die SKG van Wes & Suid-Kaap versoek om hierdie brosjure in konsepvorm voor te berei. Dit is by die AKG se vergadering in Maart 2004 bespreek en aangepas.

##### **2.2.3 Bevinding**

Die brosjure sal ter vergadering beskikbaar gestel word.

##### **2.2.4 AANBEVELING: KLEINGROEPE**

Die Algemene Sinode aanvaar die brosjure as riglyn vir die inrigting van kleingroepe in gemeentes.

#### **2004 AGENDA BOEK III**

**A.13.1 ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE: GEWONE WERKSAAMHEDE**  
p 211-2

#### **3. SPOEDEISENDE SAKE**

**3.6.2 AANBEVELING: AFTIGTING EN NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING** – die Algemene Sinode verwys hierdie saak na die nuwe Algemene Diensgroep Gemeente-en-Bedieninge met opdrag om 'n taakspan aan te wys (waarin die ARK ook betrek word).

#### **2004 HANDELINGE**



p 297

## **VOORLEGGING VAN PARALLELE SESSIE**

### **A.7: 2.1 NUWE GEMEENTE ONTWIKKELING**

Die bespreking oor Nuwe Gemeente Ontwikkeling het onder meer na die volgende sake gekyk: Demografiese en kontekstuele realiteite waarmee die NG Kerk tans gekonfronteer word. In aansluiting daarby, die hele kwessie van dramatiese verstedeliking en ontvolking van die platteland.

Met behulp van sensussysfers kan duidelik aangetoon word dat NG lidmate tans minder, armer en ouer word.

Daar is gekyk na opsies vir kwynende gemeentes, soos byvoorbeeld samewerking, samesmelting, die “oorplanting” van ou gemeentes, radikale gemeentevernuwing en die geboorte van nuwe gemeentes binne bestaande gemeentes.

Die belang van ’n evangelisasiekultuur wat spesifiek gerig is op buitekerklikes en kerklos lidmate is ook bespreek, asook dimensies van so ’n terugkeer na ’n ou Bybelse waarde wat lank die kerk gerig het, maar wat ons verloor het.

Belangrike uitdagings vir NGO I tans op die gebied van snelgroeende gebiede in die stad, kwynende gebiede in die stad en platteland, nuwe kruiskulturele gebiede, “township” gebiede, die bediening aan nuwe generasies en kerklosses en kerkvervreemdes.

Die proses en kerkordelike implikasies is uitvoerig op bl 102 en 103 van Boek II bespreek.

Ten slotte is ’n aantal konkrete voorbeelde wat alreeds aan die ontwikkel is, voorgehou.

Die volgende byvoeging tot die aanbevelings in Verslag A.7 word as 2.1.4.3 bygevoeg:

Nuwe Gemeente Ontwikkeling deur die kerkverband (sien o.a. Boek II, bl 103 punt 3) – soos deur die Sinode goedgekeur – word nie geag in stryd met Art 10 van die KO te wees nie.

GERRIE DOYER  
BRAAM HANEKOM

### **2004 BESLUITEREGISTER:**

#### **F.2.3 GEMEENTE-EN-BEDIENINGE**

**1. Afstigting en Nuwe Gemeente-ontwikkeling** - die Algemene Sinode verwys hierdie saak na die nuwe Algemene Diensgroep Gemeente-en-Bedieninge met opdrag om ’n taakspan aan te wys (waarin die Taakspan Regte ook betrek word).

#### **25. NUWE GEMEENTE ONTWIKKELING**

25.1 Die Algemene Sinode keur die riglyne (bl 102) goed as vertrekpunt vir die implementering van ’n proses van NGO in ’n bepaalde gebied.

25.2 Die Sinode wys ’n ad hoc-kommissie aan om al die moontlike kerkordelike implikasies na te gaan en die Kerkorde dienooreenkomstig aan te pas. In hierdie verband moet ook gekyk word na die Reglement vir Tentmakerbediening.

25.3 Nuwe Gemeente Ontwikkeling deur die kerkverband, soos deur die Sinode goedgekeur (verwysing na Handeling), word nie geag in stryd met Artikel 10 van die Kerkorde te wees nie.

**SINODE 2004  
2004 AGENDA DEEL II  
p 151-154**

**A.10 LEER EN AKTUELE SAKE**

**5. HANTERING VAN LIDMATE WAT AAN 'n CHARISMATIESE SPIRITUALITEIT BLOOTGESTEL IS**

**5.1 Opdrag**

Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om ondersoek in te stel na maniere waarop blootstelling van NG Kerk lidmate aan 'n Charismatiese spiritualiteit op 'n konfessioneel en pastoraal verantwoorde wyse vanuit Gereformeerde oriëntasie hanteer kan word.

**5.2 Inleiding**

In die opdrag is sprake van twee spiritualiteite: Charismaties en Gereformeerde. Om die prentjie volledig voor oë te kry, moet die Evangeliese spiritualiteit ook genoem word.

**5.3 Gereformeerde spiritualiteit**

1. Die Gereformeerde spiritualiteit kom uit die tyd van die Kerkhervorming. Dit is hoofsaaklik sober, ingetoë en redelik formeel.
2. Die Gereformeerde gelowige leef nederig en dankbaar voor die Here, met min sterk vorms van emosionele vreugde of droefheid. In die lig van die nadruk op die amp van die gelowige het hy/sy 'n breë belangstelling in die lewe en die samelewing, en streef daarna dat die samelewing in gehoorsaamheid aan God moet funksioneer.
3. Die Gereformeerde erediens het 'n redelik vaste struktuur, en 'n baie duidelike wisselwerking tussen die liturg en die gemeente. Die liedere as sowel taalkundig as in terme van musiek van besonder hoë gehalte. Die orrel is 'n kenmerk van Gereformeerde sang. Die teologie agter die nadruk op die orde in die Gereformeerde erediens is dat die liturg hoofsaaklik 'n verteenwoordiger van God is (al verteenwoordig hy/sy in sekere handeling ook die gemeente), en dat die erediens dan verloop volgens die struktuur van 'n gesprek tussen God en sy gemeente. Daar is baie nadruk op orde, en orde word sterk verbind aan ordelikheid wat geen of min ruimte laat vir onbeplande, spontane optrede van individue behalwe die liturg, wat selfaan taamlik duidelike ordereëls hou. Die prediking is sterk op Skrifuitleg gebou, en die gebede word gekenmerk deur lang, goedgeformuleerde sinne.

**5.4 Charismatiese spiritualiteit**

1. Charismatiese spiritualiteit hou verband met Pinksterspiritualiteit, al is daar ook kleiner verskille. Die Charismatiese beweging dateer uit die sestiger jare van die vorige eeu. Dit het in die sogenaamde historiese kerke ontstaan en aanvanklik daarin ontwikkel. Veral gedurende die tagtigerjare het daar egter onafhanklike Charismatiese kerke ontstaan. Omdat hierdie kerke hoofsaaklik onafhanklik funksioneer, is daar veel groter interne verskille as in die Gereformeerde wêreld. Verder is dié beweging nog baie jonk, wat netjiese karakterisering moeilik en selfs riskant maak. Vir omtrent elke stelling wat gemaak word, sal duidelik uitsonderings aangetoon kan word.
2. Die Charismatiese gelowige is 'n baie spontane mens met uiterste emosionele belewings, hoofsaaklik van vreugde en opwinding. Hy/sy praat maklik en vlot oor bepaalde geestelike ervarings, en word dikwels deur groot selfversekerdheid gekenmerk. Hulle toon 'n groot entoesiasme om mense in hul ervarings te laat deel. Hulle het 'n ononderhandelbare ervaring: die doping met die Heilige Gees, en gewoonlik praat hulle in tale – 'n vereiste wat nog baie sterker in die Pinksterspiritualiteit geld.
3. Die Charismatiese erediens ken min vaste struktuur – al sal elke groep mense wat reëlmatig bymekaar kom tog bewus of onbewus na 'n tyd 'n bepaalde orde in die samekoms ontwikkel. Daar is baie opwinding en uitgelate vreugde. Gereformeerde mense mag dit selfs as raserig beleef. 'n Luide orkes lei uitbundige sang, en die herhaling van kort liedere is kenmerkend. Nóg die liedere, nóg die musiek is van hoë klassieke gehalte. Dit is eerder eenvoudig, maklik, en op die emosie van

vreugde gerig. Die prediking is dramaties, en nie noodwendig sterk op Skrifuitleg gebou nie. Die gebede bestaan uit kort sinne wat met baie emosie uitgespreek word.

### 5.5 Evangeliese spiritualiteit

1. Evangeliese spiritualiteit kom in Suid-Afrika hoofsaaklik in die NG Kerk, die Low Church vleuel van die Anglikaanse Kerk en die Baptiste kerke voor. Dit is nie 'n spiritualiteit wat halfpad tussen die Gereformeerde en die Charismatiese spiritualiteit staan nie. Dit het 'n eie karakter. Dit het uit Engeland na Suid-Afrika gekom tydens die herlewings van die 1860's. Sedertdien is dit sterk gevestig in die NG Kerk. Name en woorde soos Andrew Murray, CSV, pinksterbidure, hallelujaliedere en sending is kenmerkend van hierdie spiritualiteit. Dit is nie so algemeen in Suid-Afrika soos byvoorbeeld in Noord-Amerika nie, waar die grootste enkele denominasie, die Southern Baptist Convention, 14 000 000 lidmate het. Dit het in Suid-Afrika ook nie so 'n goed ontwikkelde teologie soos in Noord-Amerika en Engeland nie. Gereformeerdes sal, selfs met 'n groot mate van reg, altyd voel dat Evangeliese Teologie nie in Suid-Afrika goed ontwikkel is nie, maar sal moeilik kan ontken dat Evangeliese Spiritualiteit inspirerender is vir 'n bepaalde groep Christene in die NG Kerk. Verder moet 'n mens onthou dat Gereformeerde Teologie in die VSA redelik tuis voel onder die veel groter samelewing van Evangeliese Teologie, en dat Gereformeerde teoloë daar deel van die groot Evangeliese teologiese vereniging is.

2. Evangeliese gelowiges ken baie meer spontane emosie as Gereformeerdes, maar dit is hoofsaaklik ingehoue emosie van trane, verootmoediging en berou, eerder as die uitbundige vreugde van die Charismatiese spiritualiteit. Tradisioneel is Evangeliese Christene 'mense van die Boek' (Bybelstudiegroepe), en baie bekommerd oor ander mense se saligheid. Hulle brandende sendingywer word soms voorgestel met die beeld van 'n sinkende skip waaruit op die laaste oomblik mense ter nouer nood gered moet word. Hulle stel nie soseer belang in die hervorming van die samelewing as in die behoud van individue nie.

3. Die Evangeliese erediens is gekenmerk deur veel meer spontaanheid en ontspannenheid as die Gereformeerde erediens. Nóg die liedere, nóg die musiek haal die standaard van die Gereformeerde kerklied, maar dit is eenvoudiger en toegankliker vir 'n groot groep lidmate. 'n Klavier is tradisioneel in die kerk ingedra vir die Pinksterbidure of vir reekse spesiale evangeliedienste. Die prediking is eenvoudiger, direkter, dringender en sterker afgestem op bepaalde beslissings by die gehoor.

### 5.6 Blootstelling van NG lidmate aan 'n Charismatiese spiritualiteit

1. Die Charismatiese beweging het in die sestigerjare van die vorige eeu hoofsaaklik in Noord-Amerika ontstaan. Dit het merkwaardige groei in die Weste en die Derde Wêreld beleef en gedurende die eerste twee dekades omtrent al die groot denominasies ('die historiese kerke') beïnvloed.

2. Die Gereformeerde tradisie in Suid-Afrika was 'n merkwaardige uitsondering. Hoewel daar teen die einde van die sewentigerjare byvoorbeeld alreeds omtrent 60 000 000 Katolieke Charismatiese lidmate was waarvoor die Katolieke Kerk binne sy eie gemeentes voorsiening gemaak het, het die Gereformeerde tradisie in Suid-Afrika tot op daardie stadium omtrent geen invloed ondergaan nie. In die tagtigerjare is groot onafhanklike Charismatiese kerke gevorm, en die oorgrote persentasie van hulle lidmate het uit die NG Kerk gekom. Dit is nie seker presies hoeveel van die lidmate wat ons tussen 1980 en 2001 verloor het (volgens sommige statistici omtrent 500 000), oor is na die Pinkster en Charismatiese kerke nie, maar dit lei min twyfel dat dit die oorgrote meerderheid is.

3. In die tagtigerjare het die huidige vernuwing in die NG Kerk op gang gekom. Dit was hoofsaaklik 'n herlewing van die ou Evangeliese Spiritualiteit wat al vir 'n anderhalf eeu deel van die NG Kerk is. Die grootste gemeentes en die gemeentes met die grootste groei is vernuwingsgemeentes, en verder beskou baie lede van sekere sinodes hul hele sinode as 'n vernuwingsinode. Sedert die tagtigerjare is daar skynbaar 'n opvallende omgekeerde 'parallel' tussen die vernuwingsbeweging en die Charismatiese kerke. Enersyds het die vernuwingsbeweging groot groei getoon, hoofsaaklik uit die tradisionele gemeentes. Die groei wat in die jare tagtig begin het, het sedert die negentigs met rasse skrede toegeneem.

4. Andersyds toon die groei in die onafhanklike Charismatiese kerke die teenoorgestelde neiging. In die sewentigs het die beweging geweldig gegroei, in die tagtigs, met die vorming van die onafhanklike kerke, was die groei fenominaal, en hoofsaaklik uit die NG Kerk, terwyl die groei

sedert die middel van die negentigs afgeplat het in die tyd dat die vernuwingsbeweging goed op gang gekom het.

5. Dit sou v<sup>ir</sup>, maar ook t<sup>één</sup> die vernuwing gehou kon word. Natuurlik is ons almal dankbaar dat ons ons lidmate behou. Maar teen watter koste? Wat sou dit help as hulle nie meer die kerk verlaat nie, maar in die kerk bly net omdat hulle nou binne die kerk hul Charismatiese behoeftes bevredig kry?

## 2004 BESLUITEREGISTER

### F.1.9 LEER EN AKTUELE SAKE

#### 1. DOOPVIERING

1.1 Die Algemene Sinode besluit om sinodes en kerkrade weer eens dringend aan te moedig om groot erns te maak met die verantwoordelike vertolking van die doop en nagmaal soos ons dit verstaan binne die Gereformeerde verstaan van die evangelie van die genade.

1.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om gesamentlike doopvierings in die erediens verder te ontwikkel en uit te bou.

1.3 Die Sinode versoek gemeentes om nie met hierdie viering die suggestie van 'n herdoop te laat posvat nie.

1.4 Die Sinode moedig kerkrade ook aan om die moontlikheid van individuele doopvierings in die erediens en in kleiner groepe in die gemeente te ontwikkel.

*Die Aktuaris wys daarop dat Doopviering as viering van die doop verstaan moet word en nie as doopbediening nie.*

#### 2. GEREFORMEERDE IDENTITEIT

2.1 Die Algemene Sinode neem met kommer kennis van die feit dat die Gereformeerde familie van kerke in Suid-Afrika nie net persentasiegewys krimp nie, maar selfs wat getalle betref 'n daling toon.

2.2 Die Sinode aanvaar dat 'n deel van die lidmate wat die kerk verlaat, 'n behoefte het aan ander vorme van spiritualiteit, byvoorbeeld 'n hartliker en warmer beleving as wat hulle in hul plaaslike gemeente beleef.

2.3 Terselfdertyd neem die Sinode kennis van die feit dat die uittog uit ons kerk sedert die middel van die negentigerjare afgeplat het.

2.4 Die Sinode is dankbaar vir die wyse waarop vernuwing in ons kerk lidmate akkommodeer wat so 'n warmer en meer ontspanne geloofsatmosfeer en beleving vra, en doen 'n beroep op gemeentes waar so 'n behoefte bestaan, om ruimte daarvoor te skep.

2.5 Die Sinode doen 'n beroep op gemeentes om in hulle vernuwingsprosesse vanuit die Gereformeerde wortels van ons teologie te groei.

2.6 Die Sinode moedig lidmate en gemeentes met verskillende vorme van spiritualiteit aan om in die allernouste gemeenskap met mekaar te leef en mekaar te begelei tot die verryking van die hele kerk, en tot groter diens aan die gemeenskap.

2.7 Die Sinode erken dat daar ingrypende meningsverskil in die NG Kerk bestaan oor die gesag, inhoud en verstaan van die Gereformeerde belydenis en spiritualiteit.

### F.2.4.5 Leer en Aktuele Sake

#### 1. Doopviering

#### 2. Gereformeerde spiritualiteit

2.1 Die Sinode erken dat daar ingrypende meningsverskil in die NG Kerk bestaan oor die gesag, inhoud en verstaan van die Gereformeerde belydenis en spiritualiteit.

2.2 Die Sinode versoek die Taakspan Leer en Aktuele Sake om beskrywingspunte van kerkrade, ringe en sinodes aan te vra met betrekking tot die gesag en vertolking van die Skrif, die inhoud en gesag van die Gereformeerde belydenis asook die begrip van die Gereformeerde kerkinrigting (erediens, liturgie, sakramente, spiritualiteit) en kerkreging (gesag van Algemene Sinode, verhouding Sinode/Algemene Sinode).

2.3 Die Sinode versoek die Taakspan Leer en Aktuele Sake om inklusiewe studiegroepe saam te stel na aanleiding van die ingekome beskrywingspunte met verslag aan die volgende Algemene Sinode.



## 2007

### 2007 ALGEMENE SINODE

#### 2007 AGENDA

#### A.1.2 VERSLAG VAN ALGEMENE DIENSGROEP VIR GEMEENTE -

##### ONTWIKKELING : *ROEPING EN IDENTITEIT*

**ALLE AANBEVELINGS MOET ASSEMBLIEF SAAM MET DIE TOEPASLIKE WERKSDOKUMENT/ BYLAE, SOOS AANGEDUI, GELEES WORD. DIT DIEN AS BELANGRIKE AGTERGROND VIR DIE AANBEVELINGS. HIERDIE VERSLAG BIED SLEGS OPSOMMENDE OPMERKINGS.**

#### 1. 'n AFGEBAKENDE EN PRAKTIESE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE

(Vgl ADGO Bylaag 1)

##### 1.1 AGTERGROND EN OPDRAG

*Tydens die 2004 AS is die volgende opdrag aan ADGB (nou ADGO) gegee: AS 2004 p370: "Die AS gee 'n*

*verdere opdrag aan die ADGB om aan die hand van die studiestuk (AS 2002, p 115-120) te werk aan die*

*formulering van 'n meer afgebakende en praktiese gemeentelike ekklesiologie. Hierdie nuwe studiestuk sou*

*kon dien as die basis vir 'n moontlike hersiening van hoe daar in ons huidige kerkorde oor gemeentes en*

*bedieningsverwante sake gepraat behoort te word.*

##### 1.2 WERKSWYSE

Die volgende werkswyse is gevolg:

**1.2.1** Die *bestaande studiestuk soos opgestel deur Prof Malan Nel en Dr Coenie Burger is bestudeer en*

*geëvalueer.* Dit is belangrik om te verstaan dat die bestaande studiestuk steeds as vertrekpunt geneem

word. Die wiel behoort nie nuut ontwerp te word nie. Beide ons tradisie, asook werk wat die afgelope jare

reeds gedoen is, skep 'n stewige basis wat nou na gelang van die eise van die dag verder gekonkretiseer

kan word.

**1.2.2** Gesprekke is met ATLAS gevoer om die opdrag wat aan hulle gegee is – 'n studiestuk rakende

*gereformeerde identiteit* – te probeer belyn met bostaande opdrag.

**1.2.3** In diepte gesprekke is *binne ADGO* gevoer om die wesenlike *uitdagings en tendense* binne die kerk

te probeer vasstel.

**1.2.4** Gesprekke is met 'n kerngroep van *vertegenwoordigers van verskeie diensgroepe* binne die NG Kerk

gehou ten einde so 'n holisties as moontlike raamwerk daar te stel. Die groep het uit die volgende persone

bestaan: Braam Hanekom (ADGO - sameroeper), Piet Meiring (ADD), Nelus Niemandt (ATR), Nelis van

Rensburg (ATLAS), Coenie Burger (Moderamen), Malan Nel (VTO), Frederick Marais ( GDN), Anriëtte de

Ridder en Natie Stander (28 November 2006).

**1.2.5** Kennis is ook geneem van werk wat in dié verband in die Oos-Kaap onder leiding van Chris van Wyk

gedoen is.

**1.2.6** Met dit as agtergrond het die *dagbestuur van ADGO* verantwoordelikheid geneem vir die finale

samevoeging en redigering van insette.

#### 1.3 AANBEVELINGS: EKKLESIOLOGIE

**1.3.1 Die Algemene Sinode keur bostaande dokument as 'n *gespreksdokument* goed.**

**1.3.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes, ringe en kerkrade om die dokument op gepaste wyse te hanteer.**

**1.3.3 Die Algemene Sinode versoek al die relevante diensgroepe om die saak so holisties as moontlik te hanteer en rig daarom ook 'n spesifieke versoek aan die koördineringsforum van diensgroepe om hieraan aandag te gee.**

**1.3.4 Die Algemene Sinode versoek ATR om in samewerking met ADGO te kyk na moontlike KO implikasies en die sinode met toepaslike aanbevelings te bedien.**

**1.3.5 Die Algemene Sinode versoek ADGO om in samewerking met BM gepaste moontlikhede te**

**ondersoek om die saak onder bespreking op die tafel van gemeentes te bring. Dit sluit onder andere**

**DVD's, publikasies en konferensies in.**

## **2. ARMINIANISME: KONSEKWENSIES VIR DIE BEDIENING**

**(Vgl ADGO Bylaag 2)**

**2.1 Die Algemene Sinode verwys die verslag (AS 2002; Agenda p 187-190; § A.12.D1) oor die Arminianisme na die ADGO (en ADDG) om, met verslag aan die Algemene Sinode, te besin oor die implikasies van die verslag vir die bediening van die gemeente in die samelewing."**

P41

### **2.2 AANBEVELING: ARMENIANISME- KONSEKWENSIES VIR DIE BEDIENING**

**2.2.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die werksdokument en beskou die opdrag as voorlopig afgehandel.**

**2.2.2 Die AS versoek die ADGO om in die ontwikkeling van gemeentes deurlopend, wat betref die**

**saak onder bespreking, as gereformeerde gewete op te tree.**

## **3. EREDIENS**

### **3.1 KERKMUSIEK (FLAM )**

**(Vgl ADGO Bylaag 3A)**

**3.1.1** Flam is voortdurend besig om nuwe liedere te versamel en vergader drie keer per jaar om nuwe liedere teologies, musikaal en taalkundig te keur en gereed te kry vir Flam se webwerf. Daar is reeds 'n somtotaal van 187 liedere gekeur en soos wat die kopiereg uitgeklaar word, en die notering van die bladmusiek gedoen word, verskyn dit op Flam se webbladsy op [www.jeugfokus.co.za](http://www.jeugfokus.co.za).

#### **3.1.1.1 AANBEVELING:MUSIEK**

**Die Algemene Sinode ondersteun die werkwyse van Flam en moedig gemeentes aan om gebruik te maak van hierdie teologies en musikaal-gekeurde eietydse liedere.**

**3.1.2** 'n Aantal liedere (met tekste uit verskillende inheemse tale) vir interkulturele byeenkomste sal ook mettertyd op Flam se webblad beskikbaar wees. Die bekende ekumeniese liedere waardeur verskillende strofes in verskillende inheemse tale gesing kan word, kan baie sinvol by interkulturele en multikulturele dienste gebruik word. 'n Proses is ook aan die gang tussen NG Kerk-familie om liedere met dieselfde melodieë in die verskillende tale beskikbaar te stel. Dit sal egter nog 'n tyd neem voordat dit beskikbaar is.

#### **3.1.2.1 AANBEVELING:LIEDERE IN ANDER TALE**

**Die Algemene Sinode neem met dank kennis dat tekste van liedere in ander tale, waarvan die melodieë in die Liedboek opgeneem is, op die kerk se webblad beskikbaar is.**

**3.1.3** FLAM het geoordeel dat die mees sinvolle en koste-effektiewe manier waar kontemporêre musici oor die land heen opgelei kan word, sou wees deur middel van 'n professionele opleidings-DVD. Intussen het FLAM kennis geneem dat die bekende gospelmusikant, Louis Brittz, beoog om gedurende 2007 'n soortgelyke DVD die lig te laat sien. FLAM het geoordeel dat daar eerder insette aan Louis Brittz gelewer kan word en met sy projek saamgewerk kan word, as om dieselfde projek met so 'n groot finansiële uitset te dupliseer. FLAM kan dan eerder hierdie opleidings-DVD van

Louis Britz vir gebruik in gemeentes akkrediteer.

### **3.1.3.1 AANBEVELING:SAMEWERKING MET VENNOTE**

**Die Algemene Sinode gee opdrag aan ADGO dat daar met geskikte vennote saamgewerk moet word in die daarstelling van 'n professionele opleidings-DVD vir kontemporêre musici.**

**3.1.4** Daar bestaan tans 'n leemte ten opsigte van die bevordering van meer formele/klassieke kerkmusiek. Daar is 'n nypende tekort aan orreliste en orrelstudente is baie minder. Die taakspan sal in samewerking met die SA Kerkorrelistevereniging sake soos die tekort aan opgeleide orreliste, opleidingskursusse vir orreliste, moontlike indiensopleiding van orreliste, aanspreek.

#### **3.1.4.1 AANBEVELING:BEVORDERING VAN KLASSIEKE MUSIEK**

**Die Algemene Sinode gee erkenning aan die behoefte met betrekking tot die bevordering van formele kerkmusiek en gee opdrag aan ADGO en sy Projekspan vir Musiek om werksaamhede in die verband voort te sit.**

**3.1.5** Aangesien daar so 'n groot tekort aan opgeleide orreliste dwarsoor die land bestaan en gemeentes werklik sukkel om orreliste te vind wat die gemeentesang dinamies kan begelei, wil ADGO Projekspan-Musiek gemeentes graag wys op die lofwaardige poging van die SKE, NG Kerk in die OVS wat 'n volledige stel Begeleidings-CD's van die Liedboek in samewerking met Bybel-Media saamgestel het. Die hersiene pakket van die Begeleidings-CD's van die Liedboek, bestaande uit 14 CD's is beskikbaar teen R350,00 en kan bestel word by Bybel-Media: **0860 231 231** of direkte bestelling: **bestel@bmedia.co.za** of E-aankope: **www.bmedia.co.za**

#### **3.1.5.1 AANBEVELING: BEGELEIDINGS-CD**

**Die Algemene Sinode moedig gemeentes, wat sukkel om geskikte orreliste te vind, aan om alternatiewelik van die hulp van die Begeleidings-CD-pakket gebruik te maak.**

### **3.2 PREDIKING**

**3.2.1** Die taakspan gee jaarliks drie Prediking-nuusbriefe uit met kreatiewe wenke vir predikers, asook aktuele sake rondom prediking. Die nuusbriefe is op die webblad van die kerk beskikbaar. ([www.ngkerk.org.za](http://www.ngkerk.org.za) - ADGO)

### **3.3 LITURGIE / HANDBOEK VIR DIE EREDIENS**

#### **(Vgl ADGO Bylaag 3B)**

**3.3.1** Hierdie taakspan het die Liturgiese Handboek vir die Erediens saamgestel deur bestaande materiaal te evalueer asook nuwe materiaal beskikbaar te stel. Die inhoud dek die volgende areas:

a. **Die Erediens:** In hierdie afdeling word die aard en die verloop van die erediens beskryf, die verskillende elemente van die erediens word bespreek, en 'n aantal voorbeelde word bygevoeg. Daar sal ook riglyne wees oor hoe om self die elemente te skep.

b. **Ander dienste:** In hierdie afdeling word die volgende dienste bespreek aan die hand van hulle herkoms, aard, en inkleding – weereens saam met 'n aantal voorbeelde: huweliksdienste, begrafnisdienste, verrassingsdienste, sangdienste, meditatiewe dienste, genesingsdienste, versoeningsdienste, omgewingsdienste, ekumeniese dienste, getygebode, toewydingsdienste, missionêre dienste, jeugdienze en kinderdienze.

c. **Die kerklike jaar:** In hierdie afdeling word die verskillende seisoene van die kerkjaar bespreek, en 'n voorbeeld van die betrokke liturgie word bygevoeg. Daar sal ook inligting gegee word oor relevante sake soos die gebruike, kleure en simbole van die seisoene in die kerkjaar.

#### **3.3.1.1 AANBEVELINGS: HANDBOEK VIR EREDIENS**

**1. Die AS word versoek om die Handboek vir die Erediens as liturgiese proefbundel goed te keur.**

**2. Die AS versoek verder dat ADGO in die reses die opdrag kry om 'n deeglike evaluering van die bundel te doen met aanbevelings vir goedkeuring by die volgende sinode.**

**3. Dit word gedoen in die lig van die feit dat die liturgiese ontwikkeling as voortgaande proses gesien word en genoemde bundel nie as 'n afgeslote bundel gesien moet word nie.**

### **4. BEDIENING AAN KERKLOS-LIDMATE EN EVANGELISASIE**

#### **(Vgl ADGO Bylaag 4)**

#### **4.1 AGTERGROND**

Die ADGO het in Mei 2006 'n klein taakgroep byeengebring om te besin oor die stand en toekoms van evangelisasie binne die NGK. Dit is onder meer om die volgende redes gedoen:

**4.1.1** Die ervaring op gemeentelike vlak dat al meer en meer lidmate kerklos word en van die gemeentes wegdryf.



**4.1.2** Die ervaring dat die *gesprek oor evangelisasie al meer en meer tot 'n stilstand gekom het*. Dit geld vir gemeentelike-, rings- en sinodale vlak en ook binne die teologiese fakulteite.

**4.1.3** Hiermee saam het *evangelisasie as aktiwiteit ook feitlik tot 'n halt gekom*. Erkenning word onmiddellik gegee aan klein groepies gelowiges, wat wel evangelisasieprogramme in stand gehou het, dikwels op die rand van die gemeentelike lewe.

**4.1.4** Die ervaring dat daar dikwels so gestry word oor wat “evangelisasie” nou eintlik is en behoort te wees, dat dit sinvolle bediening in die verband ook gekniehalter het.

**4.1.5** Die ervaring dat die sigbare getalle van gemeentes dramaties daal, maar dat daar oor 'n twintig jaar periode feitlik geen nuwe lidmate tot die NG Kerk toegevoeg is, anders as deur geboorte nie. Ons dank aan FIM \ Engelstalige gemeentes wat dikwels onder groot negatiewe druk, juis dit moontlik gemaak het.

**4.1.6** Die ervaring dat daar binne die NGK verskillende teologiese strominge ontstaan het wat nie alleen op belydenisvlak onsekerheid gebring het nie, maar noodwendig op bedieningsvlak (soos bv. die saak onder bespreking) begin impakteer het. Met dit as agtergrond het die taakgroep vergader om oor die saak vanuit verskillende invalshoeke te besin. Die gesprek in Mei 2006 is opgevolg met 'n gesprek in Oktober 2006, waar die voorsitter van ADD (Prof. Piet Meiring) ook waardevolle insette gelewer het – ook oor die pad vorentoe wat noodwendig samewerking met ADD moet insluit.

#### **4.2 AANBEVELINGS : BEDIENING AAN KERKLOS LIDMATE EN EVANGELISASIE**

**4.2.1** Die Algemene Sinode keur hierdie studiestuk as gespreksdokument goed en gee opdrag aan ADGO en ADD om seker te maak dat navorsing en gesprek in die verband voortgaan.

**4.2.2** Die Algemene Sinode keur goed dat die Seisoen van Luister in 2010 verder gevoer word deur 'n *Seisoen van Evangelisasie* uit te roep. Nie alleen moet daar dan met soveel as moontlik vennote saamgewerk word om 2010 jaar 'n besondere jaar in ons land se geskiedenis en die Koninkryk van God te maak nie, maar behoort daar ook byvoorbeeld materiaal ontwikkel te word wat na 2010 goed gebruik kan word.

**4.2.3.** Die AS keur goed dat die spesifieke naamgewing vir die seisoen later gedoen word.

**4.2.4** Die AS wys vir die doel 'n uitgebreide taakgroep aan wat soos volg saamgestel kan word:

Verteenwoordiging van ADGO

Verteenwoordiging van ADD

Verteenwoordiging van die VGKSA, RCA en NGKA in Afrika

Verteenwoordiging van FIM

Verteenwoordiging van relevante mobiliseringsorganisasies soos SAVGG en Kingfisher

Verteenwoordiging van die teologiese fakulteite en VTO's

Ander ekumeniese verteenwoordiging

**4.2.5** NEK word as sameroeper aangewys

**4.2.6** Die AS dra dit aan die dagbesture van ADGO en ADD op om begrotings- en ander logistieke detail uit te klaar.

**4.2.7** Die AS versoek die moderamen om aan hierdie verslag aandag te gee.

### **5. NUWE GEMEENTE ONTWIKKELING**

(Vgl ADGO Bylaag 5)

#### **5.1 AANBEVELINGS: NUWE GEMEENTE ONTWIKKELING**

**5.1.1** Die AS neem kennis van die bylae.

**5.1.2** Die AS versoek kerkrade om ernstig oor die implikasies van NGO binne hul eie konteks te besin en nuwe gemeentestigting as doelgerigte metode vir kerkgroei te oorweeg.

**5.1.3** Die AS versoek sinodes om verantwoordelikheid te neem dat relevante uitdagings in hul sinodale gebied sinvol aangespreek word.

**5.1.4** Die AS versoek AKTO om toe te sien dat die saak die nodige aandag in die kurrikula van die verskillende teologiese fakulteite kry.

**5.1.5** Die AS keur die Reglement vir die Vermeerdering, Kombinerings, Eenwording en Samesmelting van gemeentes goed. (Bylae 2)

**5.1.6** Die AS versoek die ATR om in oorleg met ADGO aandag te gee aan die moontlikheid dat gemeentestigting uit meer as een kerkverband kan geskied.

## 6. REGLEMENT VIR DIE VERMEERDERING, KOMBINERING, EENWORDING EN SAMESMELTING VAN GEMEENTES

(Vgl ADGO Bylaag 6)

### 6.1 AANBEVELING: REGLEMENT VIR DIE VERMEERDERING, KOMBINERING, EENWORDING EN SAMESMELTING VAN GEMEENTES

6.1.1 Verwys na A.6.4 Hersiening van reglemente.

#### GEMEENTE-ONTWIKKELING BYLAAG 1

#### 'n AFGEBAKENDE EN PRAKTIESE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE

##### 1. AGTERGROND EN OPDRAG

*Tydens die 2004 AS is die volgende opdrag aan ADGB (nou ADGO) gegee: AS 2004 p370: "Die AS gee 'n verdere opdrag aan die ADGB om aan die hand van die studiestuk (AS 2002, p 115-120) te werk aan die formulering van 'n meer afgebakende en praktiese gemeentelike ekklesiologie. Hierdie nuwe studiestuk sou kon dien as die basis vir 'n moontlike hersiening van hoe daar in ons huidige kerkorde oor gemeentes en bedieningsverwante sake gepraat behoort te word.*

##### 2. WERKSWYSE

Die volgende werkswyse is gevolg:

**2.1** Die *bestaande studiestuk soos opgestel deur Prof. Malan Nel en Dr Coenie Burger is bestudeer en geëvalueer*. Dit is belangrik om te verstaan dat die bestaande studiestuk steeds as vertrekpunt geneem word. Die wiel behoort nie nuut ontwerp te word nie. Beide ons tradisie, asook werk wat die afgelope jare reeds gedoen is, skep 'n stewige basis wat nou na gelang van die eise van die dag verder gekonkretiseer kan word.

**2.2** Gesprekke is met ATLAS gevoer om die opdrag wat aan hulle gegee is – 'n studiestuk rakende *gereformeerde identiteit* – te probeer bely n met bostaande opdrag.

**2.3** In diepte gesprekke is *binne ADGO* gevoer om die wesenlike *uitdagings en tendense* binne die kerk te probeer vasstel.

**2.4** Gesprekke is met 'n kerngroep van *verteenwoordigers van verskeie diensgroepe* binne die NG Kerk gehou ten einde so 'n holisties raamwerk daar te stel. Die groep het uit die volgende persone bestaan: Braam Hanekom (ADGO - sameroeper), Piet Meiring (ADD), Nelus Niemandt (ATR), Nelis van Rensburg (ATLAS), Coenie Burger (Moderamen), Malan Nel (VTO), Frederick Marais ( GDN), Anriette de Ridder, Natie Stander (28 November 2006).

**2.5** Kennis is ook geneem van werk wat in dié verband in die Oos-Kaap onder leiding van Chris van Wyk gedoen is.

**2.6** Met dit as agtergrond het die *dagbestuur van ADGO* verantwoordelikheid geneem vir die finale samevoeging en redigering van insette.

##### 3. WAT IS AAN DIE GEBEUR IN DIE KERK?

'n Gesonde ekklesiologie wil met realisme en nugterheid die werklikhede van die konteks dooernstig neem en terselfdertyd op kritiese wyse die rykdom van die dogmatiese en kerklike tradisie herwin. Presies dit wil hierdie gespreksdokument doen. Eerstens word die volgende moontlikhede genoem as rigtingwysers, ten einde die huidige konteks (2007) van die NG Kerk te probeer definieer:

**3.1** Al meer en meer stemme gaan op wat die mening uitspreek dat die kerk inderdaad op die vooraand van 'n *nuwe reformasie* staan. In hierdie reformasie gaan dit egter oor veel meer as dit waarvoor die sg "Nuwe Reformasie" staan. Inderdaad gaan dit oor die herontdekking van "ou" waardes en insigte en die aanbied daarvan op toepaslike wyse binne 'n nuwe konteks. Sommige druk dit selfs sterker uit en praat van 'n "stil revolusie" wat aan die gang is (Sien Barna, G, *Revolution*, CUM, Vereeniging, 2006.) Die kerk sal sekerlik op verantwoordelike wyse hiervan moet kennis neem.

**3.2** Dit blyk dat die kerk met 'n nuwe geslag gekonfronteer word wat anders dink oor konsepte soos "*belydenis*" en "*waarheid*". Dit is 'n generasie wat nie in die eerste plek omgee oor belydenis in 'n suiwer dogmatiese sin van die woord nie, maar veel eerder "reg wil doen" as wat hulle "reg wil glo". Hierdie nuwe generasie voel min vir baie dinge waaroor 'n ouer geslag ernstig voel. Van die kritiek wat byvoorbeeld op die belydenisskrifte uitgespreek word, is dat mense baie styf daaraan vashou, maar eintlik nie meer weet wat daarin staan nie, en dat dit dus eintlik glad nie meer funksioneer nie.

**3.3** In samehang hiermee, vind ons dat daar 'n besliste *dekonstruksie van die sisteem en strukture* aan die gang is. Ons lewe in 'n anti-institusionele tyd. Para-kerklike sisteme is meer en meer aan die ontwikkel en so ook assosiasies en nuwe kerklike verbande. Dit hou ingrypende gevolge in vir

die kerkverband soos ons dit leer ken het.

**3.4** Die kerk bevind haarself 13 jaar na 1994! Die eiesoortige problematiek van 'n *jong demokrasie* impakteer noodwendig op die sosiaal-maatskaplike konteks waarbinne die kerk funksioneer en ook die gepaardgaande emosionele uitwerking wat dit op lidmate het. Verhoogde rassisme, bitterheid en rou is nie ongewoon nie. Terselfdertyd word die versoeking aan ontvlugting in die materiële al groter.

**3.5** Die voortgaande dinamika en ewige *verandering in die profiel van verskillende generasies* is duidelik sigbaar. Die nuwe geslag “millenials” openbaar definitief 'n terugkeer na ou waardes en onverskrokke verbintenis aan die Evangelie. Terselfdertyd word die kloof tussen nie-kerklikes en buite-kerklikes (gelowiges-ongelowiges) by die dag groter. Die “Boomers” samel steeds geld in, terwyl die “Busters” op uitreike gaan. Wat al duideliker word, is dat verskillende generasies in feite al moeiliker met mekaar kommunikeer, omdat hulle al meer en meer met verskillende begrippe en begripsinhoudes werk.

**3.6** Daar is tans 'n ongestruktureerde gesprek oor ekklesiologie aan die gang. Daar is 'n dinamiese ontwikkeling in denke oor ekklesiologie aan die gang. Gesprekke rondom die “Emerging Church” en “missionêre gemeente-wees” is maar enkele voorbeelde hiervan.

**3.7** Die NGK is in gesprek met die res van NGK-familie oor onder andere kerkeenheid. Dit is duidelik dat die verskillende kerke tans binne verskillende kerklike paradigmas funksioneer. Die gesprek en moontlike eenheid sal noodwendige gevolge op almal betrokke hê.

**3.8** Die NGK het vir baie jare weens apartheid hoofsaaklik binne 'n wit konteks funksioneer. Dit het egter dramaties verander. Die kerk is nou deel van 'n derde-wêreld konteks en moet in die besonder haarself herposisioneer om binne *derde-wêreld stede* te opereer.

**3.9** Vir meer en meer mense geld die slagspreuk: “*The church is dead... Christianity not!*”

**3.10** Meer mense begin die kerk sien as 'n *beweging van dissipels*. Vir hulle maak 'n rigiede, ordelike struktuur/instituut nie meer sin nie en behoort dit gedekonstrueer te word. In lyn met vroeëre gereformeerde sieninge is 'n minimalistiese kerkbegrip aan die ontwikkel, wat die kerk as 'n ondergeskikte onderdeel van God se Koninkryk gesien word. Daar bestaan 'n behoefte aan 'n *kerk wat my voorberei vir die kerk van die lewe...*

**3.11** Die samelewing het 'n paradoksale mengsel van *pre-moderne, moderne en post-moderne denke* en sienswyses geword. Ons vind dit ook in die kerk. Diversiteit het die norm geword. Homogeniteit word op min plekke gevind. Ook nie meer in gemeentes nie.

**3.12** *Mag* het nog altyd 'n rol in die kerk gespeel. Die gestaltes wat dit aangeneem het, het deur die eeue van gedaante verander. So byvoorbeeld was daar institusionele mag en intellektuele mag wat 'n rol gespeel het. Soms was dit mag wat in samehang met politieke mag gefunksioneer het. Die vraag sou wees in welke opsig die ekklesiologiese posisies wat ingeneem word, hierdie werklikhede op subtiele en intuïtiewe wyse verstaan, kondoneer of teenstaan.

**3.13** Die moderne geskiedenis sou moontlik onder andere in drie tydvakke opgedeel kon word, te wete, die tyd van die kerk, die tyd van die staat/politiek en die tyd van die ekonomie /mark. Laasgenoemde is tans met ons met werklikhede soos materialisme en verbruikersmentaliteit, wat hoogty vier. In Suid-Afrika vind ons dat die staat en die mark tans ongemaklik vermeng word. Dit lewer 'n eiesoortige problematiek en uitdagings.

**3.14** Wanneer ons spesifiek na die **kerklike demografie** kyk, tree die volgende prentjie na vore:

**3.14.1** Die NG Kerk is tans midde in een van die heel grootste *demografiese veranderinge* in haar geskiedenis. Dit raak veral 2 aspekte: Eerstens, die dramatiese swaai na multikulturele omgewings waarin sommige gemeentes hulself bevind ná die opheffing van die groepsgebiede wette. Tweedens, die verskynsel dat soos wat ons dit in die land in die breë aantref, daar nou ook “ryk” en “arm” gemeentes *binne* in die NG Kerk is. Ten spyte van die veranderinge wat in die land plaasgevind het, moet kennis geneem word van die groot verskil tussen die huishoudelike inkomste van VGK-lidmate en NGK-lidmate wat steeds bestaan. Gemiddeld is die huishoudelike inkomste van NG huishoudings, tien keer meer as dié van die VGK.

**3.14.2** *Verstedeliking*, met al die implikasies vir kerkwees en gemeentelike modelle, neem steeds toe. Dit word weer bevestig dat voortgaande besinning oor effektiewe kerkwees *in die stad* een van die sinode se grootste prioriteite behoort te wees.

**3.14.3** Die *kwynende kapasiteit in leierskap* (veral in die predikantekorps), word 'n al groter probleem.

**3.14.4** Daar bestaan steeds *uitbreidingsmoontlikhede* vir die NGK in enkele stadsgebiede en groter

plattelandse sentra. Die groot vraag is wie hiervoor verantwoordelikheid neem.

**3.14.5** Die vraag moet gevra word of *historiese gemeentegrense* nog binne 'n hedendaagse konteks werkbaar is? Al meer en meer lidmate beskou gemeentegrense as irrelevant.

**3.14.6** Daar bestaan nog groter *uitdagings in sg swart en bruin gebiede* en die vraag is of die ander lidkerke van die NGK-familie oor genoegsame kapasiteit beskik om hieraan aandag te gee?

**3.14.7** Daar bestaan reuse *missionêre uitdagings vir NG Gemeentes*. Dit geld vir die stad (veral middestadsgemeentes) en plattelandse gemeentes. Daar bestaan egter 'n vraag of die gemeentes midde in die uitdaging oor genoeg kapasiteit (holisties gesien) beskik om effektief daaraan aandag te gee. 'n Groot verantwoordelikheid rus dus op dié verband om vennootskappe te help oprig, wat dit wel moontlik sal maak.

**3.14.8** Kommerwekkend is die feit dat daar meer en meer *ringe* is wat as ring onder geweldige druk is, omdat feitlik al die gemeentes in die ring onder finansiële druk verkeer. Hier is dus nie net 'n strategiese herbeplanning van enkele individuele gemeentes op die tafel nie, maar eintlik die hele ring. Drie kategorieë bestaan:

i) Ringe waar feitlik al die gemeentes in 'n bestaanskrisis verkeer.

ii) Ringe waar onsekerheid bestaan oor of die meerderheid van gemeentes nog selfstandig en kragtig funksioneer.

iii) Ringe waar die minderheid gemeentes sukkel en daar genoegsame kapasiteit binne die ring bestaan om die probleme aan te spreek.

#### **4. NUWE TESTAMENTIESE INSIGTE OOR DIE KERK**

Die Kerk van Christus word meermale beskryf as die volk van God (Sien onder andere 1 Pet 2:9,10). Hierdie volk deurbreek grense, lewe met 'n nuwe identiteit en word gesien as 'n wesentliche instrument in die vestiging van Gods koninkryk op aarde. Die hartklop van die kerk word aangrypend saamgevat in Petrus se belydenis in Matteus 16:16 dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God. Jesus reageer hierop deur te sê dat Hy sy *ekklesia*, sy kerk, op hierdie rotsbelydenis bou (Matt 16:17-18). Kortom, die wesensaard van die kerk is geleë in 'n geloofs- en lewensverbintenis aan Jesus. Hy is die oorsprong, gestaltegewer, lewensinhoud en instandhouer van almal wat Petrus se belydenis agterna sê en van harte uitleef. Die kerk is Christologies begrond. Anders gestel, die kerk anker altyd in Christus se Persoon en Werk. Paulus is dit eens hiermee as hy in Kol 1:15-20 Christus jubelend besing as die Hoof of Kop van sy aardse liggaam, te wete, die kerk. Uit Jesus spruit die kerk volgens die apostel volledig voort. Sonder sy reddende optrede, en besonderlik sy sterwe en opstanding, kan daar geen sprake van 'n kerk wees nie. Die kerk bestaan altyd en op alle plekke uit mense wat geloofsgemeenskap of *koinonia* met mekaar beleef. So min as twee of drie wat in die Naam van Jesus vergader, reflekteer alreeds die wesensaard, die DNS,

van kerkwees. In die woorde van Matteus 18:20 is Jesus telkens reddend in hulle midde aanwesig. Kerkwees is deurentyd in nuwe verhoudings met mekaar in die teenwoordigheid van die opgestane Christus. Hierdie verhoudings word gekenmerk deur *agape*, oftewel, onvoorwaardelike lojaliteit aan mekaar as lede van die aardse familie van Christus (1 Kor 13). Op praktiese vlak word hierdie liefde sigbaar in konkrete aktiwiteite van omgee, gasvryheid, materiële hulp, gebed, vergifnis en die wedersydse versorging van mekaar en ander. Die wese van die nuwe geloofsgemeenskap wat tussen volgelingen van Jesus bestaan, word binne die Nuwe Testament veral aan die hand van oorkoepelende familiebeelde verstaan en verwoord. Families was die primêre instelling binne die wêreld van die eerste eeu. Nogtans is bestaande familieverhoudings nie slaafs binne die vroegste kerk gedupliseer nie. Inteendeel, die kerk is 'n splinternuwe familie met God as Vader. Hy is die Een wat lewe gee aan almal wat deur geloof in Christus aan Hom verbonde is. God verander alle gelowiges se status vanaf sondaars na kinders (1 Johannes 3:1). Sodoende is elke gelowige 'n deelgenoot van die volle heilswerk van Christus. In die taal van Romeine 5-8 sluit dit in die aanwesigheid van God se vrede, asook Christus se voortdurende voorbeding en die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Die Gees is op sy beurt aan die kerk van Christus gegee as eerste offer van die feesvreugde wat op gelowiges wag in die banketsaal van ons Hemelse Vader. Dit is veral die werk van die Heilige Gees om die opgestane Christus teenwoordig te stel deur die kerk gedurig gelowig te herinner aan sy leringe en om hulle in die volle waarheid te lei. Hiervoor gebruik Hy mense in die kerk aan wie Hy uiteenlopende gawes of *charismata* gee (Rom 12; 1 Kor 12-14; Ef 4; 1 Pet 4). Hierdie gawes word gegee sodat die kerk opgebou kan word in hul geloof en sodat God verheerlik word. Die verskeidenheid van gawes, wat deur een Gees aan alle gelowiges individueel uitgedeel word soos en wanneer Hy wil, stel hulle in staat om mekaar te dien, te versterk

en geestelik te laat groei. In die besonder is dit die roeping van geestelike leiers (Rom 12:6-8) om die liggaam van Christus toe te rus met die regte kennis vanuit die Skrif sodat hulle hul plek as dissipels van Christus in die wêreld kan volstaan. Alle gelowiges, as volwaardige lede van die nuwe huishouding van God, geniet gelyke status met mekaar in die teenwoordigheid van God. Daar bestaan geen hiërargiese skeiding tussen sogenaamde “gewone lidmate” en die ampte nie, soos wat Jesus in Matt 23 duidelik maak. Alle gelowiges vind voortdurend hul outentieke identiteit in ’n leefwyse van nederigheid en selfverloëning voor hul Heer. Hulle verkies derhalwe om in die Heer se teenwoordigheid kinders te wees eerder as grootmense, en om slawe en knegte te wees eerder as base en heersers (Mrk 9:34-37; 10:42-45). Jesus se roeping tot navolging van Hom (Matt 16:24-26) veronderstel dat alle gelowiges voltydse dissipels is. In die praktyk vra dit gehoorsaamheid aan al sy beginsels en reëls. Navolgers van Christus word gekenmerk deur hul lojaliteit aan Christus en sy plan om die koninkryk van God wêreldwyd te laat seëvier. Alle gelowiges is sodoende sendelinge. Missie is nie die roeping van ’n uitgesoekte groepie gelowiges wat iewers in die wêreld die evangelie voltyds uitdra nie. Alle gelowiges is sendelinge op alle plekke in die samelewing waar hulle hulself telkens bevind. Aangesien die hartklop van die Nuwe Testamentiese kerk sentreer rondom die belydenis van Christus as Heer, en ook gedra word deur onderlinge *koinonia*, mag die kerk nooit verstaan word vanuit haar formele strukture, ampte, geboue, ordes of amptelike aktiwiteite nie. Die kerk is na haar wese ’n beweging, nie ’n instelling nie. Die kerk is ’n familie van nuutgemaakte mense voor Christus, nie ’n geïkete institusie nie. Derhalwe moet die Nuwe Testamentiese siening van gelowiges as tempels van die Heilige Gees (1 Kor 3:16; 6:19) opnuut prakties ontgin word teenoor skeefgetrekte sienings rondom kerkgeboue as “die huis van God.” Eweneens moet die foutiewe skeiding tussen heilige ruimtes en sekulêre ruimtes opgehef word. Hierdie idees spruit voort uit die verheffing van kerkgeboue, tesame met die amptelike aktiwiteite wat daar plaasvind, tot “eksklusiewe kerklike aktiwiteite,” terwyl normale aktiwiteite van gelowiges elders in die wêreld nie noodwendig as “kerklike aktiwiteite” gesien word nie. Vanuit die Nuwe Testamentiese perspektief is alle gelowiges voltydse verteenwoordigers van Christus op elke plek waar hulle hulself bevind. Kerkwees gebeur daarom binne elke lewenssfeer. Formele kerklike byeenkomste is inoefen-geleenthede om God gesamentlik te eer en om toegerus te word om Christus se voltydse getuies te wees.

## 5. HISTORIESE / DOGMATIESE INSIGTE

Dit is nie die doel van hierdie dokument om ’n volledige dogmatiese perspektief op die kerk te gee nie, maar poog wel om ’n eenvoudige begrippe-raamwerk daar te stel wat as basis vir ’n gesonde ekklesiologie sou kon dien. Met dit as uitgangspunt sou die volgende begrippe as gespreksbasis kon dien:

**5.1** ’n Gesonde ekklesiologie en ’n *helder Godsbegrip* behoort onlosmaaklik van mekaar gesien te word. Die kerk is ’n skepping van God, gebou op die fondament wat Christus gelê het en konkrete gestalte aangeneem het deur die kragtige werking van die Heilige Gees.

**5.2** ’n Gesonde ekklesiologie sal dus altyd met ’n helder *trinitariese Godsbegrip* werk, maar terselfdertyd bly vashou aan die ondeurgrondelike en misterieuse karakter van God en sy werksaamhede.

**5.3** Binne die gereformeerde tradisie is daar altyd met ’n *minimalistiese kerkbegrip* gewerk. Dit beteken gewoon dat die *kerk nooit belangriker as die Koninkryk* is nie en dat die relatiewe plek en posisie van die kerk in die samelewing altyd verdiskonteer behoort te word. ’n Kerk wat te belangrik word, ontwikkel spoedig ’n probleem. Dit mag vir die kerk daarom nooit in die eerste plek gaan om die uitbou van die kerk, tradisie of denominasie nie, maar wel om die uitbou en koms van die Koninkryk. Die implikasie hiervan is dat ’n kerk/gemeente ook sou kon sterf, sonder dat dit die einde van die Koninkryk beteken.

**5.4** Die “*gemeente*” is nog altyd gesien as die draer en die beskermer van die Waarheid. Die vraag is

egter hoe hierdie waarheid in ons dag gedefinieer behoort te word. Hoe moet dit omskryf word en wat is waarheidsbegrip waarmee ons werk?

**5.5** Die fokus en roeping van die kerk sou op velerlei maniere beskryf kon word. Bo alles glo ons dat die essensie en wese van die kerk in die *Missio Dei* omskryf word. Die kerk behoort in wese altyd op die wêreld gerig te wees en oppad na die wêreld te wees. Die Kerk bestaan nie ter wille van haarself of haar lidmate nie. **(Sien ook die verslag van ADD in die verband)**

**5.6** Ten einde hierdie opdrag na behore uit te voer, is dit van kardinale belang dat die kerk die

grootste moontlike erns met die *inkarnasie-begrip* sal maak. Dit het verrykende teologiese-, maar ook praktiese- en konkrete implikasies vir ons dag se bedieningspraktyk.

**5.7** Ten slotte het die “belydenis” (sien bylae) nog altyd ’n groot rol binne ’n gereformeerde ekklesiologie gespeel. Dit hoef nie te verander nie. Die vraag wat wel dringend gevra word, is na die formaat en spesifieke inhoud van die belydenisse wat ons vandag behoort te rig. ’n Eietydse uitklaring van belydenis na vorm en inhoud blyk nou ’n onafwendbare noodwendigheid te wees, wat nie vir ’n onbepaalde tyd uitgestel kan word nie. Daar moet egter verstaan word, dat belydenisse nie in die eerste plek in raadsale en studeerkamers geskryf word nie, maar in die konteks gebaar word en meestal gepaardgaan met diep emosie en selfs bloed. Dit wys die geskiedenis duidelik. Laat ons daarom nie vinnig en oppervlakkig met die saak omgaan nie.

## **6. IDENTITEIT**

Ten einde ons identiteit te verstaan, moet ons terug kyk en vorentoe kyk. Ons moet tegelykertyd die wortels van ons tradisie verstaan en terselfdertyd die *roeping* wat ons vir die toekoms het. Ons identiteit word dus nie net in teologiese formuleringe gevind nie, maar ook in dit waartoe ons *geroep* word in Suid-Afrika en Afrika. Identiteit is dus nie iets staties nie, maar iets dinamies. Dit word gevind en geformuleer in die dinamiese dialektiek tussen teks en konteks, tradisie en roeping, verlede en toekoms, teologie en missiologie. Ons ware identiteit word steeds gevorm terwyl ons met die Ewige, Drie-enige, God op pad is. Vir ’n meer volledige bespreking van die saak **sien dié verslag van ATLAS in die verband.**

## **7. WAARDES**

### **7.1 DIE BELANGRIKHEID VAN WAARDES**

Gereformeerdes is dit eens dat die belang van “goeie waardes” nog altyd binne dié tradisie belangrik was. Tog maak ’n nadere refleksie oor die saak, dit duidelik dat “waardes” veel eerder in terme van “moraliteit” in die enger sin van die woord gedefinieer is, as synde ’n stel gedragskodes wat werklik die DNS-struktuur van die tradisie bepaal. Meer resente definiëring van “waardes” sien dit as ’n stel *gedragskodes*, wat werklik die optrede van lede van ’n groep bepaal, veral wanneer daar moeilike situasies en konflik ontstaan. *Dit kan ook omskryf word as die eintlike (ongeag wat in die groep se belydenisse staan), bepalende faktor wat die gedrag en funksionering van individue en ’n groep sal bepaal.* Al meer en meer stemme gaan dus vandag op wat vra na die voortdurende refleksie oor, uitklaring van, en die vestiging van waardes wat gedrag binne enige organisasie behoort te rig. Die werklikheid is dat alle organisasies met ’n bepaalde stel waardes funksioneer, soms bewustelik en soms onbewustelik. Die probleem is dat dit meestal onbewustelik en kritiekloos funksioneer en nie altyd ’n positiewe bydrae lewer nie. Binne ’n Bybelse tradisie is die *saligsprekinge* (Matt 5) waarskynlik een van die heel beste voorbeelde van hoe ’n stel waardes aan die orde kan kom om eintlik die lewe van mense en groepe se ganse bestaan te rig, volgens dit wat God in gedagte het. Indien ’n nuwe geslag vir ons sê, dat dit net so belangrik is om reg te doen, as om reg te glo (belydenis), dan raak die uitklaring van waardes oppad na ’n gesonde ekklesiologie onverhandelbaar.

### **7.2 MOONTLIKE WAARDES WAT DIE NGK-FAMILIE BEHOORT TE RIG**

Die Luisterseisoen, wat tans hoë profiel in die NGK geniet, het die volgende waardes op die tafel geplaas:

- ~ Leerbaarheid
- ~ Deernis
- ~ Vertroue
- ~ Openheid

Indien ons na die geskiedenis kyk, maar ook na die uitdagings wat die huidige konteks ons bied, is die taakspan van oordeel dat die volgende waardes en die vestiging daarvan ook ernstige oorweging behoort te geniet:

- ~ ’n Lewe voor die aangesig van God – coram Deo
- ~ ’n Voortdurende oriëntering en gerigtheid op die Skrif
- ~ ’n Strewe na groter geestelike dissipline en ’n lewe vervul met gebed
- ~ ’n Strewe na kontekstuele relevansie
- ~ ’n Strewe na egtheid en eenvoud
- ~ ’n Strewe na groter respek vir alle mense in ons land
- ~ ’n Strewe na groter diensbaarheid

- ~ 'n Strewe na groter leerbaarheid, wysheid en onderskeidingsvermoë
- ~ 'n Strewe na groter liefde en eenheid
- ~ 'n Strewe na vroomheid, reinheid en integriteit
- ~ 'n Strewe na gehoorsaamheid en getrouheid
- ~ Die aanvaarding van diversiteit en die waardige hantering van diversiteit en konflik

## 8. 'n AFGEBAKENDE EN PRAKTIESE GEMEENTE-EKKLESIOLOGIE

Met voorafgaande as agtergrond en basisteorie, kan daar nou oorgegaan word na die verdere uitwerk van 'n meer praktiese en omynde gemeente-ekklesiologie. Soos reeds aangedui, word die stellings wat in AS 2002 (p 115-120) goedgekeur is, nou verder gekonkretiseer. Enkele van die stellings is saamgevoeg wat die aanvanklike 20 stellings verminder na 15.

### 8.1 IDENTITEIT

Dit word weer bevestig dat die NG Kerk se diepste identiteit gevind behoort te word in haar oortuiging dat sy deur Christus Jesus aan God behoort. Ons eerste identiteit behoort nie in menslike kulturele uitdrukkingsvorme gevind te word nie, maar *in radikale navolgelingskap (dissipelskap) van Jesus Christus*. Ons identiteit sal dus nie in die eerste plek beskerm word deur kerkordes wat uiterlike kulturele gestaltes beskerm nie, maar in 'n vaste belydenis dat ons aan God behoort en meer en meer die gestalte van Christus behoort aan te neem. Ons identiteit behoort dus gehandhaaf en beskerm te word deur 'n diepe nadenke vanuit die Woord oor die praktiese en konkrete implikasies van dissipelskap. Indien elke gemeente in die kerk op een of ander manier, hetsy deur die prediking of 'n uitgewerkte kursus kon fokus op dissipelskap, sou dit vir die kerk baie beteken.

### 8.2 ROEPING

Die sinode het haarself die afgelope dekade herhaaldelik oor die belangrikheid van roeping uitgespreek. In die roepingsverklaring is daar ook 'n breë raamwerk gegee oor hoe die buitelyne van so 'n roeping vir die kerk sou kon lyk. Die groot vraag vir individuele gemeentes is of ons werklik weet wat die konkrete Godgegewe opdragte is waarop ons moet fokus. As ons nie weet nie, is die eerste taak, belangriker as enige iets anders, seker om te gaan uitvind. Dit is van kardinale belang dat gemeentes *regtig met die regte goed besig sal wees*. Dis die groot uitdaging. Ons moet sien en verstaan. Ons moet met wysheid en insig leef. Elke gemeente behoort 'n *diep geestelike proses te ondergaan, ten einde te kan onderskei waar hulle tyd, energie en bronne gebruik behoort te word*, om as die Here wil, 'n beskeie bydrae te lewer tot die positiewe herskryf van die geskiedenis van ons land en kerk. Dit word al duideliker dat ons nie van die wêreld 'n beter plek gaan maak deur gelyktydig met te veel goed te probeer besig wees nie. Ons sal moet fokus, maar weet ons op wat? Niemand hoef meer te wonder oor die kompleksiteit en broosheid van die tye waarin ons leef nie. Ons wêreld, land en plaaslike gemeenskappe is so kwesbaar soos lank te vore. Tog is dit 'n vreemde kwesbaarheid, want in dieselfde asem sou ons oneerlik wees as ons nie sou wys op die ongelooflike voorregte en geleenthede wat ons het nie. Ons bestaan is 'n intense paradoks. Aan die een kant geniet die meeste van ons, gesien binne 'n ruimer konteks, steeds besonderse welvaart en aan die ander kant is misdaad besig om ernstige duike in die psige van ons mense te slaan. Die feit van die saak is dat misdaad maar een van die uitdagings van ons dag is, en waarskynlik 'n simptoom is van iets diepers. Die groot vraag is hoe ons dit gaan hanteer? Hoe gaan ons besluit hoe en wat om te doen? Onthou dat alle oplossings vir alle probleme in die eerste plek daar begin waar 'n kerngroep mense volle verantwoordelikheid aanvaar, dit regkry om die eintlike probleem in sy kern te definieer en dan genoeg mense mobiliseer om iets konkreet daaraan te doen. Met dit as agtergrond, kom ons kyk na 'n paar praktiese voorstelle:

**8.2.1** Die *Seisoen van Luister* behoort met die nodige erns hanteer te word. Die seisoen behoort egter nie as net nog 'n program van die kerk hanteer te word nie, maar behoort 'n nuwe kultuur in die kerk te word. Dit behoort deel van die wesenstruktuur van die kerk te word, 'n waarde, 'n grondhouding.

**8.2.2** Laat gebeurtenisse soos Week van Gebed, Pinkster en kerkraadvergaderings vir ten minste vir 'n deel fokus op verootmoediging, waar die Here se wil vir die gemeente en ook individue opreg gesoek word.

**8.2.3** Skep 'n sensitiwiteit by gemeentedele om werklik hul stiltetyd as 'n ruimte te gebruik, waar

daar eerlik na die wil van God gesoek word. Maak seker dat oral waar ons werk en tyd spandeer, die vraag na waarmee ons nou eintlik besig is, op die tafel kom. Dit help as ander saam met jou dink.

**8.2.4** Vertrou die Here, dat indien die behoefte eerlik uitgespreek is, Hy sekerlik ons op sy pad sal wil lei.

**8.2.5** Dink 'n bietjie na oor die sogenaamde 80/20 beginsel (Die Pareto-beginsel). Volgens hierdie beginsel wat al dekades wêreldwye erkenning geniet, word 80% van die werklike verskil in die lewe deur 20% se insette en energie veroorsaak. Dit is egter die belangrike en die regte 20% wat die verskil maak.

**8.2.6** Moenie die saak krampagtig hanteer nie en mag ons bo alles nie ons eie belang soek nie. Vra eerlik veral twee vrae.

**8.2.6.1** Die eerste is: Watter een of twee uiters belangrike dinge moet ons doen om God te eer?

**8.2.6.2** Die tweede is: Watter een of twee uiters belangrike dinge kan en moet ons doen om van my land, kerk en gemeenskap 'n beter plek te maak?

### 8.3 GEMEENTES

Gemeentes wêreldwyd is aan die groei en sterf. Sommige groei om kunsmatige redes, maar dit is ons oortuiging dat daar, te midde van al die sterwende gemeentes, ook gemeentes is wat veral deur 'n basiese terugkeer na God en die herontdekking van wat kerkwees in 'n tyd soos hierdie behoort te wees, opnuut groei. Dit is reeds uitgewys dat daar nie 'n eensydige en oormatige klem op gemeentes binne die gereformeerde tradisie geplaas behoort te word nie. Tog kan dit nooit misken word dat gemeentes sedert die uitstorting van die Heilige Gees 'n uiters belangrike voertuig was om Gods Koninkryk op aarde gestalte te laat aanneem. Wat wel beslis waar is, is dat 'n *oormatige verampteliking en institusionalisering* van gemeentes beslis gemeentes as *lewende en dinamiese organismes en skeppinge van die Heilige Gees* 'n knou toegedien het. Algaande het daar ook heelwat miskonsepsies ontstaan oor wat die wese van gemeentewees is en behoort te wees. So, om maar 'n enkele voorbeeld te noem, sien te veel lidmate 'n gemeente as 'n entiteit wat gekonstitueer word deur 'n kerkraad wat in staat is om 'n leraar te kan betaal. Bybelsgesproke kan dit nooit waar wees nie. Die Nuwe Testament leer ons dat dit in die eerste plek 'n geloofsgemeenskap is wat gekonstitueer word onder leiding van die Heilige Gees en opgebou word deur die gawes wat die Gees self gee. Dit sluit natuurlik nie die meer veramptelike gawes soos leraars uit nie, maar kan nie al wees nie. Hierdie kursoriese opmerkings het egter konkrete bedieningsimplikasies. Tans is daar heelwat vrae oor byvoorbeeld sake soos lidmaatskap en belydenisaflegging. Verskillende gemeentes dink verskillend hieroor en handhaaf verskillende praktyke in die verband. Die prinsipiële vraag bly egter: *Wat konstitueer 'n geloofsgemeenskap en hoe word die "grense" daarvan bepaal?* Verdere gesprek in die verband is beslis nodig.

### 8.4 GEMEENTES EN HOOP

Vanuit ons hoop op God en dit wat Jesus Christus gedoen het, is een van die belangrikste wyses waarop gemeentes sigbare tekens van die Koninkryk is, die feit dat hulle *draers van hoop* behoort te wees. Prakties gesproke beteken dit egter dat ons nie net oor hoop kan praat nie, maar ook *konkrete gestalte* daaraan moet gee. 'n Mens moet opgewonde raak oor die nuwe visies en drome wat oraloor vir die NGK en gemeentes gebore word. Ook die roepingsverklaring van die Algemene Sinode is hiervan 'n goeie voorbeeld. Die vraag bly egter staan oor die vermoë en onvermoë van kerklike leierskap om drome in praktyk te verander. Ons het dikwels die regte antwoorde, maar sukkel om dit konkrete gestalte te gee. Die volgende praktiese riglyne mag help om ons gedagtes oor die saak aan die gang te sit:

**8.4.1** Maak seker dat die visie wat die gemeente het, so geformuleer word dat dit 'n *konkrete en duidelike prentjie* in jou eie gedagtes en dié van jou mede-spanlede aanneem. 'n Visie is veel meer as 'n slagspreuk of 'n teorie. Jy moet iets sien! Bly werk met die visie tot jy seker is dat dit die geval is.

**8.4.2** Maak seker dat jy 'n *span om jou het waarin daar ook goeie "bestuurders" is*. Visioenêre leiers wat ook goeie kommunikeerders van die visie is, is nie altyd goeie implementeerders nie. Dit hou dikwels verband met die persoonlikheidsprofiel van die leiers.

**8.4.3** Daar word deesdae al meer en meer oor die belang van fokus geskryf. Ons maak geen



konkrete impak nie, omdat ons met te veel goed besig is. In aansluiting hierby, is dit daarom baie noodsaaklik dat leierskap die *bediening en spanlede se aksies sal belyn*. Wie saam in dieselfde rigting trek, sal 'n verskil maak. 'n Span individue kan baie hard werk, maar in verskillende rigtings en so eintlik teen mekaar werk. Dit is egter nie net belangrik dat aksies belyn sal word nie, maar ook die emosionele energie en passies van die gemeente.

**8.4.4** *Goeie beplanning* is onverhandelbaar.

**8.4.5** Die formulering van *konkrete doelwitte* is nie iets wat net vir die bestuurswêreld bedoel is nie. Helder doelwitte bring jou in beweging. Dit help jou met jou evaluering. Boveal help dit jou om jou gebedslys te formuleer.

**8.4.6** *Dissipline* is 'n deug wat elke duimbreedte van geestelike leierskap se leefwêreld behoort te deursuur. Dit geld vir die geestelike dissiplines waarmee ons leef, maar ook die konkrete aksies waarmee ons binne God se Koninkryk werk.

**8.4.7** Dit is reeds gesê, maar moet weer beklemtoon word. Dit is ontsaglik belangrik dat ons met die nodige geloofsonderskeiding sal seker maak dat ons met die *regte goed besig* is. Dit is ongelukkig waar, maar projekte wat regtig binne die wil van God is, het nogal die manier om eerder 'n werklikheid te word as wat dit die geval is met die plannetjies wat ons self maak.

**8.4.8** Daarom is dit van kritiese belang dat ons regtig *ons planne en programme met gebedsaksies sal ondersteun*. Dit doen ons om twee redes. Die eerste is, omdat ons meermale in die Koninkryk met drome besig behoort te wees wat menslik gesproke onmoontlik is. Ons kan tog nie net besig wees met die instandhouding van dit wat alreeds staangemaak is nie. Ons kan dit dus nie alleen doen nie en het die bonatuurlike krag van God nodig om hierdie drome waar te maak. Terselfdertyd is 'n visie altyd iets dinamies, wat voortdurend ontwikkel en selfs van vorm kan verander. Gebed is dus nie net iets waarmee ons God vra om ons planne waar te maak nie, maar ook 'n manier waarop ons voortdurend na God luister om te hoor of daar nie belangrike koersaanpassings op die pad na konkretisering gemaak moet word nie.

## **8.5 'n GEREFORMEERDE KERK MET VERSKILLENDE SPIRITUALITEITSTYLE**

**8.5.1** Baie vrae en spanning het die afgelope jare ontstaan oor welke tipe spiritualiteit binne die NG kerk behoort te funksioneer. Ten einde die vraag na behore te kan beantwoord, behoort die volgende in gedagte gehou word:

**8.5.1.1** Die NG Kerk kan die groterwordende werklikheid van *diversiteit* binne die breëre samelewing en in ons eie midde nie ontglip nie.

**8.5.1.2** Binne die gereformeerde tradisie is dit egter nie vreemd om ruimte te laat vir die bestaan van

*meerdere moraliteite* binne die tradisie nie. Gereformeerdheid beteken nie in die eerste plek dat almal orals presies dieselfde sal doen en lyk nie.

**8.5.1.3** Van groot belang is egter om die *waardes* wat ons tradisie rig in gedagte te hou wanneer daar ook uitsprake en beslissings oor spiritualiteit gemaak word.

**8.5.2** Met dit as agtergrond kan die volgende riglyne moontlik geld, as dit kom by die hantering van diversiteit:

**8.5.2.1** Aanvaar die *werklikheid van verskille* ook in ons midde.

**8.5.2.2** Dit beteken nie dat ons opgee om te *soek na die waarheid* nie. Dit beteken ook nie dat jy die *waarheid of jou eie standpunt moet relativeer* nie. Ons sê nie hiermee “*anything goes*” nie.

**8.5.2.3** Dit vra egter dat ons ons *verhouding met Christus en die Gees van Christus* doodernstig neem, want dit is waar die diepste waarheid gevind word.

**8.5.2.4** Wees in die hele proses versigtig *vir 'n paar groot leuens* :

~ Jy is net vir my lief as jy met my saamstem.

~ As jy waag om te verskil, is jy liefdeloos en selfs dom.

~ As jy met my verskil, is jy sondermeer onchristelik en onbybels.

**8.5.2.5** Koester die woorde *kompleksiteit, gelyktydigheid en wysheid*. Onthou wysheid is anders as slimmigheid, wat net kopkennis is. Wysheid is 'n kombinasie van kopkennis, maar ook die verligting van die Gees. Moenie die twee uitmekaar haal nie. Openbaring kom ook in baie vorme. Soms kom dit soos 'n bliksemstraal wat alles in 'n oomblik verlig, maar meestal is dit soos 'n groot legkaart wat moeisaam, stukkie vir stukkie gepak word.

**8.5.2.6** Ontwikkel 'n *wysheid oor geloofsgenote met wie jy verskil*. Abraham Lincoln het gesê: “*Ek hou nie van die man nie... ek sal hom dus beter moet leer ken.*” Onthou ons sien in ons

twisgesprekke met ander maar die punt van die (emosionele) ysberg en onthou: Elke “irrasionele” optrede het ’n rasonale verklaring!

**8.5.2.7** *Ontwikkel en verdiep ’n waardesisteem van liefde en diensbaarheid, selfverloëning, begrip, geduld en selfs humor.*

**8.5.2.8** *Bly God se leiding soek in Woord en Gees.*

**8.5.2.9** *Wie diversiteit sonder die kragtige leiding van die Heilige Gees probeer hanteer, is gedoem tot mislukking. Wie ophou probeer om dit te hanteer, sal agterkom dat sy of haar groep in ’n diverse wêreld al kleiner en kleiner word, omdat daar elke keer maar net nog ’n groepie is wat afstig en afstig en weer afstig....*

**8.5.3** *Die vraag bly egter of daar vanuit ons tradisie bepaalde uitgangspunte is wat ’n breë raamwerk daar kan stel wat ons spiritualiteit behoort te rig. Die volgende behoort oorweeg te word:*

**8.5.3.1** *’n Spiritualiteit wat waarlik in die eerste plek coram Deo, gerig op God en met ’n ernstige soeke na die aangesig van God leef.*

**8.5.3.2** *’n Spiritualiteit wat met uiterse deernis teenoor ander leef. Dit sluit veral die gemarginaliseerdes, armes, siekes, eensames en getraumatiseerdes in.*

**8.5.3.3** *’n Spiritualiteit wat die heiligheid en andersheid van God ernstig neem, maar terselfdertyd eietyds en kontekstueel kan funksioneer.*

**8.5.3.4** *’n Spiritualiteit wat die volgende waardes omarm: Eenvoud, Egtheid, Verstaanbaarheid, Leerbaarheid en Studie, Diensbaarheid, Vroomheid, Integriteit, Moraliteit, Reinheid, Eenheid, Gemeenskap, Verhoudinge, Mededeelsaamheid, Betroubaarheid en Getrouheid.*

**8.5.4** *Gemeentes wat dit regkry om bogenoemde binne hul gemeenskap te laat konkretiseer, sal ander maatstawwe begin gebruik om sensitiewe aangeleenthede soos aanbiddingstyle, gebedsaksies en vorme, asook liturgie te beoordeel.*

**8.5.5** *Dit is ons diepe versugting dat die NG Kerkfamilie in die jare wat voorlê meer en meer ’n biddende kerk sal word. Oor die vraag hoe dit moet lyk en gebeur, word die antwoord dalk ten beste gevind in die eenvoudige opmerking van Henri Nouwen: “There is only one way to pray and that is to pray. There is only one way to pray well and that is to pray much!”*

## 8.6 EREDIENSTE

Die samekoms van gelowiges was sedert die vroegste Bybelse tye van die belangrikste momente waarom die geloofslewe van die volgelinge van Christus gedraai het. Binne die gereformeerde tradisie het dit veral uitdrukking gevind in wat ons “eredienste” noem. Die meer-dimensionele karakter van die erediens is binne ons tradisie reeds omvattend bespreek (sien byvoorbeeld Van Ruler: *Waarom zou ik naar de kerk gaan?*) Die erediens is binne die gereformeerde tradisie veel meer as ’n preek. Tog word aanvaar dat die erediens ’n bepaalde swaartepunt vind in veral twee gebeure. Die *ontmoetingsgebeure* met God en die *Woordverkondiging* deur die prediking. Waar dit ontbreek, word ’n ernstige gemis ervaar. Die vraag bly of daar gegewe die uitdagings wat ons konteks tot ons rig, spesifieke rigtinggewende opmerkings oor die inrigting van eredienste binne ons tradisie gemaak kan word? Die volgende vrae en opmerkings mag help:

**8.6.1** *Daar is ’n duidelike nuwe behoefte na Skrifgetroue en Skrifverankerde prediking.*

**8.6.2** *Meer en meer stemme vra na ’n deeglike wetenskaplike Skrifbenadering wat al die resultate rakende navorsing met betrekking tot eksegetiese en hermeneutiek ernstig neem. Terselfdertyd is daar ’n diepe versugting om werklik die ervaring te hê dat God aan die woord is. Daarom word daar ernstig gepleit vir ’n pneumatologiese hermeneutiek wat beide behoeftes eerlik sal aanspreek.*

**8.6.3** *Die gereformeerde tradisie staan afwysend teenoor enige persoonsverheerliking en in die besonder ’n oorspanne klem wat op die charismatiese kant van die prediker geplaas word. Die ironie is egter dat waar die liturgie ten koste van die prediking onderspeel word, die prediker dikwels “alleen staan” en meermale alleen op grond van sy of haar “charismatiese gawes” beoordeel word. Die ontwikkeling van ’n kontekstuele, volronde liturgie wat ook die musiek insluit, bly een van ons grootste uitdagings. Daarsonder sal die tendens voortduur waar gemeentedele van die een gemeente na die ander reis, opsoek na ’n goeie “prediker”.*

**8.6.4** *Harde werk lê op musikale gebied voor. Die kerk het baie lank die meer “klassieke” kerklike musiek ondersteun en uitgebou. Dit is weerspieël in die keuring van liedere en die opleiding van orreliste. Die werklikheid van ’n nuwe musikale idioom kan nie langer ontken word nie. Sinodes en gemeentes sal eenvoudig ’n groter positiewe begeleidingsrol moet speel. Ook musikante wat in ’n meer moderne idioom kan begelei, sal opgelei moet word en ruimtes sal daarvoor geskep moet*

word. Terselfdertyd mag ons nie toelaat dat daar 'n "klassieke vakuum" ontstaan nie. Gemeentes behoort toe te sien dat volle musikale diversiteit op verantwoordelike wyse in die gemeente gestalte aanneem.

**8.6.5** In 'n samelewing waar geraas, oormatige aktiwiteit en oorstimulasie aan die orde van die dag is, moet die vraag gevra word of die kerk nie meer moet werk aan 'n "korreksie" ook as dit kom by eredienste nie. Waardes soos *eenvoud, soberheid, stilte, egtheid en heldere verstaanbaarheid* behoort in ons eredienste gekoester te word.

**8.6.6** Terselfdertyd kan die werklikheid van die *moderne media en tegnologie* nie ontken word nie. Soos die reformasie die boekdrukkuns omarm het, behoort die kerk ook die winste wat moderne tegnologie gebring het, te gebruik. Dit behoort egter steeds krities reflekerend gedoen te word.

**8.6.7** Oor die optimale grootte van eredienste bestaan daar baie menings en vrae. Hoe groot of klein behoort die ideale erediens te wees? Kan 'n erediens te groot wees? Is daar nog plek binne ons tydsgewrig vir klein gemeentes? Geen enkelvoudige antwoorde kan hierop gegee word nie. Verskillende mense sal ook beslis verskillende behoeftes in dié verband hê. Uiteraard is egter die *maatstawwe wat ons aanlê, wanneer ons die grootte van eredienste beoordeel* en veral waarom ons die keuses vir 'n bepaalde grootte maak. Te veel keer word ons eie subjektiewe behoeftes, voorkeure en afkeure tot normatiewe verhef.

**8.6.8** Indien ons ernstig is as ons sê dat die kerk in wese missionêr behoort te wees, behoort dit ook konkrete implikasies vir die eredienste te hê. Die vraag is hoe ons in ons eredienste, prediking en liturgie, 'n konstante gerigtheid op die wêreld ontwikkel? Dit het ook noodwendige implikasies vir ons kerkmusiek.

**8.6.9** Ten slotte moet herhaal word wat oor *diversiteit* gesê is. Dit is net noodwendig dat diversiteit ook binne die gestaltes wat eredienste aanneem, weerspieël behoort te word. 'n Krampagtige vasklou aan 'n eendimensionele gestalte van erediens gaan die dood in die pot vir die kerk wees. Alhoewel dit ook nie die totale dimensie van kerkwees omspan nie, het nuwe ontwikkeling wat binne die sogenaamde "*emerging church*" beweging plaasgevind het, duidelik aangetoon hoe kleurvol en kreatief 'n kerk ook binne 'n nuwe tyd kan wees, sonder om die hart van die Evangelie verby te gaan. Die hart van die Evangelie word juis dikwels in hierdie nuwe kreatiewe vorme van aanbidding gevind. Wie enigsins die roeping van die kerk in Afrika ernstig wil neem, sal die woord diversiteit, ook wat erediensvorme betref, baie ernstig moet neem.

## **8.7 DIE BEMAGTIGING EN TOERUSTING VAN LIDMATE**

Die Skrifkennis, kerkbegrip en breë prakties-teologiese insig van ons lidmate sal verruim moet word. Dit kan alleen deur behoorlike toerusting geskied. Vir te lank is kategeese vir die jeug en eredienste vir volwassenes as die enigste weë gesien waarlangs dit behoort te geskied. Gemeentes behoort ernstig na te dink oor 'n omvattende, holistiese en voortgaande onderrigmodel vir alle lidmate. Programme vir nuwe lidmate, volwasse kategeese, Bybelskole, sistematiese kurrikulums vir Bybelstudiegroepe en kleingroepe, asook 'n deeglike beplande strategie vir huisbesoek kan hieraan meewerk. Dit gaan egter nie net oor die uitwerk van nuwe programme en projekte nie, maar oor die *vestiging van 'n leer- en leeskuiluur*. Die mate waarin gemeentes onlangse programme soos bv. die "*Purpose driven life*" (Rick Warren) aangegryp het, het bevestig dat daar 'n besliste behoefte by lidmate aan relevante toerusting en lering is.

## **8.8 DIE UITBOU VAN DIE GEMEENTE AS VOLWAARDIGE LIGGAAM VAN CHRISTUS.**

### **(Sien ook verslag rakende die bemagtiging en toerusting van lidmate)**

Een van die heel grootste misverstande wat binne die kerk ontstaan het, is dat die sogenaamde *liggaamsmodel* en iets soos huisbesoek (Herder-kudde-model) noodwendig teenoor mekaar staan. Wat wel waar is, is dat 'n bedieningsmodel wat die kerk en gemeente as liggaam van Christus werklik ernstig neem, die sleutel hou tot die ontsluiting van die grootste onontginde bronne binne die kerk, naamlik die gewone lidmaat. 'n Paar uitgangspunte moet hier in gedagte gehou word:

**8.8.1** Daar is nie meer genoeg geld en genoeg opgeleide predikante om die kerk se roeping tot uitvoering te bring met hoogsopgeleide, voltydse predikante alleen nie. Meer en meer gemeentes gaan in 'n posisie kom waar hulle nie gou, indien ooit weer, 'n volwaardige predikant sal kan bekostig nie. Indien lidmate nie toegelaat en bemagtig word om self op verskeie vlakke leiding in die gemeente te neem nie, gaan menigte gemeente gewoon sterf.

**8.8.2** 'n Kerk wat alleen deur predikante en 'n paar kerkraadslede in stand gehou word, was nog

nooit 'n Bybelse visie vir die kerk nie.

**8.8.3** Die kerk het die potensiaal en geleentheid wat die liggaamsmodel bied vir baie jare verwaarloos en predikante het die wil en vaardigheid verloor om lidmate na behore te help, om hulle gawes te ontdek én Godgegewe plek in die gemeente te vervul.

**8.8.4** Die liggaamsmodel vra 'n andersoortige siening op die rol en taak van die predikant.

**8.8.5** Dit vra andersoortige vaardighede van die predikant.

**8.8.6** Dit vra dat die gemeente ander verwagtinge sal koester oor die rol van die predikant.

**8.8.7** Dit vra 'n volwasse kerkbegrip.

**8.8.8** Dit hou egter die sleutel tot eksponensiële en organiese groei vir die kerk.

**8.8.9** Dit is een van dié aksies wat meewerk tot werklik volwasse lidmaatskap.

**8.8.10** Dringende evaluering rakende huidige teologiese opleiding en die vraag of genoegsame aandag aan hierdie uiters belangrike praktiese teologiese realiteit gegee word, is nou nodig.

**8.8.11** Indien die volle konsekwensies van hierdie teologiese waarheid (Sien Efesiërs 4, 1 Kor. 12 en Rom. 12) werklik ernstig geneem word, is dit net vanselfsprekend dat dit ingrypende konsekwensie vir die bemagtiging van 'n verskeidenheid van groepe in die kerk het, wat vir lank nie ten volle hul gawes kon uitleef nie. Hier dink ons onmiddellik aan vroue, kinders en gestremdes.

## **8.9 EVANGELISASIE EN NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING**

**8.9.1** Die NG Kerk was vir baie jare 'n volkskerk wat bloot gegroei het, deur die geboorte van kinders. 'n Nuwe konteks het egter die situasie verander en die kerk geforseer om van nuwe werklikhede kennis te neem:

**8.9.1.1** Die ervaring op gemeentelike vlak dat al meer en meer lidmate kerklos word en van die gemeentes wegdryf.

**8.9.1.2** Die ervaring dat die gesprek oor evangelisasie al meer en meer tot 'n stilstand gekom het. Dit geld vir gemeentelike-, rings- en sinodale vlak en ook binne die teologiese fakulteite.

**8.9.1.3** Hiermee saam het evangelisasie as aktiwiteit ook feitlik tot 'n halt gekom. Erkenning word onmiddellik gegee aan klein groepies gelowiges wat wel evangelisasieprogramme in stand gehou het, dikwels op die rand van die gemeentelike lewe.

**8.9.1.4** Die ervaring dat daar dikwels so gestry word oor wat "evangelisasie" nou eintlik is en behoort te wees, dat dit sinvolle bediening in die verband ook gekniehalter het.

**8.9.1.5** Die ervaring dat die sigbare getalle van gemeentes dramaties daal, maar dat daar oor 'n twintig jaar periode feitlik geen nuwe lidmate tot die NG Kerk toegevoeg is, anders as deur geboorte nie.

**8.9.1.6** Die ervaring dat daar binne die NGK verskillende teologiese strominge ontstaan het. Dit het nie net op belydenisvlak onsekerheid gebring nie, maar noodwendig op bedieningsvlak en in die besonder ons evangelisasie praktyk begin impakkeer.

**8.9.2** Vir 'n volledige bespreking van nuwe uitdagings rondom evangelisasie, sien ook die **Verslag rakende bediening aan kerklos lidmate, evangelisasie en nuwe gemeente-ontwikkeling**.

## **8.10 GEMEENTES SE PUBLIEKE GETUIENIS IN 'n NUWE SITUASIE**

**8.10.1** Gemeentes is altyd in die tyd en in die konteks veranker. Die Christendom is in sy wese 'n geïnkarnearde geloof wat juis tot uitdrukking kom tot dié mate waarin diegene wat daartoe behoort in volgelingskap van Christus, God se Koninkryk in die wêreld laat kom. Christene is inderdaad geroep om sout en lig vir die wêreld te wees. Dit roep Christene altyd om hulle getuienis in die wêreld te laat hoor rakende sake wat die welwese van die mens en skepping bedreig. Na gelang van omstandighede sal die agenda verander.

**8.10.2** Vir die oomblik behoort die volgende sake altyd in die oog en op die agenda van gemeentes te wees:

**8.10.2.1 Armoede:** Werkloosheid is as gevolg van 'n verskeidenheid van faktore 'n groeiende werklikheid. Gemeentes behoort alle moontlike pogings aan te wend, om op kreatiewe wyse die probleem aan te spreek en ook die slagoffers van werkloosheid by te staan. Armoede is egter ook 'n komplekse sistemiese probleem. Hiervan is die wêreldwye groeiende gaping tussen dié wat het en dié wat nie het nie, 'n sprekende voorbeeld. Gemeentes behoort die denke van kreatiewe denkers te stimuleer om saam te dink, te skryf en te praat oor moontlike oplossings. 'n Klakkelose aanvaarding van die situasie is nie aanvaarbaar nie.

**8.10.2.2 Misdaad:** Niemand hoef meer te wonder oor die kompleksiteit en broosheid van die tye

waarin ons leef nie. Ons wêreld, land en plaaslike gemeenskappe is so kwesbaar soos lank te vore. Tog is dit 'n vreemde kwesbaarheid, want in dieselfde asem sou ons oneerlik wees as ons nie sou wys op die ongelooflike voorregte en geleenthede wat ons het nie. Ons bestaan is 'n intense paradoks. Aan die een kant geniet die meeste van ons, gesien binne 'n ruimer konteks, steeds besonderse welvaart en aan die ander kant is misdaad besig om ernstige duike in die psige van ons mense te slaan. Al sê die regering dat statistieke wys dat misdaad aan die verminder is, is dit duidelik dat gemeenskappe 'n emosionele versadigingspunt begin bereik. Al daal die insidente (volgens amptelike statistiek), kom daar 'n punt waar net een geweldsmisdaad vir mense op emosionele vlak te veel word. Dit word die spreekwoordelike laaste strooi wat die kameel se rug knak. Dit kan nooit maar net nog 'n stukkie statistiek wees nie, maar wel 'n intense emosionele ervaring teen die agtergrond van honderde ander insidente wat reeds diep in die onderbewuste weggebêre is. Die groot vraag is hoe ons dit gaan hanteer? Onthou dat alle oplossings vir alle probleme in die eerste plek daar begin waar 'n kerngroep mense volle verantwoordelikheid aanvaar, dit regkry om die eintlike probleem in sy kern te definieer, en dan genoeg mense mobiliseer om iets konkreet daaraan te doen.

**8.10.2.3 Onderwys:** Binne die gereformeerde tradisie was daar nog altyd 'n baie noue band tussen opvoeding, geletterdheid, geloofsvorming, deugdevorming en moraliteitsvorming. In kort het gereformeerdes nog altyd 'n hart vir die onderwys gehad, maar terselfdertyd geglo dat onderwys en opvoeding juis sy dieptedimensie bereik wanneer dit binne die dampkring van die Christelike geloof kom staan. Dit was een van die redes waarom Martin Luther gepleit het dat daar by elke universiteit ook 'n teologiese kweekskool moet wees. Suid-Afrika het wat elke faset van die onderwys betref, enorme uitdagings. Die kerk sal moet besef dat 'n nuwe Suid-Afrika nie haar roeping tot die onderwys beëindig het nie. Gemeentes sal op konkrete wyse betrokke moet bly by die skole van hul omgewing, al voel hulle nie meer in alle opsigte ewe welkom nie.

**8.10.2.4 Gesondheid:** Wanneer armoede en ongeletterdheid hoogty vier, ly mense se gesondheid daaronder. Nie alleen het SA van die hoogste VIGS-statistiek ter wêreld nie, maar gedy ander verwante siektes soos TB by die dag. Sou die infrastruktuur van ons gemeentes, sale ens. nie gebruik kon word om sentrums van hoop daar te stel waar mense op groot skaal in liefde versorg kan word nie?

**8.10.2.5 Versoening:** Die euforie van 1994 is lank reeds verby en Suid-Afrika worstel steeds intens daarmee om werklik 'n regverdige en nie-rassige samelewing daar te stel. Verskeie sosio-politiese faktore dra ook daartoe by dat vervreemding aan die orde van die dag is en ware versoening steeds 'n droom is. In die opsig moet die kerk die hartklop van die evangelie helder en duidelik laat hoor. 'n Kerk wat opgee op versoening gee op op van die kernopdragte in die evangelie. Kerkrade behoort konstant en konkreet die vraag te vra oor hoe hulle op plaaslike vlak hieraan kan meewerk.

## **8.11 GROTER SENSITIWITEIT VIR DIE LEEFWÊRELD VAN ONS LIDMATE**

**8.11.1** Die leefwêreld van ons lidmate het dramaties verander. Mense dink en leef vandag dramaties

anders as 'n dekade of wat gelede. Die kerk sal doodeenvoudig hiervan moet kennis neem en 'n sensitiwiteit vir hierdie leefwêreld ontwikkel, ten einde steeds 'n taal te kan praat, wat vir die wêreld hoorbaar en verstaanbaar is. Dit beteken geensins dat die kerk die leefwêreld van die lidmate klakkeloos moet napraat nie, maar die kerk sal met die agendas waarmee sy haar besig hou, die manier waarop sy uitsprake maak, die styl waarop sy optree en die woordkeuses wat sy gebruik, ten minste moet wys dat sy verstaan. Dit word meer en meer gesê dat daar binne die kerk vandag meer as een taal gepraat word. Die lidmate praat almal Afrikaans, maar verstaan mekaar glad nie. Die vraag is hoe dit kan verander?

**8.11.2** Daar is in teologiese taal reeds gewys op die belang van inkarnasie. In gewone taal sou ons kon sê dat die kerk groter moeite sal moet doen om kontak te maak met die leefwêreld van die lidmate. Die kerk sal moet moeite doen om "daar te wees". Daar is tans 'n *mengelmoes van emosies* aan die ontwikkel in die harte van lidmate. Dit word veral gedryf deur twee kontekstuele kragte. Aan die een kant bring die tempo van verandering in die land en die gepaardgaande verlies, misdaad en geweld, emosies van verwarring, bitterheid, seer, woede en 'n nuwe rassisme na vore. Aan die ander kant ontken 'n wêreld van materialisme, verwronge en onversadigde begeerte by lidmate. Al hierdie emosies, en veel meer, sal verstaan en op verantwoordbare wyse hanteer moet word.

**8.11.3** Die leefwêreld van lidmate is egter ook propvol. Dis propvol stimulasie, uitdagings en

spanning. Dit is egter ook 'n wêreld van *massale disintegrasie van tradisionele gemeenskappe*. Dit geld vir gesinne en ruimer gemeenskappe. Hierdie gemeenskappe was histories die dampkring en ruimte waarbinne geloofsoordrag plaasgevind het. Die vraag is waar dit nou gaan geskied? Hierdie is maar enkele dimensies van 'n nuwe Suid-Afrika. Die lys is veel langer. Die vraag bly egter wat gemeentes gaan doen, om seker te maak dat hulle baie fyn ingestel is, om die vibrasies van 'n nuwe wêreld, ook in hulle eie midde waar te neem en reg daarop te reageer.

**8.11.4** Goeie praktiese teoloë het 'n besonderse aanvoeling vir die konteks. Hulle is altyd veranker in die konteks en tyd om van daaruit op kritiese wyse die skatte van die tradisie te herwin. Indien hulle uit die konteks ontwortel word, raak hulle bekwame meesters wat irrelevante antwoorde gee vir vrae wat in 'n gans anderse tyd aan die orde van die dag was. Gemeentes kan in dieselfde gat trap, in die proses alles “reg” doen en steeds kwyn.

## **8.12 DIE ONTWIKKELING VAN LEIERSKAP**

**8.12.1** Leierskap is 'n woord wat met groot omsigtigheid binne die gereformeerde wêreld gebruik word. In sommige kringe word selfs beweer dat die begrip onbybels is en liefis nie gebruik behoort te word nie. Na ons mening kan geen organisasie (ook kerklik) sonder behoorlike leierskap na behore funksioneer nie. Die feit dat dit soms binne die gereformeerde wêreld ontken word, plaas die tradisie in 'n baie moeilike posisie. Wie ernstig kennis neem van die werk, lewe en strewes van iemand soos Calvyn, sal gou agterkom dat ons hier met iemand te make gehad het wat met ywer van die stad Genève 'n beter plek wou maak. Dit is egter nie net met vroom waarhede vermag nie, maar ook met goeie leierskap en bestuursvaardighede wat geskoei was op 'n gesonde Bybelse leer.

**8.12.2** Na ons mening is die kerk die mees intense leierskaporganisasie wat bestaan. Omdat dit 'n “vrywilligerorganisasie” is, wat nie met markkragte werk nie (jy kan mense nie betaal of met mag dwing om vir jou take uit te voer nie), word naas die werking van die Heilige Gees, sake soos invloed, integriteit, spanwerk, erkenning, aanvoeling en nog veel meer, basiese konsepte waarmee kerklike leierskap behoort te werk. Omdat ons vir baie jare dit ontken het en eintlik verval het in 'n vorm van institusionele, hiërargiese leierskap (biskop, predikant, moderator, voorsitter, leraar, hoogleraar) is 'n gesonde vorm van geestelike leierskap nie goed ontwikkel nie. Die kerk betaal daarvoor 'n duur prys.

**8.12.3** Gemeentes sal eenvoudig veel groter aandag moet gee aan die evaluering van bestaande leierskap en leierskapskonsepte wat tans in die gemeente funksioneer. Laat niemand hulself mislei nie. Leierskap kom, weliswaar soms onbeholpe, in alle gemeentes voor. Die vraag is net of die gestalte wat dit aanneem, wenslik is en die saak na behore dien. In die tweede plek sal gemeentes veel groter aandag moet gee aan die ontwikkeling van leierskap en die bemagtiging van onontdekte dormante leierskap in die gemeente.

**8.12.4** Met dit as kort agtergrond, kan die volgende ook in gedagte gehou word:

**8.12.4.1** Natuurlik word die finale leierskap binne die kerk gesien as gesetel in Jesus Christus self, wat sy kerk deur Woord en Gees regeer.

**8.12.4.2** God gebruik egter ook mense om sy kerk te bestuur en te lei. Meer en meer stemme gaan op wat aan die konsep “spanleierskap” die voorrang wil gee.

**8.12.4.3** Dit beteken egter veral twee dinge. Veral leraars sal moet leer dat die terme “ondergeskiktheid” en “diensbaarheid”, ook aan 'n medekollega, juis Bybels is. Die probleem is dat opleiding vir jare lank eintlik 'n sisteem van een-persoon (predikant) gemeentes veronderstel het en dat leraars nooit behoorlik toegerus is vir die werklikheid en implikasies van medeleraarskap nie. Voeg hierby 'n onderontwikkelde begrip van die “Liggaamsmodel” en woorde soos leierskap en veral “leierleraar” word 'n massiewe bedreiging. In die tweede plek beteken spanleierskap nie dat woorde soos “rekening” en “finale verantwoordelikheid” verdwyn nie.

**8.12.4.4** Die volgende vrae behoort ook nou deeglike aandag te kry:

1. Wat het van ons geestelike leiers geword?
2. Is daar 'n verskil tussen leierskap en geestelike leierskap en wat is die verskil?
3. Is leierskap 'n Bybelse konsep en hoe sien die Bybel dit?
4. Watter rol behoort roeping te speel?

**8.12.4.5** Die volgende stellings kan ook in gedagte gehou word:

1. Geestelike leiers word gedryf deur liefde. Hulle plaas 'n buitengewone hoë premie op verhoudinge.

2. Geestelike leiers verstaan die belang van heiligmaking. Hulle leef met geestelike dissiplines.
3. Geestelike leiers word geseën met 'n visie. Hulle passie, gawes en nood van die wêreld leef in sinergie met mekaar.
4. Geestelike leiers kan die werklikheid definieer. Hulle sien dinge in perspektief en verstaan die werklike nood van die wêreld.
5. Geestelike leiers was konstant voete. Hulle hanteer mag anders en koester diens.
6. Geestelike leiers leef uit en met genade. Hulle leef met deernis en sensitiwiteit.
7. Geestelike leiers verstaan waar hulle krag vandaan kom. Hulle put uit 'n onuitputbare Bron van wysheid en krag.
8. Geestelike leiers wandel met God. Hulle hele wese is konstant op God gerig. Hulle het God bo alles lief.
9. Geestelike leiers bid. Hulle verstaan die krag en dinamika van gebed.
10. Geestelike leiers dink, eet en slaap dissipelskap. Hulle is konstant besig om ander leiers op te lei en voel nie bedreig nie.
11. Geestelike leierskap veg teen aanvegtinge. Hulle bestuur hul eie emosies met geestelike en innerlike krag.
12. Geestelike leiers koester hul integriteit. Hulle weerstaan versoekinge en koester karakter en waardes.
13. Geestelike leiers verstaan hoe belangrik en heilig hul liggame is. Hulle beskerm die tempel van God – onderhou die Sabbat.
14. Geestelike leiers lei en rig vergaderings op 'n spesiale manier in. Hulle skep geestelike ruimtes waar mense anders praat en dink.
15. Geestelike leiers verstaan die belang van goeie bestuur. Hulle is verantwoordelik en verantwoordbaar.
16. Geestelike leiers dink strategies. Hulle is versigtig soos slange en opreg soos duiwe.
17. Geestelike leiers kan verandering bestuur. Hulle verstaan die kompleksiteit en reëls van veranderingsbestuur en is nie onwillig om die uitdaging te aanvaar nie.
18. Geestelike leiers is vredemakers en brugbouers. Hulle bestuur konflik en diversiteit.
19. Hulle leef *coram Deo* en kan God "sien" (*visio Dei*).
20. Hulle vind rus in God.
21. Hulle vertrou God en leef met innerlike selfvertroue en krag.
22. Hulle maak 'n konkrete verskil, omdat hulle toelaat dat God deur hulle werk.

### 8.13 DIE BOU VAN GEMEENSAP

**8.13.1** Handeling 2:42 wys daarop dat die "onderlinge verbondenheid" een van die basiese boustene was waarop die vroeë gemeente gerus het. Dit behoort vandag nie anders te wees nie. Daar is reeds verwys na die massale disintegrasie van gemeenskappe wat tans aan die gang is. Dit raak elke duimbreedte van ons bestaan. Terselfdertyd is ons nie meer goed geskool in die bou en uitbou van gesonde gemeenskap nie. Die feit dat gemeenskappe disintegreer, beteken nie dat mense nie meer soek na gemeenskap nie. Hulle soek vandag juis daarna en vind dit op ander plekke en in ander vorme, sommige meer wenslik as ander. Die hartseer is dat die Bybel baie duidelik is dat onderlinge gemeenskap een van die heel belangrikste imperatiewe is wat ooit aan die volgelingen van Christus gegee is. Die vraag is hoe die gemeente weer 'n plek van ware en warm gemeenskap kan word.

**8.13.2** Die volgende moontlikhede bestaan:

1. Dink baie ernstig na oor wat in die eredienste gebeur en hoe en wat gekommunikeer word.
2. Maak seker dat die leierskap in die gemeente dit modelleer.
3. Kleingroepe – in verskillende vorme – is nie net 'n nuwe gier nie. Dit behoort 'n basiese dissipline van onderlinge sorg en dienslewering te wees. 'n Interessante tendens is dat kleingroepe al meer en meer uitgedaag word om binne die geografiese area van waaruit die meeste lede kom, 'n verskil te maak. Dit raak die uitreik na en ondersteuning van mense in die omgewing, maar ook konkrete aksies soos evangelisasie. Dit is nie 'n onkritiese terugbring van die ou wykstelsel nie, maar gee tog erkenning aan van die winste van die ou stelsel.
4. Gesamentlike dienslewering, ook buite die gemeente, is 'n kragtige manier waarop interne koinonia gebou word.
5. Sien gemeentefunksies, soos 'n basaar byvoorbeeld, nie in die eerste plek as fondsinsameling nie, maar veral as 'n geleentheid om gemeenskap te bou.

6. Hanteer enige konflik met groot omsigtigheid. Moenie wag dat dit weggaan nie, maar gaan dit tegemoet en hanteer dit vroegtydig en op Bybelse wyse.

7. Bring die tug terug. Onthou ons tug nie lidmate om gemeentes te suiwer en gesond te maak nie. 'n Gesonde gemeente tug! Dit leer ons belydenisskrifte ons. Ons bewaar nie gemeenskap deur 'n oppervlakkige vrede oor die kwaad te smeer nie.

8. Neem die liefdesgebod veel ernstiger op as wat ons dit tans neem en preek en leer daaroor.

### 8.14 AANPASBARE STRUKTURE

**8.14.1** Een van die basiese stellings van die reformasie was die stelling: *semper reformanda*. 'n Ware gereformeerde kerk reformeer voortdurend. Ten einde dit te kan doen, behoort daar nie 'n krampagtige vashou aan instellings en strukture te wees nie. Die gereformeerde teoloog, John Leith, het dit goed verwoord, toe hy gesê het: "*Traditionalism is the dead faith of the living. Tradition is the living faith of the dead.*" Lewende, dinamiese struktuurverandering hoef nie teenoor die tradisie te staan nie. Inteendeel, is dit juis nodig om die tradisie lewend te hou.

**8.14.2** Dit het 'n hele paar konkrete implikasies. Slegs enkele word hier genoem:

1. Die grootte en vorm van kerklike vergaderings
2. Die funksie en samestelling van kerkverbande
3. Gemeentegrense.

**8.14.3** Al hierdie genoemde sake is tans spontaan aan die verander en verdien verdere kerkordelike aandag. Kortliks net enkele opmerkings oor die sensitiewe saak van *gemeentegrense*.

**8.14.4** Na ons mening werk gemeentegrense goed in 'n pionierstyd, waar die kerk sistematies oor 'n nuwe gebied moet versprei en die kerk daarby 'n relatiewe homogene karakter dra. Dit het in ons dag dramaties verander. Waar gemeentegrense eens bedoel was om die uitbreiding en groei van die kerk te bevorder, het dit nou 'n hindernis in die groei van 'n kerk met 'n nuwe gestalte binne 'n nuwe konteks geword. Iets soos nuwe gemeente-ontwikkeling wat wêreldwyd as vanselfsprekende prioriteit vir enige kerk, ook binne die gereformeerde tradisie gesien word, word binne ons konteks haas onmoontlik omdat elke duimbreedte van die land reeds "gedek" is. Die realiteit is dat die werklikheid van *diversiteit* pleit om nuwe vorme en gestaltes van kerkwees, maar dat dit net moontlik is om aan nuwe gestaltes uitdrukking te gee as die denominasie verlaat word om iets te gaan stig, waar daar geen grense is nie. Dit is hartseer en werk nie net verlamrend in op nuwe groei nie, maar ontnem die kerk die krag van nuwe energie en dinamika wat altyd met die stigting van nuwe gemeentes gepaardgaan. 'n Aantal jare gelede het hierdie dinamika gekom deur afstigting. In 'n kwynende tyd bring "terugstigting" dit ongelukkig nie. 'n Dringende hersiening van die hele beleid rondom gemeentegrense word dus voorgestel.

### 8.15 DIE HERSTEL VAN EKUMENIESE BANDE EN KERKEENHEID

**8.15.1** 'n Plaaslike gemeente is altyd volledig kerk en terselfdertyd onvolledig kerk. 'n Plaaslike gemeente wat in isolasie leef, gaan dood. Dit het altyd die kontak met ander geloofsgemeenskappe, binne en buite die denominasie nodig. (Sien oa Ef. 3:18,19) Gesonde ekumeniese bande, ook op plaaslike vlak en kerkeenheid, is nie "politiek korrekte terme" wat gebruik behoort te word nie. Dit is deel van die gereformeerde belydenis. Dit is deel van ons wese en behoort daarom met nuwe ywer nagejaag te word.

### 9. KERKORDELIKE IMPLIKASIES

Uiteraard het bogenoemde heelwat kerkregtelike implikasies. Die AS het reeds wysigings in die NG Kerk se Kerkorde en toepaslike reglemente aangebring en die Kerkorde sal, in die lig van voortdurende ontwikkelings en groei in insig, aangepas word. Die aanpassing volg na aanleiding van besluite van die Algemene Sinode.

### 10. DIE PAD VORENTOE

**10.1** Die vraag is watter toekomstige waarde hierdie dokument kan hê en hoe daar verseker kan word dat dit nie maar net nog 'n verslag is wat êrens stof vergader nie.

**10.2** Die voorstelle soos vervat in A.1.2 word dus ter tafel gelê wat die voorgaande gesprek en dinamika rondom die verslag kan moontlik maak.



## GEMEENTE-ONTWIKKELING BYLAAG 2

### ARMINIANISME: KONSEKWENSIES VIR DIE BEDIENING

#### 1. OPDRAG

1.1 [AS 1998, p 466, § C.3.4: 2 en AS 2004, Deel IV, p 370, § A.7: 4.7]. “Die opdrag word herhaal: Die Algemene Sinode verwys die verslag (AS 2002; Agenda p 187-190; § A.12.D1) oor die Arminianisme na die ADGO (en ADDG) om, met verslag aan die Algemene Sinode, te besin oor die implikasies van die verslag vir die bediening van die gemeente in die samelewing.”

#### 2. VERLOOP

2.1 Die ADGB het in 2003 die versoek na dr ACJ (André) van Niekerk (in samespreking met prof Malan Nel) verwys. Hierdie opdrag kon nie vir die Algemene Sinode van 2004 uitgevoer word nie. Ek het op 12 April en 30 Mei 2005 'n gesprek met dr Van Niekerk oor die opdrag gevoer. Vanweë 'n baie vol program en ander opdragte kon dr Van Niekerk so onlangs soos Augustus 2005 enkele gedagtes aan my deurgee. Wat hieronder volg, sluit gedeeltelik by dr Van Niekerk se opmerkings aan.

#### 3. GEVOLGE VIR DIE BEDIENING

3.1 Die verslag self maak melding van die moeilike opgaaf om so te formuleer dat ons in die bediening uitdrukking gee aan dit wat die Gereformeerde leer van die Arminianisme onderskei. Volgens die verslag kom die verskil ten diepste daarop neer dat Arminius nie kon bely dat God Sy kinders uit vrye guns alleen verkies het nie (1.3.2 en WD Jonker, *Uit vrye guns alleen*, p 33). “God se genade is nodig om ons gebrekkige geloof aan te vul... Ons verlossing kom dus nie suiwer uit God se vrye guns nie, maar ons geloof speel 'n bydraende rol” (Verslag 1.3.2, Agenda p 187). “Die hart van die gereformeerde leer is daarop gemik om steeds weer werksame woorde te vind wat al die eer aan die genade gee en sodoende die geloof leeg maak, nie in die sin dat dit geen inhoud het nie, maar in die sin dat dit geen bydrae lewer nie” (1.3.3, Agenda p 188).

3.2 Dit is, volgens die verslag (Agenda p 188-190), veral die “taalwêreld” van die NG Kerk waar die probleem lê. 'n Nie-gereformeerde taalwêreld kenmerk meermale die preektaal, die evangeliasietaal, die kategetesetaal, die kamptaal van die NG Kerk. “Ons ken almal die regsinnige formules en praat saam dat 'n mens nie deur jou werke gered word nie, maar as ons onder druk kom om “effektief” te kommunikeer, sluip die eie bydrae soms weer in vermomde vorm terug” (1.4.4, Agenda p 189). Enkele voorbeelde word dan genoem:

3.2.1 Ons onnadenkende gebruik van die woord *bekering* as dit wat ‘jy moet doen om gered te word’

(1.4.5, p 189), eerder as *bekeer jou, want God het reeds in Sy genade na jou gedraai*.

3.2.2 Ons onnadenkende gebruik van die uitdrukking *gee jou hart vir Jesus*, dikwels verstaan as 'n baie duur prys wat vir verlossing betaal moet word (1.4.5, p 189) eerder as *gee jou lewe vir God, want Hy het reeds Sy lewe vir jou gegee*.

3.2.3 'n Kategetese handboek se verduideliking van geloof as vertrou en *doen* (1.4.5, p 189).

3.2.4 Die *weg van saligheid* “met die bedoeling dat ons die stappe van die pad kan verduidelik” (1.4.5, p 189).

3.2.5 Mense (baie) sien *geloof* dan as iets wat hulle moet *doen* om gered te word. Tereg sê die verslag ten opsigte van ons gebrekkige en soms meer doelbewuste verkeerde formulering: “Die evangelie vertel jou van alles wat God uit genade vir jou gedoen het, en nou moet jy net een ding doen om dit deelagtig te word: jy moet glo. Hy staan en klop aan die deur, maar daar is nie 'n knop aan die buitekant nie en daarom moet jy van binne oopmaak. Hy staan voor jou deur met al Sy gawes (magteloos - M Nel), maar jy moet Hom eers innooi. Jy moet jou deel doen. As ons so praat, kan ons mense kwalik neem wat verstaan dat hulle hulle verlossing aan hulleself te danke het, naamlik van hulle eie vermoë en gewilligheid om te glo (1.4.6, p 189). Geen wonder dat die verbondsdoop as teken en seël van God se genadige handeling dan geen of min betekenis het nie. Die indruk word dan meermale geskep dat ons in 'n verkeerde sin *deur ons geloof* gered word. “Ons kan sê dat ons nie deur ons *geloof* gered word nie, maar deur *Christus*. (*Nie geloofsdade nie, maar geloofsinhoud* - A van Niekerk en M Nel) Ons heil is buite ons vir ons bewerk en word aan ons

toegereken. Die aanvaarding hiervan is die doodsvonnis oor die ou mens wat sy deel wil bydra. Hier is die verkeerde verstaan van die geloof dan die grootste gevaar, want as ons dan nou moet aanvaar dat ons niks kan bydra nie, wil ons nog steeds daaraan vashou dat ons deur ons geloof 'n bydrae maak. *Ons besef dan nie dat ons aan geloof die teenoorgestelde rol toeken as wat dit in die evangelie het waar die ophou-bydra, ophou probeer beteken nie. Daarom is die geloof 'n leë hand wat die heil uit God se vrye guns alleen ontvang*" (Verslag 1.3.5, p 188. Kursivering van laaste twee sinne M Nel).

**3.2.6** Sonde-besef en sonde-belydenis word meermale voorgestel as 'voorwaarde' vir die heil, terwyl ook dit deel is van die genadegawe van God (1.4.7, p 189).

**3.2.7** Lidmate begin dan vir hulle sekerheid binne in hulleself en die vervulling van voorwaardes soek. "Hulle doen selfondersoek en wonder of hulle berou, hulle geloof, hulle gebede sterk genoeg is om God te oortuig" (p 189).

**3.2.8** Lidmate se dankbaarheid word dan ook dikwels deel van die doen van hulle deel vir hulle verlossing. "Regverdigmaking en heiligmaking is uit genade alleen. Dit is beide God se werk" (ACJ van Niekerk). "Waarskynlik is daar baie mense in ons kerk wat meer afhanklik van God voel vir hulle regverdigmaking as vir hulle heiliging" (Verslag, p 190).

**3.3** Dit is nie moeilik om van die konsekwensies van hierdie bekende soort benadering en formulering te onderskei nie. Die byna voortdurende stroom van lidmate wat nie net met die belydenis doop worstel nie, maar die NG Kerk verlaat en hulle lidmaatskap elders uitleef, is 'n sodanige voorbeeld. In meer as een opsig is die doop van kinders 'n diep uitdrukking van die gereformeerde verstaan van God en Sy genade. Nog so 'n gevolg is die soms opvallende gebrek aan ywer en innerlike motivering in die soek van die Koninkryk by lidmate. Wat jy moet bydra (van geloof tot dankbaarheid) kan net solank motiveer. Inspanning bring net nooit langtermyn volharding nie. Wanneer dit met 'n bepaalde vorm van 'vrees om weer verlore te gaan gemeng word, lyk dit of dit langer motiveer. Genade motiveer onberoulik en vir altyd. 'Kerke wat geloof as 'ons bydrae' beskou, is dikwels ywerig met evangelisering besig, terwyl kerke wat redding as uit genade beskou, sonder ywer vir die evangelie is' (Thomas Long in 'n huisgesprek, 1993). Hieroor moet gereformeerdes met skaamte hulle hoof buig. Dit mag selfs wees dat die byna onoorsigtelike teologiese diversiteit binne die Ned Geref gestalte van die gereformeerde tradisie teruggevoer kan word tot hierdie verskuilde Arminianisme binne die tradisie van die NG Kerk. Wanneer jy ten diepste oor 'uit genade alleen' verskil, word diversiteit uiteindelik verdeeldheid. Die Arminianisme en die Gereformeerde verstaan van *redding uit genade alleen*, is uiteindelik nie versoenbaar nie. Self nie die beroep op *evangelies wees*, oorbrug dan meer die kloof nie.

#### **4. SUGGESTIES VIR WEG VORENTOE (OF SOOS DIE VERSLAG DIT STEL: OP PAD NA DIE HELDER FONTEIN)**

Die saak waaroor dit hier gaan, is nie maar 'n gereformeerde liefhebberij of 'n liefhebberij in die gereformeerde tradisie nie. Dit is hoe ons die Skrif verstaan. Wanneer ons die imperatiewe uit die bedding van die indikatiewe haal, verlei en mislei ons geloofsgemeenskappe tot nuwe vorme van wettisme en fariseïsme. Aan die ander kant noop die imperatiewe wat vanuit die indikatief vloei ons tot ywer en passie vir die evangelie en die koms van die Koninkryk. Die 11 hoofstukke van Romeine wat die indikatief verkondig, word eers in Romeine 12: 2 tot imperatief, maar dan met die motivering en gesag van die evangelie. Ons durf nie die sake omdraai nie. Ons sou daarmee toegee dat ons vir 'n andersoortige hantering van die Skrif gekies het.

**4.1** Leraars en ander gemeentelidmate word opgeroep om ernstig na te dink en self ondersoek te doen oor hoe hulle oproepe tot *geloof, bekering, heiliging*, ens formuleer. Op alle moontlike maniere moet ons mekaar help om hieroor sensitief te wees. Ons moet mekaar help om bewus te word en wees van die gevolge vir lidmate wat langs die weg van enige moontlike suggestie van 'n eie bydrae tot navolging van Christus uitgenooi word.

**4.2** Leraars en ander leiers word opgeroep en deur opleiding en begeleiding motiveer om met erns en ywer gelowiges en ongelowiges tot navolging van Christus te begelei. Ons moet mekaar help om te bely dat genade motiveer om met ywer elke dag te bely dat ons uit genade gered is. Ons bely dat God aan die werk is. Sy werk maak nie alleen ons werk moontlik nie, maar sluit dit in. "Wanneer ons so beleef en praat oor die regverdiging, het ons 'n stewige basis om die heilige vuur ook in ons heiliging te laat brand" (p 190). Omdat ons harte brand van dankbaarheid, daarom is ons gehoorsaam. Hier ontmoet die Bybelse indikatief

en imperatief mekaar as beide die werk van God.

**4.3** Leraars en leiers word ernstig versoek om in die keuse van materiaal vir die toerusting van gelowiges seker te maak dat hulle materiaal kies wat oor die breë spektrum van die bediening die gereformeerde verstaan van genade-redding verstaan en handhaaf.

**4.4** Leraars en leiers word ernstig versoek om te onthou dat *ons sing wat ons glo en bely*. Populêre liedere behoort telkens weer in gereformeerde taal vertaal te word. Anders glo ons later wat ons sing in die woorde van liedere wat nie altyd uit gereformeerde verstaan van die Skrif gebore is nie. Hier word veral gepleit vir liedere waar die eer aan die Here, aan sy liefde en genade alleen gegee word. Digtters word uitgedaag om binne 'n gereformeerde verstaan van die Skrif te dig vir komponiste om te toonset.

**4.5** 'n Verstaan van die Skrif binne hierdie tradisie bring mee dat ons anders bid. Baie gebed-praktyke is aantreklik. Dit sluit aan by die natuurlike godsdienstige drang om by te dra en daarvoor beloon te word. Leraars en leiers word aangemoedig om gemeentes binne ons van verstaan van God en die Skrif te leer bid. Die keuse van materiaal geld ook hier.

## GEMEENTE-ONTWIKKELING BYLAAG 3A

### KERKMUSIEK

#### 1. EIETYDSE EN INHEEMSE MUSIEK

##### 1.1 OPDRAG

*[AS 2002, BR 6.7.4; AS 2004, Deel II, p 84, § A.5: 14 en Deel IV, p 368, § A.5: 14.3]*

*Die Algemene Sinode versoek die ADGB om die saak van nuwe liedere as prioriteit te beskou en voort te gaan met die besluit van 2002, naamlik "om, in oorleg met die AJK, 'n meganisme te skep waarvolgens nuwe, inheemse en eietydse liedere deurlopend in die kerk opgeneem kan word en om die nodige riglyne vir die skep van nuwe liedere daar te stel."*

##### 1.2 FLAM

**1.2.1** 'n Subkommissie van lede uit die ou AKE en AJK was reeds saamgestel na die sinode van 2002 en het na die sinode van 2004 die ADGO Projekspan vir Musiek geword (alias Flam – Funky Liedere vir 'n Aan-die-brand Musiek-bediening).

**1.2.2** Die projekspan bestaan tans uit die volgende lede:

Ds Jacques Louw (voorsitter - OVS)

Ds Faani Engelbrecht (ondervoorsitter - Wes-Kaap)

Dr Louis Dressel (skriba – Noordelike Sinode)

Dr Breda Ludik (Wes-Kaap)

Ds Elmarie Wiesner (Wes-Kaap)

Ds Ben Klut (Hoëveld)

Ds Johan Engelbrecht (Wes-Kaap)

en Ronel Meylahn (Noordelike Sinode)

**1.2.3** Dr Johan Cilliers en me Gerda Engelbrecht help ook onderskeidelik as Flam se teologiese en taalkundige adviseurs. Me Anita Erasmus (Maranatha Platemaatskappy) woon ook die Flam-vergaderings as gekoöpteerde by.

##### 1.3 VERLOOP

**1.3.1** Flam het eerstens gepoog om die nodige riglyne vir die skep van nuwe liedere op te stel. Hierdie riglyne is via *Die Kerkbode* aan gemeentes gekommunikeer en deur middel van Flam se webbladsy.

**1.3.2** Flam se werkswyse is soos volg:

1. Liedere word deur Flam versamel: individue, gemeentes, kunstenaars word op voortdurende basis uitgenooi om eietydse liedere aan Flam deur te stuur.

2. Liedere word deur Flam gemeet aan bepaalde teologiese, musikale en taalkundige vereistes: Bestaande kontemporêre liedere, waarvan die meeste reeds op CD's opgeneem is, word ook vanaf hierdie CD-opnames beoordeel.

3. Toestemming word van die komponiste/lirieskrywers verkry, sodat die gekeurde liedere op die Flamwebbladsy geplaas mag word.

4. Die bladmusiek en volledige tekste is dan op die webwerf ([www.jeugfokus.co.za](http://www.jeugfokus.co.za)) beskikbaar vir gemeentes wat met die MRL en breë lisensie by CCLI geregistreer is: Enige iemand kan die webbladsy besoek en die titellys van nuwe liedere sien, maar kan slegs die bladmusiek en Flam-

liedtekste van die web aflaai, indien hulle hulle breë CCLI registrasienommer invoer. Die kopiereg en tantième-uitbetalings word dus deur CCLI gehanteer, aangesien Flam nie die personeel en infrastruktuur daarvoor het nie.

5. 'n Aantal liedere (met tekste uit verskillende inheemse tale) vir interkulturele byeenkomste sal ook mettertyd op Flam se webblad beskikbaar wees. Die bekende ekumeniese liedere waardeur verskillende strofes in verskillende inheemse tale gesing kan word, kan baie sinvol by interkulturele en multikulturele dienste gebruik word. 'n Proses is ook aan die gang tussen NG Kerk familie om liedere met dieselfde melodieë in die verskillende tale beskikbaar te stel. Dit sal egter nog 'n tyd neem voordat dit beskikbaar is.

**1.3.3** Flam is dus voortdurend besig om nuwe liedere te versamel en vergader drie keer per jaar om nuwe liedere teologies, musikaal en taalkundig te keur en gereed te kry vir Flam se webwerf. Daar is reeds 'n somtotaal van 187 liedere gekeur en soos wat die kopiereg uitgeklaar word, en die notering van die bladmusiek gedoen word, verskyn dit op Flam se webbladsy op **www.jeugfokus.co.za**.

**1.3.3.1** Hierdie 187 gekeurde liedere bestaan onder andere uit:

- ~ 56 vars, nuwe kontemporêre liedere
- ~ 82 nuwe eietydse liedere vir gemeentesang
- ~ 5 nuwe kinderliedere
- ~ 2 nuwe spesifieke tienerliedere
- ~ 8 liedere uit die vorige Jeugsangbundels
- ~ 2 multikulturele liedere

**1.3.3.2** Hierdie liedere verteenwoordig reeds 'n wye spektrum van liedere met betrekking tot:

1. Liturgiese momente: 60 Toetrede; Votum; Lof; Verwondering; Wet; Skuldbelydenis; Verootmoediging; Epiklese; Woord van God; Lering; Geloofsbelydenis; Gebede; Nagmaal; Toewyding; Klag en Afhanklikheid.
2. Die kerklike jaar: Kersfees; Epifanie; Lydenstyd; Paasfees; Opstanding; Pinkster; Koninkryktyd; Wederkoms; Drie-Eenheid en God se liefde.
3. Die erediens van die lewe: Heerskappy van God; Die Kerk; Geloof en Vertroue; Dankbaarheid; Diens en Getuigenis; Ekumene; Hoop en Voleinding.

## **1.4 PAD VORENTOE**

**1.4.1** Flam beoog om op hierdie wyse voortdurend nuwe inheemse en eietydse liedere aan gemeente te voorsien.

## **2. ENGELSE LIEDERE IN DIE LIEDBUNDEL**

### **2.1 OPDRAG**

*[AS 2004, Deel II, p 78, § A.5: 3 en Deel IV, p 367, § A.5: 3.3]*

*Die Algemene Sinode versoek die ADGO: Taakspan Erediens om sover moontlik – hangende kopiereg – benewens die twintigtal Engelse tekste wat opgeneem is in die Liedboek van die Kerk ook al die ander Engelse tekste – en indien moontlik ook dié van inheemse tale – waarvan die melodieë in die Liedboek opgeneem is, in die volgende uitgawe van die Liedboek op te neem.*

### **2.2 VERLOOP**

**2.2.1** Die ADGO Projekspan vir Musiek het weer na die opdrag van die sinode gekyk en weereens bevind

dat hierdie opdrag onprakties, onuitvoerbaar en nie koste-effektief sal wees nie

**2.2.2** Redes waarom die ADGO Projekspan vir Musiek (alias FLAM) oordeel dat die opdrag steeds onprakties en onuitvoerbaar bly:

**2.2.2.1** Na alle waarskynlikheid daar nie weer 'n formele Liedboek (“in hard covers”) in die toekoms verskyn nie

**2.2.2.2** Die verkryging en koste-aspek verbonde aan die kopiereg bemoeilik die uitvoering van hierdie opdrag

**2.2.2.3** Die bundel sal dan onhanteerbaar lywig wees

**2.2.2.4** Dit sal die eenheidskoste van die bundel onbekostigbaar vir lidmate maak

**2.2.2.5** Dit sou die deur oopmaak vir allerlei ongekeurde tekste vanuit ander tale

### **3. OPLEIDING VAN KONTEMPORÊRE MUSICI**

#### **3.1 OPDRAG**

*[AS 2002, BR 6.8; AS 2004, Deel II, p 84-85, § A.5: 15 en Deel IV, p 368, § A.5: 15.3]*  
*AS 2002 BR 6.8: Die Sinode versoek die AKE om in samewerking met die AJK ondersoek in te stel na wyses waarop die opleiding en toerusting van kerkmusici ook in 'n meer kontemporêre idioom sal kan geskied. AS 2004, p 368: Die Algemene Sinode verwys die besluit van 2002 na die ADGO vir verdere aandag.*

#### **3.2 TERUGVOER**

**3.2.1** Die ADGO Projekspan vir Musiek (FLAM) het geoordeel dat die mees sinvolle en koste-effektiewe manier waar kontemporêre musici oor die land heen opgelei kan word, sou wees deur middel van 'n professionele opleidings-DVD. Die moontlikheid is ondersoek en die koste van so 'n DVD sou rondom R60 000,00 beloop. Intussen het FLAM kennis geneem dat die bekende gospelmusikant, Louis Brittz, beoog om gedurende 2007 'n soortgelyke DVD die lig te laat sien. Louis Brittz is volgens FLAM uitstekend toegerus (talentgewys, logistiekgewys, en goeie begrip van die liturgie) om hierdie projek te dryf, sodat kontemporêre kerkmusici sal baat vind by hierdie opleidings-DVD. FLAM het geoordeel dat daar eerder insette aan Louis Brittz gelewer kan word en met sy projek saamgewerk kan word, as om dieselfde projek met so 'n groot finansiële uitset te dupliseer. FLAM kan dan eerder hierdie opleidings-DVD van Louis Brittz vir gebruik in gemeentes akkrediteer.

### **4. WERKGROEPE VIR KLASSIEKE MUSIEK**

#### **4.1 INLIGTING**

**4.1.1** Nadat ADGO Projekspan Musiek die opdrag van die Sinode met betrekking tot inheemse en eietydse liedere deur middel van FLAM en sy werksaamhede laat realiseer het, het die Projekspan vir Musiek ook bewus geword van die leemte wat ontstaan het ook ten opsigte van bevordering van meer formele/klassieke kerkmusiek.

**4.1.2** Die projekspan het onder andere kennis geneem van die nypende tekort aan orreliste dwarsoor die land en die groot dalende getalle van orrelstudente landswyd.

**4.1.3** Om hierdie probleme die hoof te bied, is ADGO versoek om dit goed te keur dat 'n werkgroep binne die ADGO Projekspan Musiek gestig word, vir die bevordering van meer formele kerkmusiek.

**4.1.4** 'n Uitnodiging is oa aan die SA Kerkorrelistevereniging gerig om 'n verteenwoordiger te benoem om deel van hierdie werkgroep te word. Sake soos die tekort aan opgeleide orreliste, opleidingskursusse vir orreliste en moontlike indiensopleiding van orreliste sal dringende aandag by hierdie werkgroep geniet.

### **5. BEGELEIDINGS CD'S VAN DIE LIEDBOEK**

#### **5.1 INLIGTING**

**5.1.1** Aangesien daar so 'n groot tekort aan opgeleide orreliste dwarsoor die land bestaan en gemeentes werklik sukkel om orreliste te vind wat die gemeentesang dinamies kan begelei, wil ADGO Projekspan Musiek gemeentes graag wys op die lofwaardige poging van die SKE, NG Kerk in die OVS wat 'n volledige stel Begeleidings-CD's van die Liedboek in samewerking met Bybel-Media saamgestel het.

**5.1.2** Hierdie stel CD's met orrelbegeleiding van die Liedboek-liedere, maak dit vir gemeentes wat sukkel om geskikte orreliste te kry, moontlik om tydens eredienste, begrafnisse, huwelike en ander spesiale dienste met hierdie CD-begeleiding te kan saamsing. Nadat die eerste oplaag van die Begeleiding-CD's uitverkoop is, is die hele pakket weer hersien en noodsaaklike tempo-wysigings is aangebring. Die hersiene pakket van die Begeleidings-CD's van die Liedboek, bestaande uit 14 CD's is beskikbaar teen R350,00 en kan bestel word by Bybel-Media: **0860 231 231** of direkte bestelling: **bestel@bmedia.co.za** of E-aankope: **www.bmedia.co.za**.

### **GEMEENTE-ONTWIKKELING BYLAAG 3B**

#### **EREDIENS**

##### **1. LITURGIE/HANDBOEK VIR DIE EREDIENS**

###### **1.1 OPDRAG**

*[AS 2002, BR 6.1.1; AS 2004, Deel II, p 83-84, § A.5: 10 en Deel IV, p 367, § A.5: 10.3]*

*Die Algemene Sinode besluit dat die opdrag van 2002 na die nuwe Algemene Diensgroep vir Gemeenteen-Bedieninge as prioriteitsaak verwys word, naamlik:*

**1.1.1** *Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ADGO om 'n hersiene uitgawe van die Handboek vir die Erediens vir publikasie voor te berei. Oorweging moet geskenk word aan die moontlikheid dat die publikasie in so 'n formaat beskikbaar gestel word dat nuwe materiaal voortdurend bygevoeg kan word (bv alternatiewe diensordes en formuliere).*

**1.1.2.** *Die Algemene Sinode keur goed dat die volgende in die Handboek vir die Erediens opgeneem word:*

**1.1.2.1** *Die basiese struktuur van die oggend- en aanddiens (nie 'n volledige diensorde nie) met daarby 'n aanduiding van wat as vaste elemente en wat as wisselende elemente beskou word.*

**1.1.2.2** *'n Kort beskrywing van die verskillende (vaste en wisselende) elemente van die erediens met 'n aanduiding hoedat elkeen in die erediens gebruik kan word.*

**1.1.2.3** *Voorgestelde diensordes vir die volgende besondere dienste: Bevestiging van ampsdraers, Doopdiens, Belydenis van geloof, Nagmaalsdiens, Huweliksdien, Begrafnis- en verassingsdiens.*

**1.1.2.4** *Basisformuliere soos in die huidige Handboek vir die Erediens met moontlike alternatiewe - veral vir die bediening van die sakramente.*

**1.1.2.5** *'n Erediensbesluiteregister (Die AS besluit dat slegs die kernbesluite in 'n Erediensbesluiteregister opgeneem word. Sien AS 2002, BR 6.1.2).*

**1.1.2.6** *Die Revised Common Lectionary met moontlike aanvullende materiaal uit ander beskikbare leesroosters.*

**1.1.3.** *Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ADGO om te reël vir die hersiening van die huidige formuliere vir opname in die hersiene uitgawe van die Handboek vir die Erediens.*

**1.1.4.** *Leesrooster in die liturgie – die Algemene Sinode keur die voorgestelde werkswyse ten opsigte van 'n leesrooster in die liturgie goed en dra dit aan die ADGO op om praktiese gestalte hieraan te gee.*

**1.1.5.** *Nuwe formuliere – SKE's word aangemoedig om voortdurend nuwe formuliere te skryf en te versamel en aan die ADGO deur te gee vir evaluering. Die ADGO stel voortdurend nuwe liturgiese tekste en formuliere beskikbaar.*

**1.1.6.** *Engelse Formuliere – die Algemene Sinode (1) erken die behoefte aan liturgiese formuliere in Engels ten einde die vestiging van nuwe bedieninge oor kulturele grense heen te fasiliteer; (2) neem kennis van bestaande vertalings wat deur die Conference for multi-cultural and multi-lingual ministries of the DRC gedoen is; (3) en versoek die ADGO om die vertalings goed te keur en om verdere liturgiese ontwikkelinge se vertaling en publikasie te fasiliteer.*

## **1.2 UITVOERING**

Volume 1 van die Handleiding vir die Erediens sal beskikbaar wees by die sitting van die Algemene Sinode. Volume 2, wat aanvullende materiaal sal bevat, sal binne die volgende jaar voltooi word.

## **1.3 AANBEVELING:**

**1.3.1** **Die AS word versoek om die Handleiding vir die Erediens as liturgiese proefbundel goed te keur.**

**1.3.2** **Die AS versoek verder dat ADGO in die reses die opdrag kry om 'n deeglike evaluering van die handleiding te doen met aanbevelings vir goedkeuring by die volgende sinode.**

**1.3.3.** **Dit word gedoen in die lig van die feit dat die liturgiese ontwikkeling as voortgaande proses en genoemde bundel nie as 'n afgeslote bundel gesien moet word nie.**

## **2. RITUEEL EN SIMBOOL**

### **2.1 OPDRAG**

*AS 2002, BR 6.17: Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om 'n studiestuk op te stel oor ritueel en simbool rondom die totale liturgie van die erediens. AS 2004, p 367: Die studiestuk is terugverwys na ADGO: Taakspan Erediens om enkele sake by te werk: onderskeid tussen sakramente en simbole, seremonies wat deur Christus afgeskaf is, ens.*

### **2.2 UITVOERING**

Daar is 'n verslag voorberei. (Sien Bylae 1)

### **2.3 AANBEVELING**

**Die sinode keur die studiestuk 'Ritueel en Simbool' as riglyn goed vir gebruik deur gemeentes.**

### **3. KINDERVRIENDELIKE NAGMAAL**

#### **3.1 OPDRAG**

*[AS 2002, BR 6.2.13.2; AS 2004, Deel II, p 77-78, § A.5: 2; Deel IV, p 295, § C.5.1: 2.3 en p 367, § A.5:2.3]*

*Die kindervriendelike nagmaalsformulier is terugverwys na ADGO: Taakspan Erediens om aandag te gee aan verskeie voorgestelde herformulerings.*

#### **3.2 UITVOERING**

Die opdrag is opgeneem in die Handleiding vir die Erediens.

### **4. DOOP**

#### **4.1 OPDRAG**

##### **4.1.1 Doopviering**

Die saak van die viering van die sakrament met 'n rituele wassing is na die Taakspan Leer en Aktuele Sake verwys. (Vgl. Verslag ATLAS : Die betekenis en gebruik van die doop)

#### **4.2 UITVOERING**

Die liturgiese momente van die opdrag is opgeneem in die Handleiding vir die Erediens

### **5. GEBEDE BY EREDIENS**

#### **5.1 OPDRAG**

*[AS 2002, BR 6.3.2; AS 2004, Deel II, p 84, § A.5: 12 en Deel IV, p 367-368, § A.5: 12.3]*

*AS 2002, BR 6.3.2: Die Algemene Sinode keur die voorgelegde gebede vir eucharistie en die liturgiese seisoene goed vir gebruik deur die gemeentes en gee opdrag aan die AKE om voort te gaan met die opstel van verdere gebede vir eucharistie en die basiese liturgiese seisoene. AS 2004, p 367-368: Die Algemene Sinode verwys die besluit van 2002 na die ADGO vir verdere aandag.*

#### **5.2 UITVOERING**

Die opdrag is opgeneem in die Handleiding vir die Erediens.

### **6. HUWELIKSFOMULIER**

#### **6.1 OPDRAG**

*[AS 2002, BR 6.2.9 en BR 6.2.10; AS 2004, Deel II, p 84, § A.5: 11 en Deel IV, p 367, § A.5: 11.3]*

*AS 2002, BR 6.2.9: Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om die bestaande huweliksformulier te hersien, met spesifieke aandag ook aan die hertrou van egpare wat kinders uit vorige huwelik(e) het. AS 2002, BR 6.2.10: Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om 'n eietydse Engelse huweliksformulier op te stel. AS 2004, p 367: Die Algemene Sinode verwys die besluite van 2002 ten opsigte van huweliksformuliere na die ADGO vir verdere aandag.*

#### **6.2 UITVOERING**

Die opdrag is opgeneem in die Handleiding vir die Erediens.

### **7. BEGRAFNISLITURGIEË**

#### **7.1 OPDRAG**

*[AS 2004, Deel II, p 70-77, § A.5: 1; Deel IV, p 295, § C.5.1: 1.3 en Deel IV, p 366, § A.5: 1.3] Die Algemene Sinode beveel die begrafnisliturgieë aan vir gebruik tydens begrafnisse, verassingsdienste en plasing van as, en gee opdrag aan die ADGO om dit in die nuwe Handboek vir die Erediens op te neem.*

#### **7.2 UITVOERING**

Die opdrag is opgeneem in die Handleiding vir die Erediens.

### **BYLAE 1**

### **STUDIESTUK: RITUEEL EN SIMBOOL**

#### **1. OPDRAG**

*[AS 2002, BR 6.17; AS 2004, Deel II, p 78-80, § A.5: 5; Deel IV, p 295, § C.5.1: 5.2 en Deel IV, p 367, § A.5: 5.3] AS 2002, BR 6.17: Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om 'n studiestuk op te stel oor ritueel en simbool rondom die totale liturgie van die erediens. AS 2004, p 367: Die*

*studiestuk is terugverwys na ADGO: Taakspan Erediens om enkele sake by te werk: onderskeid tussen sakramente en simbole, seremonies wat deur Christus afgeskaf is, ens.*

## 2. INLEIDING

Vir die doel van hierdie studie word die uitgangspunt gehandhaaf dat 'n ritueel normaalweg kan bestaan uit 'n simbool, 'n simboolhandeling en simbooltaal (Lukken). Oor die presiese betekenis van hierdie begrippe is daar weinig eenstemmigheid. Die betekenis van hierdie begrippe het ook dramaties verander deur die eeue, sodat ons sou kon vermoed dat die Reformatoriese verstaan van die begrippe nader is aan ons (sien hieronder) verstaan van die begrip simbool, eerder as ons omskrywing van die begrip teken.

### 2.1 Simbool

**2.1.1** 'n Simbool is iets anders en meer as 'n teken. 'n Teken is 'n dooie metafoer. 'n Verkeersteken dra byvoorbeeld 'n duidelike boodskap waarop ag geslaan behoort te word. Dit is veronderstel om geen ruimte vir onduidelikheid of alternatiewe interpretasiemoontlikhede te laat nie.

**2.1.2** 'n Simbool daarenteen kan woorde, handeling of objekte wees wat 'n brugfunksie vervul na 'n ander, ruimer, dieper, groter werklikheid (Lukken). Anders as met 'n teken, stimuleer 'n simbool juis verbeelding om reg te laat geskied aan die misterieuse en verborge karakter van die *tweede* werklikheid. Goethe se definisie van 'n simbool is betekenisvol vir die liturgie, naamlik dat 'n simbool die ding is sonder om die ding te wees en tog die ding is. Die simbool het dus 'n brugfunksie, maar is self ook (ten dele) die brug, en verwys nie net na die ruimer werklikheid daaragter nie, maar bewerk ook alreeds (ten dele) deelname aan die werklikheid. Hier is dus 'n *sumballein*, 'n samevoeging van verskillende werklikhede, aan die werk, wat 'n nuwe realiteit tot stand bring. Die werkwoord *sumballuso* word in Lukas 2:19 ten opsigte van Maria gebruik, waar sy al die wonderlike dinge (engele, herders ens.) saambring het om sin daaruit te maak.

**2.1.3** In die liturgie sou byvoorbeeld die water by die *ritueel* van die doop as simbool dien – *gewone* water neem ons as't ware na 'n ander werklikheid en roep 'n hele reeks betekenis en assosiasies by ons op. Die water is dus polisemanties deurdat dit kan verwys na, onder meer reiniging, sterf met Christus en ook Ou Testamentiese verhale soos die van die sondvloed.

### 2.2 Simboolhandeling

Dit gebeur dikwels dat 'n simbool vergesel word van 'n simboolhandeling. Die handeling is dan veronderstel om die betekeniswaarde van die simbool te ondersteun of sigbaar te maak. Om weer die doop as voorbeeld te gebruik: die simbool (water) word deur middel van 'n handeling opgeskep en oor die dopeling se kop gesprinkel of gegiet. Deur hierdie handeling word die *simboliese* waarde van die water beklemtoon.

### 2.3 Simbooltaal

**2.3.1** In aansluiting by die simbool en die simboolhandeling, kan 'n bepaalde ritueel ook bestaan uit sekere taalbegrippe wat veronderstel is om die ritueel tot betekenis te bring. Dit kan soms selfs die vorm van 'n *formule* aanneem, soos wanneer die doop bedien word *in die Naam van die Vader, die Seun, en die Heilige Gees*.

### 2.4 Ritueel

In die lig van bogenoemde sou 'n ritueel dus beskryf kon word as 'n (verkieslik herhalende) handeling wat die gebruik van simboliese voorwerpe, taal en handeling kan insluit.

**2.4.1** Herhaling is 'n belangrike kenmerk van ritueel, want daar sit onder andere die gemeenskapsdimensie en tradisie in opgesluit. 'n Ritueel laat sigself nie sommer net maak nie, maar maak eerder diegene wat daaraan deelneem. 'n Ritueel is 'n simboliese handeling wat deur die roetine en herhaling vastigheid en identiteit verskaf en ook die huidige deelnemers koppel aan die groter gemeenskap en geslagte wat voor hulle aan die ritueel deelgeneem het. Tog is elke uitvoering van die ritueel nuut, met nuwe waardes wat geïntegreer word om sodoende die ritueel te heraktualiseer vir elke nuwe geslag en situasie.

**2.4.2** 'n Tweede belangrike kenmerk is die verhouding tussen die ritueel en die verhaal, of soos dit dikwels getipeer word, tussen die rite en die mite. Hier is 'n fyn spanning wat gehandhaaf moet word, aangesien 'n oormatige klem op die een of die ander 'n negatiewe werking kan hê. So kan oormatige klem op die ritueel lei tot 'n ritualisme en magie, 'n soort *ex opera operato*, en oormatige klem op die verhaal kan lei tot intellektualisme en 'n verskraling van die vieringskarakter van die erediens.



### 3. 'n NUWE BELANGSTELLING IN SIMBOLE EN RITUELE

**3.1** Vanweë verskeie redes (byvoorbeeld die rasionalisme) is die waarde van simbole en rituele vir baie lank onderskat. Tog verskaf die gereformeerde liturgie 'n raamwerk en onderbou (bv Skriflesing, doop, nagmaal) waarbinne 'n verdiepte verstaan en praktyk van simbole en rituele uiters sinvol kan bydra tot verantwoordelike liturgiese vernuwing.

**3.2** Verder kan die hernude belangstelling in hierdie saak waarskynlik (ook) verklaar word in terme van die kommunikasie-era waarin ons onself op die oomblik bevind. Veral die werke van Pierre Babin help ons om iets hiervan te verstaan.

**3.3** Oorvereenvoudig sou ons kon sê dat simboliese taal 'n groot rol gespeel het in 'n pre-moderne era wat gekenmerk is deur oorwegend mondelinge kommunikasie. Daarna was *konseptuele* taal kenmerkend van 'n moderne era waarin gedrukte kommunikasie dominant was. Die post-moderne era word al hoe meer gesteun deur elektroniese kommunikasie. In hierdie era gaan kommunikasie selfs gepaard met meer as net simbole sodat ons waarskynlik kan praat van 'n veelsintuiglike of multi-sensoriese ervaring.

**3.4** Kommunikasie wat sonder 'n omhaal van woorde verwondering wek, aangryp en verbeelding stimuleer, is aan die orde van die dag. Dit is ook waar van die erediens. Daarom sal die kerk heel tereg nie anders kan nie as om opnuut aandag te gee aan die rol en funksie van simbole en rituele – veral ten opsigte van die erediens.

**3.5** 'n Ander belangrike rede vir die hernude nadenke oor simbole en rituele lê op 'n antropologiese vlak. Rituele word naamlik as een van die hoofinstrumente gesien aan die hand waarvan 'n gemeenskap of 'n samelewing *waardes* tot uitdrukking bring en haar identiteit vorm en aangee na volgende geslagte. Indien dit waar is, spreek dit vanself dat die inwoners van ons land hierdie instrument dringend nodig het.

**3.6** Ten slotte is dit belangrik om hierdie nuwe belangstelling in simbole en rituele te kwalifiseer, naamlik dat dit nie iets nuuts en vreemds is wat in die erediens ingebring word nie. Om te praat van die gebruik van simbole en rituele in die erediens kan misleidend wees. Die hele erediens is opgebou uit simbole en rituele. In die lig van bogenoemde definisies van simbole en rituele, en gegewe die konteks van die erediens, is alles wat in die erediens gebeur (woorde en handeling) simbolies en die meeste daarvan ook rituele. Gevolglik is die sakramente ook rituele. Hier is dit egter belangrik om te onderskei, want alhoewel albei sakramente wel rituele is, is alle rituele nie sakramente nie. Dit sou dus nodig wees om verder in te gaan op die onderskeid tussen die begrippe sakrament en ritueel. Só 'n verduideliking is noodsaaklik, aangesien die begrip ritueel dikwels vreemd op die oor val vir sommige Protestante. Dikwels word 'n ritueel gesien as iets anders, iets vreemd, soms selfs as primitief en dan ook as iets wat addisioneel en bykomend is tot die 'gewone' erediens. Rituele word dan gesien as iets wat ingebring word in die bestaande erediens en nie (ook) dit (alles) wat alreeds daar in die erediens is nie. Oor die onderskeid tussen simbool en sakrament word later meer gesê.

### 4. BYBELSE PERSPEKTIEWE

**4.1** In die Ou Testament is God se Woord-bekendmaking dikwels met tekens, simbole en rituele ondersteun. Daarom pas die teken telkens by die Woord, soos 'n klein seleksie van voorbeelde duidelik illustreer:

1. 'n Reënboog om die beloftewoord aan Noag en die verbond met die aarde te ondersteun
2. 'n Brandende doringbos, kiere en melaatse hand om God se Woord aan Moses (en later Farao) te ondersteun
3. 'n Wolk- en vuurkolom om God se teenwoordigheid in die woestyn te ondersteun
4. 'n Beskrewe tafel met wette om duidelike verbondsreëls aan die volk te gee
5. 'n Ark met heilige voorwerpe, priesters met eiesoortige kleredrag en leefstyl, en 'n uitgebreide offerdiens om die verhouding met God uit te beeld
6. 'n Ontugtige huwelik sodat Hosea die ongehoorsame volk simbolies kan konfronteer
7. 'n Hout- en ysterjuk op Jeremia se skouers om God se oordeelwoord oor Jerusalem te ondersteun.

**4.2** In die Nuwe Testament word hierdie patroon voortgesit, maar op 'n totaal nuwe wyse. Jesus se geboorte word aan die skaapwagters self 'n "teken" genoem, en as Seun van God is Hy die vleesgeworde Woord. In Jesus het ons dus die volmaakte "teken" van God! In sy bediening word die patroon van beteken- ing voortgesit – vergelyk die genesings, wonders, gelykenisse, ens.

4.3 Met die stigting van die Nuwe Testamentiese kerk is daar 'n opeenvolging van gebeure waar die Godswoord met tekens bevestig word: vuurtong, wind, spreek in tale (juis ter wille van die Woord!).

## 5. DIMENSIES VAN SIMBOLE EN RITUELE

### 5.1 Bewaring en hervorming

Een van die belangrikste dimensies van rituele is enersyds om te bewaar en andersyds om te hervorm. Indien die bewarende dimensie voorop staan, herbevestig rituele gewoonlik die bestaande orde en help dit mense om hulleself te anker in hulle waardes. Terselfdertyd dien dit dan as 'n bevestiging van identiteit. In hierdie sin word rituele meer dikwels gebruik in 'n statiese, stabiele, gestruktureerde (*societas*) tyd. Daarenteen kan rituele ook 'n samelewing help om sinvol te hervorm. In 'n dinamiese (*communitas*) tyd waarin verandering en transformasie aan die orde van die dag is, kan rituele help om nuwe waardes toe te eien of 'n oorgang na nuwe lewensfasies te bewerkstellig (Turner). Uit die aard van die saak kan hierdie dimensie met groot vrug in die liturgie verreken word. Die liturgie wil immers gelowiges help om voortdurend te ontdek wie hulle is, maar ook wie hulle kan wees.

### 5.2 Groepsidentiteit

'n Verdere dimensie van rituele is dat dit mense nie net fisies bymekaarbring nie, maar hulle ook emosioneel verbind (Driver). Dikwels vind groepskohesie plaas gewoon deur die kenmerkende uniekheid van 'n geloofsgemeenskap se ritueel wat hom identiteit gee en uitlig teenoor ander gemeenskappe. Dit beteken dat rituele nie net 'n uitdrukking van identiteit is nie, maar ook help om identiteit te vorm. Hierdie dimensie is nou verbonde aan die eersgenoemde dimensie, aangesien rituele ook groepsidentiteit en -kohesie en die spesifieke aard daarvan kan uitdaag.

5.3 Benewens hierdie bogenoemde dimensies van rituele kan enkele ander dimensies in kort ook saamgevat word. So byvoorbeeld is daar 'n formaliserende dimensie wat daarop neerkom dat rituele op 'n ekonomiese wyse ingewikkelde sosiaal-kulturele boodskappe kan kommunikeer. Met die verdigtende dimensie word bedoel dat iets spesifiek geaksentueer word sodat die perspektief daarop kan verspring, byvoorbeeld 'n klein hoeveelheid brood en wyn waarby stilgestaan word en 'n ander perspektief op gekry word. Verder beskik rituele ook oor 'n kanalisierende dimensie, soos byvoorbeeld 'n begrafnisdiens wat emosies op 'n sinvolle wyse kanaliseer en nie ignoreer of onderdruk nie. Nou verbonde aan hierdie kanalisierende dimensie is die terapeutiese dimensie wat beoog om te heel en te genees deur die mens terug te bring na die wortels van haar bestaan. Rituele help ons ook om iets van onself tot uitdrukking te bring, dus 'n soort ekspressiewe dimensie. Soms wil rituele ook besweer of op 'n manier die alledaagse werklikheid beïnvloed (eksorsierende dimensie), soos byvoorbeeld met 'n biddag vir reën. Verder bestaan daar 'n koppeling tussen liturgie en lewe, tussen ritueel en etiek, deurdat dit wat gesimboliseer word ook die lewe deurdring. Waardes word in en deur die ritueel vasgelê, geïntegreer en vernuwe. Rituele stel ook soms mag in werking en bevorder die mag van instansies soos die staat. Hierdie dimensie kan die politieke dimensie genoem word. (Lukken).

5.4 Ten slotte kan hier genoem word dat elke dimensie ook potensieel 'n gevaarlike kant het. Die sosiale dimensie kan byvoorbeeld eksklusiewe groeppvorming bewerk of die eksorsierende dimensie kan magiese kwaliteite kry. Verder word hier doelbewus gekies vir die begrip 'dimensies' eerder as 'funksies', aangesien by laasgenoemde begrip die gevaar van funksionalisme in die liturgie in die kiem lê. Rituele / die liturgie kan waardes vorm en emosies kanaliseer, maar ten diepste hoef dit niks te doen nie. Die liturgie is gewoon maar 'n spel, 'n heilige ernstige en gevaarlike spel waar God en mens mekaar ontmoet en die mens haar hoogste doel verwesenlik, naamlik om God te eer en Hom vir ewig te geniet.

## 6. KENMERKE VAN 'n GOEIE RITUEEL

6.1 Gemeentes behoort aangemoedig te word om self rituele te ontwikkel en in stand te hou. Liturgies sou dit moontlik wees om byna enige element of onderdeel van die erediens ritueel te ondersteun, aangesien die hele liturgie opgebou is uit simbole en rituele.

6.2 Gestel 'n gemeente sou rondom die wegsending 'n ritueel wou ontwerp aan die hand van die genoemde onderdele. Dan sou daar gesoek kon word na 'n *simbool* wat God se teenwoordigheid in die wêreld (waarheen die gemeente gestuur word) verbeeld. Rondom hierdie simbool sou 'n bepaalde *handeling* uitgevoer kon word aan die hand waarvan die gemeente die wêreld ingestuur word. Dit alles sou natuurlik met sekere woorde of *simbooltaal* gepaard kon gaan.

**6.3** Die volgende kenmerke van rituele kan in ag geneem word wanneer gemeentes self rituele ontwerp:

1. Daar moet 'n bewuste keuse wees vir klem op struktuur of anti-struktuur, bewaar of hervorm (Die bevestiging van kerkraadslede se klem sou tipies op struktuur val en 'n helingsdiens se klem op antistruktuur).
2. Daar moet verkieslik 'n stadige tempo wees; hoe stadiger, hoe meer dramaties.
3. Daar moet genoeg tyd wees vir stilte.
4. Rituele moet gekenmerk word deur eenvoud.
5. Die goue reël hier is 'minder is meer', hoe meer ekonomies die ritueel en minder verduideliking nodig is, hoe kragtiger die polisemantiese en polivalentiese werking van die ritueel.
6. Hoe meer sintuiglik die ritueel aangebied word, hoe beter. Hierin speel liggaamlikheid 'n belangrike rol deurdat die mens deur middel van al sy/haar sintuie in en deur die ritueel betrek moet word.
7. Daar moet 'n sinvolle en effektiewe keuse van simbole, simboolhandelinge en simbooltaal wees, aangesien die liturgie 'n totale taalhandeling ("*speech act*") is wat uit woorde en handelinge bestaan.
8. Begin die beplanning met alle moontlikhede en werk dan in die rigting van vereenvoudiging.
9. Betrek deelnemers in die beplanning van 'n ritueel.
10. Beperk toeskouers by die uitvoering van 'n ritueel.
11. Doen moeite met die keuse van musiek.
12. Maak seker dat die sentrale fokus van die ritueel God se heilisdade in Jesus Christus is en deelnemers se harte na Hom verhef.
13. Laat die rituele en simbole sover moontlik aansluit by die bestaande orde van die erediens in 'n spesifieke gemeente, eerder as om totaal nuwe en vreemde dinge in te voer. Aansluiting by die tradisie met 'n fyn balans tussen kontinuïteit en diskontinuïteit is bevorderlik vir die toe-eiening van die rituele deur deelnemers.

## **7. RITUEEL EN SAKRAMENT**

**7.1** 'n Redelik nuwe en wyd aanvaarde benadering is om die hele erediens as opgebou uit simbole en rituele te sien. So byvoorbeeld noem die Nederlandse Gereformeerde liturgis, Marcel Barnard, Liturgiek die wetenskap van Christelike rituele en simbole. In hierdie studiestuk word die volgende werksdefinisie van rituele gebruik: (meestal herhalende) handelinge wat die gebruik van simboliese voorwerpe, taal en handelinge insluit. Al hierdie aspekte wat in die definisie voorkom, kry ons ook in die sakramente, naamlik herhalende handelinge waarin simboliese voorwerpe, taal en handelinge voorkom. Die spesifieke onderskeid is geleë in die adjektief 'simboliese' en dan in besonder die spesifieke aard van die simboliek. Berkouwer benader die problematiek vanuit 'n onderskeid tussen die Rooms Katolieke transsubstantiasieleer en die Gereformeerde leer van teken en seël, 'n onderskeid wat hy aandui met die begrippe 'realisme' en 'simbolisme'. Volgens die 'realisme' is die ware Christus in die Nagmaal teenwoordig en nie net 'n illustrasie, 'n beeld of simbool van Christus se lyding en sterwe nie. Hierdie siening van die 'simbolisme' ontnem egter die Nagmaal van alle realiteit, behalwe die psigologiese realiteit van onthou en die realiteit van die teken (Berkouwer). Sakrament teenoor simbool is dan ook veel meer as simbool, dit bewerk iets, doen iets, doen ook dit wat dit simboliseer. Hierdie is dus teologies gesproke 'n pneumatologiese onderskeid, naamlik dat die sakrament ook dit doen waarna dit verwys, terwyl God altyd die handelende subjek is wat die mens as aanbiddende objek betrek in sy genadebeloftes. Alhoewel Christelike simbole en rituele wat nie sakramente is nie (byvoorbeeld die skuldbelydenis en genadeverkondiging of die Geloofsbelydenis), die aanbieder ook op 'n besondere wyse kan betrek in die heilisdade van God en God self ook daar die handelende subjek is, word dit duidelik dat hierdie pneumatologiese verklaring nie genoegsaam is nie.

**7.2** Barnard (2004) bespreek Van der Leeuw se sakramentsbeskouing en wys op die belangrikheid van die adjektiewe representatief en presentatief wat saamgaan met die begrip simbool. Met ander woorde representeer die simbool op 'n afstand God se heilshandeling, of stel die simbool presentatief die heilshandeling van God teenwoordig in en deur die simbool? Hier stuit mens op 'n spanning, want die geneigdheid is om te wil sê: "Beide". In die Gereformeerde verstaan van die sakramente word die sakramente eerder as representatiewe simbole verstaan, met ander woorde simbole wat op afspraak, op grond van konvensies, verwys. Met ander woorde tekens, eerder as simbole, om Lukken ('n Rooms Katolieke teoloog) se verstaan by te trek. Die sakramente is dus

ondersteunend tot die Woordverkondiging, 'n soort visuele verwysing wat die ouditiewe kommunikasie gewoon ondersteun.

**7.3** Hier is dus duidelik 'n teologiese probleemarea. Om Lukken, Barnard of Van der Leeuw se omvattende verstaan van die liturgie as simbole en rituele te neem, asook die sterk pneumatologiese verstaan van Berkouwer se realisme met betrekking tot die sakramente, is bitter moeilik versoenbaar met 'n tradisionele Gereformeerde sakramentsleer van slegs teken en seël. Die grootste probleem hier lê op die vlak van die dinamiese ontwikkeling van die verstaan van begrippe soos teken en simbool en die toepassing daarop op die begrip sakrament.

**7.4** Die keuse van die twee sakramente, Doop en Nagmaal, in die Protestantse tradisie in onderskeid van ander liturgiese handeling, is verstaanbaar vanuit die aard van die verwysing van die spesifieke handeling. Die twee sakramente verwys op omvattende wyse na die kern van God se heilswaarhede soos ons dit in die Woord kry. Dít terwyl die bykomende vyf sakramente (belydenis, boete, bevestiging, huwelik en siekesalwing) van die Rooms Katolieke tradisie ook na kernwaarhede verwys, maar nie noodwendig altyd algemeen geldend is vir alle gelowiges wat uit genade gered is en op 'n omvattende wyse al God se heilswaardede opsom en toesê aan die deelnemer nie.

**7.5** Alles in ag genome – ontwikkelinge op die terrein van die simboolfilosofie soos geïntegreer in die Liturgiek; die dinamiek van betekenisgewing rakende sekere begrippe oor die verloop van jare soos teken en seël; Gereformeerde teoloë wêreldwyd wat tans werk oor die onderskeid tussen simbool/ritueel en sakrament; gewoon die moeilikheidsgraad van die spesifieke onderwerp – sou 'n opvolg-studiestuk wat spesifiek oor die Gereformeerde sakramenteleer handel baie welkom wees.

## **GEMEENTE-ONTWIKKELING BYLAAG 4**

### **BEDIENING AAN KERKLOS-LIDMATE EN EVANGELISASIE**

#### **1. AGTERGROND**

Die ADGO het in Mei 2006 'n klein taakgroep byeengebring om te besin oor die stand van en toekoms van evangelisasie binne die NGK. Dit is onder meer om die volgende redes gedoen:

**1.1** Die ervaring op gemeentelike vlak dat al meer en meer lidmate kerklos word en van die gemeentes wegdryf.

**1.2** Die ervaring dat die *gesprek oor evangelisasie al meer en meer tot 'n stilstand gekom het*. Dit geld vir gemeentelike-, rings- en sinodale vlak en ook binne die teologiese fakulteite.

**1.3** Hiermee saam het *evangelisasie as aktiwiteit ook feitlik tot 'n halt gekom*. Erkenning word onmiddellik gegee aan klein groepies gelowiges, wat wel evangelisasie programme in stand gehou het, dikwels op die rand van die gemeentelike lewe.

**1.4** Die ervaring dat daar dikwels so gestry word oor wat “evangelisasie” nou eintlik is en behoort te wees, dat dit sinvolle bediening in die verband ook gekniehalter het.

**1.5** Die ervaring dat die sigbare getalle van gemeentes dramaties daal, maar dat daar oor 'n twintig jaar periode feitlik geen nuwe lidmate tot die NG Kerk toegevoeg is nie, anders as deur geboorte nie. Ons dank aan FIM \ Engelstalige gemeentes wat dikwels onder groot negatiewe druk, juis dit moontlik gemaak het.

**1.6** Die ervaring dat daar binne die NGK verskillende teologiese strominge ontstaan het, wat nie alleen op belydenisvlak onsekerheid gebring het nie, maar noodwendig op bedieningsvlak (soos bv. die saak onder bespreking) begin impakteer het. Met dit as agtergrond het die taakgroep vergader om oor die saak vanuit verskillende invalshoeke te besin. Die gesprek in Mei 2006 is opgevolg met 'n gesprek in Oktober 2006, waar die voorsitter van ADD (Prof. Piet Meiring) ook waardevolle insette gelewer het – ook oor die pad vorentoe wat noodwendig samewerking met ADD moet insluit. Die volgende voorlopige kursoriese opmerkings reflekteer van die belangrikste opmerkings wat gemaak is en vrae wat in die werkgroep gemaak is.

#### **2. TEOLOGIESE FUNDERING**

Konsensus bestaan dat geen vinnige kortpad antwoorde nou moontlik is nie en dat die saak nie sonder deeglike Skriftuurlike en teologiese fundering reggestel sal kan word nie.

## 2.1 SKRIFVERWYSINGS

### 2.1.1 Hermeneutiese vertrekpunt:

Die vergadering het 'n hele aantal tekste onder bespreking geneem. Dit is belangrik om te verstaan dat hierdie tekste nie hier aangegee word as finale normatiewe fundering vir 'n bepaalde model of strategie nie. Dit word wel gedoen ten einde te illustreer hoe ryk en omvangryk die Skrif oor die saak onder bespreking praat. Die Skrif praat in totaliteit oor die Missio Dei en is nie maar net nog 'n bron waaruit 'n paar rigtingwysers “gemyn” kan word nie. Die tekste word egter aangehaal ten einde verdere gesprek, prediking en navorsing rondom die saak te stimuleer.

### 2.1.2 Die volgende tekste is onder bespreking geneem

- ~ Gen. 1:26, 27. Die opdrag om as God se verteenwoordigers in die wêreld te leef. Beeldtraers wat die beeld van God bekendmaak.
- ~ Gen. 3:9. God is 'n opsoekende God.
- ~ Gen. 12: 1-3. “In jou sal al die nasies van die aarde geseën wees.”
- ~ Lev. 19: 33. Die opdrag om vreemdelinge te ontvang en lief te hê.
- ~ 2 Kon. 6, 7. Die verkondiging van die “goeie nuus deur die melaatses”.
- ~ Jes. 61. Die vrymaking van gevangenes.
- ~ Jer. 18. Die herstel en vernuwing van dit wat misluk het en dood is.
- ~ Jer. 29. Bevorder die belange van die stad waarheen ek julle weggevoer het...
- ~ Eseg. 36/37. Die herstel en vernuwing van dit wat misluk het en dood is.
- ~ Jona 1-4. 'n God wat werklik besorg is oor mense en diere... die welsyn van 'n stad..., maar ook die weg tot herstel aandui.
- ~ Joël 2. Die opdrag tot radikale inkeer. “Skeur julle harte en nie julle klere nie...”
- ~ Sag. 1:1 - 8: 23. Die opdrag om heropbou van die tempel as weg tot herstel van die stad.
- ~ Matt. 4:18-23. Roeping van die eerste dissipels en daarmee die opdrag aan en gerigtheid van Jesus se dissipels en die latere visie van die kerk.
- ~ Matt. 5: 13 ev. Die opdrag om sout en lig vir die wêreld te wees. Hoe lyk 'n stad sonder 'n kerk? (Sien ook Matt 5: Die stad op die berg).
- ~ Matt. 6. Die opdrag om ons te beywer vir die koms van die Koninkryk.
- ~ Matt. 9:17. Die opdrag om nie nuwe wyn in ou sakke te probeer gooi nie.
- ~ Matt. 9: 35 ev. Die oes is groot maar die arbeiders min – Die oproep om en gebed vir arbeiders!
- ~ Matt. 10:16 ev. Gestuurde getuies deur die Gees onderrig en versterk.
- ~ Matt. 24: 13,14. Die Boodskap is oor die hele wêreld gehoor.
- ~ Matt. 28. Die groot opdrag. “Gaan na die wêreld en maak die mense my dissipels...”
- ~ Luk. 4: 18-19. Die *vrylating* van gevangenes.
- ~ Luk. 10 Die uitstuur van die twee en sewentig
- ~ Luk. 14: 25 ev. Eise van dissipelskap.
- ~ Luk. 15. Die verlore skaap, muntstuk en seun – Die tema van verlorenheid.
- ~ Joh. 10:10 en Kol 3:23. 'n Lewe van passievolle oorfloedige lewe.
- ~ Joh. 17. Die oproep om eenheid ter wille van ons getuienis.
- ~ Hand. 1:8. Die groot opdrag en belofte van die Gees.
- ~ Hand. 4. Die onwrikbare gehoorsaamheid aan die opdrag – Petrus en Johannes voor die Joodse Raad.
- ~ Hand. 10. Petrus se roeping en opdrag om met ander oë na die heidene te kyk.
- ~ Hand. 16. Lidia se bekering.
- ~ Hand. 16. Die tronkbewaarder en bekering.
- ~ Rom. 1-8. 'n Uitsers belangrike teologiese raamwerk wat die verband tussen sonde, vergifnis en vrymaking op grond van God se genade verduidelik.
- ~ Rom. 15. Op watter fondament bou ons?
- ~ 1 Kor. 3:9. Hoe bou ons en op wat bou ons?
- ~ 1 Kor. 9:16. “Ek verkondig die Evangelie omdat ek moet...” - Paulus
- ~ 1 Kor. 9: 22. “Vir almal het ek alles geword...” Inkarnasie?
- ~ 2 Kor. 3:8. Die Here, wat die Gees is, verander ons al meer na die beeld van Christus.
- ~ 2 Kor. 5: 11 ev. Liefde wat hulle dring aan wie die bediening van versoening toevertrou is.
- ~ Ef. 4. Gawes wat aan die kerk gegee is en spesifiek *apostels en evangeliste* .
- ~ Fil. 2:1 ev. Die gesindheid van Christus.
- ~ Jak. 1: 27. Die opdrag om die weeskinders en weduwees te versorg .
- ~ Openbaring 5. 'n Beeld van die nuwe Jerusalem waar daar uit alle volke, tale en nasies, mense

teenwoordig sal wees.

## **2.2 TEOLOGIESE TEMAS WAT BETREKKING HET OP *EVANGELISASIE* EN WAT VERDERE BESPREKING EN BESINNING VERDIEN.**

**2.2.1.** Dit is van kardinale belang om die gesonde wisselwerking tussen teologie en missiologie te verstaan. Missiologie is nie maar net 'n klein onderdeel van teologie nie. Gesonde teologie is in wese altyd missiologie. Nêrens sien ons dit duideliker geïllustreer as in die lewe en werk van Paulus nie. Teologie wat nie bedryf word vanuit 'n noue kontak met missionêre aktiwiteit nie, loop altyd die gevaar om rigied te word en te stagneer. Dit raak irrelevant en betekenisloos. Soos water wat gaan staan kan dit selfs 'n slegte reuk ontwikkel. Na die oordeel van die taakgroep verdien die volgende **temas** verdere bespreking, omdat dit moontlike sleutelbegrippe kan wees om “evangelisasie” as begrip helder te omskryf, maar ook die pad vorentoe aan te dui (**Sien ook verslag van ADD in die verband**)

- ~ Liefde en geloof as diepste motivering vir evangelisasie
- ~ Missio Dei
- ~ Inkarnasie
- ~ Koninkryk
- ~ Christologie
- ~ Pneumatologie
- ~ Apostoliese gerigtheid
- ~ Die Triniteit
- ~ Verlossing en heiligmaking
- ~ 'n Teologiese verstaan van die kwaad (“evil”)
- ~ Apologie en Rede - 'n Nuwe waardering vir die rede – verlig deur die Gees vs. 'n droë intellektualisme
- ~ Die oproep na buite EN na binne. Evangelisasie het gestol omdat die geloof van gelowiges, asook die ervaring van 'n persoonlike verhouding met God, aan die kwyn is. Evangelisasie begin met bekering na binne en die herstel van 'n persoonlike verhouding met God.
- ~ Die herontdekking van intimiteit met God en geestelike dissiplines
- ~ Die gawes van gewone gelowiges/lidmate
- ~ Liminaliteit en die implikasies vir waar die kerk en gelowiges hul tans bevind. Ook die krag en geleentheid wat liminaliteit bied (Sien byvoorbeeld Job en Prediker).
- ~ Geregtigheid
- ~ Versoening
- ~ Herstel
- ~ Bevryding: geestelik, emosioneel en fisies.
- ~ Eenheid
- ~ *Tug* binne 'n nuwe kerklike konteks. Ons belydenisskrifte bely dat een van die gestaltes wat uitdrukking gee aan die “ware” kerk, die toepassing van die tug is. Gebeur dit nog en indien wel, in welke vorm? Dit is binne ons tradisie altyd gesien as 'n instrument om die afvallige gelowige terug te wen tot die kerk en die Koninkryk. Die relevansie vir die onderwerp onder bespreking behoort vanselfsprekend te wees.
- ~ *Verbond*. Hoe moet ons 'n verbondsleer hanteer binne 'n konteks waar verbondsgesinne en 'n verbondsoopvoeding gedisintegreer het. Geld die gereformeerde beginsels wat ons praktiese teologie vanuit 'n verbondsraamwerk rig dan nog?
- ~ 'n Dringende herbesinning oor met welke *eskatologiese verwagting* die kerk tans leef.

### **2.2.2 Hoekom doen ons Evangelisasie of nie? - Motiewe**

'n Wesenlike belangrike vraag bly die vraag oor hoekom ons evangelisasie doen of dit nie doen nie? Sekerlik kan die “redding” van die NGK nie die diepste dryfveer wees nie. Die volgende verskillende motiewe het mense al gemotiveer :

#### **2.2.2.1 Etiese motief**

Volgens Gen. 1:26,27 het God die mens geskep na sy beeld en is ons menswaardigheid ten diepste verweef met ons gelykheid voor God. Diskriminasie en ongeregtheid beroof samelewings van menswaardigheid aangesien die beeld van God versplinter word en gemarginaliseerdes uitgebuit

word. Die profetiese tradisie in die Ou Testament fokus op die herstel van menswaardigheid waarin God profete stuur om Israel en die ander koninkryke (Jesaja) te waarsku oor die onreg wat gepleeg word in die onderskeie gemeenskappe. Jesus het hierdie tradisie voorgesit in terme van die onreg wat gepleeg word in die naam van Judaïsme (vergelyk die verhaal van die arm weduwee, die genesing van die melaatse man, ensovoorts). Die kerk het daarom 'n roeping om hierdie woord van menswaardigheid, gelykheid en geregtigheid te laat hoor in solidariteit met gemarginaliseerdes.

### **2.2.2.2 Holistiese motief**

Daar word geglo dat God se Gees in ons en in alle mense is. Nie almal beseft dit nie. Evangelisasie is die proses wat mense help om God\Christus weer in ons te ontdek. (Vergelyk Kol. 1:27) Dit het ingrypende implikasies vir hoe die Pneumatologie in verskillende tradisies verstaan word. Binne 'n gereformeerde tradisie word die Gees van binne ontdek, terwyl daar binne 'n charismatiese tradisie veel eerder geglo word dat die Gees "van buite" in ons ingestort moet word.

**2.2.2.3 Daar word geglo dat daar werklik 'n hemel en 'n hel is en dat mense van 'n helse bestaan in die hiernamaals verlos moet word.** 'n Bepaalde eskatologiese begrip word dus die vernaamste dryfveer. (Sien bv. Titus 1-3)

**2.2.2.4 Daar word geglo dat die onmiddellike fisiese wêreld in Christus anders kan lyk.**

Transformasie van mense wat in 'n nuwe verhouding tot Christus staan, kan die wêreld anders laat lyk.

**2.2.2.5 Daar word geglo dat dit gewoon 'n opdrag van God is, wat gehoorsaam moet word.**

**2.2.2.6 Daar word geglo dat as jy lief genoeg is vir iemand, jy die Goeie Nuus met hom of haar sal deel.** 'n Gebrek aan evangeliese ywer is gewoon 'n gebrek aan liefde en 'n teken van gemak en selfsug.

**2.2.2.7 Dit is van kardinale belang dat klaarheid oor ons diepste motiewe verkry sal word.**

Hieroor is verdere gesprek beslis nodig.

## **3. KONTEKS**

Vir 'n omvattende bespreking van die skuiwe in kerklike konteks en die implikasies daarvan vir missiologie sien Klaas, Alan C, *In search of the unchurched*. The Alban Institute, 1996.

Evangelisasie vind nie binne 'n vakuum plaas nie. Beide die draer van die Boodskap sowel as die persoon (groep) met wie daar in "gesprek" getree word oor die Boodskap, is op holistiese wyse kontekstueel gevorm en beïnvloed. Dit is daarom krities noodsaaklik om 'n greep of ten minste insig te probeer kry, op van die verskillende kontekste waarbinne toekomstige evangelisasie sal geskied. Die volgende opmerkings verdien na ons mening verdere bespreking:

### **3.1 DIE KONTEKS IS DIVERS**

Die NG Kerk bevind haarself nie meer in 'n homogene bedieningsituasie nie. Die verskil in dinamika tussen 'n middestadsgemeente en 'n gemeente op die "diep" platteland, is maar 'n enkele voorbeeld van diversiteit. Terselfdertyd kan die samelewing in drie breë kategorieë verdeel word, te wete: *pre-modern, modern en post-modern*. Dit beïnvloed ons op 'n makro-, meso- en mikro-vlak. Enige bedieningspraktyk wat nie hierdie werklikheid verreken nie, gaan sukkel.

### **3.2 'n TOTALE MASSALE DISINTEGRASIE VAN TRADISIONELE GEMEENSAPPE VIND TANS PLAAS.**

Dit geld vir gesinne tot ruimer gemeenskappe.

Hierdie gemeenskappe was histories die dampkring en ruimte waarbinne geloofsoordrag plaasgevind het. Die vraag is waar dit nou gaan geskied? Ander dimensies van die werklikheid wat op tradisionele bedieningspatrone impakteer, is die volgende:

- ~ Diskonneksie en fragmentering
- ~ Rassisme
- ~ Verlies aan identiteit en die soeke na identiteit
- ~ Die ontstaan van kosmopolitaanse "gemeenskappe"

### **3.3 SEKULARISASIE**

Eenvoudig kan ons dit definieer as 'n tydsgees wat gedra word deur die idealistiese "geloof" dat ons met ekonomie, die regte politieke bestel of ideologie en tegniek 'n utopie sal vestig wat vryheid, herstel en heling en lewenskwaliteit vir *alle* mense sal bring. Die hartseer werklikheid is dat dit groter

vervreemding van onself, ons medemens en God in die hand gewerk het. Ander dimensies van hierdie werklikheid is :

- ~ Individualisasie
- ~ Massafikasie
- ~ Verhoogde mobiliteit
- ~ Ook dit impakteer dramaties op tradisionele bedieningspatrone

### 3.4 GLOBALISASIE EN EKONOMIESE INVLOEDE

Materialisme en ekonomiese strukture wat mense “gevangene” neem, dreig om geloof, hoop en liefde soos ons dit binne die Christelike tradisie leer ken het, te versmoor. Ekonomiese welvaart het enersyds ’n gemaksgoed onder lidmate geskep, wat dit al moeiliker en meer ondenkbaar vir lidmate maak, om uit die gemaksonne te ontsnap. Hierdie is waarskynlik een van die heel belangrikste redes waarom die evangeliese ywer van ’n vroeë kerk doodgeloop het. Daarmee saam impakteer dit dramaties op die individuele geloofsliewe van lidmate. Laat ons nooit vergeet dat Christus dit baie duidelik en onomwonde gestel het, dat ons nie God en Mammon gelyktydig KAN dien nie. (Matt 6:24)

### 3.5 KOLLEKTIEWE PSIGE

Êrens lang die pad het al die mense van ons land diep seergekry, wat ’n kollektiewe psige geskep het wat ernstig geknou is. Verkragting en geweldsmoorde op bejaardes is maar enkele voorbeelde hiervan. Die kerk funksioneer en werk binne ’n veel broser milieu as wat ons waarskynlik besef en sal wil erken. Daar sal goeie navorsing gedoen moet word oor wat die mense se seer is en HOE die kerk hierdie mense op relevante manier kan bedien. Hierdie kan ’n baie belangrike invalshoek vir evangelisasie word, maar terselfdertyd ook ’n remmende faktor as daar nie genoegsaam mee rekening gehou word nie.

### 3.6 DIE WERKLIKHEID VAN SISTEEMDENKE (ARMOUR & BROWNING)

Die Goeie Nuus van Jesus en sy koninkryk op aarde moet aan mense gekommunikeer word daar waar hulle is. Hierdie mense is almal egter deel van verskillende kontekste en denksisteme. ’n Groter sensitiwiteit vir hierdie sisteme is noodwendig nodig vir effektiewe evangelisasie.

- ~ Vir Sisteem Een (S1) mense sal dit gaan oor oorlewing en hoe om net van uur tot uur kop bo water te hou en fisies te kan asem haal en te eet.
- ~ Vir S2 mense sal dit gaan oor samesyn met ander wat soos hulle is, en waar bekende stories en rituele almal aan mekaar bind.
- ~ Vir S3 mense moet die evangelie mag gee oor die bese en ander bedreiging, asook hulle help met die identiteitsvorming. Wie is ek in Christus? Wat is my posisie in Christus?
- ~ Vir S4 mense moet die evangelie verlos van sonde en skuld wat ten diepste ongehoorsaamheid aan God se wet is. Daar moet orde en vrede in die kerk en die samelewing wees.
- ~ Vir S5 mense gaan dit oor die bereiking van my volle potensiaal as mens en voortuitgang in die lewe... ’n suksesvolle lewe.
- ~ Vir S6 gaan dit oor assosiering met die onderdrukte en mense in nood, en die evangelie is om hulp te verleen saam met ander.
- ~ Vir S7 gaan die evangelie oor die vorming van netwerke met soveel moontlik kerke en ander instansies, sodat sinergisme kan plaasvind en daar eenheid in diversiteit kan wees.
- ~ Vir S8 gaan dit oor die verlossing van die aarde as geheel en oor die kerk se betrokkenheid by ekologiese kwessies. Die kerk moet multi-sistemies dink in haar aanpak van eredienste en uitreike na die wêreld.

### 3.7 KERK BINNE DIE KONTEKS VAN AFRIKA

Die werklikheid is dat die NGK soos talle ander hoofstroomkerke in die land, eintlik in wese ’n “setlaarskerk” was, en is, wat kultureel baie sterk uit Wes-Europa beïnvloed is. Anders as die meeste ander hoofstroomkerke in die land, het die NGK om ’n verskeidenheid van redes veel stadiger met hierdie werklikheid gehandel. Dit is waarskynlik ook realisties om te sê dat hierdie 350 jaar tradisie en werklikheid nie oornag sal verander nie. Terselfdertyd kan dit nooit ontken word dat die kerk midde in Afrika funksioneer nie. Sedert 1994 het “Afrika” ook veel nader aan ons gekom, die gevolg dat talle gemeentes gesluit het, omdat die oorgang na multi- en interkulturele bediening nie gemaak kon word nie. Evangelisasie is per definisie onmoontlik waar die kerk steeds besig is



om in die woorde van Alan Klaas “onsigbare” mure op te rig, wat die kerk in dele van die buitewêreld afsny.

### 3.8 STATISTIEK

Die statistiek vertel die klipharde verhaal van ons konteks. Slegs enkele voorbeelde word aangehaal: Binne die ringpad, wat om die kern van Johannesburg loop, woon daar meer as 2,4 miljoen mense. Onlangse navorsing het getoon dat ongeveer 800 000 kerklik betrokke is, maar slegs 6 000 aan die NGK behoort. 800 000 het nie ’n probleem met geloof nie, wil graag betrokke wees, maar sukkel om ’n geestelike heenkome te vind, waar hulle kan tuiskom. 800 000 het geen kerklike betrokkenheid nie. (Navorsing gedoen deur Ring van Johannesburg) In die suidelike voorstede van Kaapstad woon meer as 500 000 mense waarvan minder as 5 000 nog aan die NGK behoort. (Navorsing gedoen deur GO-kantoor) Die dramatiese daling in jong predikante en teologiese studente voorspel ook niks goeds vir die toekoms nie. (Sien Kerkspieël).

### 4. EVANGELISASIE

Wanneer daar spesifiek oor evangelisasie besin word, kom twee vrae onmiddellik na vore, naamlik: *Wat is “evangelisasie”?* Wat bedoel ons òf wat het ons in gedagte wanneer ons die term gebruik? en *Wat is die metodiek van evangelisasie?* Hierdie gesprek is natuurlik nie nuut nie. Vele definisies is al gegee waarvan die bekendste waarskynlik dié is van die Aartsbiskoppe Komitee van 1918 (Watson, D. *I believe in Evangelism*, 1976, p. 25) *To evangelize is so to present Christ Jesus in the power of the Holy Spirit, that men shall come to put their trust in God through him, to accept him as Saviour, and serve him as their King in the fellowship of the church.* Latere perspektiewe op evangelisasie weerspieël ’n meer “nederige” grondhouding wanneer dit kom by evangelisasie. Eddie Gibbs, (Church Next, 2000, p. 35) *“The response of a Christian witness to a person enmeshed in postmodern categories must be that of a fellow-traveller (eie kurs.)... The church of the postmodern era must be prepared to witness with vulnerability and humility from the margins of society, much as it did the first two centuries of its existence.”* Dalk sou die volgende ook oorweeg kan word: *“Evangelisasie as die entoesiastiese liefdevolle vertel / getuienis van dit wat Christus in jou lewe gedoen het. (Teenoor ’n ou styl van “prediking” oor dit wat die “ander” behoort te glo of te doen.)”* Die werkgroep sou graag die volgende definisie wou voorstel: **“Evangelisasie kan gesien word as die konkrete gebeure waardeur mense gehelp word om tot die bewustelike ontdekking te kom van die genadige werking van Jesus Christus in hulle lewe en die gepaste verandering in hul lewe(ensstyl) aan te bring.”** Volledigheidshalwe kan kennis geneem word van die lang gesprek wat al in die kerk gevoer is oor wat ons as “sending” moet verstaan en wat ons as “evangelisasie” moet verstaan. Samevattend kan dit soos volg opgesom word.

- ~ Sending is daar ver - Evangelisasie is hier naby.
- ~ Sending is vir hulle wat nog nie glo nie - Evangelisasie is vir hulle wat nie meer glo nie.
- ~ Sending is vir hulle wat nog nie gedoop is nie - Evangelisasie is vir hulle wat reeds gedoop is.
- ~ Binne ou apartheidsdenke: Sending is gerig op swart mense - Evangelisasie is gerig op wit mense.
- ~ Sending is OMVATTEND en sluit diens en barmhartigheid in. Evangelisasie raak die fokus – is ’n gerigte bediening - Om mense tot geloof in Christus te bring. Uit die aard van die saak is van die formuleringe problematies en word volstaan met die definisie soos wat die werkgroep dit voorstel. Ten einde die definisie te konkretiseer word, daar nou verder aan ’n paar praktiese vrae aandag gegee.

#### 4.1 WAT DEEL ONS?

Op die vraag wat die “inhoud” van evangelisasie behoort te wees, kan soos volg geantwoord word. Ons deel nie in die eerste plek objektiewe, “afgehandelde” kliniese dogmatiese waarhede nie, maar ten diepste Jesus Christus as BELIGGAAMDE WAARHEID! Ons vertel die verhaal van die *Vleesgeworde Woord* (Joh.1) – die waardes, gesindhede en betekenis van sy lewe, sterwe en opstanding. Ons deel die werklikheid van die *beliggaamde historiese Jesus as ware enigste Seun van die Drie-Enige God* en hoe Hy Goeie Nuus is vir spesifieke mense in spesifieke omstandighede. noodwendig sal die vraag ontstaan na met watter waarheidsbeginsel daar gewerk behoort te word.

Voorlopige kantaantekeninge kan gemaak word:

- ~ Inderdaad word daar anders met die waarheid in pre-moderne, moderne en post-moderne samelewings gehandel.
  - ~ Binne 'n post-moderne samelewing (wat maar 'n klein deeltjie van die Afrika konteks uitmaak) word 'n objektivistiese waarheidsbeginsel byvoorbeeld met agterdog bejeën.
  - ~ Waarheid word veel eerder gesien as iets wat saam ontdek word. Vir Evangelisasie het dit die volgende implikasie – Ek deel dus iets vanuit my *ervaringswêreld* – my persoonlike (subjektiewe) getuienis aangaande dit wat Christus in my lewe gedoen het. Daaroor tree ek in gesprek met iemand anders in 'n poging om juis aan te toon hoe die Evangelie by sy of haar ervaringswêreld aansluit.
- 73

#### 4.2 SAAM MET WIE DEEL ONS DIT?

Binne 'n kosmopolitaanse, globaliserende wêreld word dit al hoe belangriker vir die kerk om haar getuienistaak nie alleen te probeer doen nie. 'n Getuienis wat vanuit eenheid gelewer word, sal soveel meer integriteit hê. Die ekumene raak dus al hoe belangriker. Die vraag is dus nie net HOE doen ons dit nie, maar ook SAAM MET WIE ons dit doen? Ons moet aanvaar dat ons in die NGK met 'n geloofwaardigheidsprobleem sit. Die persepsie daarbuite is dat die boodskap wat die kerk bring moeilik geglo kan word solank die kleed van apartheid om ons hang. Die vraag bly dus: Wie is ons vennote?

#### 4.3 HOE DEEL ONS DIT?

Daar is nie 'n “one-size fits all”- metodiek nie! Kontekste verskil en verander. Een belangrike vraag bly egter staan vir elke tyd en konteks: Wat is die *prakties-teologiese tregter* waardeur die Evangelie by die wêreld uitkom – vir 'n spesifieke konteks. Wat is die bedieningspraktyk wat nou aandag behoort te kry? Wat is ons invalshoek? Waar begin ons? Wat is ons aansluitingspunt?

### 5. MOONTLIKE BEDIENINGSAKSIES

#### 5.1. BETROKKENHEID

Die sleutelwoord bly die woord “*ENGAGEMENT*” - werklike betrokkenheid!

- ~ Dit behoort op kulturele vlak te gebeur.
- ~ Ons sal mense in die kerk moet leer om hande te vat met die “ander”, die “vreemdeling”, die “outsider”.
- ~ In die koloniale tyd is sendingwerk wat “van bo af” gedoen. Vandag sal ons eers moet hande vat en verhoudinge bou.
- ~ Die onmiddellike emosionele en fisiese behoeftes, waarvoor mense bereid is om openlik te deel, sal ernstig geneem moet word.
- ~ Dit kan enigiets wees van eensaamheid tot geweld en honger.
- ~ Ons is oortuig dat die SEER van mense op die stadium van die belangrikste behoeftes is wat aangespreek behoort te word. Eers as aansluiting hierby gevind word en die vertroue van die persoon gewen is, kan verduidelik word hoe 'n transformerende verhouding met Jesus Christus kan help.

#### 5.2 GEMEENTEPROGRAMME

Gemeentes behoort hulself eerlik af te vra watter hoeveelheid tyd en energie na binne en na buite spandeer word. Lys byvoorbeeld alle aksies en deel dit dan in in programme aan en vir lidmate, aksies wat die struktuur in stand hou en aksies wat spesifiek gerig is op kerklos en kerkloos lidmate. Terselfdertyd is daar ook bedieninge wat tradisioneel eintlik net maar op die bestaande lidmate gefokus het en tog ook aangewend kan word om die saak onder bespreking te ondersteun. Ons dink hier aan die volgende:

- ~ Die erediens. Stemme gaan meer en meer op wat sê dat lidmate van krummels leef en nie meer behoorlik gevoed word nie. Daarom het hulle niks om oor te getuig nie.
- ~ Pastorale gesprekke: Doopkategese, Huwelikskategese en Krisisberaad
- ~ Kinderbediening en Tienerbediening en Na-skoolse jeug
- ~ Musiekbediening
- ~ Nuwe Gemeente-Ontwikkeling (Sien Bylaag 5)
- ~ Die ontwikkeling van die gawes van lidmate in die kerk om hulle om te help te verstaan dat evangelisasie op meer as een manier kan geskied.

### 5.3 GETUIENIS TEENOOR PERSONE VAN ANDER GELOWE:

**Leslie Newbigin** (*Honest Religion for Secular Man*, SCM Press, 1966) gee die volgende belangrike beginsels wanneer dit kom by ons gesprek met en persone vanm ander gelowe.

- ~ Aanvaar dat almal kinders / skepsels van God is.
- ~ Bou 'n verhouding.
- ~ Werk saam waar jy kan.
- ~ Skep dialoog.
- ~ In 'n finale fase kan jy getuig dat jy God, wat almal se God is, se Seun ken en ontmoet het.

### 5.4 “PRAYER EVANGELISM”

Ed Silviso het in biddende afhanklikheid van die Here hierdie strategie ontwikkel met die oog op die transformasie van die samelewing, wat baie suksesvol in stede van Argentinië is (vgl. sy boeke “That none should perish” en “Prayer evangelism”). Die strategie behels die bemagtiging van gelowiges om waar hulle woon, 'n verskil vir die Here te maak. Met Lukas 10 en 1 Timoteus 2:1 - 4 as basis, word gelowiges aangemoedig om gereeld vir hulle bure te begin bid; na hulle toe uit te reik en 'n verhouding met hulle te bou; hulle te dien deur hulle “felt needs” aan te spreek en soos wat die geleentheid hom voordoen, met die persoon te deel vanuit 'n persoonlike verhouding met God. Hierdie strategie word aangevul met inisiatiewe vir sakemanne, opvoeding en onderwys en ook die beskermingsdienste. Om die volgende redes kan dit raadsaam wees om nader ondersoek in te stel na hierdie strategie.

Eerstens, kan dit ons help met een van die grootste uitdagings vir die kerk in ons tyd en dit is fragmentasie en diskonneksie. Gelowiges word bemagtig daar waar hulle woon. Dit is interessant dat Willow Creek gemeente (Chicago, VSA) juis agv bg uitdaging besig is om groot klem te laat val op die ontwikkeling van sg “buurtgroepe”, wat die basis vir die herstel van gemeenskap en uitreik na ander is. Tweedens, help dit ons met werklike betrokkenheid (“engagement”) by mense deur die vestiging van langtermyn verhoudings daar waar mense woon. Evangelisasie-veldtogte en –uitreike het sy waarde, maar ons soek sekerlik ook na 'n benadering wat ons samelewing op blywende manier kan transformeer. Derdens, kan hierdie benadering ons help in ons soeke na vennote. Ed Silviso se internasionale organisasie, Harvest Evangelism, is deur hulle plaaslike kantoor in die RSA betrokke by SACLA, die “Transformations”- beweging, die organisering van die jaarlikse “Global day of Prayer” en by talle NG Kerk-gemeentes en ook gemeentes van ander denominasies. Die netwerk wat deur hierdie organisasie gevestig is, kan van groot hulp wees, byvoorbeeld met die reëling van 'n omvattende “Seisoen van Evangelisasie”, aangesien dit onder die naam van “L-10-T” (“Luke 10 Transformation”) deel vorm van die wyd aanvaarde nasionale gebedstrategie van Transformasie Afrika en Jerigo Mure. Vierdens is hierdie strategie eenvoudig en kan dit met minimum toerusting selfs vir jong kinders aangeleer word, sodat gesinne saam deel kan wees van so 'n strategie. Vyfdens, kan hierdie strategie ons help om in 'n geografiese area (ons wyke?), medegelowiges uit te nooi om hande te vat om saam in daardie geografiese area 'n verskil vir die Koninkryk te maak.

### 5.5 ANDER MODELLE WAT MOONTLIK AANDAG VERDIEN:

- ~ Getroue getuies
- ~ EE III
- ~ *Just walk across the room* – Bill Hybels & Ashley Wiersma, Zondervan, 2006
- ~ *Becoming a contagious christian* – Mark Mittelberg, Lee Stroebel, Bill Hybels, WCA resources/ Zondervan, 1995.
- ~ Verbondsevangelisasie – maar ook en veral die benutting van die uitgebreide gesin.
- ~ *Friendship Evangelism* (vergelyk ook Joseph C. Aldrich, *Life-Style Evangelism*, Multnomah Press, 1981)
- ~ Service Evangelism

### 6. BEMAGTIGING EN ENERGERING VAN LIDMATE

Die bestuurskundige Peter Drucker het by geleentheid opgemerk dat enige organisasie wat afstand doen van sy kernmissie, spoedig in die moeilikheid beland. Hy meen dat dit presies die geval met die kerk is. Die vraag bly dus: Wat sal maak dat 'n gewone lidmaat na sy of haar buurman/vrou gaan, werklik betrokke raak en op 'n geloofsreis met hom of haar gaan? Die vraag bly hoe steek

ons die “vuur” weer in gemeentes en lidmate aan? In kort vra dit dat lidmate bemagtig sal moet word met ’n duidelike ewangeliese visie en konkrete toerusting. Dit sluit die ontdekking van gawes in om hulle te help verstaan oor waar hulle binne ’n gemeentelike strategie vir ewangelisasie kan inpas. ’n Verskeidenheid van toerustingsprogramme bestaan. Gemeentes sal in die toekoms hieroor geadviseer behoort te word.

## GEMEENTE-ONTWIKKELING BYLAAG 5

### NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING

’n Hele klompie water het al in die see geloop sedert die NG kerk ’n jaar of wat gelede ernstig begin aandag gee het aan die hele saak van nuwe gemeente-ontwikkeling of te wel ook kerkplanting, soos dit in ander tradisies genoem word. Heelwat het met die tyd vir ons duidelik geword en ’n hele paar lesse is geleer. In kort kan dit soos volg saamgevat word.

#### 1. DEMOGRAFIESE SKUIWE

Die NG Kerk gaan ongetwyfeld deur een van die *grootste demografiese skuiwe in haar geskiedenis*. Dit raak feitlik alle gemeentes. Die NG Kerk word hiermee gekonfronteer met een van die heel grootste uitdagings in haar geskiedenis. Navorsing het gewys dat waar die demografie in en om gemeentes dramaties verander die volgende statistiek ter sprake kom: 80% gemeentes verdwyn, 10% verplant hulself na ’n area wat weer eie is aan hul identiteit, kultuur en karakter en net 10% transformeer hulself om weer relevant binne die nuwe konteks te wees.

#### 2. NAVORSING

Navorsing uit die gereformeerde wêreld oorsee, het onder meer die volgende aan die lig gebring (Volgens Prof. Stan Wood : Tot onlangs Direkteur van die Instituut vir NGO en Ewangelisasie aan die Columbia Theological Seminary in Atlanta. Tans professor in Gemeenteleierskap en Ewangelisasie by die San Francisco Teologiese fakulteit.)

**2.1** Gemeentes sal weer diep moet gaan besin oor die *teologiese vertrekpunte* waarop hulle ekklesiologie werklik gebou is. Die sogenaamde *Missio Dei* het nog altyd in die hart van ons tradisie gestaan, maar ons sukkel om dit sinvol uit te leef in ons *onmiddellike omgewing*.

**2.2** Nuwe denke oor die saak het veral na vore getree die dag toe kerklike vergaderings bv. Amerika amptelik as “nuwe sendingveld” geproklameer het.

**2.3** Die hoofstroomkerke het hulle kundigheid en passie vir ewangelisasie verloor.

**2.4** Studies het getoon dat een van die vernaamste redes vir die afname in getalle in die presbiteriaanse kerk waarskynlik gevind moet word in die feit dat kweekskole opgehou het om aan die saak te doseer op so ’n vlak dat dit die uitdagings van ons konteks aanspreek.

**2.5** Die enkele grootste “menslike” faktor in suksesvolle NGO bly die leierskap wat aangewys word. Uitstekende navorsing is hieroor gedoen en profiele is daargestel. Sake soos entrepreneurskap, werklike diep gelowige, geesvervulde leiers en visie het heel bo aan die lys geeëndig.

**2.6** NGO word tans wêreldwyd beskou as een van die mees geskikte instrumente om ewangelisasie mee te doen.

**2.7** Die hele saak van gemeentegrense is verstaanbaar, maar is ’n kompliserende faktor in die hele proses. Gemeentegrense werk goed in ’n sogenaamde vestigingsfase van ’n denominasie, waar die groep relatief homogeen is en die dominante kultuur relatief Christelik georiënteer is. Hierdie scenario het dramaties vir die kerk verander.

**2.8** Die kerk sal dringend ’n omvattende strategie vir NGO moet daarstel. As dit werklik deel uitmaak van ons missionêre visie en teologie, sal dit ook in ons doelwitte en begrotings moet reflekteer.

**2.9** Strategies moet daar onderskei word tussen prosesse wat bestaande gemeentes wil help om nuwe lewe te kry (die herontwikkeling van gemeentes) en nuwe gemeente-ontwikkeling wat op ’n radikale nuwe manier die uitdagings en konteks wil aanspreek, veral met die oog op ewangelisasie.

#### 3. WAAROM NUWE GEMEENTES

Mense vra dikwels die *vraag waarom daar “nuwe” gemeentes gestig moet word terwyl die kerk eintlik*

*krimp?* Hierop kan twee antwoorde gegee word.

**3.1** “Nuwe” gemeentes is soms nodig om die radikale eise van ’n nuwe tyd en konteks aan te

spreek. Dikwels is van die ouer gemeentes net nie in staat om dit genoegsaam te doen nie. In hul poging om dit wel te doen, word soveel konflik tussen die ou en nuwe beleef dat die oue en daarmee 'n mooi deel van die kerk, vernietig word.

**3.2** Terselfdertyd is dit nie altyd nodig om splinternuwe gemeentes te stig nie, maar gaan dit inderdaad oor die geboorte van 'n nuwe bediening binne 'n ou gemeente. Onthou dat alle gemeentes 'n lewensiklus het en een of ander tyd sterf. Indien daar geboorte gegee is aan nuwe "kinders" bly die gemeente/tradisie egter voortleef.

#### **4. AFGSTIGTING, SAMESMELTING, SLUITING**

**4.1** Die woorde "*afstigting, samesmelting en sluiting*" was vir lank deel van ons woordeskat. Ons sou wou pleit dat dit vir eers op die ys geplaas word. Die wonderlike ontdekking wat gemaak is, is dat klein gemeentetjies, indien die saak reg aangepak word, steeds wonderlike geloofsgemeenskappe en aanbiddingsruimtes kan vorm.

**4.2** Samesmelting werk in uiterste gevalle, maar moet beslis nie as 'n kortpad gesien word nie. Te dikwels sien ons dat die situasie slegter is na samesmelting in die sin dat talle lidmate net verdwyn het en die finansies steeds krimp is. Die pyn en begrafnis word dus net uitgestel. Samesmelting wat nie ook gepaardgaan met dinamiese vernuwing nie is slegs 'n tydelike maatreeël.

#### **5. OPGELEIDE LEIERSKAP**

Ons begin algaande besef dat die NG Kerk bitter min *opgeleide leierskap en vaardighede* het om goeie en sinvolle nuwe gemeente-ontwikkeling te doen. Mag ons langs hierdie weg 'n ernstige versoek aan ons kweekskole rig om aan die saak aandag te gee. Daar is geen manier waarop ons dit op die langtermyn kan aanspreek buite ons kweekskole om nie.

#### **6. KONINKRYKSPERSPEKTIEF**

Nuwe gemeente-ontwikkeling is 'n proses wat ten diepste gedryf en gemotiveer word deur 'n *koninkryksperspektief en missionêre* hart. Diegene wat dit om suiwer motiewe doen, lê altyd ook wakker oor hulle wat die kerk op die oomblik nog nie bereik nie. Dit is nie in die eerste plek 'n reddingsboei vir die NG Kerk nie. Dit gaan oor die uitbreiding van die Koninkryk.

#### **7. FOKUSAREAS**

Nuwe-gemeente-ontwikkeling fokus steeds op 'n verskeidenheid areas, naamlik:

**7.1** *Uitbreidende stadsgebiede* wat veel vinniger ontwikkel as wat bestaande gemeentes met ouer bedieningspatrone kan bereik. Een van die grootste uitdagings vir die NG Kerk is om sinvolle nuwe bedieningsstrategieë vir die stad te ontwikkel. Verstedeliking is nie net maar nog 'n mooi woord nie. Dit is 'n werklikheid. Ook vir die NG kerk. Indien ons dit nie in die stad maak nie, gaan ons dit nie maak nie. Anders gestel : Ons integriteit hang daarvan af of ons sinvolle bediening kan ontwikkel daar waar 80% van ons lidmate woon.

**7.2** *Multikulturele bedieningspunte* in die stad (veral middestad) asook kwynende landelike gebiede. Daar is nog steeds mense. Mag ons in Christus verstaan dat ook "ander mense van die kruis", kerklik gesproke "ons mense" is.

**7.3** *Bediening aan randgroepe en veral 'n jonger geslag* wat ons nie met ons hoofstroom bediening bereik nie. Wêreldwyd word dit duidelik dat die kerk velerlei gesigte het en op veel meer plekke bymekaar kom as net in kerkgeboue en katedrale.

#### **8. DIE ABC VAN NGO**

**8.1** *Die ABC van NGO?* Kry die regte leier/drywer vir die projek. Bou 'n kernspan wat eienaarskap aanvaar en wat die groep verteenwoordig op wie die bediening gemik is en begin met 'n evangeliese ywer bedien.

**8.2** Dink buite die kassie, maar *weet verseker dat "gimmicks" nie op die langtermyn werk nie*. Mense – ook buite-kerklikes soek geestelike integriteit. Hou dit dus eenvoudig, leef na aan God en sy Woord, bid baie en leef met 'n geloofsonderskeiding wat kom wanneer die Gees jou denke verlig.

#### **9. GEMEENTEGRENSE**

Nuwe gemeente-ontwikkeling forseer ons om nuut oor *gemeentegrense* te dink. Navorsing het getoon dat gemeentegrense goed werk wanneer 'n relatiewe homogene groepe mense werk aan

die vestiging (eerste geslag) van 'n kerk of denominasie in 'n bepaalde gebied. Die probleem is dat daar algaande 'n situasie kan ontwikkel waar gemeentegrense nie meer ontwikkeling op sistematiese wyse aanhelp nie, maar in sommige gevalle 'n blokkasie daarvoor geword het.

## **[Vgl Bylaag 6 REGLEMENT VIR DIE VERMEERDERING, KOMBINERING, EENWORDING EN SAMESMELTING VAN GEMEENTES]**

### **10. MEER INLIGTING**

Vir meer inligting sien die webblad: [www.gokerk.co.za](http://www.gokerk.co.za)

## **GEMEENTE-ONTWIKKELING BYLAAG 6**

### **REGLEMENT VIR DIE VERMEERDERING, KOMBINERING, EENWORDING EN SAMESMELTING VAN GEMEENTES**

#### **1. VERMEERDERING/AFSTIGTING VAN GEMEENTES**

##### **1.1 ALGEMENE REËLINGS**

**1.1.1** Die uitbreiding van die kerk en die gevolglike vermeerdering van gemeentes is die roeping en plig van 'n groeiende en lewenskragtige kerk.

**1.1.2** Indien ongesensureerde belydende lidmate oortuig is van die noodsaaklikheid van die stigting van 'n nuwe gemeente, moet hulle 'n skriftelike versoek tot die kerkraad rig. Die versoekskrif moet die volgende insluit : (1) 'n ondersoek na die lewensvatbaarheid van 'n nuwe gemeente, (2) moontlike plekke van aanbidding, (3) begroting, (4) voorstelle oor leierskorps vir die gemeente en die toerusting van leiers (5) wyse waarop die belange aan die kerkverband en gemeenskap gedien word.

**1.1.3** Indien die kerkraad oordeel dat daar genoeg rede vir die stigting van 'n nuwe gemeente is, gee hy verlof dat die lidmate wat die nuwe gemeente wil vorm, mag oorgaan tot gemeentestigting. Dit beteken ook dat die betrokke lidmate 'n ooreenkoms met die kerkraad onderteken om die nuwe gemeente te stig.

**1.1.3.1** Die ooreenkoms om die nuwe gemeente te stig, moet ook voorstelle bevat oor die wyse waarop die gemeente se bediening sal geskied en ook voorstelle oor die wyse waarop en wanneer 'n bedienaar van die Woord bekostig sal word.

**1.1.3.2** Wanneer die kerkraad oortuig is van die wenslikheid van die stigting van 'n nuwe gemeente en dat dit lewensvatbaar is, stuur die kerkraad die versoekskrif en die ooreenkoms kragtens Art. 31.4 saam met aanbevelings oor die volgende sake aan die skriba van die ringskommissie :

**1.1.3.2.1** die voorgestelde naam en grense van die nuwe gemeente;

**1.1.3.2.2** of, indien die gemeente nie geografies saamgestel word nie, die bedieningsfokus van die nuwe gemeente. (Die bedieningsfokus sluit die volgende moontlikhede in: kerkplanting in snelgroeiende gebiede of gebiede waar bestaande gemeentes nie meer aan bedieningsbehoeftes kan voldoen nie; kerkplanting waar geen gemeente funksioneer nie; kerkplanting waar bestaande gemeente(s) kwynend is soos blyk uit 'n dramatiese daling in lidmaatgetalle en 'n ernstige daling in finansiële vermoëns van gemeente(s).

**1.1.3.2.3** die ooreenkoms tot gemeentestigting;

**1.1.3.2.4** aanverwante sake wat die aandag van die ring moet geniet.

**1.1.4** Wanneer by die ring aansoek gedoen word om die stigting van 'n gemeente, beoordeel die ring die ingekome stukke. Indien die ring oordeel dat die nuwe gemeente gestig behoort te word, word verlof tot afstigting gegee.

**1.1.5** Die stigting van 'n nuwe gemeente geskied deur die ringskommissie op las van die ring op n vergadering waarvan vier (4) weke vooraf in Die Kerkbode kennis gegee is en waarheen die belanghebbendes uit die betrokke gemeente(s) opgeroep is. Die betrokke lidmate het deur die ondertekening van die ooreenkoms reeds die stigting van die gemeente goedgekeur en stem op hierdie vergadering nie weer oor die saak nie.

**1.1.6** Op hierdie vergadering stel die ringskommissie die grense van die gemeente so duidelik moontlik vas en gee 'n noukeurige beskrywing van die grense van reeds bestaande gemeentes wat met die grense van die nuwe gemeente saamval. Indien die ringskommissie toestemming gee dat die nuwe gemeente nie geografies saamgestel word nie, word die bedieningsfokus van die nuwe

gemeente so duidelik moontlik bepaal. (Sien 1.1.3.2.2 hierbo.)

**1.1.7** Op hierdie vergadering wat onder leiding van die ringskommissie staan, word die kerkraadslede van die nuwe gemeente met opsteek van hande verkies en wel deur die belydende lidmate wat deur hul handtekening reeds tot die stigting van die gemeente ooreengekom het.

**1.1.8** Die bevestiging van hierdie kerkraadslede geskied sonder afkondiging van hul name deur die konsulent of op sy versoek deur 'n ander bedienaar van die Woord binne die kerkverband. Indien daar teen 'n persoon wat verkies is, beswaar ingebring word, word sy/haar bevestiging uitgestel totdat die saak deur die kerkraad ondersoek is.

**1.1.9** Die kerkraad benoem een van sy lede as die bewaarder van die boeke en dokumente van die gemeente totdat 'n skriba en/of kassier benoem is. 'n Inventaris van die boeke en dokumente moet opgestel word en 'n duplikaat aan die konsulent oorhandig word.

**1.1.10** Indien die kerkraad op versoek van sy lidmate weier om voorbereidende stappe te doen of te laat doen met die oog op die stigting van 'n nuwe gemeente, het sodanige lidmate die reg om hulle na die ring met hul versoek te wend. 'n Afskrif van die versoekskrif met volle besonderhede moet minstens drie (3) weke voor die vergadering van die ring by die betrokke kerkraad vir kennisname ingedien word.

## **1.2 WANNEER MEER AS EEN GEMEENTE EN/OF RING BY DIE AFSTIGTING BETROKKE IS**

**1.2.1** Indien dit blyk dat die beoogde nuwe gemeente uit gedeeltes van meer as een gemeente moet

bestaan, terwyl die saak slegs deur lidmate van een gemeente aanhangig gemaak is, het die betrokke kerkraad die reg om die ander kerkraad(e) regstreeks om hul medewerking te nader.

**1.2.2** Indien die aangrensende kerkraad(e) wat genader is, weier om voorbereidende stappe te doen of te laat doen met die oog op die stigting van 'n nuwe gemeente, het die betrokke kerkraad die reg om sy versoek aan die ring voor te lê.

**1.2.3** Die ring(e) het die reg om te besluit dat maatreëls in die betrokke wyke van die gemeente(s) in die ressort van daardie ring(e) met die oog op moontlike afstigting getref word.

**1.2.4** Waar die nuwe gemeente met lidmate uit gemeentes van meer as een ring gestig word, moet die betrokke ringe onderling besluit watter ring die stigting moet waarneem.

**1.2.5** Wanneer die ring 'n opdrag tot stigting gee, moet die kerkraad dadelik die versoekskrif en ooreenkoms laat onderteken deur die lidmate wat deel van die nuwe gemeente wil wees.

**1.2.6** Die kerkraad van elke gemeente wat deel van die nuwe gemeente uitmaak, moet die versoekskrif en die ooreenkoms saam met sy aanbevelings daarvoor aan die ring voorlê.

## **1.3 DIE RING KAN SELF INISIATIEF NEEM**

**1.3.1** Waar 'n ring dit nodig ag, kan hy een of meer kerkrade opdrag gee om die stigting van 'n nuwe gemeente te ondersoek. Die ring kan ook aan sy ringskommissie opdrag gee om 'n kerkraad(e) te ontmoet en tot stigting van 'n nuwe gemeente(s) aan te spoor.

**1.3.2** Ringe kan die stigting van 'n nuwe gemeente oor of binne bestaande gemeentegrense aanbeveel met inagneming van kategorieë, fokusgroepe, bedieningsverskeidenheid in omliggende gemeentes en bedieningsbehoefte.

**1.3.3** In buitengewone omstandighede kan 'n ring, wanneer geen kerkraad gevind kan word om 'n nuwe gemeente te stig nie, self poog om lidmate te vind wat oortuig is van die noodsaaklikheid van die stigting van 'n nuwe gemeente. Die ooreenkoms tot nuwe gemeentestigting word in sulke buitengewone omstandighede met die ring gesluit.

**1.3.4** In buitengewone omstandighede kan die sinodale verband aan die ring opdragte gee om die stigting van 'n nuwe gemeente te ondersoek. Die sinodale verband kan in sulke omstandighede 'n kerkraad(e) ontmoet en tot stigting van 'n nuwe gemeente(s) aanspoor.

## **1.4 KENNISGEWING VAN AFSTIGTING**

**1.4.1** Die skriba van die ringskommissie oorhandig aan die kerkraad van die nuwe gemeente 'n uittreksel uit die notule van die ringskommissie, bevattende die naam van die gemeente, beskrywing van die grense, name van kerkraadslede, aanbevelings, genoem in punt 1.1.3.2, die naam van die konsulent en ander sake waarby die nuwe gemeente belang mag hê.

**1.4.2** Die skriba van die ringskommissie gee aan die Sinode kennis van die stigting van die nuwe

gemeente met vermelding van die grenslyne of indien van toepassing, omskrywing van die bedieningsfokus, asook die name van die eerste lede van die kerkraad met die oog op publikasie in Die Kerkbode.

**1.4.3** Die Kerkraad van die nuwe gemeente gee kennis aan die Registrateur van Aktes van die oordrag van eiendomme, indien nodig.

**1.4.4** Die naam van die nuwe gemeente is : “Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente .....” en staan bekend as “.....”

**1.4.5** Indien dit by die vermeerdering van gemeentes sou blyk dat verteenwoordigers nie aangewys is vir die ondertekening van dokumente en stukke namens die nuwe gemeente vir doeleindes van uitvoering van stigting nie, moet sulke dokumente of stukke geteken word deur die voorsitter en skriba van die ringskommissie van die ring in wie se gebied die te stigte gemeente geleë is.

## **2. KOMBINERING VAN GEMEENTES**

Kombinasie beteken dat twee of meer gemeentes, wat selfstandig voortbestaan, kontraktueel ooreenkomste met mekaar aangaan ter wille van die effektiewe Evangeliebediening.

### **2.1 PROSEDURE VIR KOMBINERING**

**2.1.1** Die kerkraad stel ondersoek in na die moontlikheid van kombinasie as hy self oordeel dat dit nodig is of ook op versoek van 'n groep lidmate.

**2.1.2** In alle gevalle van kombinasie word 'n geskrewe ooreenkoms opgestel en aan die betrokke kerkrade vir goedkeuring voorgelê. Indien van toepassing moet Artikel 13 van Die Kerkorde in ag geneem word. Ten minste 66% van die kerkraadslede van elke betrokke kerkraad moet die ooreenkoms goedkeur.

**2.1.3** Nadat die kerkrade die kombinasie-ooreenkoms goedgekeur het, word die ooreenkoms op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens aan elkeen van die betrokke gemeentes vir approbasie bekend gemaak, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste bekendmaking skriftelik by die skriba ingedien moet word.

**2.1.4** Nadat die gemeente approbasie verleen het, word die kombinasie-ooreenkoms aan die betrokke Ring/Ringskommissie vir goedkeuring en bekragtiging voorgelê. Nadat die Ring die ooreenkoms bekragtig het, word dié ooreenkoms van krag of op 'n datum wat in die ooreenkoms bepaal word.

**2.1.5** Die koste van die Ring(e) of Ringskommissie(s) met betrekking tot die kombinasie van gemeentes, word deur die Sinodale Fonds gedra.

**2.1.6** Indien die kerkraad weier om op versoek van 'n groep lidmate die moontlikheid van kombinasie te ondersoek, het die lidmate die reg om hulle tot die Ring met hulle versoek te wend. 'n Afskrif van die versoekskrif moet minstens drie (3) weke voor die vergadering van die Ring by die betrokke kerkraad vir kennisname deur die skriba van die ringskommissie ingedien word.

**2.1.7** Wanneer meer as een Ring by kombinasie betrokke is, moet vooraf, na ooreenkoms deur die ringe, by die sinode aansoek gedoen word vir hergroepering van die betrokke gemeentes wat wil kombineer.

**2.1.8** Die Ring kan self die inisiatief neem en waar hy dit nodig ag, aan twee of meer kerkrade opdrag gee om kombinasie te ondersoek. Die Ring kan ook aan sy ringskommissie opdrag gee om die betrokke kerkrade te ontmoet en tot kombinasie aan te spoor.

**2.1.9** Die kombinasie-ooreenkoms kan in beraad met die ringe en approbasie van die gemeentes na

wedersydse kennisgewing en ooreenkoms gewysig of beëindig word as al die betrokke kerkrade in hulle aparte vergaderings hulle goedkeuring daaraan heg.

**2.1.10** Wanneer die gemeentes wat wil kombineer nie vakant is nie, kan daar nie tot kombinasie oorgegaan word voordat die betrokke bedienaar van die Woord en die Ring/Ringskommissie tevrede is dat daar billike voorsiening vir die betrokke leraar gemaak is nie.

**2.1.11** Die beroeping en demittering van 'n bedienaar van die Woord vir kombinasie-gemeentes geskied op 'n gesamentlike vergadering van die betrokke kerkrade onder voorsitterskap van die konsulent van die gemeente waar die vergadering plaasvind. Vir die gemeentes in die kombinasie word 'n konsulent benoem. Die naam van die beroepene word op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens vir approbasie aan elke gemeente van die kombinasie bekend gemaak.



**2.1.12** 'n Bedienaar van die Woord moet in een van die kombinasie-gemeentes bevestig word.

**2.1.13** 'n Bedienaar van die Woord in kombinasie-gemeentes, word deur die gemeente wat hom/haar beroep en bevestig het afgevaardig na meerdere vergaderings. Hy/Sy het egter as afgevaardigde net een stem. Elke kombinasie-gemeente verkies en vaardig volgens voorskrif van Die Kerkorde ook 'n ouderling/diaken af.

**2.1.14** Die kombinasie-gemeentes is verplig om gesamentlik 'n aandeel in die Sinodale Pensioenfonds vir die bedienaar van die Woord te hou. Alle ander koste met betrekking tot die bedienaar van die Woord moet in die ooreenkoms van kombinasie gereël word.

**2.1.15** Die ooreenkoms met die leraar kan, na wedersydse kennisgewing, gewysig of beëindig word indien al die betrokke kerkrade, in hul aparte vergaderinge, hul goedkeuring daaraan heg.

**2.1.16** Indien dit by die kombinerings van gemeentes sou blyk dat verteenwoordigers nie aangewys is vir die ondertekening van dokumente en stukke namens die gemeentes vir doeleindes van uitvoering van ooreenkomste nie, moet sulke dokumente of stukke geteken word deur die voorsitter en skriba van die Ringskommissie van die Ring in wie se gebied die kombinerende gemeentes geleë is.

### **3. EENWORDING VAN GEMEENTES**

Eenwording beteken dat 'n gemeente wat nie langer selfstandig wil of kan voortbestaan nie, ontbind en dat die betrokke lidmate by 'n ander bestaande gemeente(s) ingelyf word.

#### **3.1 PROSEDURE VIR EENWORDING**

**3.1.1** Die kerkraad van die gemeente wat wil ontbind, moet 'n besluit tot ontbinding neem en die kerkraad(e) van die gemeente(s) waarby die betrokke lidmate ingelyf word, moet toestemming tot inlywing gee. Ten minste 66% van die dienende kerkraadslede van elke betrokke kerkraad moet ten gunste van eenwording besluit.

**3.1.2** Die betrokke kerkrade moet oor die voorwaardes vir ontbinding en inlywing ooreenkom. Indien van toepassing moet Artikel 12b 2.3 van Die Kerkorde in ag geneem word.

**3.1.3** Die ooreenkoms waartoe die kerkrade gekom het, moet vir approbasie op twee agtereenvolgende Sondae by al die openbare eredienste van die betrokke gemeentes bekend gemaak word, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste bekendmaking skriftelik by die skriba ingedien moet word.

**3.1.4** Nadat die approbasie van die ongesensureerde belydende lidmate op dié wyse verkry is, word die ooreenkoms aan die betrokke Ring(e) vir goedkeuring voorgelê. Nadat hierdie goedkeuring verkry is of op 'n datum wat in die ooreenkoms bepaal word, word die ooreenkoms van krag.

**3.1.5** Aangesien hiermee 'n verandering van gemeentegrense geïmpliseer word, moet die ooreenkoms 'n duidelike omskrywing van grenslyne bevat.

**3.1.6** Die betrokke ringskriba gee aan die Skriba van die Sinode en aan die Saakgelastigde van die Sinode kennis van die ontbinding van die gemeente, asook van die nuwe grenslyne van die inlywende gemeente(s). Die Skriba van die Sinode sorg vir die publikasie van bostaande feite in Die Kerkbode.

**3.1.7** 'n Afskrif van die ooreenkoms tussen die gemeentes word aan die Saakgelastigde van die Sinode op papier soos deur die argief voorgeskryf en in tweevoud gestuur.

**3.1.8** Die kerkraad van die gemeente wat ontbind gee aan die Registrateur van Aktes kennis van die ontbinding en van die oordrag van sy eiendomme.

**3.1.9** Die dienende kerkraadslede van die gemeente wat ontbind, dien ook, indien dit so ooreengekom word, in die inlywende gemeente.

**3.1.10** Die onroerende eiendomme van die ontbonde gemeente word, tensy anders ooreengekom, op die naam van die inlywende gemeente geregistreer en alle roerende goed van die ontbonde gemeente, met die regte en verpligtinge daaraan verbonde, gaan op die inlywende gemeente oor.

**3.1.11** Die eenwording van gemeentes kan alleen plaasvind wanneer die gemeente wat ontbind, vakant is of indien nie, as daar vir die bedienaar van die Woord, na die oordeel van die ring, billike voorsiening gemaak is.

**3.1.12** Indien dit by die eenwording van gemeentes sou blyk dat verteenwoordigers nie aangewys is vir die ondertekening van dokumente en stukke namens 'n gemeente wat ontbind het vir doeleindes van uitvoering van ooreenkomste nie, moet sulke dokumente of stukke geteken word deur die voorsitter en skriba van die ringskommissie van die ring in wie se gebied die ontbinde gemeente

geleë was.

#### **4. SAMESMELTING VAN GEMEENTES**

Samesmelting beteken dat twee of meer gemeentes, wat nie langer selfstandig wil of kan voortbestaan nie, afsonderlik ontbind om saam een totaal nuwe gemeente te stig binne dieselfde geografiese gebied as waarbinne die onderskeie samestellende gemeentes aanvanklik voor ontbinding bestaan het.

##### **4.1 PROSEDURE**

**4.1.1** Die kerkrade van die onderskeie samesmeltende gemeentes neem afsonderlik 'n besluit tot samesmelting.

**4.1.2** Aan alle ongesensureerde belydende lidmate van die onderskeie samesmeltende gemeentes word aan die hand van 'n vraelys-stembrief geleentheid gebied om skriftelik aan te dui of hulle ten gunste van die samesmelting is al dan nie.

**4.1.2.1** Die genoemde vraelys-stembrief word persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die onderskeie kerkrade van die samesmeltende gemeentes aan elke ongesensureerde belydende lidmaat binne die bepaalde gemeente beskikbaar gestel.

**4.1.2.2** Dit is elke lidmaat se eie verantwoordelikheid om toe te sien dat sy/haar voltooide vraelys-stembrief die kerkkantoor van sy/haar gemeente bereik voor/op die sperdatum wat deur die kerkraad bepaal is.

**4.1.2.3** Goedkeuring moet van 'n meerderheid van die lidmate wat vraelys-stembriewe ingehandig het, verkry word alvorens met die proses van samesmelting voortgegaan kan word.

**4.1.3** Nadat die goedkeuring van die lidmate volgens prosedure 4.1.2. hierbo verkry is, kom die kerkrade afsonderlik én gesamentlik ooreen tot 'n Samesmeltingsakte bevattende onder andere 'n duidelike grensbeskrywing van die nuwe gemeente, die posisie van die leraar/s en kerkraadslede in die nuwe saamgestelde gemeente en reëlings in verband met die hantering van die onderskeie gemeentes se bates (roerend en onroerend), en elke kerkraad benoem 2 (twee) persone om namens hom alle nodige dokumentasie te onderteken.

**4.1.4** Die ooreenkoms (Samesmeltingsakte) word vir approbasie op 2 (twee) agtereenvolgende Sondae by al die openbare eredienste van die betrokke gemeentes bekend gemaak, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste bekendmaking skriftelik by die skriba ingedien moet word.

**4.1.4.1** Lidmate wat wil beswaar maak, moet dit skriftelik met gemotiveerde opgaaf van redes doen voor verstryking van die week eindigend na die tweede afkondiging.

**4.1.4.2** Besware word aan die Ringskommissie voorgelê vir oorweging van die geldigheid daarvan.

**4.1.5** Nadat approbasie verkry is, word die ooreenkoms aan die Ring voorgelê vir goedkeuring.

**4.1.5.1** Die Ringskriba gee kennis aan die Skriba en Saakgelastigde van die betrokke Sinode.

**4.1.5.2** Die Kerkraad van die nuwe gemeente gee kennis aan die Registrateur van Aktes van die oordrag van eiendomme.

#### **5. KOMBINASIE VAN WERKSAAMHEDE VAN GEMEENTES, RINGE EN SINODES/ KOMMISSIES VAN SINODES UIT VERSKILLENDE KERKVERBANDE**

Kombinasie beteken hier dat twee of meer kerkvergaderinge van verskillende kerkverbande, of kommissies van kerkvergaderinge, as deel van die soeke na kerklike eenheid in die NG Kerkfamilie, ten bate van die koninkryk van God en as gelyke deelgenote van mekaar, kontraktuele ooreenkomste aangaan vir die uitvoering van sekere gemeenskaplike werksaamhede.

##### **5.1 PRAKTIESE EN KERKREGTELIKE RIGLYNE**

**5.1.1** Die aspekte of saak ten opsigte waarvan die partye 'n kombinasie beoog, moet duidelik omskryf word.

**5.1.2** 'n Skriftelike ooreenkoms word opgestel wat alle regte, pligte en verantwoordelikhede (insluitende finansies) van die partye duidelik omskryf.

**5.1.3** Die bestaande Reglement 9 wat handel oor Kerklike Eiendomme, Goedere en Fondse, moet by die opstel van die ooreenkoms in berekening gebring word.

**5.1.4** Waar die standplaas of ander pos van 'n leraar kragtens die beoogde kontrak in gedrang kan kom, moet Artikel 12 van die Kerkorde in ag geneem word.

**5.1.5** Indien dit die bedoeling is dat die gekombineerde liggaam die reg sal hê om sake te hanteer

soos die beroep en indiensstelling van 'n leraar, moet aspekte soos konstituering, kworumvereistes, wyse van besluitneming, stemreg, befondsing, verantwoordelikheid vir die standplaas of aanstelling, pensioen, medies, administrasie ens. noukeurig uitgeklaar word.

**5.1.6** Die kontrak moet dit duidelik stel dat die daarstelling van die gemeenskaplike doelwitte kragtens die kontraktuele ooreenkoms, nie die regte en verantwoordelikhede van die kontrakterende kerkvergadering/kommissies kan ophef of tot niet verklaar nie.

**5.1.7** Die ooreenkoms kan voor die verstryking van die vasgestelde termyn gewysig of beëindig word indien die betrokke partye, na wedersydse kennisgewing, in hulle afsonderlike vergaderinge hulle goedkeuring daaraan heg.

**5.1.8** Die kontrakterende party val steeds onder die regering, opsig en tug van sy/haar verantwoordelike kerkvergadering.

## 5.2 WERKSWYSE

**5.2.1** Die betrokke kerkvergadering/kommissies moet die skriftelike ooreenkoms afsonderlik in hulle onderskeie vergaderinge goedkeur.

**5.2.2** Nadat die instansies onderling tot 'n ooreenkoms gekom het, moet die liggaam wat vir die opsig/toesig verantwoordelik is die ooreenkoms finaal bekragtig. In die geval van 'n kerkraad is dit die ring. By 'n ring of by 'n kommissie van 'n sinode, is dit die sinode/sinodale kommissie, en by 'n sinode is dit die Algemene Sinode/Moderamen.

## 2007 BESLUITEREGISTER

### 11. GEMEENTES

Nota: Terwyl die Algemene Sinode haar nie rig tot gemeentes nie, is daar bepaalde beleidsbesluite geneem wat gemeentes raak.

**11.1 AANTREKLIKE BEDIENINGSTYLE VAN ANDER KERKE** (vgl Agenda Deel I bl 288, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling pt 10.2 (vgl ook ADGO Bylaag 10 bl 320) asook Agenda Deel II bl 18) (Notule bl 124)

1 Die Algemene Sinode neem kennis van die dokument.

2 Die Algemene Sinode onderskryf die feit dat die hantering van komplekse verskynsels nie le in die daarstel van bloudrukke en rigiede modelle nie, maar juis in die herontdekking van ons teologiese identiteit, asook volwasse en Geesvervulde leierskap wat met wysheid geseen is.

3 Die Algemene Sinode versoek sinodes om gemeentes te vra om daarteen te waak dat 'n verbruikersmentaliteit nie aanbiddingsstyle sal bepaal nie.

Sinodes

**11.2 ARMENIANISME– KONSEKWENSIES VIR DIE BEDIENING** (vgl Agenda Deel I bl 40, A.1.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling, punt 2.2 (ADGO Bylaag 2 bl 57) asook Agenda Deel II bl 11 pt 4) (Notule bl 95)

1. Die Algemene Sinode neem kennis van die werksdokument en beskou die opdrag as voorlopig afgehandel.

2. Die Algemene Sinode versoek die ADGO om in die ontwikkeling van gemeentes deurlopend, wat 203 betref die saak onder bespreking, as gereformeerde gewete op te tree. ADGO

**11.3 ARTIKEL 3** (vgl Handeling bl 170, T.7.3 Derde Verslag van die Tydelike Taakspan Regte pt 1) (Notule bl 141)

Die Algemene Sinode keur die gewysigde Kerkorde Artikel 3 goed:

### ARTIKEL 3

3.1 Dienswerk is deelname aan die werk wat God die Vader in Christus deur sy Gees in die wereld doen om Sy koninkryk te vestig.

3.2 Elke lidmaat is deur God tot diens in die gemeente en wereld geroep.

3.3 Lidmate kan afgesonder word om op 'n besondere wyse in een of meer van die gemeente se bedieninge diensbaar te wees.

3.4 Die volgende ampte word onderskei om amptelik leiding te neem:

- Die van lerende ouderling of bedienaar van die Woord
- Die van regerende ouderling
- Die van diaken

3.5 Die ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei.

#### Kerkverband

11.4 EKKLESIOLOGIE (vergelyk Agenda Deel I bl 40, A.1.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling, pt 1.3 (ADGO Bylaag 1 bl 44) asook Agenda Deel II bl 9 pt 1) (Notule bl 91) Die Algemene Sinode keur die aanbevelings soos gewysig deur ADGO goed:

1 Die Algemene Sinode keur die dokument “’n Afgebakende en praktiese gemeentelike ekklesiologie” as ’n gespreksdokument goed.

2 Die Algemene Sinode versoek die sinodes om die dokument op gepaste wyse te hanteer.

3 Die Algemene Sinode versoek ATR om in samewerking met ADGO te kyk na moontlike Kerkordeimplikasies en die Sinode met toepaslike aanbevelings te dien.

4 Die Algemene Sinode versoek ADGO om in samewerking met BM gepaste moontlikhede te ondersoek om die saak onder bespreking dmv publikasies bekend te stel. ATR/ ADGO/ BM

11.5 INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE (vgl Agenda Deel I bl 288, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling pt 9.2 (vgl ook ADGO Bylaag 9 bl 318) asook Agenda Deel II bl 18)

(Notule bl 124)

1 Die Algemene Sinode neem kennis van die werkdokument.

2 Die Algemene Sinode versoek sinodes om aan ADGO en ATR te rapporteer oor welke reelings tans in die onderskeie sinodes geld rakende die inskakeling van lidmate oor gemeentegrense

3 Die Algemene Sinode versoek ADGO/ATR om ’n eenvormige beleid rakende die saak te formuleer wat voor die volgende sinode kan dien. Sinodes/ ATR/ ADGO

11.6 KERKLIKE TUG (vgl Agenda Deel I bl 288, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente Ontwikkeling pt 8.2 (vgl ook ADGO Bylaag 8 bl 318) asook Agenda Deel II bl 18) (Notule bl 124) Die Algemene Sinode keur goed dat die opdrag herhaal word, nl dat ADGO en ATR ondersoek doen na die toepassing van die amptelike tug in die kerk op ’n eietydse wyse, en terug rapporteer aan die volgende sinodesitting. ADGO/ ATR

11.7 KERKLIKE TUG (vgl Handeling bl 163, T.7.1 Eerste Verslag van die Tydelike Taakspan Regte pt 4.8) (Notule bl 140) Die Algemene Sinode besluit dat die saak by dieselfde ondersoek rondom Tribunale betrek word.

11.8 KERKRAADSLEDE: BEDIENINGSBEVOEGDHEID VAN (BESLUIT RING CRADOCK) (vgl Agenda Deel I bl 344, A.3.4.1 Verslag van die Algemene Taakspan Regte pt 13.2 asook Agenda Deel II bl 23) (Notule bl 117) Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag.

11.9 KLEIN GEMEENTES (vgl Agenda Deel I bl 287, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling pt 7.2 (vgl ook ADGO Bylaag 7 bl 316) asook Agenda Deel II bl 18) (Notule bl 124) Die Algemene Sinode beveel aan dat die saak van klein gemeentes verwys word na die ADGO en GDN om die nodige navorsing te doen en met behulp van sinodale gebiede waar baie klein gemeentes voorkom, te werk aan prosesse en bedieningsvoorstelle wat klein gemeentes op ’n konkrete wyse kan help. Die NG Kerk-familie moet so ver moontlik ook hierby betrek word.

ADGO/ Interim Kerkhereniging/ VDDG

11.10 LIDMAATBEMAGTIGING (vgl Agenda Deel I bl 286, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-Ontwikkeling pt 2.2 (vgl ook ADGO Bylaag 2 bl 295) asook Agenda Deel II bl 18) (Notule bl 123) Die Algemene Sinode keur goed dat ’n taakspan van ADGO met ATR in gesprek tree oor alle Kerkordelike bepalinge wat op een of ander wyse lidmate van die NG Kerk mag ontmagtig vir die dienswerk waartoe God hulle geroep het.

ADGO/ ATR

11.11 NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING (vgl Agenda Deel I bl 43, A.1.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling pt 5.1 (ADGO Bylaag 5 bl 75) asook Agenda Deel II bl 9 pt 3) (Notule bl 91)

1. Die Algemene Sinode neem kennis van die bylae.
2. Die Algemene Sinode versoek sinodes dat kerkrade ernstig oor die implikasies van Nuwe Gemeente-ontwikkeling (NGO) binne hul eie konteks besin en nuwe gemeentestigting as doelgerigte metode vir kerkgroei te oorweeg.
3. Die Algemene Sinode versoek sinodes om verantwoordelikheid te aanvaar dat relevante uitdagings in hul sinodale gebied sinvol aangespreek word.
4. Die Algemene Sinode versoek AKTO om toe te sien dat die saak die nodige aandag in die kurrikula van die verskillende teologiese fakulteite kry.
5. Kennis geneem – Reglement vir die Vermeerdering, Kombinerings, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes is reeds deur die Moderamen afgehandel.
6. Die Algemene Sinode versoek die ATR, om in oorleg met ADGO, aandag te gee aan die moontlikheid dat gemeentestigting uit meer as een kerkverband kan geskied.

Sinodes/ AKTO/ ATR/ ADGO

11.12 VERDERE OMSKRYWING MISSIONERE-DIAKONALE GEMEENTES (vergelyk Agenda Deel I bl 85, A.1.3 Verslag van die Algemene Diensgroep Diens en Getuigenis pt 2.1.2) (Notule bl 92)  
Die Algemene Sinode wys 'n ad hoc-taakspan aan bestaande uit verteenwoordigers van al die diensgroepe om 'n geïntegreerde, praktiese gemeentelike ekklesiologie daar te stel.

Moderamen